# TWEE IN EEN

## Die ware en die valse Kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk

**deur**

**Ds. P. J. Kriel**

Opgedra aan die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Levubu. Met dank vir die geleentheid om vir tien jaar lank die Evangelie onbevange te kon verkondig.

Kopiereg c Ds. P.J. Kriel

Eerste Uitgawe Junie 1995.

Uitgegee en versprei deur: Ds. P. J. Kriel
Posbus 46
Levubu
0929

Omslag Ontwerp: R Ronél Toerien
Finale Uitleg: Blake Toerien
Gedruk in Maleisië deur Cedar Press SDN. BDH.

**Kopiereg Voorbehou. Enige reproduksie van hierdie werk in sy geheel of gedeeltelik, sonder toestemming van die uitgewer is streng verbode. Enige oortreding van hierdie verbod sal die skuldige persoon aan vervolging blootstel.**

**ISBN: 0-9583818-9-5**

# <u>*INHOUDSOPGAWE*</u>


1. Die Krisis: daar is twee kerke binne die Ned. Geref. Kerk.................**4**

2. Hoe dink ek oor godsdiens?............................................................. **9**

3. Die wet en die Evangelie - die twee dele waaruit die Woord van God bestaan.................................................................... **14**

4. Die vergifnis van sonde is alleen deur die Evangelie, sonder die wet en wetsgehoorsaamheid........................................................ **22**

5. God regeer die kerk deur die Evangelie, nie deur die wet nie............**37**

6. Die Evangelie gee aan die wet 'n nuwe werking...............................**61**

7. Die alternatiewe werking van die wet en die Evangelie in die valse kerk: ongeloof en wetteloosheid as godsdiens........................ **79**

8. Ons is die handewerk van God.......................................................**112**

9. Die Ned. Geref. Kerk as die verkondiger van die alternatiewe werking van die wet en die Evangelie: sonde in die naam van die Here, Jesus Christus.................................................................. **126**

10. Twee in een: die valse kerk binne in die ware kerk in die Ned. Geref. Kerk............................................................................ **155**

11. 'n Oorsig of alternatiewe inleiding: Die krisis: Die valse kerk is binne in die ware kerk..................................................................**178**

12. Bibliografie....................................................................................... **186**

# *HOOFSTUK 1*

# DIE KRISIS: DAAR IS TWEE KERKE BINNE IN DIE NED. GEREF. KERK

Twee kerke binne in een kerk? Dis raar maar dis waar! Hierdie boek wil aan lidmate hierdie tragedie blootlê: die Ned. Geref. Kerk het dit reggekry om die ware kerk en die valse kerk met mekaar te versoen binne in een kerk.

Watter twee kerke is hierdie ware en die valse kerk? Hierdie boek gaan nie oor die oppervlakkige kerkverskille waaroor ligsinniges op loop kan raak nie. Hierdie boek gaan oor die ware en die valse kerk soos wat die Woord van God hierdie twee kerke beskryf en teenoor mekaar stel.

Die Ned. Geref. Kerk bely die waarheid van God se Woord oor die verskil tussen die ware en die valse kerk in Artikel 29 van een van sy belydenisskrifte, "Die Nederlandse Geloofsbelydenis".[1]

Die Ned. Geref. Kerk leer in sy belydenisskrifte oor die ware en die valse kerk dat die ware kerk met groot

---

[1] ***Die Nederlandse Geloofsbelydenis : Art. 29 (Reeds in 1561 in Nederland opgestel)***

"Die kenmerke van die ware en die valse kerk.'

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-eien.

Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie, alhoewel hulle uiterlik daarin is, maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes, wat beweer dat hulle die kerk is.

Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te bestraf. Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus aangeneem het en dat hulle die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.

Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie. Inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en die gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom die vergewing van hulle sondes het.

Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woordbeveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op die mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

sorgvuldigheid van die valse kerk onderskei moet word en hulle maklik uitmekaar geken kan word! Dit is vir lidmate 'n deursigtige saak.

Wat in die Ned. Geref. Kerk t.o.v. die geloof in Christus op papier staan en wat in die kerklike praktyk gebeur is egter twee verskillende sake. Sedert die herlewings van 1860 het die Ned. Geref. Kerk nie meer die ware en die valse kerk van mekaar onderskei nie, maar probeer om die twee kerke binne in die Ned. Geref. Kerk met mekaar te versoen om een kerk te wees. Dit is bedrog.

Hierdie versoeningsbeleid tussen die ware en die valse kerk binne in die Ned. Geref. Kerk het nie gewerk nie. Al wat gebeur het, is dat die ware kerk vir die lidmate binne hierdie versoeningsbeleid verlore geraak het. Hierdie versoeningsbeleid tussen die ware en die valse kerk is nog steeds die amptelike praktyk van die hele Ned. Geref. Kerk. Die lidmate kan as gevolg van hierdie bedrog nie die ware en die valse kerk van mekaar onderskei nie. Dit is vir hulle maar net twee kante van een kerk. So is hulle al geslagte lank deur die Ned. Geref. Kerk geleer.

Uit hierdie verenigingsbeleid wat predikante al sedert die Andrew Murray herlewings van 1860 bedryf, het die valse kerk die hele evangeliebediening binne die Ned. Geref. Kerk oorgeneem.

Die bediening van die Evangelie aan lidmate is die hart van die kerk. "14 Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15 En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe:" Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring." ("van die wat die evangelie van die goeie verkondig." 1933 vertaling) (Rom. 10)

Die Evangelie is die hart van die kerk. As predikante die Evangelie vervals, dan het hulle die deur van die koninkryk van God in lidmate se gesig toegesluit. Dit klink miskien ongelooflik dat predikante die deur van die koninkryk in lidmate se gesig toesluit, maar dit is glad nie iets nuuts nie. Dit was nog altyd die krisis met die valse kerk wat altyd binne die ware kerk wil nesmaak. "13 Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en verhinder die wat wel wil ingaan." (Matt. 23: 13 en 14)

As u tot hiertoe gelees het, kan dit maklik vir u na net nog een van daardie sensasieberigte klink wat net nog 'n lekker smerige storie wil vertel om maar net weer 'n keer die Christendom aan te val en gelowiges te laat twyfel aan die Here.

***Dit is nie.***

Kyk net 'n bietjie om u as u binne 'n erediens in die Ned. Geref. Kerk sit. Het u nog nooit gewonder hoe kry die dominees dit reg om sulke botsende en uiteenlopende sake aan die orde te stel binne in een kerk nie? As u 'n aanddiens in van die Ned. Geref. Kerk se gemeentes in Pretoria se oostelike voorstede sou bywoon, en daar was nie 'n bordjie voor die gemeente wat sê dis 'n Ned. Geref. gemeente nie, dan kon daardie dienste maar net sowel die Hatfield Baptiste of die A.G.S. s'n gewees het. Alles is dieselfde. Jy mag dit net nie sê nie, want die predikante sal jou gou-gou met vers en kapittel bewys hulle staan by die Gereformeerde belydenis, en dis nie al nie, hulle is die eerstes wat sê dat hulle op die "verbond" staan. Hoe kry hulle dit reg?

Al ooit gewonder hoekom huil almal wat so voor die gemeente getuig oor hoe bly hulle is dat hulle tot bekering gekom het? Of al ooit gewonder hoekom dit so is dat elke keer wanneer die dominee oor geloofsekerheid praat, almal onseker word? As jy 'n jongmens is wat al een van die lofprysings in die Ned. Geref. Kerk beleef het, het jy al ooit dit vir jouself hardop kon sê dat jy nie eerste aan Jesus gedink het toe jou maats so met hulle lywe gewikkel en "gehug" het nie?

As jy iemand is wat iewers in jou eie huiskerk of selgemeente sit, het jy al ooit gedink hoe ironies dit is dat hierdie eindpunt begin het met 'n dominee wat gesê het hulle wil mense terugkry in die gemeente. Hoe meer hulle die gemeente opgebou het, hoe meer het die selle en huisgroepies uit mekaar gedryf, sodat dit amper nie meer deel van die gemeente is nie! Ooit gewonder hoe kry hy dit reg om die hele tyd te vertel hoe lief hy vir die kerk van die Here

is, maar almal in die selle en huisgroepe onder sy leiding veroordeel die res van die gemeente as koues, dooies, nie-gereddes en "onwedergeborenes"?

As jy iemand is wat die trauma beleef het dat die Ned. Geref. Kerk nie jou herdoop wou aanvaar nie, het jy al ooit gedink hoe snaaks dit is dat die Ned. Geref. Kerk dominee jou geleer het om Jesus in alles na te boots, maar toe jy jou Meester in sy doop naboots, toe draai dieselfde predikant teen jou?

Nog nooit die gevoel by die Ned. Geref. dominee gekry wat jou geleer het om soos Jesus te wil wees, dat hy vir jou eintlik sê dat hy saam met jou herdoop stem nie, dit is net dat die Ned. Geref. Kerk hom nie toelaat om dit te aanvaar nie, maar eintlik is julle in Jesus een nie, dis nie 'n verskil wat julle geloofseenheid in Jesus aantas nie? Al is jy herdoop en hy net een keer gedoop, in Jesus is julle een nie!

Hierdie botsings op die oppervlakte van die godsdiens is die uiterlike tekens van 'n nog veel dieper botsing van waardes en oortuigings wat van een en dieselfde kansel verkondig word.

Kon jy dit al ooit regtig verstaan het dat die predikante jou van kleinsaf in die Ned. Geref. Kerk geleer het: "Alles is maar net genade, jy hoef niks te doen nie", en in dieselfde asem altyd gesê het "maar al is alles net genade en jy moet niks doen nie, moet jy tot bekering kom, moet jy jou sondes bely, moet jy eers berou hê voor God jou vergeef, moet jy Jesus in jou hart innooi, moet jy jou lewe aan God oorgee, moet jy 'n nuwe lewe begin", en as jy alles gedoen het, dan moet jy net glo: "dat alles, alles, is maar net genade", en al doen jy al hierdie dinge - en jy moet dit doen anders gaan jy hel toe - moet jy maar net glo: "Jy hoef niks te doen nie, Jesus doen alles vir jou."

As jy nie hierdie botsings verstaan nie moet jy maar net glo soos 'n kind en terselfdertyd moet jy glo dat die geloof en die verstand nooit bots nie. Hoe kry hulle hierdie dinge bymekaar?

Kon jy dit al ooit regtig verstaan het dat die predikante vir jou vertel dat Jesus is die antwoord op alles en as jy net Jesus aangeneem het, dan het jy die volle saligheid ontvang? Maar as jy klaar vir Jesus aangeneem het, dan sê hulle jy is nog nie toegerus vir getuienis nie, jy is nog nie 'n dinamiese Christen nie, jy het nog nie die fees van Christenwees in jou lewe nie, jy sukkel nog om te bid, jy doen nog sondes, jy lewe nog nie die oorvloedige Christelike lewe nie, jy het nog nie 'n algehele oorgawe gemaak nie, jy is nog nie 'n geesvervulde Christen nie, jy is nog net 'n geesvervulde Christen in beginsel, maar nog nie rêrig nie. Nadat jy Jesus aangeneem het, wat die antwoord op alles is, dan moet jy geesvervuld raak, die Heilige Gees jou laat beheers, dissipelskap- kursusse volg, gebedskursusse volg, lofprysingskursusse volg, en terwyl jy al hierdie dinge doen na jy Jesus aangeneem het, moet jy glo Jesus is die antwoord van God op alles, en die dinge wat jy doen, is nie iets anders na jou geloof nie, dit is maar net jou manier om die geloof wat jy nog nie rêrig geglo het nie, te glo, al het jy geloofsekerheid gehad toe jy geglo het jy het vir Jesus aangeneem.

En dan sê hulle die Bybel weerspreek nêrens hierdie geloof wat hulle vir jou leer nie! Alles wat jy in die Bybel lees wat jy nie verstaan na jy deur hierdie geestelike begeleiding van die predikante gegaan het nie, is omdat jy nog nie van die Bybel 'n studie gemaak het nie. Dan moet jy begin inskryf op Bybelkor kurssuse waarvan daar die laaste vyftien jaar elke jaar drie of vier bykom en dan sal jy duidelikheid kry - miskien.

Hierdie botsings is nie maar botsings in die onbelangrike dinge van die godsdiens nie. Hierdie botsings gaan oor twee basiese sake: 1. Redding en 2. Die nuwe lewe van 'n Christen. In een kerk kan daar nie oor hierdie twee sake óf teenstrydigheid óf onduidelikheid wees nie. Teenstrydigheid en onduidelikheid oor redding en die nuwe lewe van die Christen, maak die koninkryk van God vir mense toe. As daar in een kerk teenstrydigheid of onduidelikheid oor hierdie twee sake is, dan het lidmate nie meer deel aan die troos van die redding nie en hulle leef ook nie meer in die nuwe lewe van 'n Christen nie.

Dit is ook nie blote toeval nie. Die hart van die kerk is die Evangelie. Die Evangelie bewerk al twee hierdie dele van die Christelike godsdiens. Die Evangelie is die krag tot redding (Rom. 1:16) en terselfde tyd is die Evangelie die krag tot die nuwe lewenswyse van die Christen. (Rom. 1:5) Die Evangelie is geen onduidelik of geleerde saak nie. Die Evangelie is die blye boodskap aan gewone sondaars.

Dit is die krisis binne in die Ned. Geref. Kerk. Vir hierdie twee dele van die Evangelie: 1. Die Evangelie as krag tot redding en 2. Die Evangelie as die krag tot 'n nuwe lewe, het die Ned. Geref. Kerk twee valshede geskep en word dit in die plek van die Evangelie aan lidmate verkondig.

Hierdie twee valshede gaan ons van hier af behandel as "Die Twee Weë" na God. Dit is die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk se eie standpunt dat hierdie twee valshede twee paaie na God toe is.

Hierdie "Twee Weë" is 1. "Die Weg na Jesus" en 2. "Die Vervulling met die Gees." Dit is hoe dit geformuleer en geleer word binne in die Ned. Geref. Kerk.

Wat ons gaan sien is dat hierdie twee leerstellings:

1."Die Weg na Jesus" en 2. "Die Vervulling met die Gees."
na inhoud iets heeltemal anders is as die Evangelie wat:

1. Die krag tot redding en 2. Die nuwe krag tot 'n nuwe
lewenswyse, is.

Verder gaan ons sien dat hierdie twee leerstelling van die valse kerk

1."Die Weg na Jesus" en 2. "Die Vervulling met die Gees",

heeltemal die plek ingeneem het van die Evangelie se twee betekenisse binne in die Ned. Geref. Kerk:

1. Die Evangelie as die krag tot redding en 2. Die Evangelie as die krag tot 'n nuwe lewe.

Dit gebeur nie toevallig nie. Dit word opsetlik verdraai. Hierdie valse Evangelie is die boodskap wat lidmate hoor van die kansels, in die kategeseboeke geleer word, tydens huisbesoeke moet verantwoord en by bybelstudies in geskool word. Dit is die geestelike werk wat die predikante van die Ned. Geref. kerk doen met die lidmate binne die kerk. Hulle vervreem hulle van die hart van die kerk, die Evangelie, deur in die plek van die Evangelie 'n alternatiewe Evangelie te leer.

Wat kry die predikante en die geestelikes reg met hierdie valse Evangelie binne die kerk? Ons gaan sien dat hulle regkry wat al die valse profete nog deur al die eeue reggekry het: hulle kry dit reg om sonde te doen in die naam van die Here.

Daarom is hierdie valse Evangelie so gewild. Dit is nie maar net 'n ander manier van Christen wees nie. Dit is 'n manier waarop mense sonde kan doen in die naam van Jesus. Dit is hoekom mense so na hierdie godsdiens toe stroom. Dit regverdig hulle sonde as gehoorsaamheid aan God.

Hierdie boek is bedoel vir lidmate. Die saak word al vir meer as tien jaar in die vergaderinge van die kerk op so 'n wyse hanteer dat die lidmate nie hieroor ingelig word nie. Die predikante weet presies wat aangaan, maar hulle hou dit vir die lidmate stil. U kan dit maar toets, vra hulle of daar nog nooit probeer is om hierdie saak op 'n amptelike vlak aan te spreek nie. Luister wat hulle vir u sê en toets dit dan aan die erns van die saak. Kan daar enige rede wees dat 'n kerklike vergadering hieroor ingelig kan wees en dit wetend van die lidmate weerhou?

Die Ned. Geref. Kerk vervreem al sy eie lidmate vir meer as 130 jaar van die Evangelie met hierdie twee leerstellings. Hierdie boek is nie bedoel om te skok of af te breek nie, maar om te onthul en te heel. Dit gaan seermaak. Die leser moet nie die ironie, sarkasme, speelsheid, aggressie en drif in hierdie boek verwar met ligsinnigheid nie. Dit is alles kunsvorms om 'n dodelike ernstige saak aan die leser oor die dra: die kennis van die ware en die valse Evangelie binne die Ned. Geref. Kerk.

Hierdie boek wil aan lidmate die vryheid gee om 'n keuse te maak tussen twee Evangelies binne die Ned. Geref.

Kerk.: die ware Evangelie en die valse Evangelie. As die Ned. Geref. Kerk dan twee evangelies in een kerk wil bedien aan lidmate, is dit nie regverdig dat lidmate oor al twee ingelig mag wees nie?

Daarom kom die boek direk tot u as lidmaat. Dit is die eerste van vier boeke. In hierdie saak is daar nie 'n "geleerde" iewers op 'n universiteit waarop u kan hoop om uitkoms te kan gee nie. Die fakulteite van die Ned. Geref. Kerk was die laaste tien jaar ten volle op hoogte van hierdie saak. Hulle het verkies om dit nie 'n belangrike saak vir die lidmate te laat wees nie.

Dit was sedert Andrew Murray al 'n tradisie in die Ned. Geref. Kerk dat die fakulteite die logika vir hierdie valse godsdiens verskaf het. Andrew Murray se broer, John Murray, was die eerste professor van die eerste teologiese fakulteit van die Ned. Geref. Kerk. Hulle het dieselfde valsheid staangemaak. Die een as predikant van die kansel. Die ander as professor in die klaskamer. Die professors in die Ned. Geref. Kerk mag hulle nie met hierdie vraagstuk bemoei nie. Waar hulle dit gedoen het, het die predikante die professors as "akademici", "wetenskaplikes" en "onpraktiese" mense opsy gestoot of van ongeestelikheid by lidmate verdag gemaak. U kan dit self toets. Met hierdie saak is daar nie 'n "wetenskaplike uitkoms" nie. Die wetenskap in die Ned. Geref. Kerk is 'n gevangene van die valse Evangelie.

Daar is ook nie 'n "geestelike uitkoms" nie. Dit sal nie help om met terme soos nie-bekeerd, nie-gelowig, nie-geesvervuld, ateïsme, demonies-gebind en antinomisme, die saak wat hier aan die orde gestel word, te omseil nie. Dit is gewoon net onvanpas. Self sal u dit met 'n stok kan aanvoel.

Nog minder is daar 'n intellektuele uitkoms. Dit is 'n baie gewilde manier in die Ned. Geref. Kerk om iemand te brandmerk as 'n "neo-Luteraan", 'n "Kuiperiaan", 'n neo-Bartiaan", 'n "hiper-Gereformeerde", noem maar op. Hierdie boek is nie 'n herlewing van een of ander "isme" of "iteit" nie.

Hierdie boek wil lidmate die kennis oor die twee werkinge van die Evangelie leer soos dit as godsdiens in die Bybel geleer word: 1. Die Evangelie as krag tot redding en die 2. Die Evangelie as krag tot 'n nuwe lewe. Daarom gaan die grootste deel van die werk oor inligting wat vir lidmate onbekend en ontoeganklik is.

Maar die bedrog moet ook aan die kaak gestel word. Die alternatiewe van die Ned. Geref. Kerk op die twee werkinge van die Evangelie 1. Die Weg na Jesus en 2. Die Vervulling met die Gees, sal aan die orde gestel word vir wat dit is: sonde in die naam van Jesus Christus. Die ware godsdiens is en moet vir lidmate 'n deursigtige saak wees, nie 'n duistere saak nie.

Hierdie inleiding is bedoel vir lidmate. Die saak word eenvoudig, sonder Latynse, Griekse en Hebreeuse tussenwerpsels verduidelik. Dit word ook sonder teologiese bespiegeling aan die orde gestel. Dit is omdat die saak - die Evangelie - 'n eenvoudige saak is.

Dit beteken egter nie dat hierdie saak nie teologies belangrik is nie, soos baie skoolse akademici dit maar al te graag sal wil sien om ongehinderd hulle skoolse teologie te kan beoefen. Daarom het die skrywer dit goed gedink om vir die predikant en akademikus wat hierdie saak in teologiese perspektief wil sien, ook 'n inleiding te skryf. U vind hierdie inleiding as oorsig aan die einde van die boek. Vir die lidmaat kan hierdie oorsig as 'n verwysing dien teen predikante en geleerdes wat met een vinnige teologiese kwinkslag hulle net wil platslaan en weer aan die dwaasheid van die valse kerk se alternatiewe evangelie met 'n intellektuele meerderwaardigheid wil uitlewer.

"Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie." (Gal. 5:1)

## *HOOFSTUK 2*

# HOE DINK EK OOR GODSDIENS?

In hierdie volgende paar vrae word aan die leser 'n geleentheid gebied om self oor die godsdiens wat in sy hart leef te besin.

Die leser kry juis geleentheid om hom/haarself so te ondersoek dat hy/sy kan agterkom watter oortuigings leef daar in die hart as eiegoed. Daar is dus geen reg of verkeerd nie. Net hoe jy voel. Die eerste gevoel wat oor die saak in die vrae opkom is die naaste aan die eie.

Doen gerus die volgende oefening, skryf neer wat jy dink die korrekte antwoord is. Na die oefening sal jy 'n prentjie kry oor wat in jou eie hart leef. Dit is om deur die loop van die boek elke keer weer eie standpunte te kan toets aan die inligting wat gegee word. Op hierdie wyse kan die aangeleerde godsdiens met die nuwe gegewens gekontroleer word.

1. Die eerste en belangrikste vraag is: wat moet ons doen <u>sodat</u> God ons sondes vergewe?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Hoe voel jy oor die volgende moontlikhede?
Merk telkens elke voorstel:
<u>JA</u>, -- as jy dink dis nodig om dit te doen om deur God vergewe te word vir jou sonde -of
<u>NEE,</u> -- as jy dink dis nie nodig nie.

a. Jy moet om vergifnis vra. JA / NEE

b. Jy moet sê dat jy jammer is. JA / NEE

c. Jy moet berou hê oor jou sondes. JA / NEE

d. Jy moet glo dat jy vergewe word. JA / NEE

e. Jy moet die Evangelie glo. JA / NEE

f. Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

g. Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

h. Jy moet volgens die Here se wil leef. JA / NEE

i. Jy moet volgens die Tien Gebooie leef. JA / NEE

j. Jy moet probeer om die Here lief te hê. JA / NEE

k. Jy moet die Here lief hê. JA / NEE

l. Jy moet Jesus in jou lewe innooi. JA / NEE

m. Jy moet God in jou lewe innooi. JA / NEE

n. Jy moet jou hart vir die Here gee. JA / NEE

o. Jy moet God aanneem. JA / NEE

p. Jy moet Jesus aanneem. JA / NEE

q. Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee. JA / NEE

r. Jy moet gereeld bid. JA / NEE

s. Jy moet anders lewe. JA / NEE

t. Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf. JA / NEE

u. Is daar enige iets anders wat jy nog dink nodig is, in jou eie woorde of volgens jou eie gevoel?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

2. Wat moet 'n mens doen om 'n kind van God te word?

a. Jy moet om vergifnis vra. JA / NEE

b. Jy moet moet sê dat jy jammer is. JA / NEE

c. Jy moet berou hê oor jou sondes. JA / NEE

d. Jy moet glo dat jy vergewe word. JA / NEE

e. Jy moet die Evangelie glo. JA / NEE

f. Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

g. Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

h. Jy moet volgens die Here se wil leef. JA / NEE

i. Jy moet volgens die Tien Gebooie leef. JA / NEE

j. Jy moet probeer om die Here lief te hê. JA / NEE

k. Jy moet die Here lief hê. JA / NEE

l. Jy moet Jesus in jou lewe innooi. JA / NEE

m. Jy moet God in jou lewe innooi. JA / NEE

n. Jy moet jou hart vir die Here gee. JA / NEE

o. Jy moet God aanneem. JA / NEE

p. Jy moet Jesus aanneem. JA / NEE

q. Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee. JA / NEE

r. Jy moet gereeld bid. JA / NEE

s. Jy moet anders lewe. JA / NEE

t. Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf. JA / NEE

u. Is daar enige iets anders wat jy nog dink nodig is, in jou eie woorde of volgens jou eie gevoel?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

3. Wat moet 'n mens doen om seker te wees jy gaan Hemel toe?

a. Jy moet om vergifnis vra. JA / NEE

b. Jy moet moet sê dat jy jammer is. JA / NEE

c. Jy moet berou hê oor jou sondes. JA / NEE

d. Jy moet glo dat jy vergewe word. JA / NEE

e. Jy moet die Evangelie glo. JA / NEE

f. Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

g. Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie. JA / NEE

h. Jy moet volgens die Here se wil leef. JA / NEE

i. Jy moet volgens die Tien Gebooie leef. JA / NEE

j. Jy moet probeer om die Here lief te hê. JA / NEE

k. Jy moet die Here lief hê. JA / NEE

l. Jy moet Jesus in jou lewe innooi. JA / NEE

m. Jy moet God in jou lewe innooi. JA / NEE

n. Jy moet jou hart vir die Here gee. JA / NEE

o. Jy moet God aanneem. JA / NEE

p. Jy moet Jesus aanneem. JA / NEE

q. Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee. JA / NEE

r. Jy moet gereeld bid. JA / NEE

s. Jy moet anders lewe. JA / NEE

t. Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf. JA / NEE

u. Is daar enige iets anders wat jy nog dink nodig is, in jou eie woorde of volgens jou eie gevoel?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Hoe pas die Tien Gebooie vir jou in by vrae 1 tot 3 ?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5. Wat moet 'n mens doen om soos 'n kind van God te leef ?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Wat is volgens jou die wet van die Here?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Hoe moet 'n mens God lief hê? Wat moet jy doen om God lief te hê?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

8. Wat beteken dit om met die Heilige Gees vervul te word?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

9. Wie is in beheer van jou lewe? Motiveer.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

10. Hoe en waarmee regeer die Here ons lewe?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

11. a. Bely jy altyd al jou sonde aan die Here ? JA / NEE

b. Indien nie, hoekom bely jy dit nie altyd alles nie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

c. Het jy altyd regtig berou oor die sondes wat jy gedoen het ? JA / NEE

d. Is jy seker dat die Here jou al jou sondes vergewe? JA / NEE

e. Wat moet jy doen sodat die Here jou jou sondes vergewe?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

f. Doen jy dit altyd? JA / NEE

g. As jy dit nie doen nie, is en kan jy seker wees dat jou sondes alles vergewe is? JA / NEE

h. Hoekom moet 'n mens jou van sondes bekeer?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

12. Sien jy jouself as 'n goddelose mens? Verduidelik dit vir jouself. Hoe sien jy jouself godsdienstig?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

13. Hoe moet 'n mens as Christen leef om seker te wees jy leef vir God reg ?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

14. Sien jy jouself as 'n mens wat in bygeloof leef ? JA / NEE

Hierdie stel vrae het jou die geleentheid gegee om jou eie geloofsinhoude te formuleer. Dit is hierdie geloof in jou wat jy hier geformuleer het wat die Ned. Geref. Kerk in jou gemoed tot stand gebring het, sou jy as leser in die Ned. Geref. Kerk geleer en aangeneem gewees het. As jy 'n lidmaat van 'n ander gemeenskap is, dan is dit jou kerkgemeenskap wat hierdie waarhede in jou vasgelê het.

Om jouself te vind is belangrik om te ontdek dat hierdie oortuigings aangeleerde oortuigings is. Hierdie geloof wat jy met die toets vaslê is nie 'n eie selfuitgedinkte godsdiens nie. Dit is ook geen unieke direkte openbaring van God nie. Dit is die aangeleerde godsdiens van die kerklike gemeenskap(pe).

In die res van die boek kan hierdie aangeleerde geloof getoets word aan die hand van die inligting wat nou bedien word.

# *HOOFSTUK 3*

# DIE WET EN DIE EVANGELIE - DIE TWEE DELE WAARUIT DIE WOORD VAN GOD BESTAAN.

Godsdiens ontstaan in ons lewe as die Here Homself in sy Woord aan ons openbaar. Hierdie openbaring van die Here is nie 'n demonstrasie soos in 'n toneelstuk waar ons kan gaan kyk hoe die Here Homself bekend maak nie. Dit gaan ook nie oor 'n stel wetenskaplike feite waarvoor 'n mens moet leer en eers 70% voor moet behaal voordat jy 'n Christen is nie. Die openbaring van die Here in sy Woord is om mense te verlos uit hulle sonde tot godsdiens.

Die inhoud van God se openbaring bestaan uit twee dele: die verlossing van die mens en hoe God wil hê die verloste mens moet leef. Die hele Woord van God, vanaf Genesis tot by Openbaring, bestaan uit hierdie twee dele : Die Evangelie en Die Wet.

1. <u>Die wet van Moses by Paulus.</u>
Paulus se briewe verwys deurgaans na die uitdrukkings: "die wet van Moses", "die wet" en soms na die "woorde" wat aan die Jode gegee is. As jy Romeine 2:17 tot 24, Romeine 7:1-4 en Romeine 13:8 tot 10 lees en dit vergelyk met Exodus 20 , waarna verwys Paulus as hy praat van die "wet van Moses" ? In al die gedeeltes gaan dit oor die Tien Gebooie. Hy haal letterlik die gebooie uit die Tien Gebooie aan en bespreek hierdie reëls as "Die Wet" in sy brief aan die Christene in die stad Rome.

2. <u>Wetsonderhouding.</u>
In Romeine 3:20,21,28; Romeine 4:5 en Romeine 10 vers 5 praat Paulus van "wetsonderhouding". Wat is dit? Presies net wat dit sê: wetsonderhouding is om te doen wat die wet, die Tien Gebooie, sê jy moet doen. Dit stel hy duidelik in Romeine 2:13 en Galasiërs 3:12. "By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe."

Alles wat ons doen wat die Tien Gebooie ons beveel - is wetsonderhouding. Elke keer as ons iets doen wat die Tien Gebooie sê ons moet doen, is ons besig met wetsonderhouding. Alles wat ons nie doen nie, omdat die Tien Gebooie ons dit verbied, is ook wetsonderhouding. As ek iets los, of anders doen, of wegvlug van iets omdat dit in die Tien Gebooie verbied word, dan is ek volgens die Bybel met wetsonderhouding besig. Gehoorsaamheid aan die gebooie, aan die eise van die wet, is volgens die Bybel wetsonderhouding.

3. <u>Die liefde is wetsonderhouding.</u>
Liefde en wetsonderhouding in die Woord van God is altyd presies dieselfde saak. Liefde en wetsonderhouding kan nooit van mekaar geskei word in die Bybel nie.

<u>Die Ou Testament.</u>
In die Ou Testament is liefde wetsgehoorsaamheid. In Deut.5:1 tot 22 gee Moses die wet van God aan die volk. Wat is die hoofsaak, die samevatting of opsomming van die wet volgens die Ou Testament? Deutronomium 6 vers 4 en 5 stel dit baie duidelik: die liefde vir die Here. "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."

<u>Jesus se eie woorde.</u>
In Jesus se eie woorde is liefde en wetsonderhouding nie twee verskillende sake nie, maar presies dieselfde saak. In Matt.22:34 tot 40 kom een van die Fariseërs na Jesus toe. Hy word 'n wetgeleerde genoem. Hulle was mense wat dit hulle lewe gemaak het om presies te weet wat die Tien Gebooie beveel en verbied. Hulle het probeer om volkome daarvolgens te lewe. Hy dink dat Jesus nie die wet ken nie en probeer bewys dat Jesus iets anders aan mense leer as wat God in die Ou Testament vir sy volk geleer het.

Hy vra vir Jesus: "Wat is die grootste gebod in die wet ?" Dit is 'n strikvraag om te bewys Jesus nie die wet ken nie. Hy vra nie wat is groter of beter as die wet nie, maar wat die samevatting van die inhoud van die wet is. Jesus antwoord hom deur die samevatting soos dit in die Ou Testament geleer word, aan te haal: Deut.6:5 en Lev.19:18. Jesus het nie iets anders as die Fariseërs geleer as dat dit oor die liefde vir God gaan nie. Liefde vir God en die naaste is volgens Jesus, net soos vir die Fariseërs, wetsonderhouding.

Paulus en Johannes.
Hierdie twee apostels van Jesus het, net soos Jesus, ook geleer dat liefde en wetsonderhouding een en dieselfde saak volgens die Woord van God is. In Romeine 13:9 en 10 stel Paulus dit so: "Al die gebooie:" Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie, of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."Paulus sê die liefde is nie iets anders of groters of beters as die wet nie. Dit is die ware inhoud van elke gebod - dit is die volle uitvoering van die inhoud van die gebod.

Johannes stel dit so: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam" 1 Joh 5:2 en 3.

DUS

**In die Woord van God is liefde vir God en liefde vir jou naaste, wetsonderhouding.**

4. Die Evangelie.
'n Ander begrip wat naas die begrip "wet" of "wet van Moses" in die Bybelboeke gebruik word, is : "die Evangelie". Waaroor gaan die saak wat as die Evangelie beskryf word?

In die Bybelboeke kry ons kort samevattings of opsommings van die Evangelie se inhoud. Hier volg 'n paar. Ons gaan elke keer uit die Skrifgedeelte puntsgewys 'n lys maak van die sake wat die Evangelie genoem word.

4.1 Romeine 1:1 tot 6.
"Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. 2 Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, 3 en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; 4 op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here. 5 Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring. 6 Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort."

a. Paulus is geroep om 'n apostel te wees. Dit is iemand wat afgesonder is om die evangelie vir die eerste keer na Jesus se Hemelvaart onder die nasies te verkondig. Apostels is die eerste predikers van die Evangelie na Jesus se hemelvaart.
b. Die Evangelie is in die Ou Testament aangekondig.
c. Die Evangelie is die saak wat handel oor:
1. die Seun van God.
2. die geboorte van die Seun van God uit die geslag van Dawid.
3. die opstanding van die Seun van God.
4. die bekleding van die Seun van God met mag.
5. dat Jesus die Christus is, ons Here.
6. dat mense tot geloof in Hom opgeroep word wat hulle so op 'n nuwe wyse aan God gehoorsaam sal maak.
7. dat gelowiges aan Jesus behoort, hulle is Christus s'n.

4.2 1 Korintiërs 15:1 tot 11.
"Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. 2 Deur die evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle

verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle te vergeefs tot geloof gekom. 3 Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ontvang het, is dit: Christus het vir ons gesterf volgens die Skrifte; 4 Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. 5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, 6 ..... 11 In elk geval, of dit ek is of hulle - dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het."

a. Paulus herinner hulle aan die Evangelie se hoofinhoud soos hy dit aan hulle verkondig het.
b. Paulus het die inhoud van hierdie evangelie presies aan hulle verkondig soos hy dit self weer gehoor het.
c. Die belangrikste hooftrekke van die Evangelie is:
1. Jesus het gesterf.
2. Jesus is begrawe.
3. Jesus is op die derde dag opgewek uit die dood.
4. Jesus het uit die hemel aan hulle verskyn.
5. Dit is die Evangelie wat hulle glo.
6. Deur hierdie Evangelie word hulle gered.

4.3 <u>Handelinge 2:22 tot 36.</u>
In Handelinge 1:8 kry die apostels die opdrag om getuies te wees vir Christus na die uitstorting van die Heilige Gees. In hoofstuk 2:1 tot 13 word die Gees uitgestort. Dadelik begin die apostel Petrus met die opdrag om 'n getuie vir Christus te wees. Wat is die hoofinhoud van die getuienis wat hy lewer?

"22 Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. 23 God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur die heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak, 24 Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. ... 32 God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. 34 Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy :

"Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand 35 totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.
Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle
gekruisig het, Here en Christus gemaak."

a. God (die Vader) het Jesus aan Israel bekend gestel.
b. Die inhoud van die bekendstelling behels die volgende:
1. Jesus is uitgelewer. (aan Pontius Pilatus)
2. Jesus is gekruisig.
3. Jesus het gesterf.
4. Jesus was in die smarte van die dood.(ter helle neergedaal)
5. God het Jesus uit die dood laat opstaan.
6. Jesus is verhoog aan die regterhand van God.
7. Jesus het die Heilige Gees aan die kerk gegee.
8. Jesus het na die hemel opgevaar. Dawid het nie.
9. Jesus sit aan die regterhand van God, nie Dawid nie.
10. Jesus is Here en Christus.

4.4 <u>Lukas 9:18 - 21; 9:44 - 45; 18: 31-34 en 24: 36 - 49.</u>
Die Evangelie is nie iets wat die apostels na Jesus se dood self uitgedink het nie. Dit was wat Jesus vir sy dissipels die hele tyd wat Hy saam met hulle was, self geleer het. Dit is die eie woorde van Jesus. Jesus is die Skepper wat mens geword het. Hierdie woorde van Jesus oor Homself is regtig die woorde van God in mensetaal: woorde wat Hy aan sy dissipels gegee het en hulle aan die kerk. Wat het Jesus oor homself geleer 1961 jaar gelede in Palestina ?

"18 Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: "Wie, sê die mense, is Ek ?" 19 Hulle antwoord: "Johannes die Doper; party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van

die ou tyd het opgestaan. "20" Maar julle", het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek ?" Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde van God." 21 Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, 22 "want," het Hy gesê, "die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word."

Uit hierdie gesprek tussen Jesus en sy dissipels is dit duidelik dat Jesus van vroeg af reeds aan sy dissipels geleer het:

1. Hy is die Christus, die Gesalfde van God.
2. Hy is die Seun van die mens.
3. Hy moet in Jerusalem ly en verwerp word.
4. Hy moet doodgemaak word.
5. Hy moet op die derde dag uit die dood opgewek word.

Jesus het dit met drie spesifieke geleenthede waarvan ons uit die Evangelies weet, aan sy dissipels geleer. In Lukas 9:44 word dit 'n tweede keer so gestel: "Terwyl almal verbaas was oor wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: "Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die seun van die mens gaan in die hande van mense oorgelewer word."

In Lukas 19: 31 word dit 'n derde keer so herhaal: "Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: "Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. 32 Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, 33 Hom gesel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan."

Dit is presies die samevatting van Jesus se woorde oor Homself wat Hy na sy dood weer bevestig het. Hierdie woorde is die inhoud wat die dissipels kry om as boodskap aan alle nasies te gaan verkondig. Dit is volgens Jesus self - die Evangelie. Lukas 24 :44-49.

Kom ons neem nou hierdie vier tabelle wat ons saamgestel het uit die woorde van die Here en die apostels, en vergelyk hulle met die belydenisskrif wat ons die Twaalf Artikels of die Apostoliese Geloofsbelydenis noem.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper
van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
Wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
Wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die Heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

Vergelyk ons die kort opsommings van die saak wat die Bybelskrywers "Die Evangelie" noem, is dit op sig self duidelik : die Twaalf Artikels is die samevatting van die saak wat as Evangelie deur die Bybelskrywers verkondig word. Hierdie belydenis is baie, baie oud.

5.<u>'N BIETJIE KERKGESKIEDENIS.</u>
Die apostels het na Jesus se Hemelvaart dit wat Hy oor Homself bekend gemaak het, aan die volke in die Romeinse ryk rondom die Middellandse see as die Evangelie verkondig. Die hele vroeë kerk het met hierdie verkondiging voortgegaan. Een van die vroegste behoeftes van die kerk was om in kort die hele boodskap van Jesus oor Homself saam te vat. Dit is net soos die hele wet van God in tien reëls deur Moses saamgevat is.

Dit was veral in die kategese waar die behoefte vir so 'n samevatting was. Hierdie samevatting wat die eerste leraars vir hulle katkisasie gemaak het, is die belydenis wat ons nou ken as die Twaalf Artikels.

Een van die kerkvaders wat direk na die apostels opgetree het stel dit so: "Alhoewel die kerk oor die hele wêreld tot aan die einde van die aarde verstrooi is, het hulle almal van die apostels en hulle leerlinge die geloof ontvang in een God die Vader, die Almagtige,... en in een Christus, die seun van God wat vlees(mens) geword het ter wille van ons saligheid en in die Heilige Gees. (Adv. Haer.1.10) (Doekes: "Credo")

Iraneus wat leraar was in die jaar 177 in Lyon in Frankryk vertel in een van sy boeke dat hierdie geloofsinhoude van die Twaalf artikels die gemeenskaplike belydenis is van die kerk in Germanië (Duitsland) Spanje en die Kelte (Engeland) en ook in die Ooste van die Romeinse ryk in Egipte en Libië.

Die Twaalf Artikels soos ons hom vandag het, is al in die jaar 150 n.C. in die gemeente in Rome gebruik vir katkisasie. Voordat lidmate gedoop is, het hulle hierdie Twaalf Artikels as belydenis voor die gemeente afgelê.

DUS

**Die Twaalf Artikels is die samevatting van die hele boodskap wat in die Bybel as die Evangelie verkondig word.**

Wat is Evangelie volgens die Bybel?

**DIE INHOUD VAN DIE TWAALF ARTIKELS.**

6.<u>Geloof in die Evangelie.</u>
As die Bybel praat van geloof is dit altyd geloof in die Evangelie. Die Evangelie is die boodskap van Jesus oor Homself. Die geloof van die Christelike kerk is geloof in Jesus soos saamgevat in die Twaalf Artikels.

<u>Wat is geloof?</u>
Hebreërs 11:1 stel dit so: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."

**Geloof is om seker te wees van wie Jesus is en wat Hy vir ons gedoen het en om oortuig te wees dat ek deel is van wat Hy vir my gedoen het in die Twaalf Artikels.**

'n Mens kan in baie dinge glo, maar as die kerk van sy geloof praat, is dit altyd hierdie geloof in die Evangelie. Party mense glo dat God goed is, dat God bestaan en alles regeer, dat God vir mense lief is, en nog baie meer. Maar as die kerk praat van geloof is dit heeltemal iets anders . Dit is altyd die geloof in die Evangelie.

<u>Die duiwels glo ook.</u>
Daarom sê Jakobus in hoofstuk 2: 19, bl.304 in die N.T.: "Glo jy dat daar net een God is? Die bose geeste glo dit ook - en hulle sidder van angs." Die Jode het van vroeg hierdie belydenis gehad: "God is een", teenoor al die afgode van die heidene.

Al het hulle geglo dat God een is en dat daar nie ander gode is nie, soos die heidene geglo het nie, het die Jode nie in die Evangelie, in Jesus, geglo nie. Hierdie geloof van die Jode in een God, maar nie in die Evangelie nie, is maar net soos die bose geeste en ander heidene ook glo. Dit help niks nie. Die kerk het 'n ander geloof: die geloof in die Evangelie.

7. Die wet en die Evangelie is twee verskillende sake.

Die wet van God is die Tien Gebooie en die Evangelie is die Twaalf Artikels. As ons nou die twee sake langs mekaar sit en dit met mekaar vergelyk, wat sien ons? Is dit maar een saak wat net verskillend gesê word of is dit twee heeltemal verskillende sake?

**DIE EVANGELIE.**

Ek glo in God die Vader,
die Almagtige, die Skepper
van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore
Seun, ons Here;
Wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
Wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer
opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God,
die Almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
die wat nog lewe en die wat
reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige algemene
Christelike kerk,
die gemeenskap van die Heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

**DIE WET.**

Toe het God al hierdie
gebooie aangekondig:
Ek is die Here jou God wat
jou uit Egipte, uit die
plek van slawerny bevry het
Jy mag naas my geen ander
gode hê nie.
Jy mag nie vir jou 'n beeld
of enige afbeelding maak
van wat in die hemel daarbo
of op die aarde hieronder
nie of in die water onder
die aarde is nie. Jy mag
hulle nie vereer of dien
nie, want ek, die Here jou
God eis onverdeelde trou
aan My. Ek reken kinders
die sondes van hulle vaders
toe,selfs tot in die derde en vierde
geslag van die wat My haat,
maar Ek betoon my liefde
tot aan die duisendste geslag
van die wat My liefhet
en My gebooie gehoorsaam
Jy mag die Naam van die Here jou God
nie misbruik nie, want die Here sal
die een wat sy Naam misbruik, nie on-
gestraf laat bly nie.
Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.
Eer jou vader en jou moeder .....
Jy mag nie moord pleeg nie.
Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
Jy mag nie steel nie.
Jy mag nie vals getuienis teen 'n
ander gee nie.
Jy mag nie iemand anders se huis
begeer nie....

Op die oog af is dit duidelik. Hierdie is twee heeltemal verskillende sake.

1. In die wet gaan dit oor eise wat God verwag ons moet nakom.
   In die Evangelie gaan dit oor eise wat Jesus nakom.

2. In die wet gaan dit oor gebooie wat ons moet gehoorsaam.

In die Evangelie gaan dit oor waarhede oor Jesus wat ons moet glo.

3. In die wet gaan dit oor wat ons vir God moet doen.
   In die Evangelie gaan dit oor wat God vir ons doen.

Wat ons vir God doen en Hy van ons vra is twee heeltemal verskillende sake.
Johannes stel hierdie verskil baie mooi in 1 Joh.4:10: "Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie" (die wet 1 Joh.5:3) "maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

8. Wetsonderhouding en geloof in die Evangelie is twee heeltemal verskillende sake.
Paulus stel dit op sy duidelikste in Galasiërs 3 vers 12:"By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe.""

Om te doen wat in die Tien Gebooie staan is een ding. Om te glo wat in die Twaalf Artikels staan is weer iets heeltemal anders.

Kan iemand sê:

1. "Om jou ouers te gehoorsaam is maar dieselfde as om te glo Jesus is gebore uit die maagd Maria."
2. "Om nie dood te maak nie is maar dieselfde as om te glo Jesus het vir ons sondes gely onder Pontius Pilatus".
3. "Om nie egbreuk te pleeg nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes gekruisig is"
4. "Om nie te steel nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het."
5. "Om nie vals getuienis te gee nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes begrawe is."
6. "Om nie te begeer nie is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes uit die dood opgestaan het"?

Dit kan nie! Sou die wet en Evangelie maar een saak wees, dan beteken dit dat as 'n mens net mooi leef, maak nie saak of hy 'n ateïs, 'n kommunis, 'n Moslem, 'n Jood of 'n Boeddhis is nie - hy eintlik maar ook in Jesus glo. Dit is hoe die wêreld en goddeloses graag die geloof in Jesus wil hê: dat ons almal op die ou einde maar in dieselfde saak glo. As wetsgehoorsaamheid en geloof in die Evangelie dieselfde saak is, dan glo alle mense maar tog in dieselfde God as hulle maar net mooi leef.

Maar dit is nie so nie. Geloof in die Evangelie en wetsgehoorsaamheid is in die Woord van God twee verskillende sake. Daarom is die kerk van die Here, Jesus Christus iets heeltemal anders as alle ander bygelowe.

9. Verskillende name vir WET EN EVANGELIE.
Die Evangelies en die briewe van die Nuwe Testament is deur verskillende skrywers geskryf: die Apostels Petrus, Johannes en Jakobus wat die drie leiers van die vroeë gemeente in Jerusalem was na Jesus se Hemelvaart, Paulus wat apostel vir die nie - Jode was en mense wat saam met die apostels gewerk het soos Markus saam met Petrus en Lukas saam met Paulus. Daar is ook nog sommige onbekende skrywers soos die skrywer van die boek Hebreërs.

Al hierdie mense was verkondigers van die Evangelie wat Jesus oor Homself geleer het. Elke boek van die Bybel gaan oor die twee groot sake waarop die hele godsdiens gebou is: DIE WET EN DIE EVANGELIE. Die verskillende skrywers gebruik hulle eie woorde om die twee groot sake van die godsdiens te beskryf.

DIE EVANGELIE.
Die inhoud van die Twaalf Artikels word deur Markus en Lukas beskryf met die naam:

1. DIE KONINKRYK VAN GOD.
As ons hierdie boeke lees en ons lees van: "die Koninkryk van God", dan kan ons weet dat dit na die hele saak wat ons as kerk in die Twaalf Artikels saamvat, verwys.

Dit is veral in Jesus se eie woorde waarin Hy baie praat oor "Die Koninkryk van God". As Jesus hieroor praat dan is dit altyd iets van Homself wat Hy verkondig en verduidelik.

Die rede hoekom die Evangelie deur Jesus "die Koninkryk van God" genoem is, is omdat Hy die Koning is wat gekom het om op 'n nuwe wyse oor sy volk te regeer. Hy regeer nie meer deur die wet nie, maar deur die saak wat

ons as die Twaalf Artikels ken. Hy regeer aan die regterhand van God op 'n heel nuwe manier. Hy skryf nie wette aan ons voor nie, maar laat ons deel van Hom en sy werke vir ons word.

2. DIE KONINKRYK VAN DIE HEMEL.

Die skrywer Matteus gebruik orals waar Markus en Lukas praat van die "koninkryk van God", die naam : "die Koninkryk van die Hemel". Hy skryf nie soos Markus en Lukas aan Grieke nie maar aan Jode. As Jode van God gepraat het, het hulle nooit sy naam uitgespreek nie. Dit was vir hulle 'n vorm van respek betoon vir God. Daarom praat hulle van "Hemel" i.p.v. God.

As ons in die boek Matteus dus lees van "Die koninkryk van die Hemel", dan kan ons weet dit verwys na die saak wat ons as die Twaalf Artikels ken.

3. DIE NUWE VERBOND.

In die boek Hebreërs word daar nie gepraat van die wet en die Evangelie nie, maar van die Ou Verbond en die Nuwe Verbond. Dit is presies dieselfde onderskeid as die onderskeid : wet en Evangelie.

Kyk na Hebreërs 8.

Die Ou Verbond verwys na die Uittog uit Egipte en die Tien Gebooie wat die volk by Sinai gekry het. Die Nuwe Verbond gaan oor Jesus wat die nuwe Hoëpriester is aan die regterhand van God. (sit aan die regterhand van God = Twaalf Artikels ).

Baie belangrik! Die onderskeid Ou en Nuwe verbond gaan oor die wet en die Evangelie - NIE oor die Ou Testament en die Nuwe Testament nie.

4. DIE GENADE, DIE WAARHEID, DIE WEG EN DIE LEWE.

In die Johannes Evangelie word die Evangelie verskillende name genoem : die weg, die waarheid, die lewe en die genade. Daar is 'n baie spesifieke rede hiervoor. Waaroor gaan die Evangelie? Dit gaan oor Jesus.

JESUS IS DIE EVANGELIE.

Alles wat Jesus is en alles wat Hy kom doen het, is Evangelie. Dink 'n bietjie waaroor die Twaalf Artikels handel ?

1. Jesus wat die Seun van die Vader is. Johannes 8
2. Jesus is gebore uit die maagd Maria. Johannes 1.
3. Jesus wat gely het, gekruisig is en opgestaan het. Johannes 18-21.
4. Jesus gee die gawe van die Heilige Gees aan die kerk. Johannes 14 -17.

Hierdie name wat Jesus dus vir Homself gebruik, is elke keer woorde vir die hele saak wat ons in die Twaalf Artikels saamvat. Die Twaalf Artikels is God se genade. Dit is die weg na God. In die Twaalf Artikels kry ons die waarheid van God en sy liefde vir ons as sondaars en in die Twaalf Artikels kry ons die Ewige lewe.

DUS

**As jy die Evangelie Johannes, die boek Openbaring of Johannes se briewe lees en jy kry die woorde: genade, waarheid, lewe, weg, lig, Ewige brood of die Ewige water, dan kan jy weet dit verwys na die inhoud van die Twaalf Artikels.**

'N OEFENING VIR SELFSTUDIE

Elke skrywer van die Bybel se boeke en briewe gaan oor die WET EN DIE EVANGELIE. Elkeen doen dit op sy eie manier. Die volgende gedeeltes kan gelees word om die verskillende maniere met mekaar te vergelyk.

1. Lukas 16 verse 14 tot 18.
2. Matteus 5 verse 17 tot 20.
3. Matteus 11 verse 11 tot 18.
4. Johannes 1 verse 9 tot 16.

5. Galasiërs 2 verse 15 tot 16.
6. Hebreeërs 8 verse 1 tot 13.

10. WARE GODSDIENS GEBOU OP TWEE PILARE : DIE WET EN DIE EVANGELIE.

Waaroor gaan dit alles? Dit gaan oor godsdiens. Die twee pilare waarop godsdiens in 'n mens se eie lewe rus, is die wet en die Evangelie.

Hoekom?

Maklik!

Godsdiens gaan oor liefde: die liefde wat God vir ons het en die liefde wat ons vir Hom het. Die liefde wat God vir ons as sondaars het, word in die Bybel as die Evangelie bekend gemaak. Die liefde wat ons vir God moet hê, word die wet genoem.

Alles wat ons oor wet en Evangelie leer, lei ons in die liefde van God vir ons en ons liefde vir Hom. Dit is waaroor die hele godsdiens aan die Skepper gaan: Sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom.

Waar die Woord van God in hierdie twee dele verkondig en geleer word, elkeen na sy eie aard, daar word ons saam opgebou om te kan doen waarvoor ons gemaak is : om godsdiens te kan beoefen as volwasse lidmate van die kerk van Jesus Christus.

OEFENING

Kies vir jou enige boek in die Nuwe Testament en besluit by elke vers wat jy lees waaroor die vers handel. Handel die vers oor die wet of oor die Evangelie ?
Toets jouself. As dit oor iets in die Tien Gebooie gaan, is dit wet en wetsgehoorsaamheid. As enige woord in die Twaalf Artikels daarin voorkom soos bv. Jesus, Here, Heilige Gees, liggaam van die Here, vergifnis, opstanding, ens., dan handel die vers oor die Evangelie. Onthou gerus Gal 3:12 - dit sal jou ook help om te kan onderskei.

'N WENK

Die twee dele van die Bybel kan met twee getalle onderskei en onthou word.

Tien. Die hele wil van God word in die Tien Gebooie saamgevat.

Twaalf. Die hele Evangelie word in die Twaalf Artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis saamgevat.

*HOOFSTUK 4*

# DIE VERGIFNIS VAN SONDE IS ALLEEN DEUR DIE EVANGELIE, SONDER DIE WET EN WETSGEHOORSAAMHEID.

1. Regverdiging is vergifnis.
In die Woord van God gaan vergifnis van sonde oor veel meer as net dat God sê dat Hy jou nie sal straf vir jou sonde nie. In Kolossense beskryf Paulus hierdie rykdom van God se genade so: "God het besluit om aan julle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid ." (1:27)
"Die geheimenis is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind" (2:3)
"In Hom is die volle wese van God beliggaam en in verbondheid met Hom deel julle in Sy volheid." (2:9)

Die Woord van God verkondig 'n vergifnis wat al die gawes van God se liefde insluit. Daarom word dit met woorde beskryf soos "seënryk", "al die skatte" en "volheid".

Die liefde van God maak dat Hy ons alles gee wat sy liefde gee as Hy vergewe: die kwytskelding van skuld, die Ewige lewe, aanvaarding as sy kind, die wedergeboorte en die opstanding uit die dood. Al die gawes word ingesluit in God se vergifnis.

Die Woord wat alles saamvat is: regverdiging. Hierdie woord is nou in die Nuwe Afrikaanse Bybel verkeerdelik vertaal met "Vryspraak". Die woord "Vryspraak" is baie enger en kan nie die rykdom van die woord "regverdiging" omsluit nie. Ter wille van die vertaling gebruik ons maar dan ook die woord "Vryspraak".

As ons dus die woord "Vryspraak" in die Bybel lees moet ons weet dit sluit alles in: vergifnis, die Ewige lewe, die opstanding uit die dood, die aanneming van God se kind, noem maar op! Die woord wat al die gawes saamvat is - VRYSPRAAK.

2. Wat leer die Woord van God ons? Waardeur word ons vrygespreek, vergewe? Wat moet ons doen om vrygespreek, vergewe te word? Kom ons kyk na 'n paar Skriflesings.

2.1. Romeine 1:16 en 17.
"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."
Wat staan in die gedeelte, hoe word ons vergewe/vrygespreek ?

a. Die krag tot redding is die Evangelie.
b. Elkeen wat die Evangelie glo is gered.
c. Die Evangelie leer ons dat 'n mens vergewe word, gered word en die ewige lewe beërwe, enkel en alleen omdat 'n mens die Evangelie glo.
d. Enkel en alleen die Evangelie glo, beteken slegs geloof in die Evangelie is nodig om die volle regverdiging van God deelagtig te wees.
e. Die klem lê op al twee dele. Niks behalwe die Evangelie is nodig om vrygespreek te wees nie. God doen alles wat vir ons vryspraak nodig is net deur die Evangelie. Niks behalwe net geloof in die Evangelie is vir die mens nodig om vrygespreek te wees nie.
f. Om vrygespreek te word, word die Tien Gebooie en wetsgehoorsaamheid glad nie eers in hierdie verse genoem nie. Dit word heeltemal uitgesluit met die kwalifikasie: "enkel en alleen omdat hulle glo." Geloof en wetsonderhouding is twee verskillende sake. Hier word wetsonderhouding uitgesluit en gesê

net geloof alleen is nodig om die volle verlossing te ontvang.

2.2 Galasiërs 2:15 en 16.
Wat staan in die verse ? Wat moet ons doen om vrygespreek te word ?

"Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."

a..Paulus lê klem daarop dat daar vir hulle as Jode en die heidene nie twee verskillende maniere is om gered te word nie.
b. Die Jode is van kleinsaf geleer om die Tien Gebooie te ken en te onderhou. Hulle is geleer om God en hulle naaste lief te hê. Hulle is geleer om hulle sonde te bely en volgens die Tien Gebooie elke dag tot bekering te kom. Die heidene het met afgodery en losbandigheid groot geword. Alt wee hierdie groepe word net op een manier vrygespreek: net deur in Jesus Christus te glo.
c. Die klem in vers 15 lê op die woord : "alleen". Hierdie klem wil dit baie sterk uitwys dat die redding nie deur geloof EN wetsgehoorsaamheid is nie. Die Evangelie en geloof het nie 'n "en" by nie. Dit het geen plus by nie.
d. Wetsgehoorsaamheid en geloof is twee verskillende sake en hier sê Paulus dit nou uitdruklik - geen wetsonderhouding vorm deel van die redding nie.
e.As mens nie op grond van wetsonderhouding vrygespreek word nie, beteken dit ons moet nie die wet onderhou as ons vrygespreek wil word nie.
f. Die vryspraak is dus nie deur geloof "èn" liefde, geloof "èn" sondebelydenis, geloof "èn" die bekering volgens die Tien Gebooie, soos die Jode geleer is nie.
g. Die vryspraak is sonder enige wetsonderhouding. Jode wat van kleinsaf geleer is om volgens die Tien Gebooie lief te hê en te bekeer, sowel as heidene wat in bygeloof en losbandigheid grootgeword het, word net deur geloof in Jesus alleen vrygespreek.

2.3 Romeine 3:2-28
"20 Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is. 21 Maar nou het die vryspraak waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. 23 Almal het gesondig en is ver van God af, 24 maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. 25-26 Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo. 27 Het ons nou iets uit onsself om op te roem? Nee, dit is uitgesluit. Deur watter wet? Die van die werke? Nee, deur die van die geloof. 28 Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie."

a.Paulus se hele betoog in die brief aan die gelowiges in die stad Rome is dat 'n mens deur geloof in die Evangelie en nie deur die wet vrygespreek word nie. (28)
b. Dit is ook die betoog in hierdie paragraaf : wetsonderhouding gee nie vergifnis nie. In die mens se poging om die wet te onderhou leer hy net al meer dit help niks om deur bekerings, belydenisse van sonde, beloftes om beter te leef en volharding in die keuses om vir God te leef, vrygespreek te word nie. Dit leer 'n mens net dat jy te sondig is om hierdie wetsonderhouding na te kom; wetsonderhouding bring niemand naby God nie; sondaars word sonder wetsgehoorsaamheid net deur Jesus met God versoen; God is regverdig om geen wetsgehoorsaamheid te eis vir vryspraak nie, want Jesus se offer is genoegsaam; daar is geen daad van die wet wat vryspraak gee nie, net geloof in die Evangelie gee vryspraak. Om vergewe en vrygespreek te word, is dit alleen en slegs geloof in die Evangelie wat nodig is.

3. Kan ons die wet so onderhou dat dit ons help om vrygespreek te word? Hier wil ons nou kyk na wat Paulus se betoog is. As 'n mens nie deur wetsonderhouding vrygespreek word nie, sal dit nie help om te glo "EN" die dade van

wetsonderhouding saam te doen nie? Het hierdie dade nie tog waarde om die verlossing te aanvaar nie? Dit is baie keer die argument van die valse kerk: ons hoef net te glo, maar bekeer, bely, beloof en bid is alles maar net die manier waarop ons glo. Dit help ons om die vergifnis te aanvaar en ontvang! Kan die argument staande bly? Wat sê die Bybel ?

3.1 Romeine 3: 19 en 20.
"19 Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir die wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. 20 Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is."

a. Volgens Paulus is die wat die wet het, die Jode. Hulle het die Tien Gebooie van God ontvang. Hulle word deur die wet geleer wat sonde is en wat toewyding aan God is. (2:17)
b. Die wat die Tien Gebooie ken, het geen verweer dat hulle nie deur God gestraf moet word nie. Hy moet hulle straf al bekeer en leef hulle volgens die wet. Hulle poging om te bekeer volgens die wet, te leef volgens die wet, te bid volgens die eis van die liefde en hulle aan God toe te wy volgens die wet, se enigste effek is dat hulle net soos heidene wat nie die Tien Gebooie het, gestraf moet word. (Rom. 2:17-24)

c. Dade van wetsonderhouding leer 'n mens nie dat 'n mens deur hierdie dade verlossing kry nie, of dat dit enige waarde het om so die verlossing te kan ontvang nie. Dit leer 'n mens net dat jy te sondig is om hierdie gehoorsaamheid hoegenaamd eers te probeer onderneem soos wat die wet dit vereis.

3.2 Galasiërs 3:7 -12.
"9 Dit is dus die wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word. 10 Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie." 11 En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik want "hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe." 12 By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie maar om die daad, want daar staan: " Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe."

a. Dade van wetsgehoorsaamheid soos bekering, oorgawe, toewyding, liefde en gehoorsaamheid, het alleen waarde vir die vryspraak van 'n sondaar as dit stiptelik gedoen word soos wat die wet van 'n mens dit vereis.
b. Mense wat enige waarde heg aan hierdie dade vir vryspraak val onder die vloek van God. Hulle word nie meer deur God vrygespreek nie.
c. Die dade van die wet is heeltemal uitgesluit as 'n manier om aan die vryspraak deel te kry.
d. God se vryspraak is net deur die geloof in die Evangelie alleen, sonder die dade van die wet.

3.3 Filipense 3: 3 - 9.
"3 Ons het die ware besnydenis, ons wat God deur sy Gees dien, ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4 Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5 ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam van Benjamin 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik. 7 Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo."

a. Paulus was as Joodse kind en toe later as leerling van die Fariseërs, onberispelik in sy onderhouding van die Tien Gebooie om vryspraak te verkry.
b. Hulle leer toewyding volgens die eis van die liefde, gehoorsaamheid volgens die Tien Gebooie en gebed en bekering volgens die Tien Gebooie as die wyse waarop vryspraak by God verkry word.
c. Al hierdie dade was vir Paulus lewensbelangrik in sy verkryging en sy aanvaarding van die vergifnis by God.
d. Toe het iets gebeur wat al die geestelike dade en status wat hy uit die wet gekry het, heeltemal waardeloos gemaak het.

e. Hy het die verlossing in Jesus aanvaar waar dit nou alleen aanvaar en ontvang word deur die geloof alleen, sonder enige daad van wetsgehoorsaamheid.
f. Al hierdie vorige toewyding van liefde, bekering, oorgawe en gebed volgens die wet, as manier om vrygepreek te word, is nie net alleen waardeloos nie, dit is vir hom verwerplik.
h.Hierdie dade om gered te word buiten geloof in Jesus alleen, het Paulus prysgegee. Prysgegee beteken hy doen dit nie meer om vergewe en gered te word nie. Hy het daarmee opgehou.

4. <u>Wat het Jesus met die wet en wetsgehoorsaamheid gedoen as 'n manier waarop ons van ons sonde vrygespreek kan word</u>?

Romeine 10:4 "Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word."
Hierdie vers is die opsomming van alles wat Paulus te sê het oor hoe ons gered en vergewe word. Om gered te word, is daar net twee maniere - God se manier en die mens se manier. (10:3)

Wat is God se manier om mense te red/vergewe/die Ewige lewe te gee?
God se manier om mense te red is dat hulle in Christus moet glo, sonder die gehoorsaamheid wat die Tien Gebooie eis. Die Fariseërs se manier is maar die eie manier hoe mense deur al die eeue, los van God se manier, probeer het om vir hulleself redding/vergifnis te bewerk.

Wat was die Fariseërs se manier om vergewe, vrygespreek te word?
" 31 Israel daarenteen het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, ..."

Wat is Jesus vir die wet as dit gaan oor hoe ons vergewe word?
Jesus is die einde van die wet !!!

<u>DIE EINDE VAN DIE WET.</u>
As Jesus die einde van die wet is as die manier om gered te word, dan is:

<u>Die Evangelie die einde van die wet,</u>
want Jesus is die Evangelie; dan is:
<u>Die Twaalf Artikels die einde van die Tien Gebooie,</u>
want die Evangelie is die Twaalf Artikels en die wet is die Tien Gebooie; dan is
<u>Die Evangelie die einde van die liefdesgebod</u>,
want die wet en die liefdesgebod is dieselfde saak in die Bybel; dan is
<u>Die geloof in die Evangelie die einde van wetsgehoorsaamheid.</u>

Wat het Jesus met die wet en wetsgehoorsaamheid gedoen as die manier om vrygespreek te word? Hy het dit heeltemal afgeskaf. Afgeskaf beteken: dit tel nie meer nie. Dit word nie meer gedoen nie. Dit is klaar en uitgedien. Dit is nie meer 'n manier waarop jy vergewe kan word nie. Dit kan nie help nie. Dit kan nie ondersteuning gee nie. Dit is nie meer nodig nie. Dis verby. Dit is nie meer God se manier nie. (Rom.10:3)

Die antwoord is dus duidelik. Ons word vergewe deur net die Evangelie. Deur slegs te glo. Ons word nie vergewe deur die Evangelie te glo en die wet te onderhou nie. Ons word nie vergewe deur die Evangelie en die wet nie. Ons word nie vergewe deur geloof en liefde nie.

Ons word <u>ENKEL EN ALLEEN</u> deur geloof in die Evangelie vergewe <u>SONDER</u> enige daad of vorm van wetsgehoorsaamheid.
Al die dade wat die wet van ons eis: liefde, gehoorsaamheid, toewyding, oorgawe, gebed, bekering, belydenisse van sonde, berou oor sonde, ophou van sonde, die begin met goeie werke, noem maar op, al hierdie dade is 'n einde aan gemaak as 'n manier om die vryspraak van God te aanvaar. Dit is nie meer nodig om dit te doen vir vergifnis nie. Dit is afgeskaf as die wyse waarop die vryspraak deel van jou lewe word.

5. <u>Kan al twee maniere maar reg wees volgens die Bybel?</u>

a. 'n Wet waardeur ons vergewe kan word?
In Romeine 9:30 tot 10 :4 word daar van twee maniere om gered te word, gepraat: God se manier en die Fariseërs se manier. God se manier is enkel en alleen deur geloof in Jesus Christus. Die Fariseërs se manier is deur die wet.

Paulus sê hulle het 'n wet gesoek waardeur hulle gered kan word, maar in die Bybel is daar geen wet van God waardeur 'n mens vergewe en gered kan word nie.

Dit is tog duidelik: die wet van God bring nie redding nie, maar juis die veroordeling. Die wet maak ons nie vry van die straf nie, die wet maak ons juis strafwaardig (Rom. 3:19 en 20.)

b. Hoekom wil mense naas geloof ook die wet onderhou om vergewe te word?
"Omdat hulle nie op die geloof wil bou nie, maar op hulle eie prestasies." (Rom. 10:32) Om die wet te onderhou is dade wat ons doen. Om wetsgehoorsaam te leef op so manier dat dit goed genoeg is om daardeur geregverdig te kan word, beteken dat ons 'n prestasie lewer, dat ons iets verdien.

Die redding en vergifnis wat God deur die Evangelie aan gelowiges gee, is nie iets wat hulle verdien nie. Dit is 'n gawe wat God uit genade en ontferming gee. Net omdat Hy dit wil gee.

Paulus stel hierdie waarheid aan twee van sy medewerkers, Timoteus en Titus. "Hy het ons gered en geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van Sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. "(2 Tim 1:9)
"Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons gedoen het vir ons vryspraak nie, maar op grond van Sy eie ontferming." (Titus 3:5)

Dit is juis die krisis. Mense wil nie aanvaar dat hulle niks kan doen om deur God vergewe en aanvaar te word nie. Hulle wil 'n godsdiens hê waar hulle op hulle eie wetsgehoorsaamheid kan bou. Daarom is die geloof alleen nie goed genoeg nie. Die wet moet ook nog by die geloof kom.

c. Beteken dit hierdie mense is nie ernstig in hulle toewyding aan God nie, dat hulle net met uiterlike vroomheid besig was?
Baie mense probeer maak of die Fariseërs nie eerlike en opregte mense was nie. Hulle word baie keer voorgehou as mense wat nie uit innerlike oortuiging vir God geleef het nie. Hulle sou nie godsdiens ernstig opgeneem het nie. Is dit so?

Paulus, die sterkste opponent van die Fariseërs in sy tyd, sê, nee, ons kan nie so oor die Fariseërs dink nie. In Rom.10:4 sê hy: "... want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is". Dit beteken dus hulle is heelhartig besig om hulle aan God toe te wy. Nie net deur voor te gee of oppervlakkig nie - maar met volle oortuiging, met hart en siel en verstand - net soos die wet sê dat 'n mens dit moet doen, wy hulle hulleself aan God toe.

Paulus was ook 'n Fariseër voor hy tot geloof in Christus gekom het. Nêrens vertel hy hoe sleg en verkeerd hy geleef het voor hy tot geloof in Christus gekom het nie. Die teendeel is juis waar. Kyk wat sê hy in Filipense 3:4 van sy godsdiens voor hy 'n Christen geword het: "Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam van Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in my onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik."

Kyk na hierdie sin: "In my onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik." En hy is nie hier sarkasties nie. Sy ywer om deur die wet gered en vrygespreek te word, was pynlik reg en nougeset. Hy was met hart, siel en verstand daarin.

Paulus was totaal toegewyd om te probeer om sy saak met God reg te maak. Paulus het met sy hele hart en siel probeer. Sy ywer was onberispelik. Hy het nooit opgehou om te probeer om God reg te dien nie. Hy het alles probeer onderhou om God volmaak te dien. Fariseërs was mense wat voluit geleef het volgens die wet om so deur God vrygespreek te word: opreg in hulle probeerpogings en toegewyd in hulle wetsgehoorsaamheid. Ons mag hulle

nie hierin belaglik maak of 'n karikatuur van hulle maak so asof hulle nie regtig met hulle hele hart voluit probeer het nie. Soos Paulus was, so was al die Fariseërs.

d. Moedswillig aanhou met iets wat God wys nie kan werk nie.
In Romeine 10:3 sê Paulus "Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry."

Vir die manier waarop die Fariseërs vergifnis wou kry en geregverdig voor God wou wees, het God 'n ander manier gegee. Hulle wil deur die wet geregverdig word, maar God gee Jesus as 'n alternatief op die Tien Gebooie.

Hoekom gee God 'n ander manier as wetsgehoorsaamheid?

Maklik! Dit werk nie. Paulus sê, van al hierdie probeer om die Here volgens Sy gebooie te dien om gered, vergewe te word en Hemel toe te gaan, het hy een ding geleer:

"So vind ek hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen is die slegte. Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, maar in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die sonde wat in my doen en late aan die werk is......"
So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde." (Rom. 7:21 tot 24).

Hierdie is rou eerlikheid. Paulus sê hy is ywerig om die wet te onderhou. Hy is vol entoesiasme om wetsgehoorsaam te leef - maar sy entoesiasme en ywer help hom niks nie. Hy kry dit nie reg nie. Hy het uitgevind hy sal dit ook nooit regkry nie.

Daarom moet daar 'n ander manier wees om gered te word, vergewe te word en 'n kind van God te word. Wetsgehoorsaamheid sou kon werk as 'n mens dit kon regkry. Maar ons kan nie. Hoekom nie? Want ons wat vol ywer probeer om wetsgehoorsaam te leef, is ook sondaars. Al ons ywer en entoesiasme loop dood as dit by die doenslag kom. Dan doen ons nie wat God wil nie, maar net mooi wat ons sondige wil vir ons sê ons moet doen.

Daarom moet God vir mense 'n ander manier gee om vrygespreek te word. Die wet en wetsgehoorsaamheid kan nie vir sondaars werk nie.

Wat is die fout wat die Fariseërs maak ? Hulle weier om te aanvaar dat hulle nie deur wetsgehoorsaamheid vrygespreek kan word nie. Hulle glo hulle sal kan. Hulle gaan aanhou probeer totdat hulle dit regkry. Hulle het hierdie diep geloof in hulleself en hulle wetsgehoorsaamheid. As hulle aanhou, dan sal hulle dit later regkry.

Sommer net 'n fout? Nee, dit is diep gewortelde sonde. God gee 'n ander manier om vrygespreek te word omdat Hy weet die mens is te sondig om deur die wet reg te leef. Die Fariseërs sê nee, hulle is nie so sondig nie. Hulle is so oortuig dat hulle nie so sondig is nie, dat hulle hulle glad nie steur aan God se manier om vrygespreek te word nie.

Die Fariseërs sal nooit self die punt in hulle lewe bereik wat Paulus bereik het met al sy ywer, moeg en uitgeput, nie: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (Rom.7:24). Watter doodsbestaan? Die doodsbestaan om aan te hou probeer om die wet so te onderhou dat God my daardeur kan vryspreek.

'n Voorbeeld.
'n Mens kry baie keer in sport dat iemand nie kan aanvaar dat hy nie sal kan wen nie. Hy oefen en oefen en oefen, maar elke keer kom hy laaste in die 800 meter. Maar aanhouer sal wen, so glo hy. Dan oefen en oefen hy weer en weer. Meer tyd, meer planne en meer diëte. Naderhand weet almal hy sal nooit verbeter nie. Hy het sy top bereik en dit is nie genoeg nie. Almal weet dit. Almal aanvaar dit, almal behalwe hyself.

So offer hy sy hele jeug op om iets te probeer doen wat hy nooit sal kan doen nie. Prysenswaardig? Nee, dit is moedswilligheid. Hy is te trots, te vol van homself en sy eie vermoëns. Hierdie geloof in homself maak hom so blind dat hy nie sy eie swakheid kan raaksien nie.

Dit is wat Paulus bedoel as hy sê: "God het hulle 'n gees gegee wat hulle bedwelm het, oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie tot vandag toe." (Rom. 11:9). Hulle is so vol van hulle eie ywer vir God dat hulle nie kan sien dit werk nie. Dit sal nooit werk nie.

Hulle sal nooit van God redding aanvaar as dit beteken dat hulle sonder werke alleen maar net in Christus moet glo nie. So 'n geloof sal hulle dwing om te erken hulle ywer is sonder waarde. Dit sal hulle nooit doen nie. Hulle wil wetsgehoorsaamheid gebruik om vrygespreek te word. Hulle glo hulle is goed genoeg om dit te kan doen.

Iemand wat in homself glo om deur wetsgehoorsaamheid gered te kan word, is moedswillig besig om die geloof in Jesus alleen, te vermy.

e. 'n Manier anders as NET GELOOF IN JESUS, SONDER WETS-GEHOORSAAMHEID, maak Jesus se werk sinloos.

Paulus sê in Galasiërs 2: 21 "As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit beteken dat Christus verniet gesterf het." Die werk wat Jesus vir ons kom doen het, was om alles te doen wat nodig is sodat ons heeltemal vrygespreek en heeltemal vergewe kon word.

Dit is hoekom dit net nodig is om alleen maar op Hom te vertrou. Hy doen alles wat nodig is. As ons nog wetsgehoorsaamheid nodig het om vrygespreek te word, dan het Jesus nie alles gedoen wat nodig is nie. Om jou lewe te gee, is om jou alles te gee. As Jesus se lewe nie vir God genoeg is nie, dan het Hy tevergeefs gesterf. Sy alles moet dan nog ondersteun word deur ons wetsgehoorsaamheid.

f. 'n Manier anders as "NET GELOOF SONDER WETSGEHOORSAAMHEID" verbreek die band met Jesus en met God se genade.

Paulus praat met Christene in Galasiërs 5:4 :"Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het die band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur."Hierdie is baie harde woorde. Om die band met Christus te verbreek, beteken jy het niks meer met Hom te doen nie. Om die genade te verbeur, beteken dat jy onder die toorn van God is en die Ewige lewe verbeur.

Wat het hulle verkeerd gedoen ?

Dit was mense wat tot geloof in Jesus gekom het en nou gewonder het of hulle, hulle nie moet laat besny om deel van God se genade te wees nie. Dink ons dit is so erg as wat Paulus dit stel? Hulle glo in Jesus, al wat hulle anders wil doen, is om hulle te laat besny soos mense in die Ou Testament besny is.

Wie gee in Genesis 17:9 die opdrag dat die volk van die Here hulle moet laat besny? As dit 'n opdrag van God is, dan is dit mos nie verkeerd om dit te wil doen nie! Hoe kan Paulus sê dat Christene wat hulle laat besny soos die Here sy volk beveel in die Ou Testament, hulle band met Jesus breek en nie meer kinders van God kan wees nie?

Dit is maklik. Die besnydenis vir hierdie Christene was iets wat hulle wou doen om vrygespreek te word en seker te maak dat hulle deel van God se genade is .

So, hulle glo in Jesus en laat hulle besny. Hulle doen iets om gered te word EN Jesus doen iets vir hulle om gered te word.

Hierdie is 'n ander manier as - net Jesus alleen, sonder iets wat ek doen, behalwe geloof in dit wat Hy doen. Dit is 'n ander manier as God se manier om gered te word. Hierdie manier kan nie werk nie. Paulus sê: "Ek sê weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet te onderhou." (Gal.5:4)

Kan 'n mens sê: "Ek doen net so klein deeltjie van die wet en liefde en die klein bietjie wat ek doen, moet help om my te vergewe", of moet jy alles doen as jy onderneem om die wet van die Here te gehoorsaam? So klein bietjie doen as 'n manier om gered te word, sal jy nie in die Bybel kry nie. So, of jy doen alles self, of jy laat Jesus alles vir jou doen. Jy doen niks anders nie as om net te vertrou dat Hy alles vir jou doen wat nodig is om heeltemal kind van God te wees.

As jy kies vir geloof en so 'n bietjie gehoorsaamheid aan die wet, dan het jy jou band met Jesus verbreek. Ons band met Hom is die vertroue dat Hy alles vir ons doen en ons niks nie.

As jy kies vir geloof en so bietjie gehoorsaamheid aan die wet dan het jy God se genade verbeur. Jy is nie meer deel daarvan nie. Hy gee sy genade net op een manier: Alleen deur Jesus en enkel en alleen deur geloof in Jesus.
Dit is hoe ernstig hierdie saak is. Daar is net een manier. Jesus sê in Joh. 14:6 : "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Deur so bietjie eie wetsgehoorsaamheid en ook geloof in Jesus kan niemand na die Vader toe gaan nie. Daar is nie so weg na die Vader toe nie.

g. <u>'n Ander manier as net die Evangelie glo, laat die geloof sy betekenis en die Evangelie sy krag verloor.</u>
Die Evangelie het 'n geweldige groot krag. In Romeine 4:7 word gesê die Evangelie maak dat 'n mens nie vir jou oortredings gestraf word nie en dat jy nie meer verantwoordelik is vir jou sondes nie. Dink 'n bietjie hoe 'n groot mag dit is! Ek doen sondes, ek verbreek God se wet, ek luister nie na Sy wil nie en deur die Evangelie word die sondes nie teen my gehou nie. Ek word glad nie meer vir my sonde aanspreeklik gehou nie.

Die Evangelie maak ons los van God se wet om kinders van God te wees en as kinders van God te leef: "Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie." (Rom. 7:6) Dit is hoekom ons sondes nie meer teen ons tel nie. God het ons deur die Evangelie van die binding van die wet losgemaak en ons aan Hom gebind deur die Evangelie.

Die krag van Jesus se redding is dat Hy ons losmaak van die wet om kinders van God te wees. In Galasiërs 3:25 en 4:4 en 5 word gewys dat ons nie meer onder die toesig van die wet staan nie en dat ons losgekoop is van die wet as die manier om kinders van God te word.

Dit is die krag van die Evangelie: dit maak ons los van die wet as manier om God se liefde, goedheid, genade en barmhartigheid te ontvang.

Dit is die betekenis van die Evangelie - om ons los te maak van die wet om vrygespreek te leef. Dit is hoekom Paulus nou sê dat wetsonderhouding die Evangelie kragteloos en die geloof in die Evangelie betekenisloos maak. God maak ons los van die wet. As ons nou weer wetsgehoorsaamheid as manier gebruik om vrygespreek te wees, wat doen ons? Ons bind ons weer aan die wet. God maak ons los. Ons kom en maak onsself weer met wetsgehoorsaamheid vas aan die wet. Dit maak mos alles wat God doen om ons van die wet los te maak, heeltemal belaglik en onnodig.

h. <u>Om eers aan die Evangelie vir vryspraak vas te hou en later weer aan jou eie wetsgehoorsaamheid, maak die redding ongedaan.</u>
In 1 Kor. 15:2 sê Paulus :"Deur die Evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom."

Kan 'n mens aan iets anders as net die Evangelie vashou om gered te word? Paulus sê as 'n mens aan iets anders vashou, help dit jou net mooi niks dat jy eers in Jesus geglo het nie. Van die begin tot aan die einde van ons lewe is dit net geloof in die Evangelie. Nooit mag ons eers aan die Evangelie en dan later weer aan wetsgehoorsaamheid vashou nie.

<u>'N VOORBEELD.</u>
Ons is soos mense wat berg geklim het en toe van 'n krans afgeval het, 400 meter ver, en toe op 'n smal lysie geland het. Dit is die goeie nuus. Die slegte nuus is dat die lysie verkrummel en jy gaan nog 'n 1000 meter ver val. Dit is nog goeie nuus. Met die val het jy jou arms en bene gebreek. Dit is die toestand waarin die mens homself bevind as sondaar.

<u>NET EEN MANIER OM BO UIT TE KOM.</u>
Hoe kan jy gered word? Net een manier. Die Here kom met 'n tou en Hy daal neer tot op die krans waarop ons lê. Hyself sit 'n lewenstou om jou waarmee Hyself jou teen die kranse gaan saamneem met Homself. Al wat jy moet

doen is om Hom te vertrou dat Hy jou bo sal uitkry. Jy moet maar net dat Hy jou vashou terwyl Hy klim. Jy moet net rus terwyl Hy werk om bo te kom.

Want jou arms en bene is gebreek. Dit is die enigste manier. Daar is nie 'n ander manier nie.

OM SELF DIE TOU TE WIL VAT EN VAS TE HOU, MAAK JOU LOS VAN DIE EEN WAT JOU OPDRA.
Wat doen die mens? Hy vertrou nie hierdie manier van God nie. Hy wil ook probeer om bo uit te kom. Die Here kan maar bo bly. Hy kan maar die tou afgooi. As Jesus bo trek dan sal die mens onder vashou en self klim. So wil die mens glo en saamwerk: glo en bely, glo en bekeer, glo en liefhê, glo en geesvervuld word, glo en bid, glo en tot oorgawe kom, noem maar op.

Dit is wat Paulus sê, as jy self wil klouter het jy jou band met Jesus losgemaak. As jy aan die tou wil vashou en self wil klim het jy jou losgemaak van die Een wat teen die kranse klim met gebrokenes aan Hom vasgebind. Geloof is nie om die tou in jou eie hande te neem en te probeer klim terwyl Jesus optrek nie. Geloof in die Evangelie is om te aanvaar dat Jesus my aan Homself vasbind en Hy alleen gaan teen die kranse, met my aan Hom vasgebind, uitklim.

JESUS IS TEVERGEEFS DAAR.
Wat gaan gebeur as iemand die tou met sy eie hande wil vashou en wil klim terwyl Jesus trek? Hy maak alles tevergeefs. Hy maak die geloof dat Jesus hom aan homself vasbind en self opklim, sinloos en kragteloos. Hy sal nie die tou kan vashou nie. Al is hy vol geloof en ywer, en al probeer hy aanmekaar om bo uit te kom - hy kan nie eers begin nie. Sy arms en bene is gebreek. So 'n poging: Jesus trek en jy hou vas, is die hersenskim van iemand wat al te lank in die son lê. Dit is iemand wat lê en yl. Hy besef nog nie wat met die val gebeur het nie.

Jy kan nie die wet onderhou nie. Jesus moet jou aan sy gehoorsaamheid vasbind en jou met sy werke saamneem terwyl jy dit maar net moet aanvaar.

OP PAD BOONTOE VERANDER NIKS.
Kan die beseerde so halfpad op pad boontoe vir sy lewensredder sê dat hy nou baie beter voel en nou self met die tou verder sal klim? As die beseerde halfpad boontoe begin spartel, homself met geweld losmaak en self wil klim, maak dit sy arms en bene heel? Al was hulle so te sê byna bo en die beseerde maak homself los om self te klim, dan het dit niks gehelp dat hy vir die hele tog tot byna bo aan die lewensredder vas was nie. Net die eenkeer se self probeer maak die hele tyd se geloof in die lewensredder ongedaan.

Dit is hoekom Paulus amper paniekerig sê dat as jy ter enige tyd aan iets anders vashou, raak alles wat bereik is tevergeefs.

6. Wat is alles dade van wetsonderhouding waardeur ons saam met geloof of in die plek van geloof probeer om vrygespreek te word?

Kom ons toets die volgende pogings aan die inhoud van die Woord van God om te kyk of dit net geloof in die Evangelie of wetsgehoorsaamheid is.

a. Jy moet volgens die Tien Gebooie leef.
Is dit geloof of wetsonderhouding? Maklik! Wetsonderhouding is om volgens die Tien Gebooie te leef. Dit kan ons niks help om vrygespreek te word nie.

b. Jy moet die Here liefhê.
Liefde vir God in die Bybel is wetsonderhouding. Liefde en wetsonderhouding is presies een en dieselfde saak. Dit is nie nodig om God lief te hê om 'n kind van God te word nie. Jy moet net in Jesus glo. Jy moet Hom nie ook liefhê om vergewe te word nie.

c. Jy moet probeer om die Here lief te hê.
Hierdie is dieselfde as b. maar so bietjie gemaak nederig. Dit klink of die poging eerlik is, want ons weet ons kan dit nie regkry nie. Ons hoef maar nette probeer. God vergeef ons nie omdat ons hom probeer lief hê nie. Dit is maar

dieselfde as om te probeer om die wet te onderhou. 'n Mens hoef glad nie eers te probeer om God lief te hê om vergeef te word nie. Hy vergewe sondaars en goddelose mense wat hom haat. (Rom.5:8).

d. Jy moet jou hart vir die Here gee.
Wat is dit? Vir wie in jou lewe wil jy graag jou hart gee? Vir watter persoon? Dis vir die een vir wie jy lief is. Om jou hart vir iemand te gee, is maar net 'n ander manier om te sê: "Ek wil jou liefhê." Om lief te hê is wetsonderhouding. Jesus het 'n einde gemaak daaraan om jou hart vir God te gee om 'n kind van God te word. Dis glad nie meer nodig om so iets te doen nie.

e. Jy moet jou lewe vir God/Jesus gee.
Wie gee nou aan wie? Is dit ek wat iets vir God gee of Hy wat iets vir my gee? Kan dit geloof wees? Geloof is om die Evangelie te ken en te vertrou. Ek is ingesluit sonder om iets te doen. Om iets te gee is nie geloof nie - dit is wetsonderhouding. 'n Mens gee jou lewe vir God deur jouself beskikbaar te stel om sy wil te doen. Om gered te word, vergewe te word en kind van God te word, mag jy nie jou lewe vir God gee of self eers probeer om dit te doen nie. Ons is losgemaak van wetsonderhouding as 'n manier om God se liefde te ontvang.

f. Jy moet God/Jesus eerste stel in jou lewe.
Wat is dit? Wanneer wil jy so iets doen? 'n Mens doen net so iets as jy lief is vir iemand. Dit kan nie geloof wees nie. Geloof beteken nie om God of Jesus iewers te stel nie. Dit beteken om die Evangelie te vertrou. Dit is dus maar net 'n ander manier om te sê jy moet iemand liefhê. Liefde is wetsonderhouding, nie geloof nie. Om Jesus eerste in jou lewe te wil stel om vergewe te word, maak die geloof sinloos. Dit is moedswillige aanhou met ets waarvan God sê dis nutteloos om dit te doen.

g. Jy moet God/Jesus in jou lewe innooi. God deel maak van jou lewe.
Wie word nou hier deel van wat? Is dit ek wat deel word van God se liefde, genade, barmhartigheid en goedheid deur die Evangelie of Hy wat van my liefde deel moet word? Dit is mos Hy wat hier deel van my liefde vir Hom word. My liefde vir God is nie Evangelie nie. Dit is wetsonderhouding. Sy liefde vir my is Evangelie. Ons hoef God nooit in ons lewe in te nooi om deel te word van sy liefde vir ons nie.

h. Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee/ Jy moet Jesus koning van jou lewe maak/laat wees.
Hoe gee 'n mens iemand beheer en laat jy hom koning wees? Deur vir hom mag te gee! Wie gee vir wie nou hier mag? Wie is die een wat doen? Dit is ons. Ons gee vir Jesus die mag om Here en koning te wees. 'n Mens gee net aan 'n heerser mag deur trou en onderdanigheid aan hom te beloof. Onderdanigheid aan wat? Sy wil natuurlik! Wat is onderdanigheid aan die wil van God in die Bybel anders as wetsonderhouding? Om geloof in die Evangelie te stel, is nie om van Jesus iets te probeer maak nie. Dit is om te aanvaar dat Hy van ons iets maak: kinders van God. Om kinders van God te word, is dit heeltemal verkeerd en moedswillige sonde om Jesus die beheer van jou lewe te gee of om te probeer om Jesus koning te maak.

i. Jy moet naby God/Jesus leef.
Om op 'n bepaalde wyse te leef, is dit iets wat ek doen of iets wat ek glo? Dit is iets wat ek doen. Paulus sê tog uitdruklik "By die wet gaan dit egter nie om geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe." "(Gal. 3:10) Om naby Jesus te leef is dus wetsonderhouding. Dit is afgeskaf as 'n manier om vervul te wees met die Heilige Gees en deel te wees van God se liefde. Ons maak God se liefde tot niet as ons dit probeer kry deur naby Jesus te lewe.

j. Jy moet anders lewe.
Wat sê vir ons as sondaars dat ons anders moet leef ? Die Tien Gebooie! Dit is wetsonderhouding om jou lewenswyse te verander om by God se wil in te pas. Al die besluite, keuses en volharding in die verandering is onnodig en sonder enige waarde om 'n kind van God te word. Ons moet dit nie probeer doen om gered te word nie. Dit is nie net geloof in Jesus nie.

k. Jy moet berou oor jou sonde hê.
Waardeur kry ons berou oor wat ons verkeerd gedoen het? Deur die wet wat vir ons wys ons het verkeerd gedoen! Dit is deur die wet dat ek besef ek steel of lieg. Berou oor sonde is nie geloof in die Evangelie nie. Berou kom nie uit

kennis van die Evangelie nie, maar uit die kennis van die wet. 'n Mens vertrou ook nie dat jy verkeerd is nie. Jy is verkeerd. Berou in die Bybel is altyd wetsgehoorsaamheid, nie geloof nie. Daarom is dit glad nie nodig om ware berou oor jou sonde te hê om vergewe te word nie.

l. Jy moet jou sondes bely.
Om jou sondes te bely beteken nie maar net om te sê wat jy gedoen het nie. Dit beteken dat jy ophou om wat jy gedoen het, as reg te sien en in te stem dat jou dade 'n misdaad was. Wat is dit? Wat sê vir jou wat is reg en verkeerd? Die wet of die Evangelie? Die wet! Nêrens in die Evangelie kry ons reëls oor hoe ons reg moet leef nie. Om jou sondes te bely, beteken jy onderwerp jou aan die wet as maatstaf. Dit is wetsonderhouding. Om vergewe te word - is sondebelydenis deur Jesus afgeskaf. Hy het aan sondebelydenis om vergewe te word 'n einde gemaak. Die Christen bely nie sonde om vergeef te word nie. Hy bely sy geloof in Jesus om gered te word. (Rom.10:10). Hy bely sy sondes om God as Vader vir sy liefde te eer.

m. Jy moet tot bekering kom.
Wat is dit? Bekering beteken gewoonlik: Jy moet jou sondes bely, jy moet berou oor jou sondes hê, jy moet moet breek met jou sonde en jou weer toewy aan die wil van die Here. Bekering is die een woord wat al hierdie sake saamvat. Dit is tog duidelik - hierdie bekering is wetsonderhouding. So 'n tipe bekering is nie God se manier van vryspraak nie. Dit is die Fariseërs se manier om gered te word. Om so gered te wil word, is die sonde van alle eeue. Hierdie bekeringsweg steur hom niks aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Dit wil niks weet van die manier waarop God mense vryspreek nie: net deur geloof in die Evangelie, sonder hierdie bekering volgens die wet. As jy aanhou met hierdie bekerings om gered te wil word, verbeur jy die genade van God. Dan het jy ook jou band met Jesus verbreek.

n.Jy moet glo jy is vergewe.
Hierdie een klink reg, want hier gaan dit nie meer om wetsonderhouding nie, maar om die geloof. Maar nêrens in die Bybel sal jy so 'n tipe geloof kry nie. Word 'n mens vergewe omdat jy glo jy is vergewe of omdat jy in die Evangelie glo? Geloof in die Bybel is altyd geloof in die Evangelie. Want geloof is 'n vaste kennis van die inhoud van die Evangelie en 'n hartlike vertroue dat ek deel is van die Evangelie. Geloof dat ek vergeef is, is geloof in niks. So glo die Moslems, die Humaniste en Jode ook. Al glo hulle nie in die Evangelie nie.

o.Jy moet om vergifnis vra.
Waar in die godsdiens kry ons hierdie reël: Jy moet om vergifnis vra? Dit kom nie in die Evangelie voor nie. In die Evangelie staan dat ons glo in Jesus wat ons vergewe. Om om vergifnis te vra, staan in die "Onse Vader" en die "Onse Vader" is nie die Evangelie nie. Dit is gebed. Gebed is deel van ons aanbidding en verering van God. Waar kry ons die opdrag om God te aanbid? Kry ons dit in die wet of die Evangelie? Dit is in die Tien Gebooie: "Jy mag naas My geen ander gode hê nie", eis aanbidding van God en "Jy mag hulle nie vereer of dien nie", eis die verering van God. Dit gebeur in gebed. Die vra om vergifnis is deel van ons wetsonderhouding. Die geloof in Jesus is die middel waardeur ons die vergifnis kry. Om te vra is nie die wyse waarop ons vrygespreek word nie. Dit is deur te glo dat ons vrygespreek word. Om te vra het heeltemal 'n nuwe betekenis in ons godsdiens. Dit doen ons om God te vereer.

7. Hoe vergelyk dit met wat ons van godsdiens dink?
a. Vergelyk hierdie uitleg met jou antwoord in hoofstuk 2!
Kan jy sien op watter pad jy loop? Is jy op die pad van Net die Evangelie en enkel en alleen geloof in die Evangelie of is jy op die pad van geloof en wetsgehoorsaamheid.?
b. Dink jy die pad waarop jy was kan werk? Dink jy dit het al ooit vir jou gewerk?
c.Waar het jy op hierdie pad gekom? Wie het hierdie pad vir jou gewys? Het jy dit self uitgedink?

8.Die valse profete van die wet.
Moet jouself nie veroordeel, aankla of slegmaak nie. Jy het nie hierdie paadjie waarop jy is self uitgedink nie. Dit is vir jou geleer. Deur wie? Die Bybel noem hulle valse apostels en valse profete.

In die briewe 2 Korintiërs en Galasiërs voer Paulus 'n stryd teen die valse apostels wat gemeentes van die Here in verwarring probeer bring. Paulus spreek hulle in 2 Korintiërs 11:12 -15 so aan: "Soos ek nou maak, sal ek voortgaan

om te maak. Daarmee sal ek vir die mense wat 'n aanleiding soek om te roem dat hulle net sulke apostels soos ons is, elke aanleiding daartoe ontneem. Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is. En geen wonder nie! Satan doen hom voor as 'n engel van die lig. Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle verdien."

Paulus noem hierdie valse apostels die dienaars van Satan. Hulle doen hulle voor as mense wat die Evangelie verkondig, maar wat doen hulle dan eintlik? Hulle verkondig dat die wet ook nodig is as die wyse van vergifnis en vryspraak. Daarom is dit 'n ander Jesus en 'n ander Evangelie as wat Paulus verkondig. (2 Korintiërs 11:4.)

Hy verkondig vergifnis alleen deur geloof in Jesus sonder wetsgehoorsaamheid. Hy verkondig Jesus wat die einde van die wet is.

Hierdie apostels se weg van geloof en wetsgehoorsaamheid is nie maar net nog 'n manier om dieselfde Jesus te verkondig nie. In Galasiërs sê Paulus: "Daar is geen ander Evangelie nie! Tog is daar mense wat die Evangelie probeer verdraai en dit is hulle wat julle in verwarring bring." (1:7)

Wat gebeur met hulle wat die Evangelie met die wet probeer verdraai? (Gal 2 :16)  Hulle is vervloek deur God. Hulle is nie deel van God se seën nie.

9.<u>Die verskil tussen grootpraat en getuienis.</u>
Die werk van 'n apostel is om die Evangelie te verkondig. Dit is sy getuienistaak. Paulus wys ons wat die valse apostels doen in plaas daarvan om te getuig. Hulle praat groot. Met sarkasme wys hy dat hy kan ook grootpraat as hy wil, maar dit is nie getuig nie.

In 2 Kor. 11:16-30 wys hy dit is geen getuienis om te praat van wat jy alles vir Jesus doen nie. Hy noem 'n lang lys van wat hy alles vir Jesus gedoen het, maar noem dit nie getuienis nie. Hy noem dit roem en grootpraat. Meer, hy sê dit is dwaas, godsdienstige dwaasheid, om so oor jouself te praat, al is dit alles dinge wat jy vir Jesus doen.

In hoofstuk 12 gaan hy verder en met sarkasme wys hy dat dit ook glad geen getuienis is om oor gesigte en visioene wat jy gekry het, te praat nie. Ook dit is godsdienstige dwaasheid om dit as 'n getuienis voor te hou.

In Fil. 3:3 -10 wys Paulus wat is die verskil tussen roem en getuig. In verse 4 tot 6 wys hy wat waardeloos vir die kerk is: om oor jou wetsgehoorsaamheid om gered te word te praat: "...in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik." Om jouself voor te hou as iemand wat deur wetsgehoorsaam vrygespreek is, is dwaas. Hoekom? Want dit is 'n leuen.

Dit is die krisis vir Paulus. Hy het mense mislei en van God se liefde en genade vervreem deur te roem oor hoe hy deur wetsonderhouding vrygespreek sou gewees het.

Die ware verkondiging is om die inhoud van die Evangelie te verkondig - om te verkondig wie Jesus is en wat Hy doen dat ons sonder enige wetsgehoorsaamheid gered en volkome verlos kan wees. So word mense deur God vergewe: deur die verkondiging van die Twaalf Artikels, nie deur belydenisse oor bekerings en oorgawes nie.

Die valse profete doen iets anders. Hulle hou hulle bekerings volgens die wet, hulle oorgawes volgens die wet, hulle liefde volgens die wet, hulle belydenisse volgens die wet en hulle keuses vir Jesus volgens die wet voor as die wyse waarop hulle vir hulleself die saligheid verkry het. Deur hulleself aan die kerk voor te hou as die mense wat met hulle bekerings en oorgawes die vryspraak verkry het, maak hulle hulle manier die weg tot saligheid in die naam van Jesus.

Paulus noem hierdie getuies die dienaars van Satan. Hulle doen hulle voor as mense wat die Evangelie verkondig, maar deur die wet as deel van die weg te verkondig, vervreem hulle die kerk van die Evangelie: vryspraak alleen deur geloof in Jesus sonder enige wetsgehoorsaamheid. Dit is die tipe vryspraak waar Jesus die einde van die wet is.

Dit is hierdie valse profete wat die Evangelie vir die lidmate verduister. Hulle getuienis oor hoe hulle deur hulle bekerings en oorgawes gered is, vervals die wyse waarop God mense vergewe.

As Paulus in Gal. 1:8-9 praat van die verkondiging van 'n evangelie in stryd met die Evangelie van die kerk, 'n evangelie wat nie die Evangelie is nie, dan verwys dit na die valse profete se grootpraat oor hoe hulle gered is deur hulle bekerings en wetsgehoorsaamheid.

Dit is hierdie boodskap van die valse kerk wat maak dat mense glo en aanvaar dat hierdie dwaalweg die Evangelie is. Daarom is mense wat so vir die valse kerk getuig, deur God self vervloek.

Die kerk getuig soos Paulus dit in Rom. 10:1 tot 11 aandui. Dit is mense wat in hulle harte glo dat alleen Jesus hulle redding is sonder bekerings, belydenisse en oorgawes. Dit is mense wat die Evangelie, die Twaalf Artikels hardop bely as die enigste hoop vir vryspraak. Dit doen die Ned. Geref. Kerk elke Sondag in sy dienste: hulle bely hulle geloof in die Evangelie saam hardop. Die valse kerk soek mense wat wil grootpraat oor hulle bekering, sondebelydenis en oorgawe. Hulle moet voor mense gaan staan met hulle getuienis oor hulle wetsgehoorsaamheid of oor hoe baie hulle al vir Jesus gedoen het. Hulle moet die kerk oortuig dat redding nie net deur geloof alleen nie, maar deur geloof en wetsgehoorsaamheid plaasvind.

Dit gebeur ook elke Sondag in die Ned. Geref. gemeentes dwarsoor die land. Predikante leer katkisante dat hulle nie as belydende lidmate toegelaat sal word as hulle nie so 'n valse getuienis voor die gemeente sal aflê nie. In oggenddienste word die Twaalf Artikels as Evangelie bely, maar in die aanddienste moet die Jeug hulle bekerings as weg van saligheid aan die gemeenskap voorhou. So mislei die dominees van die Ned. Geref. Kerk sy jeug.

Kom ons vergelyk die getuienis van die ware kerk teenoor die tipiese getuienis van die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk.

<u>Die getuienis van die ware kerk sedert Jesus Christus.</u>
Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes
die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Hierdie is die ware getuienis van die kerk: die inhoud van die Evangelie. Dit is hierdie getuienis wat die kerk van die Here in sy eredienste ook saam bely as die inhoud van die geloof wat in hulle harte leef. Dit is deur hierdie geloof in die Evangelie waardeur die kerk volkome verlos en volkome tot 'n nuwe gehoorsaamheid aan God toegewy is - sonder die wet of enige wetsonderhouding.
Nuwe lidmate word in die kerk van die Here opgeneem deur saam met die hele gemeente hierdie belydenis te bely. Kan 'n mens jou die ligsinnigheid voorstel dat lidmate een-een op hulle eie hierdie belydenis Sondae voor die gemeente bely? Hierdie belydenis is na sy aard die gemeenskaplike belydenis van die hele gemeente.

<u>Die getuienis van die valse kerk binne die Ned. Geref. kerk.</u>
Hierdie getuienis kan nooit die gemeenskaplike belydenis van die hele gemeente saam wees nie. Net soos wat geen mens die wet op dieselfde wyse uitleef of oortree en geen sondebelydenis van een lidmaat ooit dieselfde as die

sondebelydenis van 'n ander lidmaat kan wees nie, so is hierdie getuienis van die valse kerk altyd die belydenis van 'n enkeling.

Ek was 'n verlore sondaar.
Ek het in die kerk grootgeword. Ek het gedink ek is 'n Christen, maar ek was nooit een gewees nie. Ek het nooit 'n intiem persoonlike verhouding met die Here gehad nie.
Alles was maar net tradisie en uit gewoonte.
Toe het 'n kind van die Here geword. Dit het alles verander.
Ek het besef ek is verlore en op pad hel toe.
Ek het 'n besluit en keuse in my lewe gemaak.
Ek het my sondes bely.
Ek het my berou vir die Here uitgespreek.
Ek het my hart aan die Here gee en Hom as my persoonlike saligmaker in my hart ingenooi.
Ek het die beheer van my lewe prysgegee en Jesus op die troon van my hart laat kom.
Ek het die sterwe van Jesus aan die kruis my eie gemaak.
Ek glo nie dat ek myself kan red nie. Alles is maar net die genade van die Here.
Toe het ek die wonderlike ervaring beleef dat my lewe heeltemal verander het.
Nou is my Bybelstudie 'n fees. Ek bid nie meer teen die plafon vas nie, dit is nou 'n persoonlike ervaring met Jesus self. Ek wil net getuig vir Jesus en ek beleef met hom 'n intiem persoonlike verhouding. Nou is Jesus my alles.

Uit die sensitiwiteit van die valse kerk in die Ned. Geref. Kerk dat hulle sogenaamd te min van die verbond sou maak, het hulle ook 'n "verbondsgetuienis" ontwerp as 'n alternatief vir mense wat op die "verbondsmanier" en nie radikaal tot bekering sou kom nie. Hierdie valse getuienis as alternatief op die Evangelie klink dan omtrent soos volg:

"Ek het die Here van kleinsaf leer ken want ek het as kerkmens groot geword. Ek het nie 'n dag of datum van my bekering nie. Van kleinsaf het ek my sondes bely, my hart vir die Here gegee en Jesus in my lewe gehad. Toe ek groter word, het my verhouding met die Here net 'n verdieping ondergaan. Ek het my alles vir Jesus gegee. Dit was maar net my manier om alles wat God vir my reeds gedoen het te aanvaar. Ek het deur my te bekeer dit wat Jesus reeds in die doop aan my beloof het, net my eie gemaak." Dit was maar net die manier waarop ek alles wat Jesus vir my aan die kruis gedoen het, toeëien.

Hierdie valse getuienis is die hart van die bediening van elke herlewing en opwekking. Dit is die hart van die aksies en verenigings soos die ACSV, EE3, Jeug vir Christus, Radiokansel, Bybelkor, IBSA - alles deel van die werk van leraars van die Ned. Geref. Kerk.

Hierdie vervalsing vind met die goedkeuring en instemming van sinodes plaas. Getuienisse wat Paulus godsdienstige dwaasheid noem, is die wyse waarop mense sedert 1860 in die Ned. Geref. Kerk na Jesus gelei word.

Ons kan dit met die voorbeeld van die beseerde op die bergkrans saamvat. Die Evangelie alleen en net geloof in die Evangelie sal ons as gevalle sondaars bo uitbring. Ons kan net vasgebind aan Jesus rus en glo dat Hy elke oomblik van my lewe die Een is wat werk om my elke oomblik vir God te behou.

Tog is daar 'n skare van leraars, geestelikes, sakemanne, atlete, jongmense en sendelinge wat elke dag getuig dat 'n mens gered word deur te glo in Jesus en jou sondes te bely, God in jou lewe in te nooi, jou hart vir Jesus te gee, tot 'n volle oorgawe te kom, tot bekering te kom, die beheer van jou lewe vir Jesus te gee, noem maar op. Die Bybel sê dat hierdie dade maak die Evangelie tot niet. Dit maak die geloof in Jesus tevergeefs. Ons kom nie bo uit deur aan 'n tou vas te hou waar Hy trek en ek vashou nie.

Lidmate wat voor die misleiding van sulke getuienisse in hulle eredienste, katkisasie, huisbesoek en kampe blootgestel word, kan in die Woord van God die versekering hoor: al sal daar selfs engele uit die hemel met 'n hemelse koor getuig oor hoe 'n mens gered word deur jou bekerings - dit is en bly 'n leuen, 'n leuen teen God en sy genade. (Gal.1:8)

Jesus bind ons aan Homself vas en Hy alleen dra ons in ons ellende elke dag na God toe. Om Hom alleen maar hiervoor te vertrou, is volkome genoegsaam.

Die duisende geskoolde en opgeleide getuies wat in die Ned. Geref. Kerk dit elke dag anders voorhou, kan nie die waarheid van die Evangelie verander nie. Al is hulle honderde duisende wat sweer dat dit vir hulle gewerk het.

Hulle is die werktuie van Satan. Hy wat die wet en dade van wetsgehoorsaamheid saam met die Evangelie as weg van saligheid verkondig. So vervreem hulle die kerk van sy Here en sy enigste troos in lewe en sterwe - binne in die kerk. Die Evangelie van verlossing alleen deur Jesus en slegs deur die geloof in Jesus word deur die predikante, gemeentes en sinodes van die Ned. Geref. Kerk so binne in die Ned. Geref. Kerk vir sy lidmate verduister dat dit feitlik 'n ongekende saak is vir die gewone lidmaat - binne in die Ned. Geref. Kerk.

# *HOOFSTUK 5*

# GOD REGEER DIE KERK DEUR DIE EVANGELIE, NIE DEUR DIE WET NIE.

1. Vergifnis en lewenswyse is een saak.
Ons het in hoofstuk 4 geleer dat die Tien Gebooie heeltemal afgeskaf is as die manier waarop 'n mens vergewe, gered, verlos en salig word. In hierdie hoofstuk sal ons sien dat die wet ook afgeskaf is as die wyse waarop God ons lewens regeer, nie net as die wyse waarop ons gered word nie.

Vir ons gewone aanvoeling is daar nie 'n verband tussen vergifnis, lewenswyse en regeringswyse nie. Aanvaar ons dat as ons deur iemand vergewe word, die persoon nou ons lewe deur die vergifnis regeer?

In die Bybel is vergifnis, lewenswyse en regeringswyse egter dieselfde saak. Daarom is die Woord vir vergifnis meestal "Regverdiging". Die Nuwe vertaling het dit verkeerdelik vertaal met "Vryspraak", maar ons belydenisse werk nog met die woord "Regverdiging".

2.Beheers deur die Gees, nie deur die wet. (Gal.5:13-26)
In Galasiers 5:16 gebruik Paulus die uitdrukking "beheers deur die Gees". Mense wat hulle deur die Gees laat beheers, dra volgens 5:22 die vrugte van die Gees. Hierdie vrugte is die Christelike lewenswyse.

Wat is die teenoorgestelde van die vrug van die Gees? Dit word in vers 19 "die praktyke van die sondige natuur" genoem. Hierdie praktyke is maar al die sonde wat ons elke dag om ons sien. Dit is die sonde wat ons ook self doen. Paulus sê dat mense wat swig voor die begeertes van hulle sondige natuur, doen sonde.

Wat laat ons swig voor ons sondige natuur? Kyk mooi na vers 18! Wanneer swig ons voor ons begeertes? As ons onder die wet staan en onder die wet leef! Dit wil sê as ons lewe deur die wet regeer word.

Die kontras hier tussen "wet" en "Gees" gaan dus nie meer oor redding en vergifnis nie. Hier gaan die kontras tussen "Laat lei deur die Gees", "beheers deur die Gees", aan die een kant teenoor "onder die wet staan" aan die anderkant. Dit is die kontras van om in sonde te lewe teenoor om in diens van God te lewe.

Paulus noem dit in vers 25. "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees ook nou ons gedrag bepaal." Wat moet nou ons gedrag bepaal? Die Tien Gebooie? Nee, ons gedrag word nie deur die Tien Gebooie bepaal nie, maar deur die Gees.
Waaroor gaan "gedrag". Oor die wyse waarop ek lewe of oor die wyse waarop ek gered word? Dit gaan hier oor die wyse waarop ek lewe! Ons lewenswyse word dus nie meer deur die wet bepaal nie, maar deur die "Gees". Beheers deur die Gees beteken regeer deur die Gees. Ons lewe word nie meer deur die wet nie, maar deur die Gees regeer.

3.Wat is die "Gees" wat ons lewe beheers? (Gal.3:1-6)
Paulus sê vir die gemeentes in Turkye (Galasië) dat hy Jesus so duidelik aan hulle verkondig het dat hulle Jesus aan die kruis kon sien hang. Hierdie verkondiging is niks anders as die verkondiging van die Evangelie nie. Dit is die Twaalf Artikels. Daarom vra hy ook of hulle die Gees ontvang het deur die wet te onderhou of deur die Evangelie te glo. Dit is dus twee sake wat mekaar uitsluit. Dit is of die een, of die ander. Nie al twee saam nie.

DUS

**OM IN DIE EVANGELIE TE GLO EN DIE GEES TE ONTVANG IS PRESIES EEN EN DIESELFDE SAAK.**

Verder, daar is ook geen verskil tussen om "die Gees te ontvang" en om deur die Gees "beheers" te word nie. Beheers gaan oor wat in Gal.3:5 gestel word. Jesus rus ons toe met die Heilige Gees en werk kragtig onder en in ons deur die Gees. Die Gees wat ons van Jesus ontvang is altyd Jesus wat ons toerus en in ons werk.

Wanneer doen Hy dit? Vers 5 is duidelik: omdat ons die Evangelie glo en wanneer ons die Evangelie glo, regeer Christus oor ons deur die Gees. Die Gees wat ons beheers is dus die regering van Jesus as Here in en oor ons lewe. Hoe kry ek deel aan die beheersing? Enkel en alleen deur die Evangelie te glo.

Die "Gees" wat my beheers is dus Jesus wat my lewe regeer deur die Evangelie, sonder om my deur die wet te regeer. Paulus stel dit in Romeine 5:21 so: " Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook kan heerskappy voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here."

4. <u>Hoekom word Jesus se regering oor ons lewe "beheersing deur die Gees" genoem?</u> (Gal.4:4-7).
Die werk wat Jesus in die Evangelie doen, kan ons in drie dele onderskei:

A. Die werk wat Hy <u>vir</u> die Vader doen.
B. Die werk wat Hy <u>met</u> ons doen.
C. Die werk wat Hy <u>in</u> ons doen.

In Gal.4:4 kry ons a. die werk wat Hy <u>vir</u> die Vader doen: Hy word uit die maagd Maria gebore en leef volgens die wet.

Dit is nie iets wat ons doen nie. Ons word nooit uit die maagd Maria gebore nie. Ons leef ook nie soos Jesus onder en volgens die wet op so wyse dat die Vader met ons gelukkig is nie. Ons kan dit nie doen nie. Jesus stel nie vir ons hier 'n voorbeeld nie. Hy doen iets wat vir ons nie moontlik is nie. Hy doen iets wat nooit met ons sal gebeur nie.

In die Twaalf Artikels handel dit alles oor wat ons van Jesus bely: Hy is ontvang van die Gees, Hy is gebore uit die maagd Maria, Hy het gely, is gekruisig ... en sit aan die regterhand van God.

Dit is alles werk wat Hy vir die Vader doen wat ons nie kan doen of ooit hoef te doen nie.

In Gal. 4:5 kry ons b. die werk wat Hy <u>met</u> ons doen: Hy koop ons los van die wet en neem ons as kinders van God aan. Dit is nie iets wat ons doen nie. Dit is iets wat Jesus <u>met</u> ons doen. Hier gaan dit ook oor wat Hy vir die Vader doen, maar nou is dit iets wat met my gebeur. Dit is nie die Vader wat losgekoop en aangeneem word nie. Dit is ek. Dit is iets wat met my in my lewe gebeur. Jesus doen dit met my.

In Gal.4: 6 kry ons c. die werk wat Hy <u>in</u> ons doen: Hy skep in ons 'n liefde vir God deur dit wat Hy vir en in ons doen. Dit is weer nie iets wat ek doen nie. Dit is nie ek wat besluit ek wil God liefhê nie. Deur dit wat Jesus met my laat gebeur, skep Hy ook iets binne in my. Ek kan nie innerlik dieselfde bly as Jesus my loskoop en aanneem nie. Binne in my word ek lief vir die Vader. Hierdie liefde kom deur dit wat Jesus met my laat gebeur. Die liefde vir God ontspring uit die aanneming. Dit word geskep deurdat Jesus ons verlos van die wet.

Waardeur doen Jesus die werk vir, met en in ons? Hy doen dit deur die Heilige Gees. Omdat Jesus dit deur die Heilige Gees doen, word Sy werk, die werk van die Gees genoem. Daarom word Jesus se regering deur die Evangelie ook "beheersing deur die Gees" genoem. Die regering deur die Evangelie en die "Beheersing deur die Gees", is glad nie verskillende sake of werke nie. Die uitdrukking "beheers deur die Gees" lê net die klem op die Persoon deur wie Jesus alles doen : die Heilige Gees.

Daarom word gesê dat kinders van God die Gees van Jesus in hulle harte ontvang. Deur die werk van Jesus vir, met en in ons, is ons kinders van God.

5. <u>Waardeur beheers die Gees ons lewe?</u> (Gal.2:18-20.)
Hoe maak die Gees ons mense wat van die sonde losgekoop is, aan God behoort en, baie belangrik, 'n liefde vir God in ons harte het ? Hoe maak Hy ons mense wat God wil liefhê ?

Nie deur die wette van die Tien gebooie nie !
Paulus sê die bepalings van die wet maak ons nie lief vir God nie. Dit maak ons oortreders wat bang is vir en skuldig is voor God. Die Gees regeer ons nie deur die wet nie.

Ons word beheers deur - die werke van Jesus.
Die werke van Jesus is sy "Ontvangenis van die Gees", sy geboorte, sy lyding, sy kruisiging, sy sterwe, sy ter helle neerdaling, sy opstanding, sy hemelvaart, en sy regering aan die regterhand van God. Dit is hierdie "werke" van Jesus wat die wette van die Tien Gebooie vervang as die middele waardeur God ons lewe regeer.

Ons word deelgemaak van sy werke: ingelyf by Jesus.
Die wyse waarop ons deel kry aan dit wat Jesus vir ons gedoen het, is om ons in te lyf by Hom en te laat deel in dit wat met Hom gebeur het. Dit wat met Hom gebeur het, is dan weereens die inhoud van die Twaalf artikels: Hy is gebore uit die maagd Maria, Hy het gely, is gekruisig, ens. As Hy ons by hierdie "werke" inlyf, word ons status en ons harte verander. Hoekom verander dit? Net omdat ons ingelyf word. Die inlywing verander alles. Hierdie inlywing by sy werke word nou die wyse waarop Hy my deur die Gees regeer in teenstelling met die regering deur die reëls van die wet.

Dit beskryf Paulus mooi in Galasiërs. Omdat hy ingelyf is deur Jesus by sy kruisiging, word hy nie self ooit vir sy eie sondes vervloek nie (Gal.3:10), daarom wil hy nou vir God leef.(Gal. 4:6 en 5:6)

Hierdie inlywing word in die Bybel genoem: ons is "in Christus", "met Christus" "Saam met Christus" in sy geboorte, lyding, sterwe ens. Hoekom? Omdat die Gees ons daarby inlyf. Wie in die Evangelie glo is ingelyf by Jesus.

DUS

**ONS LEWE WORD NIE DEUR DIE WETTE VAN DIE 10 GEBOOIE REGEER NIE MAAR DEUR DIE WERKE VAN JESUS IN DIE 12 ARTIKELS**

6. Word ons deur die Gees en die wet beheers? (Rom. 6:12-7:6)

'n Lewe van diens aan God.
Regeer die Here ons lewe net deur die Evangelie of regeer Hy ons lewe deur die wet sowel as die Evangelie ? Rom.6 vanaf vers 12 handel nie oor hoe ons vrygespreek word nie, maar oor hoe ons as Christene moet lewe. Dit gaan hier oor "diens aan God" (6:13), "om te doen wat God wil" (6:13), "in diens van God gestel om heilig te lewe" (6:19), en "'n vrugbare lewe in diens van God" (7:5). Hierdie uitdrukkings verwys almal na die wyse waarop God ons regeer en ons Hom dien. Dit handel in hierdie uitdrukkings nie oor die verlossing van sondeskuld nie.
Twee bedelings.
In 7:6 stel Paulus twee sake teenoor mekaar: die bedeling van die Gees teenoor die bedeling van wetsvoorskrifte. Hierdie twee sake vul mekaar nie aan nie. Dit sluit mekaar so uit dat die een die nuwe bedeling en die ander die ou bedeling genoem word. 'n Mens is nie deel van al twee nie. Dis of die ou bedeling of die nuwe bedeling.

Die ou bedeling gaan oor: "om onder die wet van Moses te staan, dit is die Tien Gebooie (6:14 en 15; 7:14), "ons is vrygemaak van die wet" (7:6) en "ons staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie" (7:6). Waaroor handel hierdie tipe regering ? Dit gaan oor die Tien Gebooie. Wat sê Paulus van hierdie tipe regering van God deur die wet ? Om die Here te dien en om die wil van God te doen, is die gelowige vrygemaak van die Tien Gebooie. Dit is tog wat dit beteken om van die wet vrygemaak te wees, nie meer onder die wet te staan nie of nie meer daardeur gebind te wees nie.

Die nuwe bedeling daarteenoor word beskryf as: "ons staan onder die genade" (6:14 en 15), "vrygemaak van die sonde"(6:22) en "die nuwe bedeling van die Gees" (7:6). Hierdie nuwe bedeling van die Gees is niks anders as die

Evangelie nie. In 7: 4 word die Evangelie so opgesom - ons behoort aan Jesus. In hierdie nuwe bedeling word ons deur die Evangelie regeer. (Rom 5: 21)

Vir die bedeling van die wet so dood soos 'n lyk.
In Rom. 7 gebruik Paulus die voorbeeld van 'n man wat doodgaan en hoe sy dood sy vrou raak. So lank as wat sy getroud is en haar man lewe, pleeg sy egbreuk as sy 'n ander man neem. Sy oortree dus die Tien Gebooie. As haar man sterwe, dan kan sy weer trou sonder dat dit egbreuk is. Hoekom? Haar man kan haar aan die wet bind net solank as wat hy lewe. Iemand wat nie leef nie kan nie deur die wet gebind word nie of ander wetlik aan homself bind nie.

Nou kom die radikale deel van die Evangelie vir die wyse waarop God gelowiges regeer: ons verbondenheid met Jesus maak ons dood vir die wet. Die wet bind ons nie meer as die wyse waarop God ons lewe regeer nie. Ons is vrygemaak van die wet as die wyse waarop God ons lewe regeer om in sy diens godvrugtig te leef. Lyke word nie deur die wet gebind nie. As ons aan die Evangelie gebind is as wyse waarop God ons lewe regeer, dan is ons heeltemal los van die wet as 'n manier waarop God ons lewe regeer en as die wyse waarop ons God dien en eer.

Ons word nie deur die Gees en die wet beheers nie. Ons word net deur die Gees beheers. Jesus regeer ons net deur die Evangelie , nie deur die wet en die Evangelie nie. Ons leef as Christene nou volgens die Gees, nie meer volgens die wet nie.

DIE WET IS DUS NOU OOK AFGESKAF AS DIE WYSE WAAROP GOD ONS LEWE REGEER. ONS WORD ENKEL EN ALLEEN DEUR DIE EVANGELIE REGEER EN BEHEERS.

7. Hoe leef ons reg? (Gal. 3:21 -4:7)
Hierdie vraag word deur Paulus opgesom deur te sê dat ons nie meer slawe is nie maar kinders. Dit is hoe hy die verskillende leefwyses van mense vir God noem. Dit gaan nie hier oor vergifnis in die eerste plek nie, maar oor die regte lewenswyse. Party mense leef as slawe van God en ander leef as kinders van God.

As jy onder die bedeling van die Tien Gebooie is, leef jy as 'n slaaf van God. As jy onder die bedeling van die genade en die Evangelie is, leef jy as kind van God. Vir elke bedeling is daar 'n ander manier van reg lewe.

Hoe leef 'n mens vir God reg as jy 'n slaaf onder die wet is? Presies net soos 'n slaaf. Hoe is dit? Dink nou gerus saam met die voorbeeld !

A1. Hoekom werk 'n slaaf vir sy baas? Omdat hy 'n afhanklike is!
Hy werk omdat hy honger is, omdat hy graag goed wil lewe, omdat hy genoeg geld wil kry om vir hom 'n beter werk te kry, omdat hy vir sy kinders probeer skoolgeld kry, noem maar op. Hy werk omdat hy behoeftes het waarvoor hy self moet sorg. Daarvoor het hy die geld, dit is die beloning, van die baas nodig. Om so te werk is vir 'n slaaf reg. Hy is van die baas se middele afhanklik en kry dit deur daarvoor te werk.

'n Slaaf in die godsdiens leef volgens die wet van die Here. Deur volgens die wet te leef probeer hy die seën van die Here verkry: ons bekeer ons om reën te kry, ons beloof om te verander om vrede in die land te kry, ons het die Here lief om 'n sinvolle en vol lewe te hê, ons gee ons lewe prys om gesond te word, ons gee ons kinders vir die Here om 'n mooi toekoms vir onsself te waarborg.

As jy 'n slaaf van God is, dan is dit wat jy moet doen om reg te leef: jy moet die wet van God onderhou.

A2. Hoekom werk 'n kind vir sy pa? Omdat hy 'n erfgenaam is! (Gal. 4:7)
'n Kind werk nie vir sy pa op die plaas omdat hy honger is nie, omdat hy geld wil hê nie of omdat hy vir sy eie toekoms moet sorg nie. Dit alles gee die pa verniet vir sy kind omdat hy sy kind liefhet. Meer, alles wat die pa s'n is, gaan die kind erf. Hy gaan dit nie verdien nie.

Net so, gelowiges ontvang alle goeie gawes van God uit sy liefde en as erfenis. Reën, vrede, gesondheid, voorspoed, geluk en 'n sinvolle lewe is nie iets waarvoor ons volgens die Tien Gebooie reg moet leef nie. Dit is gawes wat God vir ons gee en bewerk, net omdat ons Sy kinders is, sonder enige ander rede.

Onder die bedeling van die Evangelie en die genade van God, erf ons die goedheid van God omdat Hy ons as kinders aangeneem het. Nou hoekom werk ek dan vir God? Is dit so dat seuns op 'n plaas minder werk as die slawe? Nee, hulle werk harder en meer. Hoekom? Omdat hulle die erfgename is en God hulle versorg. Die sekerheid van God se versorging maak dat hulle hulle aandag gee aan die werk wat vir hulle bedoel is.

Die regte manier van leef vir 'n kind is om te werk omdat hy erfgenaam is. Al kry hy vir maande nie 'n salaris nie, die plaas is syne. 'n Kind kan nie by sy pa gaan kla omdat hy nie 'n salaris of beloning kry vir harde werk nie. Ons werk nie vir God vir gawes as afhanklikes nie. Ons werk as sy kinders. Hierdie twee maniere is onversoenbaar. Dis of as kind of as slaaf. Dit is twee leefwyses wat nooit deel van mekaar kan wees nie.

B1. <u>Hoe werk 'n slaaf vir sy baas? Net onder toesig en die minimum!</u> (Gal.3:23-25)
Werkers werk net as die baas kyk. Hoekom? Want hulle wil nie regtig vir hom werk nie. Hulle wil net sy geld hê. Daarom stel hulle nie in sy plaas, sy bome, sy wins of sy oeste belang nie. Hulle wil niks daarmee te doen hê nie. Dit raak hulle nie. Hulle kry net hulle opdragte en voer dit uit.

Hoe hulle dit uitvoer, is ook nie van belang nie, net solank hulle betaal word. Hy is die een wat bekommerd is oor die plaas, nie hulle nie. Hulle is oor hulle geld bekommerd. Daarom doen hulle ook net wat hulle dink genoeg is vir die geld wat hulle wil hê. Hulle dink nie aan wat genoeg is vir die oes, die plaas of die bome nie.

So, sê Paulus, leef mense wat onder die wet leef. Waaraan dink hulle ? Hulle dink net aan die reëls van die Tien Gebooie. Hulle kry die reëls en sorg net dat dit reg uitgevoer word. As hulle die reëls uitvoer, soek hulle hulle kos, geluk, voorspoed, eer, status, gesondheid en sinvolle verhoudings.

Hulle werk nie vir die eer van God en vir die behoud van sy skepping nie. Die eer van God en die sorg van sy skepping, is sy bekommernis. Daarom werk hulle ook net as hulle onder die toesig van die wet leef.

B2. <u>Hoe werk 'n kind vir sy pa? Uit sy eie en soveel as wat nodig is vir sy eer!</u>
'n Kind werk nie vir sy pa onder toesig nie, maar uit sy eie. Dit is vir 'n kind nie nodig om vir sy pa te werk nie. Hy is nie 'n arbeider nie, hy is mede-eienaar, erfgenaam. As 'n kind dan op die plaas werk, is dat omdat hy wil. Dit is uit sy eie. Hoeveel? Net soveel as wat nodig is om 'n goeie oes te verseker.

'n Kind stel nie in geld vir sy daaglikse behoeftes belang nie. Dit kry hy verniet. Hy stel in die plaas en die bome belang. Dis sy pa s'n en hy is trots op sy pa. 'n Kind werk soveel as wat nodig is om sy pa te eer.

Gelowiges werk nie vir God onder toesig van reëls en wette nie. (Gal. 4:3 en 5:1) God het glad nie meer so 'n houding teenoor gelowiges nie, want Hy het hulle as kinders, nie slawe aangeneem nie. Gelowiges werk omdat hulle "Abba, Vader" roep in hulle harte. "Here wat wil U hê moet ek doen, want U is my Vader!", is die wil van sy kinders.

Onder die Evangelie werk ons nie om die reëls na te kom nie, maar om aan God alle eer wat vir Hom as Vader nodig is, te gee.

'n Mens kan nie onder toesig sowel as uit jou eie leef nie. Dit is twee leefwyses wat nie meng nie. As jy uit jou eie as kind van God en vir die eer van God leef, hoekom is daar nog die toesig soos oor 'n slaaf nodig? Die een is die ou en die ander die nuwe bedeling. Die een sluit die ander uit.

C1. <u>Wat motiveer 'n slaaf? Die straf en die beloning van die wet!</u>
Wat laat 'n slaaf weer harder werk as hy lui is? As sy geld weggevat word of as hy gedreig word dat hy weggejaag gaan word! Wat laat hom meer werk as hy moet? As hy weet hy gaan 'n bonus kry en bevorder word.

Mense wat onder die wet vir God leef, maak ook net so. Wanneer bely hulle hulle sondes? Wanneer het hulle berou oor hulle sondes? Wanneer beloof hulle hulle sal beter leef? Hulle doen dit wanneer die Here hulle straf, wanneer hulle gedreig word dat hulle hel toe gaan en nie die Ewige lewe sal kry nie.

Wanneer probeer hulle die Here meer lief hê? Wanneer probeer hulle die Here meer eer en dien? Wanneer aan hulle beloof word hoe vol en ryk dit hulle lewe sal maak as hulle die wet van God onderhou.

C2. Wat motiveer 'n kind van 'n ouer? Net die liefde van die ouer!
Hoekom werk die seun van die plaas harder as hy agterkom hy het slap gelê? Sy geld kan nie weggevat word nie, want hy kry nie salaris nie. Sy pa dreig hom ook nooit dat hy hom van die plaas gaan wegjaag nie. Hy is die erfgenaam. Hy werk weer hard as sy pa vir hom wys hoe die werk agtergeraak het en die skade wat gely is deur sy laksheid.

Die pa se liefde dryf die kind om weer vir sy pa se eer en vir die behoud van die plaas te werk.

Onder die Evangelie word God se genade nooit weggevat en is daar nooit ooit weer verwerping nie. Hierdie geborgenheid maak dat ons ons sondes bely, berou het en weer God se wil soek omdat ons Hom liefhet en sien watter skade ons sy eer aandoen deur ons liefdeloosheid. 'n Kind van God werk harder vir God om die eer van sy Vader behoue te laat bly. Hy werk nie harder omdat God sy liefde weerhou of onttrek nie.

D1. Wat hou 'n slaaf op die plaas? Die afdwingbaarheid van die werkskontrak deur die wet!
Werkers het 'n werkskontrak met hulle base. Dit is 'n voorwaardelike verhouding. As die boer mooi, goed en op tyd betaal, dan sal hulle werk soos wat en waarop ooreengekom is. Waaroor nie ooreengekom word nie, word nie verwag of gedoen nie.

Nadat hulle ooreengekom het, dan moet die kontrak nagekom word. As hulle dit nie nakom nie, dan word hulle aan die gereg oorgegee om die wet sy gang te laat gaan.

Gewoonlik gebeur dit dan so dat werkers so diep in die skuld raak by hulle base, dat twee dinge gebeur: hulle kan nooit loop nie, want hulle is te diep in die skuld. Dit hou hulle op die plase, maar binne in hulle begeer hulle om stad toe te gaan en vry van die plaas te kom. Of hulle vlug weg van die kontrak en word vir hulle hele lewe vlugtelinge wat nooit weer die boer in die oë kan kyk nie.

Mense onder die wet het 'n voorwaardelike verhouding met God. Hulle sal die Here dien as Hy hulle liefhet, as Hy hulle versorg, as Hy vir hulle 'n gelukkige en sinvolle lewe gee. As Hy dit nie doen nie het hulle die reg om verbitterd, opstandig en woedend te word.

As hulle nie die Here dien soos wat die wet sê nie, dan kan Hy hulle wegjaag of verplig om sonder vergoeding weer terugbetaling te doen met hulle lewe en werke. Dit is hoekom baie mense sonder teëstribbeling hulle lewe, hulle hart, hulle tyd en kinders aan die Here opoffer. Hulle weet hoe diep hulle volgens die kontrak van die wet in die skuld by God is.

Maar terwyl hulle dit doen, begeer hulle om van God weg te kom. Dit is hoekom mense van God wegvlug en nie naby Hom wil kom nie. Hulle weet hoeveel daar teen hulle opgetree gaan word. So leef hulle onder die wet.

D2. Wat hou 'n seun op die plaas? Die onbreekbare band van pa en seun!
'n Kind het nie besluit om daar te wees nie. Dit het die ouers besluit. Hulle verwek kinders en het hulle vir altyd lief net omdat hulle daar is. Kinders loop nie van hulle ouers af weg as die ouers nie altyd kan voorsien in dit wat die kinders wil hê nie. Die kinders bly in swaarkry en voorspoed by die ouers. Daar is geen kontrak nie. Daar is geen voorwaardes nie. Dit is 'n onvoorwaardelike liefde net omdat hulle ouer en kind is.

Die Evangelie is die onverbreekbare band van die liefde van God vir ons as sondaars. Hy neem ons in ons sonde as sy kinders aan (Gal.4:5) Dit maak my vir ewig in my hart aan Hom as Vader verbonde. Dit is 'n onvoorwaardelike liefde van God vir sondaars en van sondaars vir God. Dit hou hulle aan mekaar verbonde - God se genade.

Waar God nie doen wat ons verwag en soos ons dit verwag nie, word geen kontrak verbreek nie. Waar ons nie volgens die Tien Gebooie leef nie en God nie reg liefhet nie, word geen eise op ons afgedwing nie. Ons bly nie by God uit skuld of vrees nie, maar omdat Hy Vader is: Hy het ons in ons sondes tot Sy kinders gemaak het.

E1. <u>Hoe leef 'n slaaf reg?</u>
'n Slaaf leef reg as hy volgens die wet reg leef. 'n Boer is gelukkig met 'n slaaf net as hy alles reg doen soos dit gedoen moet word. Het iemand al ooit 'n boer gesien wat gelukkig is met wat sy werkers doen? Nee, nog nooit! Hulle kan hom nooit behaag nie, want hulle kan nie doen wat hy wil hê hulle moet doen nie. Al hoekom hy hulle verdra is omdat hy hulle kan gebruik, nie omdat hulle ooit iets reg doen nie.

So leef 'n mens as jy God deur die wet met jou lewe wil behaag. In jou binneste weet jy dat Hy nooit tevrede is nie, want jy doen nooit wat Hy vra soos Hy dit vra nie. Daar is altyd met alles fout. Jy kan jouself maar net gelukkig probeer maak met die gedagte dat jy probeer het. God kan jy nie gelukkig maak nie.

E2. <u>Hoe leef 'n kind reg?</u>
Dit is die ironie. 'n Kind doen presies dieselfde as die werkers op die plaas. Die meeste van die tyd doen hy dit nog swakker as die werkers. Maar as hy dit doen, is die boer verskriklik gelukkig en trots op sy seun. Hoekom? Want dis sy seun en hy het dit vir sy pa gedoen, tot sy eer, net omdat hy kind is.

Dit is die bedeling van die Gees waaronder die gelowiges geplaas is. God het ons heeltemal losgemaak van die wet as die manier waarop ons reg moet leef. Hy het ons heeltemal losgemaak van die posisie van slawe. Hoe? Deur ons wat sy werkers was, sy kinders te maak. Hoe? Deur ons as kinders aan te neem.

Kan jy dink hoe die lewe van 'n slaaf verander as die boer hom as sy kind aanneem? Dit maak dat hy nie meer volgens die wet sy baas gelukkig moet hou nie. Hy is nou kind. Net so is dit met die gelowige: die Here is gelukkig met sy lewe as kind as hy vir Hom iets doen net omdat hy kind is. Dit is vir God volmaak.

Deur die wet af te skaf as manier waarop ons vir God reg moet leef, het God gemaak dat ons as sondaars vir God reg lewe. Hoe moet ons leef? As kinders van God! Hoe is dit? Dit is om vir Hom tot eer van Sy naam te leef, net omdat ons kinders is.

Is dit volgens die wet 'n regte en goeie lewe? Nee, dit is nie. Volgens die wet is die lewe wat ons vir God leef maar sondig, gebrekkig en heeltemal in stryd met sy wil. Hoe kan so lewe vir God goed en reg wees?

Net deur die Evangelie! As ons uit die verbondenheid met Jesus vir God leef -- leef ons volkome reg en volmaak goed vir God.

Dit is wat Paulus bedoel: "Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." (Gal. 2:19,20).

8. <u>'n Nuwe koninkryk met 'n nuwe heerskappy.</u>
Paulus stel hierdie ou vorm van heerskappy teenoor die nuwe vorm van heerskappy in Rom.5:20 en 21.:"Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here."

Waar mense volgens die wet vir God wil reg lewe, gebeur daar net een ding: hoe meer jy jou aan die wet verbind, hoe groter sondaar is jy; hoe meer jy probeer om volgens die wet reg te leef, hoe meer word jou oortredinge teen God, nie jou gehoorsaamheid nie.

Dit is so omdat die mens 'n hart en verstand het wat die sonde liefhet en nie gehoorsaamheid aan God nie.

Daarom word hierdie nuwe ryk met 'n nuwe heerskappy ingestel: die koninkryk van God. Kyk hoe duidelik word dit gestel! Die genade van God is nie net 'n manier om vergifnis te gee nie. Dit is 'n nuwe wyse van regering: " Die doel was dat ... die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer..."
Deur die heerskappy van God deur die wet, word mense in hulle sonde gehou en verdoem. Deur die heerskappy van God deur die vryspraak, word mense vir God se genade behou en in sy liefde opgeneem. God bestuur ons dus nie deur die wet nie, maar deur sy genade. Die middel waardeur die genade 'n nuwe bestuurswyse in ons lewe word, is die vryspraak in Jesus Christus.

Die drie Evangelies in die Bybel noem die saak wat Paulus as die Evangelie aandui, die koninkryk van God. Hier is nou die rede daarvoor. Die verlossing in die Woord van God is nie die mens wat van skuld losgemaak word en dan sy eie pad moet loop nie. Die verlossing is dat God 'n nuwe tipe koninkryk tot stand bring: die genaderyk van God waar Hy sy kinders deur sy goedheid, trou en genade regeer. Hy regeer hulle nie nie meer deur die wet nie.

Dit is wat Jesus aankondig in Lukas 16:16: "Tot op Johannes was dit net die wet en die profete. Van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen probeer so hard as wat hy kan om daar in te kom."Die Evangelie is die genadeheerskappy van God wat as alternatief dien op die wetsheerskappy van God.

Die wet is 'n heerskappy waarin geen mens ooit tot 'n lewe van diens en toewyding aan God kan kom nie. Dit is die genadeheerskappy van God wat godsdiens deel van die mens se lewe maak. Die genadeheerskappy van God skep godsdiens as lewenswyse in sondaars wat onder die wet net veroordeelde, opstandige en wettelose mense sal bly.

Die mens kan met sonde as lewenswyse breek en 'n lewe van diens aan God lewe omdat God 'n nuwe koninkryk tot stand gebring het: die genadeheerskappy in Jesus Christus. "Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade." (Rom. 6:14)

9.'n Nuwe koninkryk met 'n nuwe lewenswyse.
Paulus vat hierdie nuwe lewenswyse saam as die tema van die Romeinebrief in 1:17. Die vertaling uit Grieks moet lees: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos daar geskrywe is : Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit is die 1933 vertaling in Afrikaans. Die nuwe Afrikaanse vertaling het nie net die hele waarheid van regverdiging vervlak na vryspraak nie , maar ook die hele bedoeling van die brief van Paulus om die regte lewenswyse van die kerk te verduidelik - om regverdig voor God te lewe - in die vertaling : "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.", laat verval.

Die nuwe lewenswyse van die koninkryk van God word saamgevat in die uitdrukking: "uit geloof tot geloof". Die Here regverdig ons uit ons geloof in Christus, maar meer as dit, Hy regverdig ons tot 'n lewenswyse "uit geloof" en nie volgens die wet nie. Dit word dan verduidelik met die aanhaling uit Habakuk : Die regverdige sal "uit die geloof lewe." Dit is die nuwe lewe onder die genadeheerskappy. Dit is nie meer 'n lewe uit wetsgehoorsaamheid nie. So kan geen mens regverdig lewe nie. Dit is nou 'n lewenswyse uit die geloof in God se genadeheerskappy.

Die nuwe lewenswyse wat reg is, is uit die geloof in die Evangelie, nie meer uit wetsgehoorsaamheid nie.

10. Die lewe uit geloof onder die genadeheerskappy.
Jesus regeer ons deur die Evangelie, die Twaalf Artikels, nie deur die wet nie. Die volgende uitleg van die Twaalf Artikels dui die inhoud en omvang van hierdie heerskappy aan. Ons gee dit volledigheidshalwe omdat dit so ongekende saak is.

Esegiël 36: 24 - 28 kan vir ons as verwysingsraamwerk dien om die omvang van die genadeheerskappy van God te oorskou. Die werke van Jesus maak hierdie belofte in Esegiël vir ons waar. Wanneer Paulus praat van die beheersing deur die Gees, is dit juis oor die vervulling van hierdie spesifieke belofte. Jesus regeer ons deur hierdie beloftes in ons lewe te vervul.

Elke werk van Christus bestaan uit dit wat Hy vir en in ons doen. Wat Hy in ons doen kan ons opdeel in:

a. Dit wat Hy binne in ons nuut skep (nuwe hart gee)
b. Dit wat Hy uit ons wegneem, (hart van klip wegneem) en
c. Dit wat Hy in ons verbrysel om te maak dat ons Hom dien.
   (Ek sal maak dat julle volgens My voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.)

Ons kan die omvang toelig aan die hand van die werke van Jesus in die Twaalf Artikels.

1. Jesus regeer deur ons by Hom in te lyf. Deur ons in te lyf by sy ontvangenis deur die Gees, maak Hy ons vir God regverdig, skep Hy in ons 'n innerlike toekeer tot God, neem Hy die innerlike ontvlugting vir God uit ons weg en breek Hy ons wil om God aan ons sondige wil te onderwerp.
2. Deur ons in te lyf by sy geboorte uit die maagd Maria, maak Hy ons heilig vir God, skep Hy in ons 'n innerlike waardigheid om God te dien, neem Hy ons innerlike skaamte vir God a.g.v. ons sonde weg en verbreek Hy ons eiesinnigheid om na goeddunke te leef.
3. Deur ons in te lyf by sy lyding onder Pontus Pilatus, maak Hy ons voor God vrygespreek van sonde, skep Hy 'n innerlike vryheid om God met ons gawes te dien, neem Hy die innerlike verdruktheid deur ons sonde weg en breek Hy die mens se neiging om God te gebruik om sonde te regverdig.
4. Deur ons in te lyf in sy kruisiging, maak Hy ons vir God goed, skep Hy in ons 'n innerlike dankbaarheid wat in God se wil wil volhard, neem Hy ons innerlike verslaenheid oor ons sonde weg en breek Hy ons onwilligheid om aanspreeklik teenoor God te leef.
5. Deur ons in te lyf in sy sterwe, maak Hy ons onskuldig en gunstig vir God, skep Hy in ons die wil om vir God te werk, neem Hy ons bitterheid oor God se regverdigheid weg en breek Hy in ons die wil om soos God te wil wees.
6. Deur ons in te lyf in sy begrafnis, maak Hy ons behoue vir God, skep Hy die wil in ons om met ons gebrokenheid God te wil dien, neem Hy ons innerlike verset teen God se wil weg en breek Hy ons berusting in ons sonde.
7. Deur ons in te lyf in sy ter helle neerdaling, maak Hy ons aanneemlik vir God, skep Hy in ons liefde vir God en sy wil, neem Hy ons angs en verskrikking vir God uit ons harte weg en breek Hy ons verlange om afgode te maak.
8. Deur ons in te lyf in sy opstanding, versoen Hy ons met God, skep Hy in ons 'n innerlike vertroue in God, neem Hy die wanhoop in ons oor ons sonde weg en breek Hy ons wil om afgode te dien.
9. Deur ons in te lyf in sy hemelvaart, maak Hy ons verbonde aan God, skep Hy in ons 'n innerlike verbondenheid aan God, neem Hy ons innerlike verskeurdheid en verwarring oor ons sonde weg en breek Hy ons weerhouding van ons diens aan God.
10. Al hierdie dade word saamgevat in Jesus se regering aan die regterhand van God. Wat doen Jesus aan die regterhand van God? Hy is die Koning van die nuwe koninkryk van God, 'n heerskappy van genade. Deur ons by sy werke in te lyf regeer Hy ons deur die kragvolle werking van die Gees, nie deur aan ons onder die eise van die wet te stel nie.

Die werking van Jesus wat so 'n nuwe lewensmoontlikheid, houding en lewensgerigtheid skep, vat Paulus saam met die uitdrukking: "Die vrug van die Gees" (Gal.4:22). Hoe kry ons deel aan hierdie nuwe regeringswyse en hoe leef ons onder die nuwe regering? Die antwoord in Romeine 1:17 is duidelik:"uit geloof tot geloof". Die regverdige sal uit die geloof lewe."Wie glo in die Evangelie word op hierdie nuwe wyse regeer. Wie op hierdie nuwe wyse regeer word, leef om aan Jesus vas te hou, om binne die Evangelie te bly.

Dit is alleen deur die geloof dat ons in hierdie nuwe lewenswyse deel. Dit stel Paulus duidelik in Gal. 3:2 "Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip ? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig ? Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?"

11. <u>Die valse kerk se alternatief : die wetsheerskappy van God.</u>

Die valse kerk is die mentaliteit en geesteshouding van die Fariseërs wat Jesus ook die "suurdeeg" van Fariseërs en Sadduseërs genoem het. (Matt.16:5 - 12) T.o.v. hierdie nuwe lewenswyse onder die genadeheerskappy dui Paulus die valse kerk se alternatief aan in die briewe Galasiërs en Romeine aan.

a. <u>Deur geloof alleen vrygespreek om weer onder die wet te leef.</u>
In Galasiërs wys Paulus die gemeente daarop dat hulle met die Evangelie begin het, maar nou met die wet wil eindig. Ons kry 'n blik van wat hier aan die gang is in Gal. 2:11-14.

In die gemeentes was daar Joodse gelowiges wat wou hê dat mense, al het hulle tot geloof in die Evangelie gekom, volgens die Joodse wette moes lewe. Selfs die apostel Petrus het uit vrees aan die houding toegegee. Hierdie vrees is waarskynlik die vrees om deur die Jode as 'n losbandige mens verdag gemaak te word, as iemand wat God se wet, die Tien Gebooie, minag.

Hierdie Joodse wette is die hele Joodse wetgewing waar mense geleer word dat hulle vir God moet probeer reg leef deur die liefdesgebod en al die ander gebooie van die wet na te kom.

Vir die gemeente beteken dit dat hulle deur hulle geloof deel van God se genade geword het, maar nadat hulle deel van God se genade geword het, moet hulle nou reg leef deur volgens die Tien Gebooie te leef. Dit is wat Paulus dan aandui - "julle het met die Evangelie begin, wil julle nou in eie krag eindig ?"

Die verlossing wat Jesus bring, is nie maar net vergifnis uit geloof om dan weer onder die wet te leef nie. Dit is 'n nuwe heerskappy van genade waar 'n mens nie meer reg leef uit die wet nie, maar reg leef deur uit die geloof in die Evangelie te leef. Dit is mense wat vry is van die Sinaiverbond en verbind is aan die Abrahamsverbond. (Gal. 4:21-5:1)

Die valse kerk kan nie hierdie vryheid van die gemeentes ooit aanvaar nie. Hierdie verset van die valse kerk teen die waarheid om "uit die geloof te leef" en nie uit die wet nie, moet ons deeglik van kennis neem. Paulus wys dat in die valse kerk se bygeloof, leef die mens as slawe van die wet van God. Die Kerk van die Here is heeltemal anders, die Kerk van die Here leef uit die geloof in die Evangelie as die vrygekooptes, as kinders van God.(Gal.4:21-5:1).

Hoekom wil die valse kerk nie die vryheid van die kinders van God aanvaar nie ?

Paulus stel dit in Gal.4:17 so: "Daardie mense se ywer vir julle is nie met suiwer bedoelings nie. Hulle wil julle van my losmaak sodat julle julle vir hulle saak sal beywer." Die valse kerk kan nie mense in die Evangelie skuldig laat voel teen God nie, van God vervreem nie, van God verlate maak nie, onder die oordeel van God of onder die vloek van God stel nie. Hulle is mense wat seker is van God se guns en liefde deur die Evangelie. Die valse kerk kan nie die kinders van God mislei om van hulle wettiese reëls en geesteshoudinge afhanklik te raak nie, 'n afhanklikheid wat op die ou einde net tot die geestelikes se voordeel strek.

As mense vry is van die wet as die regte lewenswyse, het hulle nie meer die geestelike leiers en mentors nodig wat hulle moet wys hoe om reg te leef nie. Het hulle nie meer morele modelle wat die voorbeeld van ware godsdienstigheid stel, nodig nie. Hulle het nie meer nodig om hulleself as ondergeskiktes en as minderwaardiges te voel teenoor mense wat minder sondes sou doen en verder op die geestelike pad van die godsdiens sou wees as ander nie. Hulle het nie die wysheid en ervaring nodig van mense wat hulle in 'n lewenshouding oefen om volgens die wet reg te leef nie.

Meer, as die onderhouding van die wet nie meer die regte wyse van lewe is nie, maar geloof uit en tot die Evangelie, dan het die lidmate nie meer tussengangers tussen hulle en God nodig nie. (Gal .3:16 en 20) Dan het hulle nie meer nodig dat 'n geestelike hulle in gebed voorgaan nie, hulle het self, met die wyse waarop hulle as gewone lidmate leef, 'n vrye toegang tot God.

Hulle het nie meer mense nodig om vir hulle God se beloftes waar te maak nie. God gee aan gewone gelowiges wat sondig is en sonde doen, sy genesing, sy liefde, sy guns en sy goedheid. Dit gee Hy sonder tussengangers wat meer van God se wettiese gees as ander sou hê. Hulle is met God en God is met hulle. Hulle het geen morele mentor nodig wat nader aan God sou leef as hulle nie: geestelikes wat meer van God sou ken en weet as 'n gewone gelowige wat in en uit die Evangelie leef.

Daarom probeer die valse kerk hierdie vryheid van die nuwe lewe in die Evangelie as die regte lewenswyse ten alle koste vervals en verwring. Die beste wyse is om voor te hou dat die Evangelie ons verlos om weer volgens die wet reg te leef. Dan moet die mens weer onder die wet kom. Hy moet na sy vergifnis deur geloof weer onder die liefdesgebod as die wyse van om reg te leef, kom. Dit maak mense, al glo hulle dat die vergifnis deur geloof alleen ontvang is, weer slawe van die wet. Dit vernietig die eintlike bedoeling van die Evangelie: om mense in te lyf in die nuwe regering van die genade van God. Dit is die eintlike doel van die Evangelie: om 'n nuwe wyse van regering vry van die regering van die Tien Gebooie, vry van die regering van die liefdesgebod, tot stand te bring. (Rom. 5:20,21)

b. Om net onder die genadeheerskappy van God te leef, vry van die wetsheerskappy van God, maak mense losbandig en sondig.

Nadat Paulus die waarheid vasgepen het dat God ons nie meer deur die wet nie, maar deur Sy genade regeer, (Rom 5:20 en 21) moet hy drie vrae beantwoord. Die drie vrae kom uit die valse kerk van die Fariseërs en die Sadduseërs as beskuldigings teen die verkondiging van die Evangelie. Hierdie verwyte teen die nuwe heerskappy van genade klink so:

1. Hierdie nuwe heerskappy maak dat ons kan aanhou sonde doen, want ons sonde maak dat God se genade toeneem. (6:1)

2. Ons kan nou maar sonde doen omdat God ons nie meer deur die wet van God nie, maar deur sy genade regeer word. (6:15)

3. Die genadeheerskappy het die regering van God deur die wet nou verkeerd en sleg gemaak. (7:7)

Hierdie vrae is nie goedbedoelde vrae van mense wat ernstig met God en sy gebod is nie. Dit is die berekende poging van die valse kerk om die genadeheerskappy van God verdag te maak. Hulle wil mense aan die wet gebind hou vir hulle eiesinnige vroomheid en maak daarom die genadeheerskappy van God verdag as die rede hoekom mense sonde doen. Dit is die haat van Fariseërs en Sadduseërs teen die vryheid van Christene om God uit 'n vrye gewete te dien, sonder tussengangers, wat hulle die genadeheerskappy verdag laat maak.

Paulus antwoord hierdie beskuldigings deur die karakter en omvang van die genadeheerskappy teenoor God se regering deur die wet, uit te spel. Ons behandel die drie beskuldigings in volgorde.

Die valse kerk se eerste aantyging:
Hierdie nuwe heerskappy maak dat ons kan aanhou sonde doen, want ons sonde maak dat God se genade toeneem. (6:1)

Paulus se verweer:
1. Die genadeheerskappy van God bring iets nuuts tot stand binne die mens. Jesus skep 'n nuwe wil in die mens, neem die sondige wil weg en verbrysel die sondige aard. (vgl. die tabel op die Twaalf Artikels.) Die genade heerskappy maak sondaars nuut. Dit is alleen deur hulle geloof in die Evangelie.

Dit is 'n leuen teen God en die Evangelie om te maak of mense die Evangelie kan glo en innerlik onveranderd kan bly. Vgl. 2 Kor. 5:17 "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Om te maak asof iemand wat net in Jesus glo tot geregtigheid, nog 'n ou mens is, sonder 'n nuwe wil om God te dien, is om God self verdag te maak en die Evangelie tot 'n leuen af te maak. (Rom. 6:2 - 14)

Die valse kerk se tweede aantyging:
Ons kan nou maar sonde doen omdat God ons nie meer deur die wet nie, maar deur sy genade regeer. (6:15)

Paulus se verweer:

Die genadeheerskappy maak nie mense geskik en lus vir sonde nie. Wie in Christus alleen glo tot regverdiging, word nie deur hierdie geloof lus vir sonde nie. Die regverdiging gee mense nie 'n begeerte om sonde te doen nie. Dit is weer 'n leuen teen die genade van God. Die regverdiging skep die innerlike wil om God te dien, nie sonde te doen nie.

Dis 'n leuen dat die wetsheerskappy ook nodig is om mense 'n godsdienstige lewe te laat lei. Hierdie wetsbedeling is deur die instelling van die genadeheerskappy afgeskaf. (Rom.6: 16 - 7: 7)

Die valse kerk se derde aantyging:
Die genadeheerskappy het die regering van God deur die wet nou verkeerd en sleg gemaak. (7:7)

Paulus se verweer:
Die indruk wat die valse kerk wek dat die wet deur God se genadeheerskappy sleg gemaak word, is nie waar nie. Die sonde van die mens het die wet se werking so verdraai dat die wet die middel is wat mense lus maak vir sonde. Die mens se sonde het die werking van die wet bederf, nie die genade van God nie.

Dit is deur die sonde dat die wet die middel geword het waardeur mense verlei word om sonde te doen, nie deur die Evangelie nie. Deur die sonde werk die Tien Gebooie nou op so 'n wyse dat mense so veroordeel en beskuldig word, dat hulle vir God innerlik dood word. Meer, die sonde maak dat die wet mense in verset en opstand teen God laat kom. (Rom. 7:7 - 24)

Die sonde het die wet se werking vernietig en dit 'n middel gemaak waardeur die mense verkeerd kan lewe. Dit is nie die Evangelie wat die aard en die werking van die wet verander nie.

Na Paulus se verweer van die genadeheerskappy van God deur die Evangelie, is die valse kerk aan die kaak gestel vir hulle boosheid. Hulle probeer voorgee dat hulle ter wille van diens aan God besorg is oor die gevolge van die genadeheerskappy van God. Dit is 'n leuen. Hulle wil mense weer onder die wetsregering van God stel buite die genadeheerskappy van die Evangelie.

Hoekom? Maklik. Iemand onder die wetsregering van God is innerlik dood vir God, leef met 'n innerlike rebelsheid teen God en wil homself deur sonde teen God bewys. So 'n mens is gereed vir die eiesinnige godsdiens van die valse kerk. 'n Eiesinnige vroomheid wat hy in Kol.2:23 - beskryf as 'n godsdiens met leerstellings wat 'n skyn van wysheid het, 'n selfgemaakte godsdiens met 'n danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar vir die beteueling van die innerlik doodsheid vir God, die innerlik opstand teen God en 'n berekende wil om sonde te doen, het hierdie eiesinnige vroomheid geen waarde nie.

Vir hulle wat onder die genadeheerskappy van God leef, is 'n godsdiens wat op die onderworpenheid aan die wet gebaseer is, nie meer moontlik nie. God self het ons van sy wetsheerskappy bevry deur 'n nuwe ryk tot stand te bring in Christus: die genadeheerskappy van Jesus. (Kol.2:20)

Die wêreldse godsdienste het 'n danige nederigheid en streng selfdissipline sonder dat dit die werklike godsdiens innerlik tot stand kan bring. Die enigste mag wat mense binne in hierdie skepping van hierdie wêreldse godsdienste kan bevry, van voorvaderverering tot en met die eiesinnigheid van die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk, is die genadeheerskappy van Christus deur die Evangelie, sonder die Tien Gebooie.

Die enigste godsdiens wat nie die sonde van die mens teen God akkommodeer of regverdig nie, is die lewe uit die geloof in die Evangelie.

Dit is die rol van die valse kerk vir die wêreld om hierdie genadeheerskappy van God in Christus verdag te maak as losbandig en sedeloos en 'n alternatiewe godsdiens in die plek daarvan tot stand te bring - in die naam van die ware godsdiens. Die wêreld verwag dit van die valse kerk en die valse kerk wil die alternatiewe godsdiens vir die wêreld tot stand bring. Daarom is dit die valse kerk wat die genadeheerskappy van God en die lewe onder die genade tot oorsaak van sonde in die wêreld wil uitwys.

Hierdie verdagmaking van die Evangelie en God se genaderyk deur die valse kerk, is wat in die Evangelies aangedui word as die sonde teen die Heilige Gees.
(Matt 12:22 - 32 e.a.)

Kom ons gebruik weer die voorbeeld wat Paulus vir hierdie saak gebruik: die verskil tussen seuns en slawe. Die voorbeeld lig die doel van die valse kerk se verdagmaking van die ware kerk en hulle wettiese alternatief op die genadeheerskappy van die Evangelie toe.

In die voorbeeld moet ons onthou dat ons almal kragtens ons geboorte in die sonde, slawe is. Ons is nie van nature kinders van God nie.

God wou ons as Christene verlos uit die lewenswyse van slawe: mense wat God net dien omdat hulle afhanklik is van Hom, mense wat net godsdiens beoefen onder toesig van die wet en net soveel doen as wat die reëls van die wet vereis, mense wat net in die godsdiens bly omdat hulle deur die wet van God daartoe verplig is.

Hoe verlos God so 'n slaaf tot 'n lewenswyse waar die mens God dien uit sy eie, tot eer van God en net uit liefde sonder enige verwagting van vergoeding? Hoe kan 'n boer die lewenswyse van 'n arbeider verander? Nie deur hom meer te vergoed, minder toesig uit te oefen, hom te probeer liefhê nie of om hom nie meer te straf nie. As 'n boer so teenoor sy arbeiders optree reageer hulle soos arbeiders. Hulle werk minder, swakker en hulle eise word meer.

Hy moet die arbeider as seun aanneem. As hy 'n arbeider as seun aanneem en die arbeider glo in sy aanneming, dan verander sy hele lewenswyse van 'n arbeider tot die van 'n seun.

So verlos God ons uit ons bygelowige lewe van slawe van die Tien Gebooie. Hy neem ons as sy kinders aan - net soos ons is in en met ons sonde. Waar sondaars hierdie aanneming glo, daar begin hulle nuut lewe. Hulle begin leef as die kinders van God en lewe nie meer verder soos die slawe van God nie.

Paulus stel dit so: "Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. En omdat ons Sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: " Abba" Dit beteken Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak." (Gal.4:4 - 7)

God neem ons nie as sy kinders aan om ons van ons skuld as slawe onder die wet te verlos nie, maar om ons van die lewenswyse van 'n slaaf te verlos. Stel jou voor dat 'n boer 'n arbeider as kind aanneem net om sy skuld by die boer te vereffen. Dit is absurd. Net so absurd is 'n verlossing van die skuld van die sonde sonder dat God ons verlos tot 'n nuwe lewenstatus en lewenswyse.

God maak ons sy kinders sodat ons as kinders onder die genadeheerskappy van die Evangelie, totaal los en vry van die wetsheerskappy van God oor die wêreld, kan leef.
Hoekom wil die valse kerk die genadeheerskappy van Christus vir die gelowiges ongedaan maak en hulle weer onder die wetsheerskappy van God indwing? Dit klink amper onwerklik totdat 'n mens besef dat die Christen ook 'n slaaf onder die wet was.

Stel jou voor wat gebeur op 'n plaas! Die boer kom en kies een van die arbeiders uit en maak hom sy eie seun. Vir die ander bly hy die werkgewer en toesighouer. Vir hierdie ander een wat hy uitgekies het, word hy pa. Maar hierdie arbeider wat seun geword het bly op dieselfde plaas en moet nou tussen die ander arbeiders gaan staan as seun, nie meer as arbeider nie. Hulle sal die nuwe seun nooit kan aanvaar en uitlos nie.

As hy nou harder werk as ooit omdat hy die erfgenaam van die plaas is, meer, deel van die liefde van die boer geword het, as hy nou uit sy eie en soveel as wat sy pa se eer eis, werk, as hy nie meer bang vir straf is en nie meer eise stel oor beloning nie - dan sal die arbeiders hom haat. So haat die wêreld die wat God vir Homself kies om kinders onder sy genadeheerskappy te wees, vry van sy wetsheerskappy oor die wêreld.

Meer, die arbeiders het salf vir hulle gewete nodig. Hulle het een nodig wat op die lande voorgaan en die arbeider wat seun geword het spot en verdag maak in sy nuwe lewenswyse. Hulle het een nodig wat die seun slegmaak omdat hy nie meer soos 'n arbeider kan werk nie. Hulle het een nodig wat die seun hekel oor hy sukkel om seun te wees en sukkel om homself maar nie weer soos 'n arbeider te voel nie. Hulle het een nodig wat die seun laat twyfel aan die pa se motief om hom nie soos die arbeiders te beloon nie of nie die eise van arbeider aan hom te stel nie. Hulle het een nodig wat die seun probeer wys dat hy nou in 'n posisie is om die arbeiders met hulle steel, verset, sloerdery en eise te kan help, hy is mos uit hulle eie geledere. Hulle het een nodig wat wat vir hulle vertel hoeveel beter dit is om nie seun te wees nie, maar arbeider te bly. Hulle het een nodig wat vir die boer wys dat hulle as arbeiders beter werkers is en harder kan werk as die een wat hy tot seun aangeneem het.

Hierdie voorganger vir die gewete van die wêreld is die valse kerk met sy wettiese godsdiens. Deur die genadeheerskappy van God en die nuwe lewenswyse onder die Evangelie belaglik te maak, maak die valse kerk die wêreld vir ongelowiges draaglik en verhef hulle in die status as draers van die godsdiens vir die wêreld. Dit is tot draers van hierdie tipe godsdiens wat die wêreld graag wil hê.

Paulus vat hierdie stryd van die valse kerk teen die lewe onder die genade-heerskappy van Christus so saam: "En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God. Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so. Maar wat sê die Skrif hiervan? "Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie. Ons is dus nie kinders van 'n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye. Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie." (Gal.4:28-5:1)

Die poging van die valse kerk om Christene met hulle wetsgehoorsaamheid op pad na 'n voller Christelike lewe te help, 'n meer toegewyde lewe te kweek, 'n meer aktiewe godsdiens te bedryf, 'n meer dinamiese Christenskap uit te leef, 'n meer kragvolle gebedslewe te beoefen en 'n meer effektiewe getuienislewe te hê, is 'n berekende poging om deur die vertoon van die krag van 'n arbeider die lewenskwaliteit van 'n seun te vernietig.

Arbeiders is sterker as seuns, hulle werk harder en meer. Arbeiders kan langer as seuns in die son uithou. Arbeiders kan meer trotseer as seuns, hulle is geoefen daarin. Arbeiders kan hulle inkomste en posisie by die boer verbeter, anders as seuns. Maar arbeiders kan nooit met al die meer doen, sterker wees en beter werk, hulle werkgewer behaag nie.

God het 'n behae in ons en ons godsdiens, nie weens die uiterlike krag en werking daarvan nie, maar omdat dit met die innerlike waarde en status gedoen word van die liefdesdiens van 'n seun aan sy pa. Ons is verlos tot hierdie nuwe lewenswyse van kinders van God wat tot hulle Skepper roep: "Abba, Vader!"

Hierdie verlossing is die oprig van God van 'n nuwe genadeheerskappy in Jesus Christus, los van die wetsheerskappy van God oor die wêreld.

Die genade van God het die wet heeltemal afgeskaf as die wyse waarop God sy kinders regeer. Die genadeheerskappy van die koninkryk van God is die alternatief op God se wetsheerskappy binne sy voorsienigheid oor die goddeloses.

12. <u>Die valse kerk kerk se alternatief op die genadeheerskappy van die Evangelie: die leer van "Die Vervulling met God se Gees."</u>

12.1. <u>'n Baie spesifieke leerstelling.</u>
Die valse kerk het in die moderne tyd 'n baie spesifieke leerstelling ontwikkel wat as alternatief dien op die genadeheerskappy van Christus. Hierdie leerstelling word beskryf as: "Die doop met die Heilige Gees" of die "Vervulling met die Heilige Gees".

Daar word baie daarvan gemaak dat die Ned. Geref. Kerk die leer van 'n sogenaamde "second blessing" sou afkeur vir die Bybelse leer van "Die Vervulling met die Heilige Gees". Egter, hierdie spesifieke leerstelling van "Die

Vervulling met die Gees", net soos dit in die Ned. Geref. Kerk geleer word, is die valse kerk se alternatief op die genadeheerskappy van God.

12.2. <u>'n Vaste kerklike instelling.</u>
Die leer van "Die Vervulling met die Heilige Gees" is nie net 'n teorie wat deur teoloë aangehang word nie. Dit is ook nie maar net die leer van 'n klein groepie geestelikes binne die Ned. Geref. Kerk nie. Dit is die daaglikse geloofsoortuiging van die meerderheid van die Ned.Geref. Kerk se lidmate.

Die Ned. Geref. Kerk het selfs 'n kerklike meganisme geskep om hierdie leerstelling deel van elke lidmaat se geloofslewe te maak. Hierdie meganisme is die instelling van die Pinksterbidure in 1861. Die instelling van Pinksterbidure was direk gekoppel aan die geestelike leer en ervaring van die "doping " of "Vervulling met die Heiliges Gees". Die Pinksterbidure moes lidmate bring tot die "Vervulling met die Gees".

Die Ned. Geref. Kerk is die enigste Christelike Kerk wat hierdie dienste as deel van die kerklike jaar vier. Voor die instelling van hierdie dienste deur die Ned. Geref. Kerk, was so 'n kerklike viering nie bekend gewees nie.

12.3. <u>'n Vaste deel van die Ned. Geref. Kerk se Woordbediening.</u>
Hierdie leerstuk is 'n vaste deel van die Woordbediening van die Ned. Geref. Kerk. Die hele evangelisasie-beleid soos dit in gemeentes toegepas word, staan op hierdie leerstuk. Dit was die leerstuk waarmee die Jeug landswyd in 1974 deur die Jeug-tot-Jeug-Aksie bearbei is. Vanuit hierdie aksie is dit in die evangelisasiekursus van Bybel-kor: Gemeentebou, as die amptelike evangelisasie boodskap van die hele Ned. Geref. Kerk. verwerk.

Die evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk staan op twee waarhede:
1. geloof en wetsgehoorsaamheid as die weg tot saligheid en
2. die vervulling met die Gees.

Die twee geesteswaarhede van die aksies is eenvoudig, maar kernagtig vervat in twee "gespreksboekies". Hierdie twee geloofsinhoude word deur feitlik elke opgeleide geestelike werker in die Ned. Geref. Kerk geleer om aan lidmate as die inhoud van die Christelike godsdiens te kommunikeer.

Die inhoud van die leringe word in hierdie boekies as 'n gebed opgesom wat die nuwe bekeerlinge agter hulle mentors moet aanbid. 'n Uitleg van die inhoud van hierdie gebede som hierdie "Twee Weë" na God mooi op.

12.3.1 <u>Die A.J.K kursus van 1974.</u>

<u>DIE WEG NA JESUS/VERLOSSING</u>.

"Liefdevolle God, ek erken dat ek 'n verlore sondaar is. Ek dank u dat Christus vir my sondes gesterf het. Ek bring al my sondes na U toe. Ek maak nou die deur van my lewe vir U Seun oop. Here kom in en reinig my van al my sonde. Neem die beheer van my lewe oor dat ek voortaan deur die Heilige Gees regeer mag word. Ek dank U dat Christus in my lewe ingekom het en dat ek nou U kind is."

1. Erken jy is 'n verlore sondaar.
2. Sê dankie dat Jesus vir jou sonde gesterf het.
3. Lê jou sondes voor God.
4. Vra om vergifnis.
5. Maak die deur van jou lewe oop.
6. Vra Jesus om in te kom.
7. Vra God om jou te reinig
8. Vra God om die beheer van jou lewe oor te neem

JESUS HET NOU INGEKOM

9. Sê dankie hy is in.
10. Sê dankie want jy is nou 'n kind van God.

DIE VERVULLING MET DIE GEES.

"Hemelse Vader, ek dank U vir
wat U alreeds in my lewe gedoen
het en nog wil doen. Ek dank U
dat die Heilige Gees reeds in my
woon. Ek bely dat ek Hom dikwels
bedroef het, deurdat ek self my
lewe wou beheer. Ek bid U, neem
al meer die beheer van my lewe
oor en stel my in staat om die oor
vloedige lewe te leef. Vervul my
nou voortdurend met u Heilige
Gees. Laat U Gees Christus werk
lik die alleenheerser van my lewe
maak, sodat Hy voortaan sy godde
like lewe deur my sal leef. Ek
dank U dat ek nou mag weet dat
U my nou met U Heilige Gees ver
vul het, want U het gesê dat U
ons verhoor as ons iets vra vol
gens U wil."

1. Dank God vir wat Hy reeds gedoen het (redding)
2. Dank God vir wat Hy nog wil doen: wil jou vervul.
3. Dank God dat die Gees in jou is.
4. Bely dat jyself jou eie lewe wou beheer.
5. Vra God om die volle be-heer van jou lewe oor te neem.
6. Vra God om jou in staat te stel om die lewe te leef.
7. Vra dat dit nou gebeur.
8. Vra dat Christus alleen jou lewe beheer.
9. Vra dat Jesus sy goddelike lewe deur jou sal leef.
10. Glo dat alles wat jy gevra het gebeur het.

12.3.2 Die Bybelkorkursus: Die Gemeenteboureeks. (Steeds in gebruik).

DIE WEG NA JESUS/VERLOSSING.

"Dankie, Here Jesus dat U ook
vir my liefhet. Ek het U nodig.
Ek erken dat ek 'n sondaar is
en dat ek myself nie kan red nie.
Dankie dat U in my plek gesterf
het. Ek bring nou al my sonde
skuld na U toe. Vergewe my.
Ek neem U nou as my verlosser
en Here aan. Ek wil U van nou
af elke dag volg. Kom in en
neem die beheer van my lewe oor.
Is dit wat jy min of meer vir
die Here wil sê?
Jy het Jesus nou in geloof aan
geneem......
Waar is die Here...."

1. Dank Jesus: Hy het jou lief.
2. Bely jy het Hom nodig.
3. Erken dat jy 'n sondaar is.
4. Erken jy kan jouself nie red nie.
5. Dank Jesus dat Hy in jou plek gesterf het.
6. Bring jou sondeskuld na hom.
7. Vra om vergifnis.
8. Neem Jesus aan.
9. Bely dat jy Hom sal volg.
10. Nooi Hom om in jou lewe in te kom.
11. Vra dat Hy die beheer van jou lewe oorneem.
12. Jy moet dit vir God sê
13. Jesus kom in jou in as jy dit doen.

DIE VERVULLING MET DIE GEES.

"Dankie, Here dat ek U kind is.
Vergewe my dat ek self my lewe
probeer beheer het. Ek bely dat
ek nog in baie opsigte 'n onge
hoorsame kind is en 'n
wêreldse gesindheid het.
Ek gee my hele lewe nou aan U
oor. Ek bid dat U deur die werk

1. Sê dankie vir wat reeds gedoen is. (redding)
2. Vra vergifnis dat jy jou eie lewe wil beheer.
3. Bely dat jy 'n ongehoorsame kind van God is.
4. Bely dat jy 'n wêreldse gesindheid het.

van die Heilige Gees van nou af
my lewe moet beheer.
Dankie dat ek nou kan weet dat U
my gebed hoor en my lewe met
U Gees vul."

5. Gee jou hele lewe aan God oor.
6. Vra God om jou lewe te beheer.
7. Dit gebeur.
8. Glo dit het gebeur en dank God dat dit gebeur het.

Hierdie "Twee Weë" na God is die grondslag van die evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk. Die herhaalde verslae aan die sinodes oor die omvang van hierdie kursusse, die sukses daarvan, die aanwending daarvan oor die hele terrein van die kerklike lewe, sowel as die sinodes se dank en waardering wat elke keer oor hierdie kursusse uitgespreek word, getuig daarvan dat ons hier met die kern van die evangeliebediening in die Ned. Geref. Kerk te doen het.

12.4. Beslis twee geestelike weë/stappe tot God.
Die voorstanders van hierdie twee stappe na God toe sal heftig verduidelik dat hulle nie voorstanders van die gevreesde "second blessing" is nie. Wat onbetwis is, is dat ons hier met twee definitiewe verskillende geestelike dade te doen het. Die redding is heeltemal iets anders as die vervulling met die Gees. Dit blyk daaruit dat 'n mens gered kan wees sonder dat jy met die Gees vervul kan wees. Dit kan maande, selfs jare uit mekaar plaasvind.

Dit is ook onbetwis dat hierdie twee stappe of weë in 'n vaste volgorde moet plaasvind. Voor jy met die Gees vervul kan word, moet jy eers Jesus aangeneem het. Daarom word dit eers bevestig voor jy vra om Geesvervuld te word. Jy moet God net weer dank dat jy reeds gered is, voor jy kan vra om geesvervuld te word.

In die Evangelie kry ons geen so 'n onderskeid tussen twee verskillende stappe nie. Vergifnis en regeringswyse binne die Evangelie, is een en dieselfde saak. Daarom word dit as regverdiging verkondig. Regverdiging omsluit verlossing van skuld sowel as toerusting tot 'n nuwe lewenswyse.

Binne die Evangelie is daar ook geen opeenvolging van twee stappe na mekaar nie. Wie deel is van die genadeheerskappy van God, is vergewe. Wie vergewe is, is meteens ook deel van God se genadeheerskappy. Dit kan nooit twee losstaande of opeenvolgende sake naas mekaar wees nie.

12.5. Hoe word hierdie twee weë geleer?
12.5.1 Andrew Murray.
Andrew Murray is die geestelike vader van die valse kerk in die Ned. Geref. Kerk. Hoe hierdie twee leringe verstaan moet word, kan hy vir ons die duidelikste uitwys. Ons gee enkele van sy eie beskrywings van hierdie "Twee Weë".

"Daar is twee dinge wat Johannes die Doper aangaande die persoon van Christus verkondig het. Die een was dat Hy die Lam van God was wat die sonde van die wêreld wegneem; die ander dat Hy Sy dissipels met die Heilige Gees en met vuur sou doop. Die bloed van die Lam en die doop van die Heilige Gees was die twee sentrale waarhede van Sy leer en van Sy prediking. Hulle is, weliswaar, onafskeidbaar." (bl.9 Die Gees van Christus)

"Die verkondiging van die Lam van God, van Sy lyding en versoening, van skuldvergewing en vrede deur Hom, word makliker deur die menslike verstand begryp, en beïnvloed sy gevoelens baie gouer, as die meer innerlike geestelike waarheid van die doop, inwoning en leiding van die Heilige Gees. Die bloedvergieting het op die aarde plaasgevind; dit was iets sigbaars en uiterlik, en kragtens die tipes, nie heeltemal onverstaanbaar nie. Die uitstorting van die Gees was in die Hemel, 'n Goddelike en verborge geheimenis. Die storting van bloed was vir die goddeloses en opstandiges; die gawe van die Gees vir die liefdevolle en gehoorsame dissipel." (bl.9 Die Gees van Christus)

"Wat ons in Jesus sien, leer ons wat die doop van die Heilige Gees is. Dit is nie daardie genade waardeur ons ons tot God wend, wedergebore word en trag om soos kinders van God te leef nie. Toe Jesus Sy dissipels aan die profesie van Johannes (Hand 1:4) herinner, was hulle alreeds deelgenote aan hierdie genade. Hul doop met die Gees het iets meer as dit beduie. Vir hulle sou dit word die bewuste teenwoordigheid van hul verheerlikde Heer, wat teruggekeer het om in hul harte te woon, asook hul deelname aan die krag van Sy nuwe lewe." (bl.11 Die Gees van Christus)

"Die reiniging van sonde en die liefdevolle oorgawe tot gehoorsaamheid, wat die voorwaardes van die eerste ontvangs van die Heilige Gees was, is die vrug van die geloof wat gesien het wat die sonde, en wat die bloed en die wil en die liefde van God was. Ons praat nie weer van hierdie dinge nie. Ons teksvers is vir gelowiges wat getrou was in hul strewe om te gehoorsaam en nogtans nie het wat hulle na verlang nie. Deur die geloof moet hulle veral sien wat uitgewerp moet word. Alle vervulling moet deur lediging voorafgegaan word. Ek spreek nie hier van die reiniging van sonde en die oorgawe tot volle gehoorsaamheid nie. Dit is altyd die eerste noodsaaklike vereiste. Maar ek spreek van gelowiges wat in hierdie saak dink dat hulle gedoen het wat God vereis en tog die seën mis. Die eerste voorwaarde van alle vervulling is, daar moet eers leegheid wees..... Waar so 'n lediging plaasvind, is daar verskeie elemente: 'n diepe ontevredenheid met die godsdiens wat ons tot hiertoe gehad het; 'n diepe besef van hoeveel daarin die wysheid en die werk van die vlees gewees het; 'n ontdekking en belydenis en opgee van alles in die lewe wat ons in ons eie hande gehad en gereël het, waarin die vlees tot hiertoe geheers het, van alles waarin ons dit nie nodig geag het dat Jesus direk geraadpleeg en behaag moes word nie; 'n diepe oortuiging van onmag en hulpeloosheid om aan te gryp en te neem wat aangebied word; 'n oorgawe met nederigheid van gees, om op die Here in Sy groot genade te wag " dat Hy aan julle die mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens; 'n groot verlange, dors, verwagting , geroep, 'n bid sonder ophou tot die Vader om Sy belofte in ons te vervul en om volle besit van ons te neem - so 'n lediging baan die weg tot vervulling." ( bl.272 en 273. Die Gees van Christus.)

"Deur die Hervorming is die groot waarheid van die regverdiging, die uitlei uit die slawehuis van Egipte, in plek herstel. Maar die ander waarheid van die heiligmaking, die inbring in die land met sy rus en oorwinning, het nog nooit die plek geneem in die prediking en die lewe van die Kerk wat Gods Woord daaraan toeken nie. Hiervoor het ons 'n Herlewing nodig, dat die Heilige Gees so van ons mag besit neem dat die Vader en die Seun in ons kan woon, en dat die gemeenskap met Hulle, en dat die toewyding aan Hul wil en diens, ons hoogste vreugde mag wees. Dit sal waarlik 'n Herlewing tot heiligheid wees !" (bl. 287 Die Geestelike Toestand van die Kerk.)

"Dit leer ons dat daar twee maniere is waarop die Heilige Gees in ons werk. Die eerste is deur die voorbereidingswerk, wanneer Hy ons tot bekering en geloof bring en ons aanspoor tot alles wat goed en heilig is. Die tweede is die hoër en meer gevorderde wyse waarop ons Hom ontvang, as 'n blywende gawe, as 'n inwonende Persoon van wie ons weet dat Hy ons hele innerlike bestaan vir sy rekening neem en met sy eie lewe vervul. Dit is die ware, volle Christelike lewe." (bl.3 Die Volle Pinksterseën.)

12.5.2 <u>Die Evangelisasie Kursus van die Ned. Geref. Kerk: Gemeentebediening.</u>
Die gespreksboekie "Godsdiens kan gevaarlik wees", lei mense tot verlossing en "Jy kan 'n dinamiese Christen wees", tot vervulling met die Gees. Die doel van die vervulling met die Gees is om geredde Christene, dit is gelowige Christene, tot gehoorsaamheid aan God te lei. Die verskil tussen vervulde en onvervulde Christene is nie geloof in die Evangelie nie. Albei die twee soorte Christene wat hier van mekaar onderskei word, is gelowiges: hulle glo die Evangelie. Hulle het gehoorsaam geantwoord op boekie een: Hoe om 'n kind van God te word?

Hoe lyk Christene wat in die Evangelie glo en Jesus ten volle vertrou om volkome geregverdig voor God te wees? Volgens hierdie uitgangspunt van die "Twee Weë" na God lyk hulle so, en ons haal aan:
"Jy lewe al hoe meer soos 'n onbekeerde mens", " Jy kan of wil nie die sonde in jou lewe raaksien nie", Jy gee meermale aan versoeking toe en val in sonde", Jy is traag en selfs onwillig om die Here te dien en in die gemeente te werk", Jy het min vrymoedigheid om met ander oor Christus te praat", Jy beskou Bybelstudie, gebed en kerk toe gaan as 'n las", Jy word deur jou sondige begeertes gelei", Jy groei nie in jou geestelike lewe nie", "Jy doen mee aan die praktyke van die sondige natuur soos twis, jaloesie, tweedrag en onreinheid." (bl. 4 en 5)

Volgens die Ned. Geref. Kerk. is bogenoemde 'n beskrywing van hoe dit gaan met iemand wat ten volle in die Evangelie glo tot regverdiging.

Die antwoord op hierdie tipe sondige lewenswyse is nie geloof in die Evangelie nie. Hierdie mense wat so sondig sou leef is mense wat die Evangelie van harte sou glo, so word nou beweer. Die antwoord is die vervulling met die Heilige Gees. Die vervulling met die Gees is die saak wat die gehoorsame lewe aan God moontlik maak. Wat die vervulling met die Gees bewerk word beskryf as: "Jy begin al hoe meer soos Jesus leef", "Jy het regtig vrede in jou

hart", "Jy kry krag om versoekings te weerstaan en sonde te oorwin", "Jy begin die sonde in jou lewe raaksien en bely", "Jy ontdek dat die Heilige Gees vir jou gawes gee en jy begin daarmee in die gemeente dien", "Jy vertel vir ander van die verlossing in Christus", "Jy word op elke terrein van jou lewe deur die Gees gelei", "Jy dra al hoe meer die vrug van die Gees", ens. (bl. 2)

12.6 Die valse kerk se alternatief op vergifnis alleen deur die Evangelie.
Volgens Andrew Murray en die hele evangelisasie-beleid van die Ned. Geref. Kerk is die weg na Jesus die wyse waarop vergifnis en verlossing ontvang word. Hierdie weg is nie die weg van alleen geloof in die Evangelie nie. Al die eise wat naas die geloof gestel word, is die eise van die wet.

Vergelyk hierdie eise soos dit voorgehou word met die verskil tussen die eise van die Evangelie en die eise van die wet, as dit oor vergifnis gaan. Ons het dit in hoofstuk 3 behandel.

Hierdie is die eise van die wet, dit is wetsgehoorsaamheid.
1. Erken jy is 'n verlore sondaar. 2. Sê dankie dat Jesus vir jou sonde gesterf het. 3. Lê jou sondes voor God. 4. Vra om vergifnis. 5. Maak die deur van jou lewe oop. 6. Vra Jesus om in te kom. 7. Vra God om jou te reinig 8. Vra God om die beheer van jou lewe oor te neem 9. Sê dankie Hy is in. 10. Sê dankie want jy is nou 'n kind van God.

Sedert 1860 word die valse kerk se weg na saligheid in die Ned. Geref. Kerk as die alternatief op die Evangelie geleer.

12.7 "Vervulling met die Gees" bewerk die regte lewenswyse.
Wat is die saak wat die sogenaamde "Vervulling met die Gees" bewerk, wat anders is as hulle weg na redding? Vergelyk ons dit wat verkeerd is in die lewe van 'n Christen wat volgens hulle nie met die Gees vervuld is, met dit wat reg is wanneer 'n mens geesvervuld is, dan is dit die lewenswyse wat reg is.

"Die Vervulling met die Gees", is die saak wat die regte lewenswyse vir 'n Christen bewerk. Om geesvervuld te wees, is die regte manier van lewe en die vervulling bewerk ook die regte wyse van lewe.

12.8 Die valse kerk se alternatief op die genadeheerskappy deur die Evangelie.
Volgens die Bybel is die Evangelie van God die genadeheerskappy van God. Om net uit geloof in die Evangelie te leef, sonder onderworpenheid aan die wet, is die nuwe wyse van reg leef vir die Christen. Vergifnis en regte wyse van leef is in die Bybel een en dieselfde saak. Dit is nie twee verskillende sake nie.

Vergelyk ons dit met die weg tot vervulling met die Gees, dan is dit duidelik dat dit heeltemal iets anders is as geloof in die Evangelie. Die volgende dade is nie geloof in die Evangelie nie. Die inhoud van die Evangelie, of die geloof in die Evangelie, word nie eers genoem nie. Dit is gewoon wetsgehoorsaamheid. Meer, hier kom nuwe en vreemde eise voor wat nie óf geloof óf wetsgehoorsaamheid is nie.

1.Sê dankie vir wat reeds gedoen is (redding) 2. Vra vergifnis dat jy jou eie lewe wil beheer. 3. Bely dat jy 'n ongehoorsame kind van God is. 4. Bely dat jy 'n wêreldse gesindheid het. 5. Gee jou hele lewe aan God oor. 6. Vra God om jou lewe te beheer. 7. Dit gebeur. 8. Glo dit het gebeur en dank God dat dit gebeur het.

Wat ons in die leer van die "Vervulling met die Gees" het, is 'n alternatief op die genadeheerskappy van God deur die Evangelie. Dit is duidelik die hele bedoeling van hierdie leer self.

a. Volgens hulleself bewerk die vervulling met die Gees die regte lewenswyse vir 'n Christen.
b. Volgens die valse kerk self is die vervulling met die Gees en regverdiging twee verskillende sake.
c. Deel van die weg tot vervulling is volgens hulle eie weergawe baie inhoude wat die Bybel gewoon leer as wetsgehoorsaamheid.
d. Volgens die valse kerk self is die geloof in die Evangelie nie genoegsaam of enigsins effektief om die regte lewenswyse tot stand te bring nie.

Hierteenoor:

e. Volgens die Bybel is dit die genadeheerskappy van God deur die Evangelie wat die regte lewenswyse is en

dit ook bewerk.

f. Niks naas of anders as die genadeheerskappy van God deur die Evangelie bewerk die regte lewenswyse nie.
g. Die wet en wetsgehoorsaamheid is deur die Evangelie afgeskaf as die weg tot, of as die inhoud van die regte wyse van lewe.
h. Die regte lewenswyse is 'n lewe uit geloof in die Evangelie tot geloof in die Evangelie.

Dit bring dus die hele leer oor "Die Vervulling met die Gees" deur die valse kerk in die regte perspektief. Dit is die alternatief van die valse kerk op die genadeheerskappy van God. Dit is die alternatiewe lewenswyse van die valse kerk op die lewe uit die geloof in die Evangelie van die Kerk van die Here.

12.9 Die leer van "Die Vervulling met die Gees" maak die genadeheerskappy van God uit as die oorsaak van 'n lewenswyse van sonde.

Ons het gesien wat die Fariseërs se hoofaantyging teen die geloof in die Evangelie en die lewe uit die geloof in die Evangelie was: Dit maak gelowiges sondig en losbandig.

Die hele leer van "Die Vervulling met die Gees" gaan van hierdie veronderstelling uit. Andrew Murray noem dit nogal as voorvereisde onder die naam: "ontlediging". Hierdie ontlediging is niks anders nie as om alle moontlike sonde toe te skryf daaraan dat 'n mens net in die Evangelie glo.

Die Gemeentereeks noem mense wat net in die Evangelie glo "ongehoorsame" Christene. Dit skryf alle moontlike sondes aan hulle toe, nie omdat hulle ongelowig is nie, hulle word juis as gelowiges in die Evangelie aangespreek, maar omdat hulle nog nie die alternatief op die genadeheerskappy van God aanvaar het nie.

Op hierdie wyse word die Evangelie as God se genadeheerskappy binne die Ned. Geref. Kerk verdag gemaak as die rede vir die sondige lewe van lidmate. Deur hierdie verdagmaking word 'n alternatiewe weg tot 'n meer toegewyde en hoër geestelike lewe aan lidmate bedien: die leer van "Die Vervulling met die Gees van God ".

12.10 Die valse kerk se tweelingboetie: die filosofie en die politiek.

Die bygeloof van die valse kerk het geen eie krag nie. Sy krag in die kerk kry hy in die Evangelie. Sy krag in die wêreld kry hy in die filosofie, sosiologie, sielkunde, ekonomie en politiek. Die valse kerk het tydens die Middeleeue in die filosofie van die ou Grieke 'n denkraamwerk gekry. Dit het die Roomse katolieke kerk se bygeloof in die gemeenskap as lewenswyse veranker.

Met die aanbreek van die Reformasie in die sestiende eeu, het die valse kerk in sy nuwe gedaante hom van die Griekse filosofie losgemaak. Die nuwe gedaante waarin hy homself gaan verskuil het, is die hele lewenshouding vanaf die Renaissance tot in die twintigste eeu onder die woorde: "vernuwing" en "modern". Die geestelike weergawe vir hierdie lewenshouding is die hele geestesproses van "herlewing".

In elke nuwe filosofiese skool of politieke beweging het die valse kerk homself as die ware godsdiens vir die "nuwe tyd", die "nuwe mens" en die "Jeug" veranker. Dit is juis die krag van die valse kerk in sy moderne weergawe: vir soveel kerke en aksies as wat dit kan vorm wat sogenaamd van mekaar sal verskil, in net soveel uiteenlopende filosofieë en politieke magte kan die valse kerk sy bygeloof veranker. Binne elke filosofie of aksie is die "Twee Paaie" na God die geestelikheid waarin die massas gevoed word.

Die sosiale mag wat die geestelikes ontwerp het vir die vergeesteliking van die samelewing is - Herlewing. Met elke nuwe denkraamwerk waarmee die filosofie op die gees van die mens beslag lê en met elke nuwe ideologiese mag wat opstaan om op die lewensmiddele van die mens beslag te lê, vind daar net gewoon 'n nuwe geestelike herlewing plaas wat hierdie bygeloof van die valse kerk in sy moderne weergawe weer die nuwe geestelikheid van die "nuwe" gemeenskap teenoor die "oue" maak.

Met een bekering of belydenis kan van een stelsel as die "oue" gewoon na 'n ander as die "nuwe" oorgeloop word, sonder dat die geesteswaardes wat die gemeenskap in wetteloosheid en losbandigheid versink: bekering as weg van saligheid en "gees-vervulling" as gehoorsaamheid, ooit bevraagteken word.

12.10.1 Die valse kerk se politieke tweelingboetie.
Van die begin van hierdie eeu af het die valse kerk op die politieke geskiedenis van die Afrikaner beslag gelê deur geestelike herlewings vanuit die Ned. Geref. Kerk. Herlewings is waar die hele gemeenskap as gemeenskap deur bekering volgens die wet tot redding gebring word en die hele gemeenskap "met die gees vervul word".

Die opkoms van Afrikaner-sosialisme tydens die verstedeliking van die Afrikaner is gewoon deur die geestelikes as 'n volks-"herlewing" staangemaak. Die Voortrekkers is gewoon van 'n politieke versetbeweging vergeestelik tot simbole van huisgodsdiens, geestelike toewyding en morele modelle.

Die simboliese ossewatrek is tekenend van die bygeloof wat die hele geskiedenis van die Groot Trek tot simbool van die herlewing van die bekeringsgodsdiens gemaak het. Op die regte Groot Trek wou nie een van die geestelikes gegaan het nie. Met die simboliese een 'n honderd jaar later was hulle die geesdrywers.

Dit was geen ywer vir die Evangelie wat die sendingherlewing van die vyftigerjare geaktiveer het nie. Dit was die Tomlinson verslag wat van die ideologie van apartheid 'n administratiewe funksie gemaak het, wat die hele "sendingherlewing" in die Ned. Geref. Kerk geaktiveer het. Dit was hierdie valse weg van saligheid en "Vervulling met die Gees" wat homself binne die ideologie van apartheid as "herlewing" gevestig het. So is die verontregting en oorheersing van die apartheidstelsel gewoon verduister binne die passie vir "sending".

Die krag agter die Jeug-tot-Jeug Aksie van die Ned. Geref. Kerk in die laat sestigs en vroegsewentigs, het gelê in die anargie van die na-oorlogse en gesekulariseerde Afrikanerjeug. Terwyl die Europese jeug met Sosialisme en Kommunisme in anargie teen gesag gedraai het, het die Afrikanerjeug "herleef". Deur hulle op die weg van bekering te red en "geesvervuld" te maak, is hulle oortuig dat hulle die wêreld vir Christus sal wen omdat die Afrikanerjeug nog die enigste jeug was wat nog waarlik Christene sou wees.

So is beslag gelê op die hele na-oorlogse en gesekulariseerde jeug. Hierdie vergeestelikde anargie is gemobiliseer om die kerk te "vernuwe" en die samelewing te vergeestelik. Almal wat vir vernuwing was, het magsposisies in die kerk gekry. Die "oues" moes uit! Ook die "ou" manier van godsdiens waar die volwassenes die gesag is, moes uit. In die gemeenskap is hierdie geestelike anargie gemobiliseer vir die "antikom" propaganda van die apartheidstelsel. Die gewapendestryd was 'n geestelike oorlog teen die Antichris volgens die geestelikes.

In die tagtiger jare het die Sinode van Noord Transvaal van die Ned. Geref. Kerk 'n herlewingssinode gehou. Die sinode was beplan as die model vir die hele Ned. Geref. Kerk wat met soortgelyke sinodes moes herleef. Die drif van die herlewing was om die Afrikaner weer te konsolideer na die skok van die verslag "Kerk en Samelewing. "In hierdie verslag het die kerk homself ontwortel uit sy verbintenis met die apartheidstelsel. Daarom moes die geestelikes so gou as moontlik weer herleef word om weer beslag te lê op die nuwe gemeenskap na apartheid.
Die negentigers sal geken word as die tyd van die ekumeniese herlewing onder die slagspreuk van "versoening". Met die verval van gemeenskapstrukture in die politiek en die nuwe ideologie van 'n eenheidstaat, moes die klem op verskille verval vir eenheid.

Die valse kerk het 'n eenheid gereed gehad vir die "nuwe" tyd: deur al die verskille heen kon almal wat "ware wedergeborenes" is - volgens die redding deur bekering en geesvervulling - 'n demonstrasie lewer van 'n eenheid wat oor alle kerklike grense heengaan. Met hierdie drif is geestelike gebedskettings uit alle rasse gehou, paviljoene vol van Christene uit alle rasse getrek en die persoon sowel as die bekeringsprediking van Billy Graham amptelik binne die Ned. Geref. Kerk aan die orde gestel.

Die herlewing vir die eeuwending broei reeds. Deur die vergeesteliking van die "nuwe Suid-Afrika" het die versoeningsprofete hulle met die anargie van Afrika- sosialisme vereenselwig. Die medeaanspreeklikheid vir die verval van die gemeenskap in die opheffing van die waardes: beloning vir verantwoordelikheid; bevoegdheid vir bevordering, erkenning vir prestasie, straf vir wetsverbreking, sal deur die geestelikes gewoon ontkom word met 'n nuwe herlewing.

Hierdie herlewing sal 'n morele herlewing wees met aborsie, pornografie, Satanisme en soortgelyke sake as brandpunte om weer teen die gesag van die owerheid op te staan vir 'n nuwe gemeenskapsorde. Die assosiasie van

die "Twee Weë na God" met Afrika-sosialisme sal gewoon weer net nie aan die orde gestel word nie, net soos hulle hulle assosiasie met die apartheidstelsel net met een "skuldbelydenis" ontkom het.

Dit is die werkswyse van die valse kerk in sy moderne weergawe: elke nuwe ideologie of anargie word beslag op gelê as die krag van 'n nuwe geestelike herlewing. Op so wyse is dit die geestelikes wat roep om "bekering" en "geesvervulling" wat elke keer ook die geesdrywers van die "nuwe tyd" is.

In Suid Afrika het ons die visuele voorbeelde dat die geesdrywers vir die sendingherlewing wat die apartheidsideologie geregverdig het, weer die geesdrywers van die ekumeniese herlewing is wat Afrika-sosialisme as die nuwe gemeenskap regverdig.

Hiermee word die Ned. Geref. Kerk nie tot die oorsprong van herlewings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgemaak nie. Inteendeel, terwyl die Ned. Geref. Kerk herleef het, het elke aksie en beweging sy eie herlewing gehad. Hierdie "Twee Weë" na God is juis die geestelike basis van die hele Amerikaans- Engelse geestelike denke. Hulle het met net soveel drif hulle veranker in terroristegroepe, vryheidsbewegings, anargisme en opportunisme, terwyl hulle dit as 'n Christelike stryd vir vryheid en gelykheid regverdig het.

2.10.2 <u>Die valse kerk se filosofiese boetie.</u>
Onder die Afrikaner en in die Ned. Geref. Kerk het die valse kerk homself veranker in die skole, die universiteite, die kuns, die ekonomie en die ganse kultuur onder die filosofiese visie van die "koninkryk van God".

Hierdie filosofiese visie word deur een van die denkers daarvan so verwoord: "As ons op hierdie stadium 'n definisie of 'n nadere omskrywing van die koninkryk van God moet gee, sou ons in die algemeen kon sê 7: Dit is Gods heerskappy en die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plant, dier, mens en engele. Of, ons sou ook daarop kon wys dat dit in die koninkryk in hoofsaak gaan om die daad van heerskappy, die terrein waarin of waaroor die heerskappy uitgevoer word en om die positiewe gevolge van die heerskappy. 8 In die lig van hierdie omskrywing is dit duidelik dat ons 'n dubbele perspektief in die begrip koninkryk kan onderskei: die transendent subjektiewe, nl. Gods heerskappy en die immanent subjektiewe, naamlik die aanvaarding van en onderwerping aan Sy heerskappy." (Lewende Christendom 'n Teologie van gehoorsaamheid. bl. 49 Prof.J. A. Heyns.)

Hoe vergelyk hierdie visie met die saak wat die Bybel as die Koninkryk van God verkondig? In die Bybel is die koninkryk van God niks anders as die Evangelie nie: die Evangelie van God se genadeheerskappy oor sy kerk.

In hierdie filosofiese visie het ons met 'n wetsheerskappy en nie 'n genade-heerskappy te doen. Hierdie definisie is nie 'n Bybelse saak nie. Dit is 'n definisie wat uit die wysbegeerte van die wetsidee kom. Dit is die sogenaamde "Christelike wys-begeerte". In hulle filosofie is dit deur die wet wat God regeer. God regeer die stof met die fisiese wetmatighede van beweging en energie; Hy regeer die plantryk met organiese wetmatighede; Hy bestuur die dier met psigiese wetmatighede en die mens met sedelike wette. Hierdie sedelike wette is dan die Tien Gebooie.

Kan hierdie filosofiese visie met die die inhoud van die Bybel versoen word? Die antwoord is gewoon - nee, beslis nie! Die koninkryk van God in die Bybel is God se genadeheerskappy deur die evangelie - SONDER - die wet. Die genadeheerskappy van God bring nie die mens weer onder die wetsheerskappy van God nie. Dit maak hom vry van die wetsheerskappy van God. Dit bring nie weer die mens onder die sedewette as wet nie, maar verander die werking van die wet so dat dit net 'n middel word wat die gelowige aan die Evangelie bind.

God se genadeheerskappy is ook nie oor stof, plante en diere nie. Die Evangelie is nie vir grond nie. Jesus het ook nie gekom vir bome nie. Hy het nie gesterf vir diere nie. Wat die filosofie onder een idee wil saamvat, is in die godsdiens twee verskillende sake.

Die Voorsienigheid waarin die Here die wêreld regeer is iets anders as die koninkryk van die Here. Nog nooit het die kerk van die Here die Voorsienigheid van God oor die heelal en alle mense as die koninkryk van God geleer nie. Dit is sy genadeheerskappy net oor die gelowiges.

Hierdie filosofie is die denkraamwerk van die valse kerk onder die Afrikaners. Hierdie filosofie maak die wet die wyse waarop God regeer in sy koninkryk en dit is presies wat die valse kerk ook doen. Hulle maak die wet van God die weg tot redding en die wet die regte lewenswyse.

Daarom is hierdie filosofie die tweelingboetie van die valse kerk. Deur hierdie filosofie word die die valse kerk se boodskap logies geregverdig vir die Afrikaner-gemeenskap en op sy beurt aanvaar die geestelikes die filosowe van die wetsidee as die kerk se "Christelike filosowe", in onderskeid van die ander "nie-Christelikes".

So word die boodskap van die Bybel: die verlossing deur die Evangelie alleen en die nuwe koninkryk van God se genade - alleen deur die Evangelie - vir die hele kerk verduister. Dit is 'n verduistering in die kerk van die kansels en in die skole en universiteite van die kateders. In hierdie verduistering is die gewone lidmaat weerloos teen die logika van die "Christelike" filosofie en die valse godsdiens van die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk.

Hulle kan nie anders glo of dink nie.

Met hierdie filosofie agter hulle het geslagte van Ned. Geref. Kerk predikante en geestelikes die filosofiese denkraamwerk gekry om hulle as die leiers van die Afrikaner se wetenskaplike en kulturele lewe te veranker in geheime kultuurorganisasies.

Met die logika van die "koninkryk van God" moet oor oor elke deel van die samelewing uitgedra word, het hulle elke deel van die gemeenskapslewe probeer beïnvloed vanuit geslote binnekringe.

In die openbaar het hulle bekering as weg tot saligheid en geesvervulling as nuwe lewe verkondig en die kerk se roeping versplinter in vrye verenigings soos die ACSV, atlete vir Christus, sakemanne vir Christus, die Christelike hospitaalbond, Radiokansel, - vir elke deel van die samelewing sy eie geestelike groepie.

Die skade? Vra vir enige Ned. Geref. lidmaat wat is die weg tot saligheid en die antwoord is die valse weg van die wet. Vra vir enige Ned. Geref. lidmaat hoe regeer God sy lewe - die antwoord is deur die vervulling met die Heilige Gees.

Binne die Ned. Geref. kerk word die kerk van die Here van die genadeheerskappy van God vervreem deur die kansels, kategese en kerkwerk. In die samelewing word sy kinderlewe deur jeugkultusse soos die ACSV deur hierdie "Twee Weë" opgeëis. In sy sakelewe word hy deur sakemanne vir Christus vir die vroomheid opgeëis. In die hospitale is die verpleegsters in die Christelike Hospitaalbond besig om pasiënte te bekeer en geesvervuld te maak. In die sport is sy medespelers getuies wat gedruk word om ander te leer en te oortuig om geesvervuld te word. Noem maar op - alles met die seën of volle samewerking van predikante van die Ned. Geref. Kerk.

So is hulle weerloos in die drif van mense wat hulle in die gemeenskap wil misbruik vir elke nuwe mag en idee. Hulle is weerloos teen elke nuwe herlewing en geestelike bekering, wat niks anders is nie as die maatskaplike opportunisme van magsbelustes.

13. <u>Twee alternatiewe leerstellings.</u>
Die valse kerk in sy moderne weergawe binne die Ned. Geref. Kerk het die wet as deel van die weg van saligheid en "Die Vervulling met die Gees" as alternatiewe staan gemaak teenoor die waarheid van die Bybel: die waarheid dat die redding alleen deur die Evangelie ontvang word en dat die kerk alleen deur die genade van God in die Evangelie regeer word.

# *HOOFSTUK 6*

# DIE EVANGELIE GEE AAN DIE WET 'N NUWE WERKING.

1. Daar is nou twee tipes Tien Gebooie.
Die wonder van die Evangelie is dat dit 'n nuwe tipe wet tot stand bring. Dit verander nie die reëls van die Tien Gebooie nie. Die Tien Gebooie se reëls bly presies net soos Moses dit vir ons eeue voor Christus gegee het. Maar die wyse waarop die Tien Gebooie se reëls in ons lewe werk, het heeltemal verander.

2. Dit is wat die Bybel leer: 'n wet wat anders werk!
Hierdie nuwe karakter en werking van die Tien Gebooie word deur elke skrywer in die Bybel geleer.

2.1 Die apostel Johannes.
"Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat julle gehoor het. Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle," (1 Joh. 2:7 en 8.)

1. Vir Johannes is "ou gebod" die Tien Gebooie.
2. Vanaf Moses het die kerk al hierdie "ou gebod" gehad.
3. Die apostel leer nie aan hulle ander reëls as die reëls van die Tien Gebooie nie.
4. Die Tien Gebooie soos wat die apostel Johannes dit leer, is aan die anderkant 'n heel nuwe tipe wet.
5. Hierdie nuwe wet verskil so ver van die wet soos wat hulle dit geken het, dat die een die "ou gebod" en die ander die "nuwe gebod" genoem word.
6. Dat die Tien Gebooie iets nuuts en anders is, is te sien in Jesus. Hy maak dat die wet iets nuuts en anders in die lewe van gelowiges is as wat dit was voor hulle tot geloof in Hom gekom het.

2.2 Die apostel Paulus.

"Die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. ... 4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees." (Romeine 8:2 en 4.)

1. In Romeine hoofstukke 1 tot 5 het hy aan die gemeente in Rome die verskil tussen die Evangelie en die Tien Gebooie verduidelik.
2. In Rom. 8 formuleer Paulus 'n nuwe onderskeid wat hy al in hoofstuk 6 begin behandel het.
3. Hierdie onderskeid is die verskil tussen "die wet van die Gees" teenoor die "wet van sonde en dood."
4. Beide die "wet van die Gees" en die "wet van sonde en dood" is die Tien Gebooie. Die woord wet in beide uitdrukkings dui op presies dieselfde wet: die Tien Gebooie.
5. Die Tien Gebooie kan dus op twee maniere werk. Dit kan werk as die "wet van die Gees" of as "die wet van sonde en dood."
6. Hierdie twee maniere waarop die Tien Gebooie werk, beskryf Paulus in Romeine hoofstukke 6 tot 8.
7. Jesus Christus maak die verskil tussen "die wet van die Gees" en die "wet van sonde en dood."
8. Iemand wat aan Jesus verbonde is en in Hom ingesluit is, is heeltemal losgemaak van die Tien Gebooie as " die wet van sonde en dood."(6:14; 7:4; 7:6)
9. Die Tien Gebooie maak iemand wat nie aan Jesus verbind is nie, lus vir sonde en opstandig teen God. (7:5; 7:8; 7:10)
10. Jesus verander die werking en karakter van die Tien Gebooie op so wyse dat sondaars wat nooit die Tien Gebooie as die "wet van sonde en dood" kon gehoorsaam nie , nou hierdie nuwe werking van die wet as die "wet van die Gees" kan gehoorsaam. (Rom. 8:3,4.)

Die Evangelie gee aan die wet se werking in ons lewe 'n heeltemal ander betekenis. Die Evangelie verander die werking van die wet in ons lewe op so wyse dat ons aan die eise van die wet met sy nuwe werking en karakter heeltemal kan voldoen. Ons kan aan die eise van die wet voldoen, nie omdat ons volkome wetsgehoorsaam is nie, maar omdat die wet se aard vir ons deur die Evangelie verander word.

2.3 Die evangelis Matteus.

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet en die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker ek julle: die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is... As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as die van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van God ingaan nie." (Matteus 5:17 -20.)

Hier stel Matteus Jesus self aan die woord. Wat het Jesus geleer ?

1. Die reëls van die Tien Gebooie sal nooit verander word nie. God sal eerder alles wat bestaan laat verval, as om een van die reëls van die Tien Gebooie te laat verval.
2. Nie een van die reëls word ook ongeldig gemaak nie. Die geldigheid van die reëls staan onveranderd vas.
3. Jesus het egter gekom om die werking en aard van die wet in sondaars se lewe te verander. In sondaars se lewe is die wet net geldig as strafmaatreël of as ideaal wat nooit bereik kan word nie.
4. Jesus het die wet se werking vir sondaars so kom verander dat dit weer volle betekenis in hulle lewe kan kry.
5. Die getrouheid van die gelowiges aan die wet is heeltemal iets anders as die van die Jode. Die Jode leef onder die wet sonder Christus. Vir die gelowiges is die wet 'n diens aan Jesus as Seun van Dawid.

Die reëls verander nooit nie. Maar Jesus gee aan die Tien Gebooie 'n heel ander werking. Daarom kan die wet weer vir sondaars volle betekenis in hulle lewe kry.

2.4 Die skrywer van die boek Hebreërs. Die wet by Sinai.

"Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Die nuwe verbond sal nie wees soos die wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here."

Die wet binne die Evangelie.

"Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê ""Jy moet die Here ken nie."" Hulle almal, klein en groot sal my ken. Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie. Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn." (Hebreërs 8:7-13).

1. Die "ou verbond" wat hiervan gepraat word, is die wetgewing by die berg Sinai tydens die uittog uit Egipte.
2. Die "ou verbond" is dus die Tien Gebooie wat op die berg Sinai aan Moses op die twee kliptafels gegee was.
3. Die Tien Gebooie as die ou verbond het nie gewerk nie. Dit het God en die volk vyande van mekaar gemaak. Die volk het nie die Tien Gebooie gehoorsaam soos wat dit as ou verbond gewerk het nie en God het die wet onder die ou verbond gebruik om die volk te verwerp.
4. In die nuwe verbond werk die Tien Gebooie heeltemal anders.
5. Binne die nuwe verbond word die Tien Gebooie nie meer afgedwing op mense wat dit probeer ontduik of vermy nie. "Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: " Jy moet die Here ken nie."
6. Binne die nuwe verbond eis God nie meer dat jy Hom met jou hart en verstand moet dien nie. Hyself maak dat jy die wet met jou hart en verstand wil gehoorsaam sonder dat dit deur wetgewing van jou geëis word.
7. Binne die nuwe verbond word mense ook glad nie meer gestraf as hulle die Tien Gebooie oortree of nie gehoorsaam nie.
8. Die manier waarop die Tien Gebooie vir iemand werk onder die ou verbondverskil so drasties van die manier waarop die Tien Gebooie onder die nuwe verbond werk, dat die ou manier van werk uitgedien is. Dit verdwyn vir 'n persoon wat binne die nuwe verbond is.
9. Jesus is die nuwe verbond. Hy maak die beloftes van God oor hoe die Tien Gebooie sal werk vir mense wat in Hom glo, waar. (Heb. 8:6)

3. Die Evangelie verander die werking van die wet.
Die Evangelie gee aan die Tien Gebooie 'n werking wat heeltemal anders is van die werking van die Tien Gebooie sonder die Evangelie. Die Evangelie is God se liefde vir sondaars. Hierdie liefde van God vir sondaars is die krag wat die werking van die wet verander. Daar is drie maniere waarop die Evangelie, God se liefde vir sondaars, die werking en aard van die wet verander.

* Die Evangelie skaf die wet af as die manier waarop ons gered word. (Sien hoofstuk 4)
* Die Evangelie skaf die wet af as die manier waarop God ons lewe regeer. (Sien hoofstuk 5)
* Die Evangelie laat die reëls van die Tien Gebooie heeltemal anders werk as wat dit werk sonder die Evangelie.

Die nuwe wyse waarop die reëls van die Tien Gebooie werk is:

* Die reëls word tot 'n middel wat ons aan die Evangelie, dit is die liefde van God vir sondaars, vasbind en van die wet losmaak, verander.
* Die reëls word verander tot 'n middel wat ons leer om net uit die geloof in die Evangelie (God se liefde) te leef en nie uit ons onderneming om self die reëls van die Tien Gebooie na te streef nie.
* Die reëls word verander tot 'n middel wat ons leer om ons te laat beheers deur die Gees/deur die Evangelie/God se liefde vir sondaars en nie deur die reëls van die Tien Gebooie nie.
* Die reëls word verander tot 'n middel wat ons leer om ons deur die Evangelie God se liefde) te laat opvoed om beeld van God te wees en nie deur die reëls van die Tien Gebooie nie.

Hierdie is die Evangeliese betekenis van die Tien Gebooie in die lewe van 'n Christen. Dit is die enigste waarde wat die Tien Gebooie nog vir 'n Christen oor het.

Hierdie evangeliese werking van die Tien Gebooie word uitvoerig deur Paulus in sy briewe verduidelik. Ons gaan nou met behulp van drie voorbeelde hierdie evangeliese werking van die reëls in teenstelling met die nie-evangeliese werking daarvan verduidelik.

3.1 Die verskil tussen die werking van die wet binne of buite die Evangelie: 'n leerlingbestuurder en verkeersreëls.

Die ou werking van die Tien Gebooie.
Paulus wys op hierdie ou werking van die wet in Rom 7:5 en 8. "Toe ons nog 'n sondige lewensbestaan gevoer het, was die sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die sonde..... Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit. "

Iemand onder die wet kry sy krag om te sondig in wet. Dit is die werking van die wet in die lewe van 'n ongelowige.

Die ou lewe onder en volgens die wet is soos wanneer ons motor bestuur met ons eie lisensie. 'n Lisensie beteken dat ek 'n kontrak met die owerheid het. Dit is 'n kontrak waarin ek bewys gelewer het dat ek volgens die wet kan bestuur en ook sal bestuur. Ek het 'n onderneming teenoor die owerheid dat as ek nie volgens die wet sou bestuur nie, ek my aan die straf van die wet sal onderwerp.

Vir baie mense werk die Christelike lewe so. Om as 'n Christen te leef, beteken vir hulle dat Jesus vir hulle sondes in die hof betaal. Hulle moet uit dankbaarheid vir hierdie afbetaling van die boete volgens die wette, hulle motor (lewe) gaan bestuur. Elke keer as hulle weer 'n sonde doen, dan moet hulle weer hof toe gaan. As hulle aanvaar dat Jesus weereens hulle boete betaal het, dan moet hulle weer uit dankbaarheid hulle motor volgens die wette gaan bestuur. Dit is presies hoe ongelowiges die Christelike lewe sien. Ons leef self onder die wet en volgens die wet. As ons fouteer dan betaal Jesus aan die een kant. Aan die ander kant moet ons uit dankbaarheid dat Hy betaal het, weer onder die wet gaan leef.

Dit is egter 'n leuen wat mense leef. Is dit so dat as iemand jou boete betaal, dit jou 'n mens maak wat die wet gaan onderhou? Nee, daar is nie sulke mens nie. Mense bestuur nie op hulle eie volgens die reëls nie. As hulle uit die hof

kom bestuur hulle wel versigtiger, maar dit is net om nie weer gevang te word nie. Daardie dankbaarheid vir 'n boete wat betaal is, hou nie baie lank nie.

Hulle ry versigtiger as hulle weet daar word lokvalle gestel en die boetes al hoe strawwer word. Dit is die vrees vir die vernedering van die hofsitting en die ongerief wat hulle versigtiger maak, nie die dankbaarheid dat die boetes betaal word as hulle hof toe gaan nie.

Die nuwe werking van die wet.

In die Evangelie word ons ingelyf by Jesus en Hy by ons. In ons voorbeeld beteken dit dat ons bestuurslisensie word weggeneem en ons kry die status van 'n leerlingbestuurder. Ons word 'n bestuurder wat net kan bestuur met sy ouer by hom in die motor.

Ek bestuur, maar ek staan nie self in onder die reëls van die wet nie. My ouer staan vir my onder die wet in. Ek hoef glad nie meer self hof toe te gaan of teenoor die hof ondernemings te maak nie. Die ouer sorg daarvoor. Ek is nie meer onder die hof se wetstoesig nie, maar onder die liefdesorg van my pa.

Beteken dit dat ek nie meer na die reëls van die verkeerswette hoef te luister omdat my pa met my is en ek in hom 'n leerlingbestuurder is nie?

Nee, dit verander net heeltemal die werking van die wette.

1. Hoe meer ek bestuur, hoe meer leer hierdie verkeerswette my dat ek afhanklik is van my pa wat vir my instaan As hy nie by my is nie, sou ek hof toe moes gaan en die boetes self moes betaal. Boetes waarvoor ek nie die geld het om dit te betaal nie.
2. As ek sien hoe my pa deur die verkeerspolisie behandel word omdat hy vir my opkom wanneer ek oortree, is ek dankbaar. Dankbaar omdat ek net hoef stil te bly terwyl hy en die verkeerspolisie praat. Dit is 'n dankbaarheid dat hy by my is. Dit is nie 'n dankbaarheid dat ek los is om weer self te gaan bestuur op my eie sonder hom nie.
3. Dit maak dat ek nooit op my eie sonder hom wil bestuur nie. Ek self sien nie kans om so deur die verkeersowerheid behandel te word en met hulle te praat nie. Die toepassing van die wette wat ek oortree, verbind my al meer en meer aan hom wat vir my instaan en met my is. Ek wil met hom wees. Ek wil hom by my hê. Ek sien nie kans om sonder Hom te leef nie. Ek wil net met hom by my leef.
4. Wanneer Christus vir my sonde instaan, leer die wetstoepassing op Jesus vir my sonde my dat ek nie anders as met Hom by my wil leef nie. Ek wil nie anders as om meer en meer binne die Evangelie en nie self onder die wet te leef nie. Paulus beskryf hierdie nuwe werking van die wet op sy lewe in Filippense 2: 7-11. Dit wat eers vir hom 'n bate was, was om self onder die wet te leef. Binne die Evangelie leer die Tien Gebooie hom nou iets anders: om by Jesus ingelyf te wees. "Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."
5. Daar is 'n groot verskil in die wyse waarop 'n verkeerskonstabel vir jou pa ver-duidelik hoe jy moes ry en hoe jy moet ry en die wyse waarop jou pa, nadat met hom geraas is, vir jou verduidelik hoe jy moet ry.
   Die verkeerskonstabel dwing die wet af op jou pa deur hom te dreig. Jou pa oefen jou in sy liefde vir jou. Hy leer jou omdat hy jou as pa wil versorg, lei en beskerm in sy liefde. Binne hierdie liefde is elke verkeersreël net 'n oefening waar hy weer lei, weer raad gee, weer aanmoedig, weer verseker, weer vertroos en weer rigting gee. Of jy die wet regkry of verbreek, dit verander nie hierdie oefening in sy liefde nie. Nooit kan daar 'n dreigement kom dat hy jou sal verlaat of geregtelik sal vervolg omdat jy oortree nie. Jou oortreding maak dit net nog 'n oefening in sy leiding, sy sorg en sy aanmoediging. Jou eie gehoorsaamheid aan die verkeersreëls is net 'n oefening in sy liefde.

   Om uit die geloof te leef, beteken om die liefde waarin die sorg, die aanmoediging, die teregwysing en vermaning van God in die Evangelie na ons kom, te aanvaar. Dit beteken om jou gedrag volgens die liefde van God in die Evangelie te rig. Om jou deur die reëls van die wet te laat oefen in die vertroosting, aanmoediging,

versterking, versekering en opbouing van die Evangelie.

Die wet is net 'n middel om jou te oefen om vanuit die leiding van die Here in die Evangelie te leef.

6. Hoekom probeer ek reg bestuur? Omdat ek vir hom as pa bestuur. Nie omdat ek vir die verkeersowerheid wil wys ek kan volgens die wet bestuur as ek wil nie. Ek wil my in sy liefde as Here vir my laat oefen en rig. Dit is waarin die wet se reëls my oefen: die liefde van God in die Evangelie.

   Paulus beskryf hierdie betekenis wat die Evangelie aan die wet gee in Gal. 4: 3-6: "En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop, sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! "

   Hierdie is die nuwe betekenis van die Tien Gebooie teenoor sy ou betekenis. Die Evangelie het die betekenis van die wet verander. Die doel van 'n stopstraat is nie dat dit 'n reël of middel is wat jou oefen in die liefde van jou pa nie. Dit is 'n wet van die owerheid wat jou straf as jy dit oortree. Dit dwing jou om uit vrees vir straf daarvolgens te leef.Deurdat God mens in ons plek onder die wet geword het, maak Hy die wet in ons lewens nuut. Hy maak homself die pa wat met ons is en vir ons onder die wet instaan. Ek leef nie vir myself nie, maar vir Hom.

<u>Ons kan reg leef vir God volgens die nuwe wet.</u>
Vir 'n verkeerskonstabel kan 'n mens nooit reg bestuur nie. Jy maak altyd een of ander fout. Daar is altyd kritiek en nooit is iets so reg dat hy volgens die reëls tevrede is nie.

En jou pa? As jy hom met jou aanvaar en nie sonder hom wil bestuur nie, as jy aanvaar dat hy die wet gebruik om jou in sy liefde en sorg te oefen, dan het jy hom behaag. Al het jy nie volgens die wet reg bestuur nie. Vir hom was dit 'n volmaakte dag.

As ons ons al vaster aan Christus laat bind en al meer uit sy liefde vir ons leef - leef ons vir God volkome reg, al kan ons nie die wet se reëls reg uitvoer nie.

Dit stel Paulus aan die orde in Rom 8:4 :"Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees. "Dit is dieselfde saak wat hy in Rom 7:4 en 7 gestel het: "Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie..." "Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie."

Die eis van die wet is verander. Dit is nou die eis van God wat ons al vaster laat vashou aan Christus. As die wet ons dit laat doen, al vaster laat vashou aan God se liefde vir ons, dan gehoorsaam ons dit volkome. Dit is heeltemal iets anders as om al meer en meer te probeer om volgens die wet se reëls reg te leef.

Hoekom ons nou aan die eise van die wet kan voldoen, is omdat die Evangelie (dit is ook genoem die Gees, die Heerskappy van God se genade, die koninkryk van God e.a.) aan die eise van die wet hierdie nuwe betekenis gegee het: om ons vaster aan Jesus te bind.

As ons nog die wet se eis moes gehoorsaam om so al meer en meer volgens die wet se reëls reg te leef, sou ons nooit aan die eis van die wet kon voldoen nie. Nou kan ons. Die wet werk anders.

3.2 <u>Die verskil tussen werking van die wet binne of buite die Evangelie:</u>
<u>die verskil tussen 'n landbouer se seun en sy slaaf.</u>
Paulus gee dieselfde getuienis in Romeine en Galasiërs met sy voorbeeld dat Christene die kinders en nie die slawe van God is. Kom ons lig dit toe.

1. Hoe tree 'n boer op teen die werkers as hulle nie gedoen het wat hulle moes nie. Hy skree op hulle, hy jaag hulle weg en dreig hulle. Hoe laat dit die kinders voel as hulle sien hoe die pa optree teen die slawe? Dit laat hulle onmiddellik besef dat hulle ook die foute maak wat die slawe maak, maar sien dat hulle pa nooit so teenoor hulle optree as hulle dieselfde foute maak nie. So leer hulle al meer en meer hoe lief die pa hulle het en hoe geweldig anders hulle posisie is omdat hulle seuns en nie slawe is nie. Die wetstoepassing van hulle pa op die wat onder die wet leef, leer hulle hoe om uit die liefde en status wat hulle as seuns in hulle pa se hart het, te leef.

Die wet leer kinders van God presies hoe groot God se liefde vir hulle is en wat die liefde vir hulle behels. Dit maak dat hulle uit en volgens die liefde vir hulle pa op die plaas leef en werk. Paulus stel dit so: "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep "Abba! "Dit beteken Vader." (Rom 8:14 en 15)

Vir die slawe van die wet kan die wet nooit hierdie betekenis kry nie. Al probeer hulle elke dag om volkome volgens die boer se reëls te leef.

In die Evangelie word die wet gebruik as 'n middel om kinders van God te leer om uit die geloof in hulle status as kinders van God te leef. Hulle moet leef uit die liefde wat hulle van God ontvang. Die wet leer hulle nou hoe om hierdie nuwe tipe lewe te leef.

2. Al gesien hoe anders leer 'n boer die werkers wat hulle moet doen teenoor die wyse waarop hy sy seuns leer wat om te doen ?

Die werkers kry net opdragte en hierdie opdragte is bevele wat hulle moet uitvoer. Die bevele is die wyse waarop die werkers as ondergeskiktes gehanteer en onderdanig gehou word. Die werkers moet maar self sorg dat hulle weet hoe om hulle werk te doen. As hulle dit nie weet nie, word hulle nie in diens geneem nie. Sou die boer hulle nog leer, dan is dit net 'n manier om beter diens en meer geld uit sy arbeiders te kry.

En die seuns ?

Hier kry die opdragte 'n heel ander karakter. Dit is nie meer bevele wat uitgevoer moet word nie, dit is riglyne hoe om jouself te oefen om eienaar van die plaas te wees.
Nooit moet jy jouself leer nie. Die pa staan by, leer, gee raad, wys en ondersteun. Want dit is sy seun wat sy erfgenaam is.

Dit is nie bevele nie maar riglyne in die opvoeding van die seun as die een wat die pa lief het. Die riglyne verbind die seun aan die liefde van sy pa om hom te oefen en op te voed in sy kindskap. Dit maak hom nooit 'n werker nie.

Die wet word in die Evangelie opgeneem om gelowiges op te voed en te oefen in hulle status en liefde vir God as sy kinders. Hier word die reëls van die wet net die riglyne hoe die kind van God hom moet oefen in die liefde van die God die Vader.

Die kind van God wat in die Evangelie glo, laat sy gedrag deur die Evangelie bepaal word. Sy lewe uit die geloof in God se liefde vir hom is die regte lewe volgens die nuwe wet in Christus.

3.3 <u>Die verskil tussen werking van die wet binne of buite die Evangelie: afrigter of skeidsregter.</u>

1. <u>God se wil was nooit bedoel om 'n wet te wees nie.</u>
In 1 Tim. 1 :8 sê Paulus aan sy kollega Timoteus: "Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir die mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, die wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, die wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. "

Die Here se wil was nooit bedoel om as 'n wet te funksioneer nie. Die Here het die mens goed gemaak. Die mens is so gemaak dat hy sy Skepper wou dien en liefhê. Vir iemand wat God wil dien en wil liefhê, is daar geen wet nodig nie.

Die geregtelike betekenis van die wet maak God se wil afdwingbaar. God se wil in wetgewing beteken dat sy wil in die vorm van 'n afdwingbare gebod of verbod gegee word: Afdwingbaar deur beloning vir gehoorsaamheid en straf vir ongehoorsaamheid.

So werk die gewone lewe. Hulle wat wetsgehoorsaam is, word met hoër salarisse, bevordering, vakansie, byvoordele en gemak beloon. Hulle wat die wet oortree, word met afsetting uit die werk, geldelike boetes, inperking, oortyd werk sonder vergoeding en swakker poste gestraf.

God se wil vir sy kinders was nooit bedoel om as so wet in hulle lewens te werk nie. Die Here se wil as wet is bedoel vir mense wat Hom nie wil dien en liefhê nie. Hulle word deur God se wil as 'n juridiese wet gedwing om volgens sy wil te leef, of hulle Hom nou liefhet of nie.

2. <u>Die reëls van die wet leer ons om deur die Evangelie opgevoed te word in ons diens aan God.</u>
Paulus skryf aan sy kollega Titus: "Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug te lewe, ..." (Titus 2:11 en 12)

Dit is nie die wet van God wat Christene leer om die sonde te los en die Here lief te hê nie. Dit is die Evangelie, God se liefde vir sondaars. In die Evangelie word die mens gelei deur God se liefde, sy barmhartigheid, sy goedheid, sy genade, sy getrouheid, sy welwillendheid en sy lankmoedigheid.

Dit is hierdie versoening waarin die sondaar elke dag met God leef wat hom leer om uit die sonde op te staan en God te dien in liefde. Die Christen word nie in hierdie toekeer en diens aan God deur die wet opgevoed nie, maar deur die Evangelie.

Waar die mens hom deur God se liefde laat opvoed, verval die wetlike en juridiese werking van God se wil vir die gelowige. Dit word heeltemal iets anders. God se wil is nou 'n middel wat die mens as kind van God leer om deur God se liefde opgevoed te word, nie deur die wet nie.

Dit gee 'n heel ander karakter en werking aan die reëls van die Tien Gebooie. Dit is nie meer geregtelik afdwingbare wette nie, maar opvoedkundige hulpmiddels om mense te leer om deur God se liefde opgevoed te word.

God se liefde in die Evangelie leer ons hoe om te leef, nie die wet nie. God se wet wys ons dat ons deur sy liefde en nie sy wet geleer moet word hoe om te leef nie.

3. <u>Die verandering van die reëls van wet tot opvoedkundige hulpmiddels.</u>
Hierdie verandering kan ons met die verskil in die werkwyse van die reëls van 'n afrigter teenoor 'n skeidsregter in rugby toelig.

<u>AFRIGTER.</u>
Die afrigter is 'n persoon met liefde vir sy span. Hy wil graag hê die span moet hulle ideaal ontwikkel, hulle potensiaal bereik en hulle beste spel lewer. Hy wil die span afrig, want hy is innerlik verbonde aan die span. Hy het die span lief. Hy is die een wat die span oefen in hierdie liefde wat hy vir die span het. Hy wil die beste in elke speler ontwikkel. Hy wil elkeen afrig om sy plek te kan volstaan. Dit doen hy deur oefen- programme, diëte en spanpraatjies. Sy leiding wat hy gee is altyd afrigting: oefening in hierdie liefde vir die span.

<u>SKEIDSREGTER</u>.
Die skeidsregter daarenteen stel glad nie in die span of die lede van die span belang nie. Hy het nie die span lief nie. Hy het die spel lief. Hy kyk na die belang van die spel. Dit doen hy deur die wet. Deur die wat die spel benadeel te straf en die wat die spel bevorder te bevoordeel, handhaaf hy die belang van die spel. Sy leiding aan die spanne is

altyd wetgewing wat in die vorm van straf of beloning afgedwing word. 'n Skeidsregter het geen liefde vir 'n spesifieke span nie.

God se wil as voorskrif, bepaling, riglyn en verordening.

In die Bybel word baie woorde vir die wil van God gebruik. Al hierdie woorde beskryf die wil van God as 'n middel wat die mens leer om in God se liefde opgevoed te word. Die Psalm- en Spreukeboek leer hierdie betekenis van die wil van God. Waar die wil van God vir die gelowige in die Bybel "wet" genoem word, is dit nie 'n geregtelike afdwingbare reël nie, maar 'n riglyn om uit God se liefde te leef. God se wil vir sy kinders is net soos die wil van 'n afrigter vir sy span.

Sy wil as voorskrif.

'n Afrigter sê vir die spelers hoe hy wil hê hulle moet oefen. Sy wil is vir hulle 'n voorskrif. Hy gebruik die reëls van die spel as voorskrifte. Die spelers aanvaar sy wil as voorskrif want dit bind hulle aan sy liefde om hulle die wenspan te laat wees. Dit is sy liefde vir die span waarin hulle deur die voorskrifte geoefen word . Hulle word nie geoefen hoe om na reëls te luister nie, maar hoe om te oefen in die ideaal van die afrigter. Hulle wil hê dat hy sê hoe geoefen moet word want hulle is sy ideaal.

Die voorskrif van 'n afrigter is nooit 'n verpligting wat op die spanlede afgedwing word nie. Omdat hulle glo in sy liefde wil hulle sy wil as voorskrif navolg. Hulle volg sy wil na omdat hulle innerlik daartoe verbind is, nie omdat hulle deur wetlike dwang daartoe verplig is nie.

Sy wil as bepaling.

Die afrigter bepaal wat in die oefening en die wedstryd gedoen moet word. Die spelers bepaal nie self wat hulle gaan doen nie. Die rede hiervoor is dat die spelers nie kan voorsien hoe die seisoen se spelpatroon gaan wees nie. Hulle weet nie wat die ander klubs se spelstyl gaan wees nie.

Die afrigter reken vooruit wat die patroon moet wees. Hy bepaal elkeen se plek en rol. Dit is sy liefde vir die span. Hy gebruik die reëls van die spel om hulle in sy liefde vir die span te lei. Die spelers glo in sy liefde vir die span. Daarom is sy reëls vir hulle bepalings wat hulle wil hê en wil aanvaar. Dit oefen hulle in sy liefde.

Die bepalings van 'n afrigter is nooit 'n veroordeling van die foute van 'n speler nie. Sy verskuiwings is altyd om elkeen sy beste speelruimte te gee.

Sy wil as riglyn.

Die afrigter kan vooruitreken hoe elke speler in die span gaan ontwikkel, groei en presteer. Hy wil hulle so oefen dat elkeen sy talente die beste sal kan aanwend. Daarom lê hy die riglyne vir die spelers se oefening en spel neer. Die reëls van die spel gebruik hy as riglyne hoe om in sy liefde te oefen. Sy liefde wil hulle talente die beste geleentheid gee.

Die spelers kan dit nie self bereken nie. Hulle glo in die liefde van die afrigter en oefen hulle deur die aanvaarding van sy riglyne.

'n Afrigter sal nooit die talent of toekoms van 'n spanlid benadeel deur sy riglyne nie. Sy riglyne is juis om hulle in sy liefde vir sy talente te oefen.

Sy wil as verordening.

Die afrigter wil die spelers so vorm dat die spelers as span saamspeel. Hy wil hê hulle moet hulle regmatige plek inneem tot voordeel van die span in sy geheel. Hierdie liefde vir die spelers maak dat hy hulle orden in die span. Hy gebruik die reëls om die spelers te leer om hulle deur sy liefde te laat orden.

Hy skaaf hulle, pas hulle in en perk hulle in om hulle elkeen 'n regmatige plek te gee tot beswil van almal deur sy liefde. Die spelers glo in die liefde. Hulle is onderling aan mekaar daartoe verbind. Daarom lê hulle hulle neer by die verordeninge. Dit oefen hulle in sy liefde.

God se wil as voorsegging, veroordeling, strafmaatreël en regulasie.
In die Bybel het die wil van God heeltemal 'n ander karakter as dit geld vir die wat Hy nie liefhet nie. God kies wie Hy wil liefhê en skenk aan hulle die gawe om in sy liefde te glo. Hy kies goddeloses en maak hulle sy kinders. Vir hulle wat God nie kies om sy kinders te wees nie, is sy wil die wil van 'n skeidsregter. Hy stel nie belang in die ongelowiges nie. Vir hulle wil Hy net hê dat sy wil sal geskied soos 'n skeidsregter wat net wil hê dat die spel tot sy reg sal kom.

Sy wil as voorsegging, nie as voorskrif nie.
Die afrigter oefen sy span in sy ideaal vir hulle deur voorskrifte. Die skeidsregter sê vir die spelers voor hoe hulle hulle in sy wedstryd moet gedra. Dit is een en dieselfde reël wat beide die skeidsregter en afrigter aanwend. Die afrigter gebruik die reël om die span te oefen in sy liefde vir die span. Die skeidsregter gebruik die reël om die spelers te verplig om volgens die reëls van die spel te speel. Hierdie verpligting dwing die reël af op die spelers. Dit is bloot 'n dissiplinering in die reëls van die spel, geen oefening in 'n ideaal vir die span nie.

Sy wil as veroordeling, nie as bepaling nie.
As die spelers die speelreëls verbreek, dan het die skeidsregter net een belang: die gang van die spel. Hy bepaal die gang van die spel deur die speler wat die reël oortree te veroordeel. Hy gebruik die reëls as middel om te veroordeel. Hy sê wat is die oortreding en wys die oortreder uit. Hierdie veroordeling ontwrig die speler.

In die rol van die speler in sy span of die spelpatroon van die span het hy geen belang nie. Hy dwing eenvoudig die reëls van die spel af deur foute te veroordeel. Hoe dit die bepalings van en die span se verbintenis aan die bepalings van hulle afrigter ontwrig, is vir die skeidsregter gewoon onbelangrik.

Sy wil as strafmaatreël, nie as riglyn nie.
In spel gee die skeidsregter nie riglyne vir die spelers oor hoe hulle moet speel nie. Hy wil hulle nie leer om hulle talente te ontwikkel of hulle in sy liefde vir hulle as spelers oefen nie. Hy gebruik die reëls as strafmaatreëls. Hierdie strafmaatreëls bevoordeel die een span en benadeel die ander span. Deur die bevoordeling en benadeling van die strafmaatreël, dwing hy doodeenvoudig die spelreëls af. So verplig hy die spelers om die reëls tot hulle voordeel aan te wend. Wat van die toekoms of talent van 'n speler word deur reëls as die strafmaatreëls toe te pas, is vir die skeidsregter gewoon onbelangrik.

Sy wil as regulasie, sonder enige verordening.
Die wil van die skeidsregter is om die spel te reguleer. Dit is waarvoor hy die reëls aanwend. Solank die spel deur die reëls gereguleer is, het hy geen saak met die orde of wanorde tussen 'n span se spelers nie. As een spanlid 'n ander oorheers deur die die bal nie uit te gee nie, of as een lyf wegsteek en ander ooreis, of as een ongemotiveerd is en so die ander in die steek laat, skeel die skeidsregter min.

Die reëls as regulasies is om die spel tot sy reg te laat kom, nie die span nie. 'n Verordening is anders. Hier wys die reël om jou deur die liefde te laat bind. Hierdie onderlinge verbondenheid aan mekaar en oefening in die verbondenheid om mekaar tot reg te laat kom, kan alleen die liefde bewerk.

Uit hierdie voorbeeld blyk die verskil wat die Evangelie gee aan die werking van die reëls van die Tien Gebooie: dit leer die mens om deur die liefde van God in die Evangelie gelei, gerig, gestuur, gekontroleer en geoefen te word. Waar die mens hom deur die liefde van God in die Evangelie laat opvoed, daar word die reëls van die Tien Gebooie voorskrifte, bepalings, riglyne en verordeninge in sy lewe.

Waar die mens hom deur die Tien Gebooie laat lei, rig, stuur, kontroleer en geoefen word, verloor die Tien Gebooie die funksie om die mens te leer om deur God se liefde in die Evangelie opgevoed te word.

Vir so mens word die reëls van die wet voorsegginge, veroordelings, strafmaatreëls en regulasies. Hierdie werking van die Tien Gebooie kan geen mens tot diens aan God opvoed nie. Dit breek die mens af en maak die mens innerlik dood vir God en sy liefde. Dit is wat Paulus vir Timoteus uitwys: die wil van God was nooit as wet bedoel nie. So werk dit net vir goddeloses om hulle sonde in te perk en 'n uiterlike onderworpenheid aan die wil van God af te dwing. Dit verplig 'n gehoorsaamheid aan die wet sonder enige verbintenis aan God se liefde in die Evangelie.

Daarom is daar tussen Fariseërs en goddeloses in die Bybel geen onderskeid nie. Hulle is die mense wat hulle deur God se wil as wet laat lei en deur God so behandel word.

Die Evangelie is die krag van God wat sondaars tot geloof in God se liefde vir sondaars bring en hulle so verbind tot 'n nuwe tipe wet: as middel wat hulle leer om hulle in die liefde van God te oefen. (Rom. 1:5)

Vir die kerk is God se wil altyd die wil van 'n afrigter: 'n afrigter in die liefde van God in die Evangelie. Vir die wêreld is God se wil altyd die wil van 'n skeidsregter.

4. Die nuwe werking van die wet laat die Tien Gebooie tot sy volle reg kom.
Ons het gesien dat die Bybelskrywers wys dat hierdie nuwe werking van die wet, die wet tot sy volle reg laat kom sonder dat een letter of letterstrepie van die Tien Gebooie verander word of verval. Hoe gebeur dit?

4.1 Sondaars handhaaf die volle eis van die wet.
Dit is die wonder van die Evangelie. Omdat die wet geen straf of veroordeling vir die gelowige inhou nie, hoef hy nie die wet te verander om by sy sonde aan te pas nie. Hy hoef ook nie die wet se aanspraak te verminder om sy straf ligter te maak nie. Die gelowige kan eerlik die volle eis van die wet as maatstaf vir homself bly handhaaf.

As hy gesteel het, kan hy die diefstal erken soos wat die wet die omvang en aard van diefstal beskryf. As gelowige vrees hy nie meer die wet nie. Daarom hoef hy nie in homself vals te word en voor te gee dat hy die volle eis van die wet handhaaf nie.

Aan die anderkant hoef hy nie meer uit sy vrees vir God die wet te vervals nie. Die gelowige kan die waarheid van die wet handhaaf sonder enige vrees vir die gevolge wat dit vir homself as sondaar inhou.

Die volle eis van die wet maak hom nie meer strafwaardig nie, dit bind hom net vaster aan die liefde van God vir sondaars.

Dit verduidelik Paulus in Rom. 3. Die betekenis van die wet vir iemand wat onder die wet leef beskryf hy in verse 19 en 20: "Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir die wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is."

Die wet kan 'n gelowige nie meer strafwaardig voor God maak nie, want hy leef nie meer onder die wet nie, maar onder die genade. (3: 21-30) Juis daarom kan 'n sondaar nou die volle eis van die wet handhaaf en nie of sy eie gehoorsaamheid of die eis van die wet vervals nie. Daarom sê Paulus :"Hef ons dan deur die geloof die wet op? Beslis nie. Ons laat die wet juis tot sy reg kom." (Rom. 3:21)

Hierdie karakter van die wet binne die Evangelie blyk duidelik uit Ps. 32. Verse een en twee getuig van die geloof in God se genade waardeur die sondaar se oortredinge nie gestraf of selfs eers toegereken word nie. Hierdie genade en Dawid se geloof in God se genade, maak dat hy nie in sy gees teenoor God vals hoef te wees nie. Hy kan die volle eis van die wet erken en so sy volle sondeskuld bely, sonder enige vrees dat sy sonde of gestraf of hom toegereken sal word.

4.2 Sondaars skep nie vir hulle makliker wette in die plek van die wet van God om hulle self te regverdig nie.
Omdat die wet nie meer 'n eis inhou wat vir ons onbereikbaar is nie, hoef die gelowige nie ander geestelike reëls en alternatiewe wette te maak wat hy in die plek van die Tien Gebooie kan nakom nie. Die volle eis van die wet is nou om ons te leer om vaster en vaster aan die Evangelie te hou. Dit kan die gelowige doen.

Hoe eerliker die gelowige met die volle omvang en reikwydte van die eis van die Tien Gebooie is, hoe meer bind dit hom aan God se liefde vir sondaars. Voorheen sou dit hom ontmoedig het. Hy sou na makliker reëls en eise met minder impak gesoek het. Dit is reëls wat hy self sou moes maak in die plek van die Tien Gebooie.

Die nuwe werking van die wet maak dat die gelowige die reëls van God se wet onveranderd aanvaar. Die wet leer hom nou om iets te doen wat hy kan doen: om al vaster aan die geloof in Christus vas te hou.

Die wette wat mense vir hulleself maak om te onderhou, leer geen mens om aan die geregtigheid van Christus vas te hou nie.

Dit leer hulle om al meer los van Christus te leef en al meer op hulle eie onder die wet te leef.

In Ps. 40: 7-13 word hierdie karakter wat die Evangelie aan die wet gee duidelik verwoord. In vers 7 verwerp Dawid die alternatiewe wette wat Israel vir hulle self gemaak het. God vra nie dat die offerseremonies onderhou word as alternatief op die Tien Gebooie nie.

In vers 8 verbind Dawid hom aan die eis van die wet. Dit doen hy glad nie omdat hy glo dat hy aan die geregtigheid van die wet kan voldoen nie. Inteendeel, in vers 13 sê hy dat sy eie ongeregtighede hom ingehaal het.

Hy verbind hom aan die eis van die wet, omdat God hom in sy ontferming insluit en God in sy liefde en trou oor hom waak. (verse 11 en 12 ). Deur die eis van die wet te handhaaf word Dawid al vaster gebind aan die ontferming van die liefde van God.

4.3 Sondaars handhaaf die Tien Gebooie as die wyse waarop 'n mens God en sy naaste moet liefhê.
Die volle eis van die wet is liefde, nie dissipline nie. Die Evangelie maak dat God sondaars as goddeloses aanvaar: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Rom. 5:8)

God se liefde kan nie vir 'n gelowige verlore raak as hy God haat nie. Die liefde van God binne die Evangelie vra nie liefde as voorwaarde vir God se liefde nie. Die Evangelie skep liefde in 'n sondaarhart vir God terwyl hy God en sy gebod haat." Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes." (1 Joh. 4:10)

Binne die Evangelie kan die Christen die wet as die eis tot liefde onveranderd vir homself bly handhaaf. Om God en jou naaste lief te hê, beteken om hulle volgens die eis van die Tien Gebooie te behandel. As jy die Tien Gebooie nie onderhou nie, wys dit jou haat vir God en die naaste. Die wet wys dus vir elke gelowige op sy haat vir God en sy naaste. (Rom. 3: 9-17)

Vir 'n gelowige is dit nie 'n verskrikking om sy haat vir God en sy naaste in die wet te ontdek nie. Hoe meer hy sy eie haat en liefdeloosheid ontdek, hoe meer hou hy aan God se liefde vir hom as sondaar binne die Evangelie vas.

In ons haat leer ons dat God ons nie lief het omdat ons Hom lief het nie, maar omdat Hy doodeenvoudig gekies het om ons lief te hê. Al het ons dieselfde haat in ons vir Hom as wat ander sondaars het, wil Hy ons lief hê. (Rom. 9: 11-18)

'n Gelowige wat sy eie haat in die wet vir God en sy naaste ontdek, raak ook nie verward of moedeloos nie. Dit dryf die gelowige om net vaster aan die geloof in die Evangelie te gryp omdat die liefde van God in die Evangelie sondaars 'n liefde vir God gee. Liefde in die wet is 'n eis. In die Evangelie is dit 'n gawe van God aan hatige mense: "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God in hom.... Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." ( 1 Joh. 4:16 en 19)

Onder die wet sou 'n sondaar van God se liefde ontdaan moes wees as hy sy eie haat vir God en sy naaste moes erken. Meer, hy sou homself in die uiterlike handhaaf van die regulasies van die wet probeer troos het, sonder om die eis van liefde te erken as die ware aard van die wet.

Die werking van die wet is verander na 'n middel om ons te leer om uit die geloof in God se liefde vir sondaars te leef. Buite die Evangelie is die wet 'n middel om sondaars te leer dat God hulle haat vir hulle liefdeloosheid.

Die nuwe werking van die  wet beteken dat hoe meer ek die wet as eis van die liefde leer ken en aanvaar, hoe meer leer ek God se liefde vir my as sondaar, vol haat, ken. Hoe meer ek die wet as eis van liefde leer ken, hoe minder probeer ek my eie haat as liefde regverdig en hoe meer vlug ek in die liefde van God om die bron te kry om volgens die wet lief te hê.

Ps. 51 gee getuienis van hierdie werking van die wet. In verse 5 en 6 neem Dawid die vrymoedigheid om die opsetlikheid van sy sonde teen God te erken. Die doel van sy dade is om God te na te kom. In vers 7 erken hy dat dit nie 'n glips is of net 'n oordeelsfout nie, maar dat van sy kinderdae af hy die geaardheid het om doelbewus God in sy eer te wil krenk.

In hierdie belydenis handhaaf Dawid die liefde as die bedoeling van die wet en erken hy dat sy eie bedoeling nie die liefde vir God, maar die haat vir God is.

Hierdie handhaaf van die eis van die wet, dryf Dawid om sy toevlug te neem tot God se genade in die Evangelie. In verse 8 tot 15 neem Dawid sy toevlug daarin dat God vir hom die hart en gemoed sal gee om God lief te hê. Die liefde en goedheid van God in die Evangelie is waaraan die eis van die wet Dawid innerlik verbind. (vers 20)

4.4  <u>Sondaars word innerlik verbind aan God se wil sonder die dwang van die wet.</u>
Dit was nooit die bedoeling van die mens se diens aan en liefde tot God om 'n wet te wees nie. "'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense   wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, ..."(1 Tim. 1 :9).

Onder die genadeheerskappy van God leer die gelowige in die wet dat dit wat in die wet geëis word, nie nodig is om deur 'n wet op hom afgedwing te moet word nie. In die wet ontdek die gelowige waartoe die Evangelie en God se genadeheerskappy hom, sonder die wet, reeds bereid tot en diensbaar aan, gemaak het.
Alles waartoe die wet ons verplig, het die Evangelie en sal die Evangelie ons innerlik bereid voor maak. In die wet leer die gelowige hoe vas die genadeheerskappy ons innerlik aan God se wil gemaak het en ook sal maak.

Buite die genadeheerskappy sou die wet die mens net al hoe meer in verset teen God gebring het.  Dit sou net tot meer en meer wette lei. So verander die mens se diens aan God as sy Skepper tot 'n saak wat net in wetgewing gegee moet word, anders word dit nie gedoen nie.

Die Evangelie maak dat die mens dit wat hy in die wet leer ken, ontdek as iets wat die Evangelie reeds in hom tot stand gebring het om sonder die verpligting van die wet.

In die wet leer die gelowige waartoe God Hom deur die Evangelie bereid maak. Daarom is die wet vir die gelowige nie 'n dwangmaatreël nie, maar 'n middel wat ons leer om ons deur die Evangelie te laat opvoed in ons diens aan God. "Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeertes te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te leef. " (Titus 2:11 en 12)

In die wet leer ons dat ons onself nie tot 'n lewe van diens aan God kan opvoed nie, dit word deur die Evangelie in ons gedoen. Hiervan getuig die hele Ps. 119. In vers 17 word dit so saamgevat: "Doen goed aan u dienaar, dan sal ek lewe en u woord gehoorsaam." Deur die goedheid van God te ontvang word die sondaar innerlik 'n mens wat God wil liefhê en vra na God se wil. In Ps. 119 is dit die deurlopende gebed dat God insig in die wet sal gee en sal leer hoe om die wet te onderhou. (verse 33-38) Hierdie soeke na God se wil uit innerlike vrywilligheid sonder die dwang van die wet, kom uit die Evangelie. "Bewys aan my u troue liefde, Here, red my volgens u belofte." (vers 41)

4.5  <u>Sondaars word deur die wet geleer om hulle in God se liefde te oefen.</u>
Sonder die Evangelie sou die wet ons as sondaars in alles wat ons probeer het, ontdaan het tot veroordeelde en doemwaardige mense. Geen mens wat innerlik verdoem en veroordeeld voor God staan, kan innerlike diensbaar aan God se wil wees nie. Die wet was nooit bedoel om mense in hulle diens aan God te ontmoedig en af te breek nie. Die sonde het die wet se ware aard vernietig. (Rom. 7:13)

In die Evangelie aanvaar God ons met en in ons sonde, sonder om ons te veroordeel of te verdoem. "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." (Rom. 8:1 en 2)

Die wet van die Gees is die Tien Gebooie binne die Evangelie. Hier word 'n gelowige nooit veroordeel, verdoem, vervloek, verwyt, beskuldig, geminag, verwerp, verlaat, op homself aangewese gemaak of op sy eie gelos as hy nie die wet se volle eis uitvoer nie. Binne die Evangelie word die Tien Gebooie 'n wet waar God die mens ten spyte van sy wetteloosheid, sy wetsverbreking of wetsversuiming altyd vryspreek, seën, aanmoedig, loskoop, liefhet, aanvaar, bystaan, behoue laat bly en met hom is.

Die nuwe werking van die wet maak dat die sondaar nie meer in sy ellende onder die wet 'n rede vind om nie die eis van God as reël vir sy lewe te aanvaar nie. Die ongelowige vind in God se reaksie teen sy ongehoorsaamheid altyd 'n rede om nie God se wet te gehoorsaam nie. "As God jou in elk geval verdoem, hoekom moet jy nog probeer? "Dit is die tipiese houding van hulle wat onder die wet staan. Paulus beskryf dit so: "Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood." (Rom. 7:8)

Die gelowige leer nou in die Evangelie dat hy nooit deel is van die ellende van sy eie sonde nie. Die wet leer ons juis die troos waarin ons lewe. Binne die troos van die Evangelie is daar geen verskoning om nie die wet te gehoorsaam nie. Die gelowige kry nie meer in die wet 'n rede om die volle eis van die wet te vermy nie.

Die wet oefen die gelowige om altyd uit sy status onder die Evangelie en uit die troos van die Evangelie te leef. Daarom moet die volle eis van die wet juis gesoek en nagestreef word. So leer ons al meer en meer om uit die status wat die Evangelie ons gee, te leef. Die gelowige aanvaar die eis van die wet ten volle omdat dit hom oefen in God se liefde en genade vir mense wat nooit in hulleself iets anders as sondaars sal wees nie.

Ps. 103 wys hoe die volle eis van die wet die sondaar leer om hom in God se liefde te oefen. Deur homself as sondaar onder die eis van die wet te ken weet Dawid: "8 Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. 9 Hy sal ons sondes nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. 10 Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, 11 want so groot as die afstand tussen die hemel en die aarde is, so groot is sy liefde vir die wat Hom dien. 12 So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. 13 Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien."

God skaf die wet as wyse om vergewe te word deur die Evangelie af. God skaf die wet as regeringswyse deur die genadeheerskappy van die Evangelie af. Deur hierdie werking van die wet af te skaf, gee God aan die Tien Gebooie 'n gans nuwe werking. Hierdie nuwe werking van die wet binne die Evangelie gee weer Tien Gebooie sy volle betekenis binne die lewe van 'n sondaar.

Dit is die wonder en die krag van die Evangelie van Jesus Christus. Hy gee sonder die wet aan die wet sy volle betekenis terug.

4.6 <u>Die wet word weer 'n middel wat ons leer om Christus na te volg.</u>
In Lukas 18: 18-30 word hierdie kwaliteit van gehoorsaamheid wat die wet ons leer, uitgewys. Die ryk jongman vra Jesus wat moet hy doen om die ewige lewe te verkry? Jesus wys hom op die Tien Gebooie en die jongman antwoord Hom dat hy dit van sy kinderdae af onderhou. Die kwaliteit van die man se gehoorsaamheid was om deur wetsonderhouding die ewige lewe te verkry.

Jesus sê vir Hom dat hy net een ding kort kom: hy moet Jesus navolg. Hierdie navolging van Jesus is nie 'n elfde gebod wat by die Tien Gebooie by kom nie. Navolging van Jesus is hoe die mens in die koninkryk van God inkom. (vers 24)

Navolging dui op die kwaliteit van die gehoorsaamheid. In vers 28 en 29 word dit beskryf om alles te doen ter wille van Christus. Elke gebod wat die gelowige gehoorsaam is alleen ter wille van Christus. Die Tien Gebooie word dus nie meer gehoorsaam om jou eie saligheid te verkry nie, maar alleen ter wille van Christus

Jesus is self die Skepper.(Luk. 8: 22-25) As die mens nou die gebooie alleen ter wille van Jesus gehoorsaam, dan is dit alleen ter wille van God. Die geloof in Jesus wat die ewige lewe gee sonder die wet, skep 'n gehoorsaamheid waar dit net ter wille van God gedoen word.

Dit wat die jongman in Christus moes vind is die ewige lewe sonder die wet. Van sy kinderdae af moes hy in die wet geleer het dat die wet hom nie hierdie tipe gehoorsaamheid aanleer nie. Van sy kinderdae af moes hy uit die wet geleer het dat hy die wet alleen maar gebruik om homself daardeur te bevoordeel, nie om God te dien nie. Die wet moes hom geleer het dat alleen Jesus se gawe van die ewige lewe die wet weer die kwaliteit kan gee dat dit gedoen word alleen ter wille van God en nie ter wille van homself of sy eie voordeel nie.

Die Tien Gebooie moes hom leer dat die wet buite Christus 'n valse tipe gehoorsaamheid skep. Om die Tien Gebooie te onderhou tot jou eie voordeel en nie alleen tot eer van God nie, is nie godsdiens nie. Dit wys Jesus uit. Deur die wet te onderhou kan 'n mens 'n vooruitstrewende en ryk mens maak. Maar dit is nog nie godsdiens nie.

Godsdiens is om God se wil te doen alleen tot sy eer en ter wille van Hom, nie om die ewige lewe te verkry of om die voordele van 'n wetsgehoorsame lewe te beding nie. Solank die mens dit onderhou om die ewige lewe vir homself te verkry of homself te posisioneer vir welvaart, mag, aansien, e.a., mis hy die eienskap van gehoorsaamheid wat dit as godsdiens kwalifiseer: om dit alleen maar ter wille van God te doen.

Navolging van Jesus is dus nie 'n elfde gebod of nog erger, nabootsing van Jesus nie. Navolging is om die Tien Gebooie alleen nog maar ter wille van Jesus alleen en nie meer ter wille van jou eie saligheid of eie voordeel te gehoorsaam nie.

Die Tien Gebooie moes die jongman leer dat God iemand vir hom sou gee wat die wet se kwaliteit in sy lewe weer kon teruggee.

Die nuwe kwaliteit van gehoorsaamheid: as alleen maar ter wille van Christus, herstel die ware doel van die wil van God. Eers as die wet so gehoorsaam word, is dit godsdiens.

Jesus wys dat die mens buite Christus nie die Tien Gebooie so wil gehoorsaam nie. Hulle wil dit gehoorsaam as weg tot die ewige lewe. Hulle glo so in hulle eie goedheid, dat hulle glo dat hulle dit so kan doen. Dit is 'n leuen. Daarom sê Jesus vir die jongman, niemand is goed nie, net God. Die wet kan nooit so deur mense onderhou word nie. Hulle onderhou dit in die skyn dat hulle die ewige lewe soek net om die voordele van 'n wetsgehoorsame lewe vir hulleself te beding.

Deur die Tien Gebooie dus af te skaf as weg tot die ewige lewe, deur die Tien Gebooie te vervang as wyse van regering en dit alleen maar 'n middel te maak wat ons leer om ons deur sy liefde te laat opvoed, het Jesus dit weer moontlik gemaak om die wet te onderhou alleen maar ter wille van Hom, Godself.

Die navolging van Jesus is die enigste wyse in hierdie skepping waarop die mens die wet kan gehoorsaam net ter wille van God alleen en nie ter wille van iets anders nie. Dit is wat die mens leer in die nuwe werking van die wet. Die wet leer hom dat alleen navolging van Jesus die wet se kwaliteit as godsdiens kan herstel.

4.7 <u>Die wet van God word vir sondaars weer 'n middel tot die van wysheid.</u>
In Spreuke 1 vers 7 beskyf Salomo wysheid so: "Kennis begin met die dien van die Here; " Die hele wysheidsleer van die kerk van God staan op hierdie waarheid: wysheid begin nie by die wet nie, maar by die diens aan God. Die Spreukeboek, die Predikerboek en die Psalmboek leer aan die gelowige die Tien Gebooie as 'n middel wat jou opvoed in wysheid of 'n middel wat jou opvoed tot dwaasheid.

Vir die regverdige is die Tien Gebooie 'n middel tot wysheid. Vir die onregverdige en die goddelose is dieselfde Tien Gebooie 'n middel tot dwaasheid. In die Tien Gebooie kry die regverdige 'n middel wat hom leer om uit sy diens aan God te leef. In die Tien Gebooie kry die goddelose 'n middel wat hom versterk in sy opstand en verset teen God en hom laat verhard in sy eie dwaasheid.

Wat die verskil maak in die wyse waarop die mens die wet van God gebruik, is nie sy intellek of sy gekultiveerdheid nie. Daarteen verset die Prediker hom. "Daar kom nie 'n einde aan die skryf van boeke nie, te veel studie ooreis die liggaam. Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie."(Pred. 12:12 en 13)

Die Evangelie is die middel wat sondaars in en met hulle sonde regverdig. Dit het Martin Luther reeds ontdek. Die regverdiging in die Psalmboek is nêrens iemand wat homself deur wetsgehoorsaamheid regverdig nie. Dit is hulle wie God deur sy goedheid en barmhartigheid geregverdig het, wie die regverdiges is.

Die Evangelie regverdig sondaars en maak sondaars kinders van God. Die Evangelie skep 'n diens aan God sonder die wet. Die Evangelie skep 'n wet wat die mens leer om in God se liefde opgevoed te word, nie in die wet self nie. So word die mens deur die Evangelie tot dienaar van God gemaak. Dit is die mens wat God dien wat wysheid vind in die Tien Gebooie.

Deur die mens dienaar van God te maak herstel die Evangelie weer die wet as middel tot wysheid vir die sondaar. Die nuwe wet leer die mens om sy wysheid te vind in sy diens aan Christus. Iemand wat innerlik deur die Evangelie tot diens aan God se liefde toegewy is, aanvaar die wet as 'n middel om hom tot sy diens aan Christus heen te wys.

Die wysheid begin alleen maar by diens aan God. Dit is die bron van wysheid. Dit is die Evangelie wat die mens weer in die diens aan Christus herstel en toerus. Deur hierdie diensbaarheid in die Evangelie word die wet vir die gelowige weer 'n middel wat hom in sy diens aan God lei. Die nuwe wet leer die mens om in sy diens aan Christus wysheid te vind.

In die wet sonder Christus is daar geen wysheid te vind nie. Die wet sonder Christus maak ons nie diensbaar aan God nie. Inteendeel, dit maak ons innerlik dood vir God en sy diens. (Rom.7:9 en 10) Iemand wat dood is vir die diens van God, vind in die wet van God die dwaasheid om sonde te doen. (Rom. 6:14; 7:5; 7:8; 7:15-20; 1 Kor.15:56)

Waar die wet ons nou heenwys na Christus, wys dit ons ook tot ons diens aan Hom deur die Evangelie as die bron van alle wysheid. Deurdat die wet ons na Jesus heenwys, is dit weer 'n middel wat ons wysheid in vind.

4.8 <u>Die wet van God word vir die sondaar weer 'n middel tot tugtiging.</u>
Die Evangelie gee aan die wet 'n nuwe werking. Hierdie nuwe werking van die wet maak tug weer moontlik. Hierdie nuwe werking van die wet word beskryf in Heb. 12: 4-13. In verse 5-8 word die kern van die tug so beskryf: Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: "My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem."

Teenoor hierdie tugtiging van God staan die straf van God in Heb. 10:26-30: "26 wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sonde kan wegneem nie. 27 Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer...... 30 Ons weet tog wie Hy is wat gesê het: Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld; en verder: "Die Here sal oor sy volk oordeel; ""

Die nuwe werking van die wet is dat dit alleen maar 'n middel is wat ons leer om ons deur die liefde van God te laat tug. Daar is 'n groot verskil tussen die tugtiging van die Evangelie en die straf van die wet.

In die Evangelie vind daar 'n tugtiging plaas deur die Evangelie self. Ons word vermaan om ons nie van God se liefde los te maak nie. Ons word vermaan om ons nie van God se barmhartigheid los te maak nie. Ons word vermaan om uit die krag van God se genade te leef en nie meer onder die wet te leef nie. Ons word gewys dat ons lewe nie

pas by die werking van die Evangelie nie. Ons leef nie uit die vrede, welwillendheid en goedheid wat die Evangelie binne ons te weeg bring nie.

Hierdie tugtiging vind deur die liefde van God plaas en nie deur die wet nie. Die aanmoediging waarvan die boek Hebreërs praat, is om uit die geloof te leef soos hy dit in hoofstuk 11 uitgewys het. Dit is nie om volgens die wet gekorrigeer te word nie.

Tugtiging beteken dat God jou deur sy liefde in die Evangelie teregwys. Sy bestraffing in die Evangelie beteken dat God jou wys dat jy nie uit die geloof leef nie.

Die straf van die wet is iets anders. Hier veroordeel God die sonde, kla Hy die sondaar aan, verwyt Hy die sondaar, vervloek Hy die sondaar en verwerp hom. Hiervoor gebruik God die wet, nie die Evangelie nie.

Binne die tugtiging van die Evangelie word die wet alleen maar 'n middel wat die gelowige leer dat hy aan die tugtiging van God deur die Evangelie moet vashou. Hy moet nie glo dat dit dieselfde is as bestraffing deur die wet nie.

Die Tien Gebooie leer die gelowige dat die bestraffing deur die wet soos dit in Heb. 10 uitgewys word, is iets anders as die tugtiging van die liefde van God in die Evangelie. Deur hierdie andersheid van die straf van die wet te leer ken teenoor dit wat God met ons doen in die tugtiging van die Evangelie, word die gelowige al vaster en vaster aan die tugtiging van die Evangelie gebind, sonder om dit te verwar met die straf van die wet.

Hierdie is die nuwe werking van die wet vir die gelowige. Die wêreld word deur God deur die wet bestraf. Nooit sal God die gelowige ooit weer deur die wet bestraf nie. Hy tugtig hom nou nog net deur die Evangelie. Die wet leer die gelowige die andersheid van die straf van die wet teenoor die tugtiging in die Evangelie sodat die Christen die tugtiging deur die Evangelie as God se liefde vasgryp.

Die wet in sy nuwe betekenis maak die gewete van die gelowige al meer en meer los van die bestraffing van die wet. Op hierdie wyse bind dit die gelowige al vaster aan die tugtiging van God in die Evangelie. So, juis deur ons te verseker dat ons nie deel is van die bestraffing van die wet nie, word die wet 'n middel wat ons weer die tug in Christus laat aanvaar.

Om ons deur sy liefde te laat tug was die oorspronklike bedoeling van God se wil. Die nuwe betekenis van die wet, om ons aan Christus te bind en van die Tien Gebooie los te maak, herstel die wil van God in ons lewe. Dit leer ons om ons deur sy liefde in die Evangelie te laat betig.

4.9 <u>Die Evangelie herstel die wet van God se afdwingbaarheid op die onderdane en die owerheid in die gemeenskap.</u>
Die Here verlos en regeer sy kerk alleen deur die Evangelie. Daarom kan die Evangelie nooit deur die gemenereg beskerm of deur die wetgewing van owerhede afgedwing word nie. Die Evangelie kan alleen deur die prediking van die Evangelie, die gebruik van die sakramente en die uitoefening van die Christelike tug beskerm en gehandhaaf word.

Die Evangelie word nie afgedwing deur reëls en wetgewing nie. Dit versprei en groei deur die verkondiging van die Evangelie deur die ware kerk. "14 Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie ? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15 En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring. " (Rom. 10)

Die Evangelie gee aan die wet van God 'n nuwe betekenis. Die wet word 'n middel wat die gelowige leer om in die Evangelie opgevoed te word en deur die Evangelie gelei te word om God te dien en lief te hê. Hierdie werking van die Evangelie gee aan die gemenereg en die wette van burgerlike owerhede ook vir die kerk van die Here 'n nuwe betekenis.

Dit maak die gemenereg op die onderdane en die owerheid afdwingbaar deur menslike wetgewing en menslike onderwerping.  Paulus verduidelik dit in Rom. 13:1 - 14. Om soos volgelinge van Jesus te leef (vers 14), beteken om in die Evangelie te glo en jou deur die Evangelie te laat beheers. Die wet van God is 'n middel om die mens in hierdie lewenswyse te oefen.

In sover as wat die wil van God in die gemenereg beskerm en deur die burgerlike wetgewing afgedwing word, is hierdie wetgewing vir die Christen 'n middel wat hom leer om uit die geloof in die Evangelie te leef.

Daarom onderwerp die Christen hom aan die wetgewing van die owerheid - want dit is 'n gewetensaak. Die Evangelie maak dat die gelowige die volle eis van die wet van God vir hulleself handhaaf. Daarom onderwerp 'n gelowige hom aan die wette van die owerheid as die wet van God bemiddel word in burgerlike wetgewing. (vgl. 4.1) Indien burgerlike wette die wet van God bemiddel, skep Christene nie in die samelewing naas die gemenereg 'n eie reg om hulle self te regverdig nie. (vgl.4.2) Hulle onderwerp hulle ter wille van die Evangelie daaraan.

Waar die wetgewing deur die owerheid God se wet bemiddel, gaan die Christen nog verder en soek nie net na die gemenereg in die wetgewing nie, maar handhaaf nog verder die eis van die liefde in die reg. (vgl. 4.3) Die gelowige doen nog meer as die uiterlike eis van die wette van die owerheid. Hy strewe na die eis van die liefde in die onderdanigheid aan die wette van die owerheid. Dit doen hy uit die krag van die Evangelie en om aan die Evangelie verbind te bly.

Die gelowige word deur die Evangelie innerlik verbind aan die gemenereg nog lank voor dit deur die owerheid in wetgewing verwoord en afgedwing word. Daarom aanvaar die gelowige die afdwingbaarheid van die owerheid se wette in so ver as wat dit God se wet bemiddel. Hy is reeds deur die Evangelie daartoe verbind. (vgl.4.4 )

Waar die owerheid se wette God se wet bemiddel onderwerp gelowiges hulle aan die wetgewing. Die wette van die owerheid is vir hulle middele wat hulle leer om in die Evangelie geoefen te word tot die liefde wat die regering met wette wil afdwing. (vgl. 4.5) Net so onderwerp hulle hulle aan die owerheid se wette ter wille van die navolging van Christus en nie ter wille van voordele of gunste van die owerheid nie. (vgl. 4.6)

Waar die owerheid se wette God se wet bemiddel, is dit die Evangelie wat die Christene die wysheid gee om die wetgewing aan te wend tot diens aan die gemeenskap en die owerheid. Die Evangelie skep 'n diensbaarheid wat die wysheid van wetgewing vir Christene sigbaar en aanvaarbaar maak. Die Evangelie keer dat die Christen nie die wetgewing in dwaasheid verdraai en vermy nie. (vgl. 4.7)

Omdat die straf van God vir die Christen iets anders is as die tugtiging van God, aanvaar hy die reg van die owerheid om te straf. Meer, hy verwag dit van die owerheid (Rom. 13:4) 'n Christen kan nie solidêr voel met die misdadiger as hy gestraf word deur die owerheid nie. Die afdwing van die wet deur die owerheid is deur die Evangelie vir die gelowige 'n tugtiging na Christus en sy genade. Vir die ongelowige is dit 'n straf van God. Daarom kan 'n Christen hom nie saam met die wetteloses en goddeloses teen die owerheid verset omdat hulle die goeies beloon en die kwaaddoeners straf nie.  Dit maak dat die wet afdwingbaar is in 'n Christelike gemeenskap. (vgl.4.8)

Die Evangelie maak dat die gemenereg net so geldig is vir die owerheid as vir onderdane en die owerheid net so aan die burgerlike wetgewing onderworpe is as die onderdane. Omdat die owerheid dienaar van God is, kan en mag hy geen wette maak in stryd met die Tien Gebooie nie.

Indien 'n owerheid so iets sou doen, dan kan die wetgewing van die owerheid nie meer 'n gelowige heenwys na die Evangelie nie. Die Evangelie kan ook nie die gelowige meer sterk in sy onderdanigheid aan die owerheid nie. Die Christen word dan die sout van die aarde. Hy herstel die owerheid, nie deur dit omver te werp of sy gesag as owerheid te ondermyn nie. Deur te volhard om uit die krag van die Evangelie volgens die nuwe betekenis van die wet van God te leef, ongeag die wetgewing en afdwingbaarheid van die wetgewing, wys hy die owerheid op sy wetteloosheid en dwing die wet van God op die owerheid af.  (Openbaring 13: 5-10)

So gee die Evangelie aan die wet van God weer sy werklike betekenis terug. Dit is nie bedoel dat daar tussen God se wet as Skepper en die wetgewing van die mens as sy skepsels, 'n verskil kan wees nie. Die wet van God is bedoel as

en geld as die gemenereg. Die Evangelie herstel God se wet as afdwingbaar deur die gemenereg en strafreg oor alle mense.

5. Samevatting.

Die Evangelie gee aan die wet 'n nuwe werking. Hierdie nuwe werking is om ons los te maak van die wet en vas te bind aan Christus/die Evangelie. Hierdie nuwe werking maak mense nie wetteloos nie. Dit maak dat die mens sonder die wet weer aan die bedoeling van die wil van God verbind word deur die Evangelie.

Hierdie nuwe werking van die wet is alleen moontlik omdat die Tien Gebooie deur die Evangelie vervang is as die weg tot redding, sowel as die wyse waarop God ons lewe regeer.

# *HOOFSTUK 7*

# DIE ALTERNATIEWE WERKING VAN DIE WET EN DIE EVANGELIE IN DIE VALSE KERK: ONGELOOF EN WETTELOOSHEID AS GODSDIENS.

Inleidend.
Omdat hierdie hoofstuk se inhoud baie onbekend sal wees aan die leser, wil ons die hierdie hoofstuk met die voorbeeld van 'n kankersel toelig. Waarin lê die krag van kanker? In die selle van die liggaam! Dit is nie 'n krag van buite die liggaam soos met virusse, bakterieë of gifstowwe nie. Die selle aanvaar die kankerselle as metgeselle. Dit is hartselle, longselle, senuselle en spierselle net soos die ander. Kankerselle kan nie as vreemd aan die liggaam se eie selle herken word nie.

Die hele liggaam aanvaar en voed die kankerselle nog boonop as sou hulle die meer aktiewe en meer ywerige selle as die gewone selle wees.

Die krag van kanker lê in die verdraaiing van die selstruktuur van die bestaande liggaamselle. Hierdeur kan kanker dieselfde doel met die liggaam bereik as vreemde organismes: om dit te gebruik vir eie doelwitte en dit in eie belang te vernietig. Die voordeel van kankerselle bo vreemde organismes aan die liggaam is dat dit onherkenbaar hulle eie doelwitte kan verwesenlik met die volle aanvaarding en samewerking van die gesonde selle.

Hierdie aanvaarding deur die ander selle is kanker se krag. Hierdie aanvaarding as sou dit maar dieselfde selle wees, maak dat die liggaam die kanker voed en teen genesing beskerm.

Wat waar is van kanker is waar van die valse kerk. Wat u nou gaan lees is die beskrywing van 'n kanker in die kerk: die valse kerk. Die leser moet nie dink dat, omdat hy homself nie kan herken in die saak wat hier aan die orde gestel word nie, dat hierdie saak nie by ander so mense werk nie. Wat ons hier poog is om aan gesonde selle te probeer verduidelik wat fout is in die selle wat as normaal aanvaar word, maar die innerlik kanker van die kerk van die Here is.

Die ongekendheid van hierdie saak is nie weens die afwesigheid of die skaarsheid van die saak in die Bybel nie. Hierdie saak is deel van elke Bybelboek. Die ongekendheid is omdat die valse kerk in die Ned. Geref. Kerk dit wat deur die Bybel as sonde geleer word, aan sy lidmate as godsdiens voorhou. Dit is soos die brein wat die liggaamselle passief hou met die seine dat kankerselle net ooraktiewe goeie selle is.

1. Die valse kerk se valse hart: ongeloof en wetteloosheid.
Die hart van die valse kerk word deur die profeet Jesaja so beskryf: "Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van my af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie."

Hierdie houding: om God te eer met die uiterlike, maar in jou hart van God vervreem te leef, is die werklike motief van die valse kerk met godsdiens. Dit is nie 'n swakheid nie. Dit is 'n doelbewuste strategie. Hulle wil sonde op so wyse doen dat God en mens nie kan sien waarmee hulle as goddeloses in hulle sondige bedoelinge mee besig is nie. "Ellende wag vir die wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons? Julle is agterstevoor met alles, asof die pottebakker die klei is." (Jes. 29:13 en 15,16)

Die hart van die valse kerk word in Miga 3:2 beskryf. Dit is 'n hart wat die goeie haat en die verkeerde liefhet. Omdat die mens gehoorsaamheid aan God haat en sonde liefhet, is sy hart ver van God. Ver van God wees beteken nooit dat God ver en nie teenwoordig is nie. Hy is die alom- en altydteenwoordige Skepper van alles, sienlik en

onsienlik. Die mens se hart is ver van God omdat hy presies die teenoorgestelde wil, begeer en doen as wat God vra: om God en sy wil lief te hê en die sonde te haat.

2. <u>Die doel van die valse kerk: om sonde in die openbaar as godsdiens te beoefen.</u>
Sonde teen God en sy wet kan egter nooit as 'n openlike saak in hierdie skepping bedryf word nie. God laat nie sonde in die skepping toe nie - en dis sy skepping, nie die mens s'n nie. Mense kan nie self sonde doen of ander mee neem in sonde met die openlik verklaarde doel om te haat, te steel, te moor en onsedelik te wees nie. Sonde kan alleenlik as 'n heimlike saak bedryf word. Dit kan alleen as 'n verborge saak sy krag in die skepping laat geld. Daarom moet diewe, moordenaars, egbrekers, rebelle en bedrieërs uit die openbare lewe vlug in geheime plekke en lewenswyses.

Sondaars wil egter die openbare lewe opeis as die ruimte waar hulle in vryheid sonde kan doen, sonder om as diewe, moordenaars, egbrekers en bedrieërs buite die openbare lewe weg te kruip. Hulle wil die parlement, sakekamers, huisgesinne, kerke en skole as ruimtes hê waarin hulle hulle sonde in vryheid kan uitleef.

Hoe kan 'n mens die openbare lewe opeis vir sonde, maar sonde tog as 'n heimlike saak beoefen? Dit is die krag in die valse kerk: om 'n godsdiens te skep waar mense God met hulle mond kan eer, uiterlik in woorde en gedrag in die openbaar, as openbare saak, maar versender tyd in hulle harte en werklike doelwitte met dieselfde saak in woord en daad in die openbaar besig kan wees om sonde te doen.

Dit moet ons goed begryp. Jesaja sê nie dat hulle met die ware godsdiens besig is met hulle mond, maar in hulle hart met sonde besig is nie. Dit is die listigheid van die valse kerk om 'n godsdiens te skep waar die inhoud van dit wat die mense as hulle godsdiens openlik beoefen, niks anders as sonde self is nie.

Jesaja dui hierdie duiwelse lis aan: Julle sê: "....Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid" Jes. 28:14.

Twee voorbeelde waarmee Jesaja in sy eie tyd mee te kampe het!

<u>Tempelprostitusie</u>.
Tempelprostitusie het so gewerk: die mense het geglo die priesters en priesteresse in die tempel het 'n baie spesiale verhouding met God. Hulle leef die naaste aan God. Hoe nader jy aan en hoe intiemer jy met die priesters/esse is, hoe nader en meer van God kan jy in jou eie lewe verkry.

Wat is die naaste en mees intiemste wat jy aan 'n mens kan kom? As jy seksueel een word met hom/haar! So, as jy seksuele omgang met een van die priesters/esse het, dan is jy so na as wat 'n mens ooit aan sy Skepper kan kom. So word jy een met God - deur seksuele omgang met een van die priesters/esse van die Here.

Lees maar gerus Hosea 4:7 - 14. Hierdie is nie 'n storie nie. Dit is die werklike krisis van die profete. Dit is hoe mense godsdienstig gedink en geleef het.

Kyk nou wat gebeur! Is die mense met egbreuk, prostitusie, homoseksualiteit, perversheid of pornografie besig? Nee, hulle glo hulle is besig om na God te soek. Hulle glo hulle wil net nader aan God probeer kom. Die priesters/esse help hulle net 'n bietjie om nie so ver van die Here af te voel en te leef nie.

Daarom vind hierdie rituele binne in die tempel van die Here in Jerusalem plaas. Dit wat God as sonde in sy wet verbied het, is dit wat Israel as godsdiens binne in die huis van die Here beoefen het.

Hoekom so? As hulle dit openlik as egbreuk, prostitusie, homoseksualiteit of perversheid bedryf het, sou hulle deur die wet van God skuldig gewees het aan sonde. Maar as hierdie sondes plaasvind as die soeke na die Here en die soeke na 'n meer intieme verhouding met God, in die tempel van die Here en in sy Naam, dan is dit nie meer as sonde herkenbaar nie. Sonde is nou godsdiens.

<u>Kinderoffers.</u>

'n Ander godsdienstige ritueel waarmee die Israeliete besig was, was om kinders te offer. Dit was 'n gevestigde gebruik in die ou Nabye Ooste. Die logika loop so: Wat kan ek vir die Here as 'n offer vir my sonde gee? Die Here vra beeste en bokke, maar is dit werklik genoeg? Moet 'n mens nie bereid wees om dit wat vir jou die dierbaarste is, dit waarvoor jy die liefste is aan die Here af te staan nie? Natuurlik vra God net die beste!

Wat kan 'n mens vir jou sonde gee? Iets wat nie werklik deel van jouself is nie of jou eie vlees en bloed? Dit wat deel is van jouself! Wat is vir 'n mens die dierbaarste en naaste in sy lewe? Sy kinders! As jy een van jou kinders aan God gee vir jou sonde, sal Hy sien jy is werklik jammer. Jy is bereid om niks van Hom terug te hou nie. (vgl. Eseg. 16:20 en 22 ; Eseg. 20:31,32)

As jy een van jou kinders sou doodmaak om jouself so die onbetwiste en absolute magsfiguur vir die ander kinders te maak, dan sou dit sonde wees. Dis gewoon om tirannie deur moord oor kinders te vestig. Kinders vrees so 'n pa wat kan besluit wie word volgende geslag.

Maar as jy 'n offer aan die Here bring, dan is dit godsdiens. Die ander kinders kan jou nie vir jou magslus eien nie. Hulle kan ook nie hulle eie vrees vir hulle pa as tiran herken as sy manier om totale beheer oor hulle uit te oefen nie. Hulle glo hulle moet hom nou uit vrees eer vir sy diep godsdienstige oortuigings en sy bereidheid om sy alles vir die Here te gee.

Hoe word die sonde van tirannie as openbare godsdiens bedryf? As gehoorsaamheid aan God! As 'n dieper en voller gehoorsaamheid as wat God self in die wette om offers te bring, vra!

Dit is wat Jesaja bedoel as hy sê hulle het die leuen hulle skuilplek vir hulle sonde gemaak. Hulle kruip veilig agter die waarheid van godsdiens weg met hulle sonde. Prostitusie is 'n soeke na God en moord 'n offer vir die Here. Dit is hoe 'n mens God dien soos die mense dit wil hê. Dit is hoe die mens dink hy God en sy naaste kan oortuig dat hy nie pervers is of met magslus teen sy eie kinders behep is nie. Dit is hoe 'n mens met die mond naby God is maar in die hart ver. Dit is hoe 'n mens sonde in die openbaar uitleef as gehoorsaamheid aan die eise van die Here! Hierdie waarheid dat die valse kerk 'n godsdiens skep in die naam van die Here waar mense God dien met sonde, is ook die krisis met die Fariseërs en Sadduseërs. Jesus haal presies hierdie gedeelte uit Jesaja aan as Hy wys dat die Fariseërs ook die valse kerk vir die mense is wat sonde in die naam van godsdiens doen.

In Matt. 15:1-9 wys Jesus dat die gebod vra dat jy jou vader en moeder moet eer. Hierdie eer sluit hulle versorging as bejaardes in. Dit is wat God eis in sy wet. Die Fariseërs het 'n godsdienstige wet gemaak dat as jy die bees of bok waarmee jy hulle moes versorg aan die Here toewy, dan hoef jy hulle nie meer met jou bees of bok te versorg nie. So skep hulle 'n godsdiens waar hulle die eis van die wet omseil in die naam van wetsgehoorsaamheid.

3. <u>Die werkswyse van die valse kerk: die omkering van die werking van die wet en die Evangelie.</u>
Hierdie voorbeelde kom dwarsdeur die Bybel voor. Ons wil uitwys wat die alternatiewe werkswyse is wat die valse kerk aan die wet en Evangelie gee. 'n Werkswyse wat dit moontlik maak dat hulle sonde in die naam van godsdiens kan beoefen. Hoe kry die valse kerk dit elke keer van die begin van die skepping af reg om vir die wêreld 'n godsdiens te skep waar sonde gehoorsaamheid aan God is? Hulle gebruik die inhoud van die ware godsdiens daarvoor! Deur die Evangelie en deur die wet doen hulle sonde. Sonde wat in die naam van die wet en die Evangelie gedoen word, kan nie in die openbaar as sonde raakgesien word nie. Dit het die skyn van godsdiens.

Hoe kan sondaars die wet van die Here en die Evangelie van Jesus Christus gebruik as die wyse waarop hulle hulle sonde in die openbaar uitleef? Maklik! Hulle behou die wet en Evangelie in naam - maar hulle keer die werking van die wet en die Evangelie om. Dit is presies wat die valse kerk in die tyd van die Ou Testamentiese profete gedoen het. Die goddeloses doen dit vandag nog steeds.

As ons hierdie werking van die valse kerk wil uitken teenoor die werking van die wet en die Evangelie binne die ware kerk, moet ons dit ontdek soos wat die profete in die Bybel dit ontmasker het. Dit is alleen deur die Woord van God dat hierdie masker van godsdiens oor die sonde afgeruk kan word.

Die hele Woord van God en die hele godsdiens staan op hierdie twee dele: die wet en die Evangelie. As hierdie twee dele verander word, dan is die hele godsdiens omgekeer. Die wyse waarop die valse kerk die werkswyse van die wet en die Evangelie verander, is om die twee dele van die godsdiens in naam te behou, maar om die werking van die wet na dié van die Evangelie te verander en aan die ander kant weer die werking van die Evangelie na dié van die wet te verander.

Deur die twee dele van die godsdiens in naam te behou, maar hulle werking om te ruil, word die hele godsdiens so verdraai dat sonde nou in die naam van godsdiens beoefen kan word. Die profete van die O.T. het voortdurend op hierdie werking van die valse kerk gewys.

Om dit te ken moet ons weet hoe die wet en die Evangelie in die Ou Testament verkondig is.

4. <u>Die onderskeid tussen die wet en Evangelie in die O.T.: die onderskeid tussen die wet en die seremonies van die wet.</u>

Die Evangelie gaan oor die vervulling van die beloftes van God aan Abraham (Eseg. 36: 24-28) en Dawid (2 Sam. 7: 8-16). Ons moet nie die fout maak om die onderskeid tussen die wet en die verbond gelyk te stel aan die onderskeid tussen wet en Evangelie in die Nuwe Testament nie.

Die verbond van God in die Ou en Nuwe Testament is presies dieselfde verbond. Ons kry nie in die Nuwe Testament 'n ander verbond van God met sy kerk as die verbond wat Hy met Abraham en Dawid gemaak het nie. In beide die Ou en die Nuwe Testament word die verbond van die Here met Abraham en Dawid deur die Evangelie waargemaak.

Daar is egter 'n baie groot verskil tussen die Ou- en die Nuwe Testament. In die Ou Testament was Jesus en sy werk nie bekend gewees soos in die Nuwe Testament nie. Jesus is eers met sy koms as Christus as die Middelaar geopenbaar.

Vir die volk van God in die Ou Testament was Jesus nog 'n geheimenis. Dit stel Paulus uitdruklik in Kol. 2: 26-27: "Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was maar nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort. God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis aan die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle Hoop op die heerlikheid."

Die nuutheid van die openbaring van Jesus in die Nuwe Testament word ook deur die skrywer van die Hebreërboek gestel in 1:1 en 2:" 1 In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, 2 maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun."

Sy koms en sy werk is iets nuuts. Die profete het nie die Evangelie geken in die openbaring van Jesus as die Messias nie. Hulle kon nie, want hulle het Jesus nie geken soos wat Hy Homself aan die kerk in die Nuwe Testament bekend gemaak het nie.

Hulle het die hele saak wat God as die Evangelie in Jesus bekend gemaak het in die Nuwe Testament, in die Ou Testament geken deur die seremonies van die wet. Die saak waaroor die Evangelie handel is glad nie in die Ou Testament afwesig nie. Wat ons ken as die Evangelie deur Jesus en oor Jesus, het God aan hulle bekend gemaak as die Evangelie deur die seremonies van die wet.

Die onderskeid tussen die eise van die wet soos vervat in die Tien Gebooie en die seremonies van die wet, is van die begin af in die Ou Testament verkondig, net soos en as presies dieselfde onderskeid tussen die wet en die Evangelie in die Nuwe Testament. Die Tien Gebooie en die seremoniële wette is twee heeltemal verskillende sake in die Ou Testament. Net soos die wet en Evangelie twee verskillende sake in die Nuwe Testament is.

Al die profete van die Ou Testament leer dit as twee heeltemal verskillende sake. Dit is belangrik dat ons moet oplet dat die seremoniële wette in die boeke Exodus, Levitikus en Numeri eers gegee word na die Tien Gebooie. Ook in die boek Deuteronomium word die seremoniële wette gegee na die Tien Gebooie. Dit is twee verskillende sake.

5. <u>Die Tien Gebooie en die seremoniële wette: die onderskeid tussen die wette hoe om te leef teenoor seremonies wat uitbeeld wat God aan sy volk gee uit genade sonder die gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.</u>

In die Tien Gebooie (Ex. 20 en Deut. 4-5) kry die volk van die Here die riglyne oor hoe God wil hê hulle moet leef as mense wat aan sy wil gehoorsaam is. In hierdie wette word daar aan die mens eise gestel oor hoe hy moet leef teenoor God en sy naaste moet leef.

In die seremoniële wette het ons egter met 'n heel ander saak te doen. In die seremonies kry ons nie reëls oor hoe mense gehoorsaam aan God se wil moet leef nie. In die seremonies kry ons 'n uitbeelding van wat God vir die volk doen. Ons kry 'n uitbeelding van wat die volk nie self hoef te doen nie.

Dit is iets heel anders as die eise van die wet. Die wet eis die regte lewenswyse. In die seremonies word uitgebeeld wat God vir die volk in stand hou en onderhou, sonder die Tien Gebooie.

In elke seremonie word iets uitgebeeld wat God vir die volk doen en wat hulle nie volgens die wet self hoef te doen nie.

5.1 <u>Die tabernakel/tempel.</u>

Die tabernakel en later die tempel was 'n seremoniële plek. Deur die seremoniële plek waarheen die volk moes gaan om al die seremonies van die wet op een plek te vier, (Lev. 19 en Deut. 12), het God aan die volk 'n teken gegee van die belofte dat Hy altyd as God in hulle midde is. Hy is altyd daar om hulle as sy volk te ontmoet. Die tabernakel en tempel is ook dan genoem die plek van ontmoeting. In die tabernakel het die volk 'n seremoniële heenwysing gehad dat God vir hulle toeganklik is en met hulle is waar hulle ook al is of waar hulle ook al heengaan.

Om met hulle te wees en te gaan as God, om by hulle te woon en toeganklik te wees as God vir hulle, is iets wat God onderneem om te doen en in stand te hou vir sy volk. Hulle doen dit nie. Hulle bewerk dit ook nie met die Tien Gebooie nie.

Die seremoniële plek, die tabernakel/tempel wys dat God dit vir hulle is en doen. Hy is God met hulle. (Vgl. Ex. 25:8; 25:22; 29:43 - 44; 40: 34 - ).

5.2 <u>Die priesters.</u>

Die priesters was seremoniële persone wat God aan die volk gegee het om al die seremoniële verpligtinge in die tabernakel/tempel uit te voer. In hierdie persone het die volk 'n seremoniële heenwysing gehad dat hulle nie self die offers vir hulle sonde hoef te bring vir God nie. Hulle hoef nie self die versoening met God te bewerk nie.

God self gee die persone wat dit in hulle plek vir hulle doen namens hulle by God. So het hulle in die priesters 'n seremoniële heenwysing gehad dat God self die offers bring en versoening bewerk deur die wat Hy kies om namens die volk voor te gaan. Dit is nie iets wat hulle doen nie. (Ex. 28:41 - 43)

5.3 <u>Die offers.</u>

Die offers in al hulle verskeidenheid van skuld -, versoenings - en dankoffers is ook seremonies wat God vir sy volk instel. In hierdie offers gaan dit oor dit wat die mens nie hoef te doen nie. Die mens wat teen God oortree moet volgens die eis van die wet sy lewe as offer gee. In die plek van dit wat die mens moet gee, gee God 'n alternatiewe offer.

In die seremoniële bring van die voorgeskrewe offers, gaan dit dus om die seremoniële heenwysing: die mens hoef nie die offer wat die Tien Gebooie eis, te bring nie. God stel 'n ander offer in die plek daarvan. Hy gee die offer vir die sonde of dank van die een wat dit moes bring. Vgl. Die versoeningsoffer se betekenis in Ex. 30:16.

5.4 <u>Die Sabbat en feesdae.</u>

Die Sabbat en ander feesdae was seremoniële feeste gewees. Dit is belangrik om te onthou dat voor Moses daar geen so fees was soos die Sabbat was nie. Verder, dat ten spyte van al die swaar strawwe en die streng onderhouding van die Sabbatsgebod, die Sabbat niks anders as 'n seremoniële dag was waarop die seremonies van die wet gevier is nie.

In die Sabbatsgebod as viering van 'n spesifieke dag, het ons 'n seremoniële wet wat na inhoud glad nie gelyk te stel is aan 'n gebod soos "Jy mag nie steel nie" of "Jy mag die naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie".

In laasgenoemde twee gebooie gaan dit weer om die eise waaraan die mens moet voldoen oor hoe om te lewe teenoor God en sy naaste. In die Sabbatsgebod het ons weereens te doen met 'n seremonie waarin heengewys word na wat God met die volk gedoen het.

In Ex. 31:12-17 word die betekenis van hierdie seremoniële dag uitgelê. Dit is bedoel om as 'n teken te dien van wat God met Israel gedoen het. Hy het hulle vir homself geheilig. (vers 13) In die Sabbatsviering as seremonie het die volk 'n seremoniële heenwysing gehad dat hulle voor die wet van God heilig was. Hulle is deur God vir hulle diens aan God volgens die wet geheilig.

Dit is 'n status en posisie voor God wat hulle nooit deur die Tien Gebooie kon verkry nie. Hulle kon nooit deur volgens die Tien Gebooie reg te leef, heilig wees nie. Die Sabbat het gewys God gee die heiligheid wat hulle nie volgens die Tien Gebooie kan verkry nie.

5.5 <u>Rein en onrein kos</u>. (<u>Lev. 11: 44-47 Lev.19.</u>)
In hierdie wette gaan dit oor die eis van heiligheid volgens die Tien gebooie. In Lev. 11:44 en 45 word die eis duidelik gestel dat God heilig is en daarom eis Hy ook heiligheid as toewyding aan Hom.

Die eis van die Tien Gebooie is nie om onder bepaalde omstandighede sekere wette te onderhou nie, maar om onder alle omstandighede volkome volgens die eis van die Tien Gebooie te leef.

Dit is belangrik dat die Bybel nooit enige plek die bedoeling het dat iemand heilig voor God is volgens die eis van die Tien Gebooie as hy nie verkeerde kossoorte eet nie. Die eis van heiligheid is om aan die Tien Gebooie te voldoen.

Indien dit verstaan word, dan kry die reinigingsgebruike oor kossoorte en wassinge hulle plek.

In die reinigingseremonies gee God aan die volk seremonies wat hulle werklikvolkome kan nakom. Dit is werklik moontlik om nie varkvleis te eet nie, om nie vleis van dooie diere te eet en om jou hande voor ete te was. Dit is nie moontlik om die wil van God in die Tien Gebooie te onderhou nie.

In die reinigingsgebooie gee God dus seremonies waarin die volk deur God verseker word dat hy hulle toewyding aan Hom volgens die wet as heilig aanvaar.

God skep in die reinigingseremonies 'n gehoorsaamheid waarin die volk seker kan wees hulle werke is vir God heilig en volkome, al kan hulle nie die Tien Gebooie volkome onderhou nie.

6. <u>In die seremonies neem die volk sy toevlug tot dit wat God vir en namens hulle doen.</u>
In die onderhouding van die seremonies van die wet gaan dit oor rituele wat God gee waarin die mens tekens het om te weet wat Hy van God kan verwag om vir sondaars te bewerk: God moet dit bewerk om sondaars te ontmoet en met hulle te kan wees as hulle God (tabernakel); God moet iemand gee wat vir sondaars voorgaan met offers en versoening bewerk (priesters); God moet self die offers gee wat die mens nie kan gee ; (al die offerseremonies) God moet vir die sondaar heiligheid bewerk (Sabbat) en God moet dit bewerk dat die werke van 'n sondaar in sy diens geheilig kan word. (reinigingseremonies)

In die seremonies word die mens tekens gegee dat God self die verbond wat Hy met Abraham en Dawid gemaak gemaak het (Esegiël 36 en Jer. 31; 2 Sam. 7:8-16), geldig maak deur sy werke en nie deur die werke van die sondaar nie.

Dit is heel duidelik dat, in die seremonies van die wet, het ons te doen met die inhoud van die Evangelie. Dit is deur die Gawe van die Gees deur Jesus dat God nou met sy kerk is (Tabernakel); dit is Jesus wat as Hoëpriester vir die kerk instaan aan die regterhand van God (Priesters); die lyding en sterwe van Christus is die offer wat God gee in die

plek van ons lewe (offers); die vergifnis van sonde en ons regverdiging is deur die Jesus (Sabbat) en dit is deur ons vereniging met Christus dat ons werke vir God geheilig is (reinigingsgebruike).

Wat in die nuwe Testament deur Jesus geken word as Evangelie, is in die Ou Testament geken deur die seremonies van die wet. Dit wat Israel geken het deur die seremonies is presies dieselfde saak wat ons ken deur Jesus: die Evangelie.

| Die Evangelie in N.T. | Die Evangelie in die O.T. |
|---|---|
| Ek glo in Jesus Christus die eniggebore Seun van God. | Die seremonies van die Hoë priester en priesters. |
| Ek glo in die lyding, sterwe, begrafnis en ter helle neer daling van Jesus. | Die seremonies van skuldoffers, en sondeoffers. |
| Ek glo in die Heilige Gees. | Die tempel as seremoniële plek. |
| Ek glo aan die heilige, algemene Christelike kerk, aan die vergifnis van sonde. | Die seremonie van die Sabbat en reinigingsgebruike. |

Dwarsdeur die hele Ou Testament word die onderskeid tussen die wet en die seremonies van die wet as die twee groot dele van die Woord van God verkondig.

In die seremoniële wette het die volk Israel tekens gehad van wat hulle van God moes verwag. Die seremonies het vir hulle uitgebeeld wat hulle van God moes glo. Die eis waartoe die seremonies opgeroep het, was geloof in God alleen.

In die teken van die priesters moes hulle alleen vertrou op die tussenganger wat God gee. Hulle mag nie probeer om deur hulle gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie self tussenganger te wees nie. In die teken van die offers moes hulle glo dat God self 'n offer vir die sonde gee. Hulle kan nie volgens die Tien Gebooie 'n offer vir God gee wat genoegsaam is vir versoening nie. In die tempel het Israel 'n teken gehad dat hulle kan glo God is met hulle en by hulle as Here deur sy goedheid en genade. Hulle kon nie God teenwoordig maak in sy guns deur die onderhouding van die Tien Gebooie nie. In die Sabbat as teken kon hulle glo dat hulle God se volk is omdat Hy hulle vir Hom afgesonder het, nie omdat hulle die Tien Gebooie volmaak gehoorsaam het nie.

Die seremonies wys dat alleen geloof in die Evangelie genoegsaam is vir die volle versoening met God en die volle vergifnis deur God.

In die seremonies word uitgebeeld waarvoor die volk God alleen maar hoef te vertrou vir wat Hy alleen doen. Dit wil juis dit waartoe hulle nie in staat is deur die onderhouding van die Tien Gebooie nie, met tekens uitwys as iets wat God vir hulle doen. In die seremonies van die wet kon die volk aan die inhoud van die Evangelie vashou, al was dit nog nie in Jesus geopenbaar nie.

7. <u>Die volk se alternatiewe onderhouding van Tien Gebooie en die seremonies van die wet: die Evangelie.</u>
Dwarsdeur die hele Ou Testament lees ons dat die valse profete en die valse kerk die werking van Tien Gebooie en die seremoniële wette verander. Hulle onderhou nog hierdie wette. Meer nog, daar is by hulle 'n toegewyde en volgehoue onderhouding van hierdie wette.

<u>Redding deur die Tien Gebooie</u>.
Maar hulle onderhou dit nie volgens die bedoeling van die Tien Gebooie en die seremonies nie. Terwyl hulle al die reëls nog in naam behou, keer hulle die werking om. Die Tien Gebooie word nou iets waardeur hulle self dit wat God in die seremonies uitbeeld doen: hulle red, vergeef en versoen hulle self met God deur die Tien Gebooie. Op hierdie wyse is geloof in Jesus Christus nie meer nodig nie. Redding deur die Tien Gebooie skep ongeloof.

Gehoorsaamheid volgens die seremoniële wette.

Omgekeerd word die seremonies nie meer vasgehou as tekens wat hulle innerlik moet laat glo en vertrou dat God vir hulle die saak wat in die seremonies uitgebeeld is, as 'n gawe gee nie. Hulle onderhou nou die seremoniële wette in die plek van die Tien Gebooie. Die seremonies beeld nou vir hulle uit hoe hulle moet lewe, nie hoe hulle moet glo nie. So kan wetteloosheid nou in die naam van wetsgehoorsaamheid uitgeleef word.

Ons kan dit as volg voorstel:

| | |
|---|---|
| Die wyse waarop ons moet leef. | Die wyse waarop God vergeef. |
| Die Wet van die Here | Die Evangelie.(Seremonies) |
| Die wet word in naam behou. | Die seremonies word in naam behou. Maar die rituele van die seremonies skuif oor na die plek van die Tien Gebooie. Dit word nou die alternatiewe wette waarvolgens die mens moet leef. Die seremoniële wette vervang die reëls van die Tien Gebooie as reëls hoe om te leef. |

Die seremonies van die Hoë priester en priesters. <-------------------------

Die seremonies van skuldoffers, en sondeoffers. <-------------------------

Die tempel as seremoniële plek. <-------------------------

Die seremonie van die Sabbat en reinigingsgebruike. <-------------------------

Die Tien Gebooie se reëls en werking skuif oor na die Evangelie/seremonies se plek en word die alternatiewe wyse waarop vergifnis en al die gawes wat God gee, deur wetsonderhouding verkry word. (vgl. hoofstuk 4) ------------------------------->

In Jes. 1:10 - 17 stel Jesaja hierdie verdraaiing aan die orde. Hulle maak van die seremonies die wet van God in die plek van die Tien Gebooie. Daarom sê God self oor die seremonies wat Hy as Here ingestel het, dat Hy siek en sat is vir hierdie offers en feesdae.

Hoe kan die Here siek en sat word vir die seremonies wat Hyself ingestel het? Omdat die rituele van die seremonies bedoel was om die kerk te laat glo in wat God vir hulle gee. Dit was nie bedoel om so te onderhou asof dit die Tien Gebooie is nie. Die seremonies van die wet is nie iets wat die mens vir God moet doen nie. Dit wys wat God vir die mens doen.

Dit wat die mens vir God moet doen, is nie in die seremonies nie. Dit staan in die Tien Gebooie. Dit doen die volk nie. Maar in hulle gemoed voel hulle hulle doen alles wat God sê, want hulle onderhou die seremonies in die plek van die Tien Gebooie. Hulle troos self in die onderhouding van die seremoniële wette dat hulle doen wat God in sy wet eis. Dit is mos God self wat hierdie wette ingestel het.

So word die werking van die Evangelie tot 'n wet verander.

Die valse kerk in die Nuwe Testament verdraai ook net so die betekenis van die Evangelie en maak dit wat Jesus vir ons doen tot wette wat deur ons onderhou moet word. Paulus spreek hierdie valsheid aan in Kolossense hoofstuk twee. Hierdie verdraaiing van die Evangelie tot wette wat ons moet onderhou, noem hy "wettiese godsdienstige reëls" (Kol. 2:8 en 20) In Kol. 2:16 en 17 sê Paulus: "Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee wat sou kom; die werklikheid is Christus." Hierdie wette wat die Christene nie meer moet onderhou nie, is die seremoniële wette van die O.T.

Wette waarvan daar in die O.T. gesê word dat as jy dit nie onderhou nie jy met klippe doodgegooi moet word. (Ex. 35:2.) Nou sê Paulus dat die Christene nie eers meer die Sabbatdag as 'n feesdag moet vier en onderhou nie, al staan dit in die Tien Gebooie.

Hoe kan hy dit sê? Omdat hierdie seremoniële wette was wat vir die kerk gewys het wat God vir hulle in die Evangelie sal doen. Jesus het dit nou klaar gedoen en nou het ons nie meer die seremonies nodig nie. Ons ken nou die Evangelie in sy volle openbaring. Hy is die offer vir ons sonde 2:14, Hy is ons priester aan die regterhand van God 3:1, Hy heilig ons 1:22 en versoen ons met God 1:20. (Kolossense)

Wie weet wat Jesus vir ons doen, het nie meer hierdie wette nodig om as tekens aan vas te hou nie. In Jesus ken ons nou God vir alles wat Hy in die seremonies uitgebeeld het. Daarom is die seremonies net die skaduwee van die kennis van die Evangelie. Jesus is die volle kennis van die Evangelie.

Die Evangelie gaan oor wat Jesus vir ons doen in ons plek. Dinge wat ons nie kan, mag of hoef te doen nie. Wat doen die Joodse geestelikes en gelowiges? Hulle wil hê die Christene moet naas hulle geloof in Jesus nog steeds die seremonies van die wet onderhou.

Kyk net die absurdheid! Die offers moes mense laat glo God sal 'n offer vir ons sondes gee. Nou het Jesus sy lewe as offer gegee, en ons glo in sy offer vir ons. Maar ons moet nog steeds ook offers gee.

Dit is duidelik. Vir die Joodse gelowiges was die seremonies nie die uitbeelding van die Evangelie nie, dit wat God vir ons gee nie. Hulle het dit nog steeds as wette gesien wat soos en in die plek van die Tien Gebooie onderhou moes word. Al het Jesus sy lewe as offer gegee wil hulle nog steeds diereoffers vir God bring.

8. <u>Die Evangelie wat tot 'n wet verander word, maak die wet se werking tot niet.</u>
Wat is die gehoorsaamheid wat die wet vra? Hierdie is die boodskap van die profete ook dwarsdeur die O.T. Die gehoorsaamheid wat mense aan God moet gee is nie diereoffers nie, dit is liefde en barmhartigheid volgens die Tien Gebooie.

Die diereoffers beeld die Evangelie uit. Dit is nie die reëls vir hoe mense moet leef nie. Dit is die offer wat God gee aan mense in die plek van hulle lewe wat hulle nie hoef te gee vir die skuld van die sonde nie.

Wat doen die valse kerk? Hulle draai die werking van die Evangelie om en maak dit die reëls wat in die plek van die Tien Gebooie onderhou word. Op hierdie wyse, deur die seremonies van die Evangelie as wette te onderhou, ontduik hulle die eise van die

Tien Gebooie. Meer, doen hulle sonde in die naam van die Evangelie, omdat hulle nie meer aan die Tien Gebooie gebind is nie. Die profete van die O.T. het hierdie valsheid elke keer blootgelê. Vgl. hierdie tema in die Psalms.
40:7 "Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sonde-offers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê."

50:8 "Dit is nie omdat jy nie offer dat Ek rekenskap van jou eis nie; jou brandoffers is immers gedurig voor My. Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou kraal nie....14 Lof is die offer wat jy aan God moet bring... 23 Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring."

51: 18,19 " 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging. U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie."

69:31 "Dan sal ek die Naam van God besing, Hom met 'n danklied prys. So 'n offer is vir die Here verkiesliker as selfs 'n volmaakte offerdier."

Deur die Evangelie as die wet te onderhou, boots die kerk God na. Hy gee 'n offer vir hulle vir hulle sonde. Hulle maak asof hulle die offer vir God gee. Meer, daardeur ontduik hulle die opoffering wat die Tien Gebooie elke dag van die mens eis: eer, lof, dank en gehoorsaamheid aan die wil van God volgens die Tien Gebooie.

Deur die Evangelie, dit wat God vir ons gee en doen, 'n wet te maak, word die eise van die wet, dit wat God vra ons moet doen, ontduik.

9. Die wet van God wat verander word om die werking van die Evangelie te doen - ons te red – vernietig die werking van die Evangelie.

Nêrens in die O.T. het die wet van die Here ooit die bedoeling gehad om mense te verlos deur hulle wetsgehoorsaamheid nie. Kyk byv. na die Tien Gebooie self. Die Tien Gebooie sê nie dat die Here jou sal verlos of vergewe as jy die wet onderhou nie. Die eerste reël in die Wet is juis dat God sy volk verlos het nog voor hulle die wet gehad het : "Ek is die Here jou God wat jou uit die plek van slawerny bevry het."

Deur aan die wet die werking van die Evangelie te gee, verval die mens in ongeloof in Jesus Christus. Wie deur die wet gered word hoef nie in Christus te glo nie. (vgl. hoofstukke 4 en 5)

10. Die wet en Evangelie as wyse waarop sonde gedoen word in die naam van God en godsdiens.

Deur die werking van die wet en Evangelie om te keer, al word die reëls en die werk van Jesus nog in naam behou, word hierdie reëls van die wet en die werke van Jesus die wyse waarop sonde gedoen word. Deur sonde te doen in die naam van die wet van God en die Evangelie van God, kan sonde nou openlik gedoen word in die gemeenskap as sou sonde die godsdiens wees wat die Here van ons vra.

Dit is die alternatief van die valse kerk op die Evangelie en God se genadeheerskappy deur die Evangelie. Die valse kerk gee aan die Evangelie die alternatiewe betekenis: dit word die wyse waarop sonde openlik as godsdiens bedryf word.

Hierdie alternatiewe betekenis wat die valse kerk aan die wet en die Evangelie gee, kan ons in kontras behandel met die nuwe betekenis wat die Evangelie aan die wet gee. Ons behandel 10.1 tot 10.9 nou in dieselfde volgorde as 6.1 tot 6.9 in hoofstuk 6 om die alternatiewe werking wat die valse kerk aan die wet en Evangelie gee, toe te lig.

10.1 Die omkering van die werking van die Evangelie tot die werking van die wet, maak dat die eis van die wet en die Evangelie ontduik word in die naam van die wet. (Markus 7:1-13.)

Jesus wys in Markus 7:1 tot 13 dat die Fariseërs sonde doen in die naam van godsdiens. Die volle eis van die Tien Gebooie is om jou vader en moeder te eer. Hierdie eis sluit die versorging van 'n bejaarde pa en ma deur hulle kinders in. Wat doen die Fariseërs? Hulle doen sonde! Hulle vermy die versorging van hulle ouers en verryk hulle self ten koste van die versorging van hulle ouers.

As hulle dit openlik as hulle wil en wens verklaar het om hulle ouers af te skeep om hulle self te verryk, sou die gemeenskap hulle geminag het. Die ware kerk sou dadelik hulle sonde geëien het.

Wat doen hulle? Hulle verklaar alles waarmee hulle hulle ouers mee moes versorg as "korban". Dit beteken: dit is bedoel as offer vir die Here soos voorgeskryf in die seremonies. Nou kan hulle nie meer die bees, skaap of graan vir hulle behoeftige ouers gee nie. Hulle moet dit nou aan die Here gee.

Wat is die belangrikste: om God te dien of mense? Natuurlik om God te dien! Daarom is dit uit eerbied vir God, wat hulle eerste en alles is, dat hulle die beeste, skape en graan aan die Here wei.

Nou staan die Fariseërs nie bekend as mense wat hulle ouers minag en hulle self verryk ten koste van behoeftige ouers nie. Hulle staan nou in die gemeenskap bekend as mense wat meer en beter toegewy is aan God as die gewone gelowiges. Gewone gelowiges versorg hulle ouers. Die Fariseërs en Sadduseërs stel God eerste. Hulle gee die diere en graan as offers vir God.

Ons moet net onthou dat offers op bepaalde tye gebring is. Dit het beteken dat as jy 'n koei bestem het as offer vir die Here dan kon sy eers oor maande of selfs oor 'n jaar aan God geoffer word. So, terwyl hulle gewag het om die koei tempel toe te vat, was dit aanvaar dat hulle die volle gebruiksreg van die koei kon benut. Deur dit aan die Here te wy, hoef hulle dit nie vir die ouers te gee nie.

Hoe kry die valse kerk dit reg om sonde: die verwaarlosing van ouers, as godsdiens te beoefen? Hoe kry hulle dit reg om die eis van die wet te vermy, maar in die openbaar bekend te staan as mense wat meer vir God gee en doen as die gewone gelowiges wat maar net hulle ouers versorg?

Jesus noem dit: ""Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou."" Wat is hierdie oorgelewerde gebruike? Dit is die eis van die seremoniële wette wat God self in die Ou Testament gegee het. Wie het die wette gegee dat jy aan God jou diere en graan moet offer? Dit is tog God self! Nou hoe kan Jesus dit dan oorgelewerde gebruike noem?

Dit is die oorgelewerde gebruik om die seremonies te onderhou in die plek van die Tien Gebooie! Die skuldoffers was nooit bedoel as reël om God te gehoorsaam nie. Dit is bedoel as seremonie om die Evangelie uit te beeld. Wat doen die Fariseërs? Hulle maak die offers die Evangelie. Dit is 'n alternatiewe wet in die plek van die vyfde gebod. Nou het hulle eie wette wat niks met God se wet te doen het nie - in die naam van God en sy gebod.

Deur hierdie nuwe alternatiewe wette te onderhou, vermy hulle die eis van die Tien Gebooie. So word hulle ook van die saak wat in die offerseremonie uitgebeeld word, vervreem. Hulle volhard in ongeloof in die Evangelie deur hulle toewyding aan God! Is hulle mense wat Jesus se offer aan die kruis nodig het? Nee, hulle glo nie aan Jesus nie en hulle kritiseer sy dissipels as "wettelose" mense. Die dissipels sou nie so wets-gehoorsaam soos die Fariseërs wees nie. (Mark. 7:5)

Deur die Evangelie tot 'n wet te maak - die offerseremonie as alternatiewe wet op die vyfde gebod te maak - kan die Fariseërs:

1. Die volle eis van die vyfde gebod vermy.
2. Hulle ouers verwaarloos. Dit is sonde doen.
3. Dit op so wyse doen dat die gemeenskap dink hulle is meer en beter toegewyd aan God as gewone gelowiges wat hulle ouers versorg.
4. Jesus en sy dissipels wat in Hom glo as die Messias in die gemeenskap kritiseer as wettelose en ongodsdienstige mense.
5. Die geloof in Jesus as die enigste offer vir sondes vermy.
6. Doen die Fariseërs presies wat die goddeloses en wetteloses doen: vermy die wet van God en die Evangelie. Hulle doen dit net op 'n eie manier: in die naam van die wet en die Evangelie.

Deur die Evangelie se werking te verander tot 'n wet, maak die Fariseërs hulle eie godsdienstige reëls. Hierdie godsdienstige reëls word nou as die alternatiewe wet van God voorgehou. Sonde kan nou gedoen word sonder dat vir God se straf gevrees word. Meer nog, deur sonde te doen en ongelowig in die Evangelie te wees, word 'n mens as 'n meer toegewyde persoon geken deur die gemeenskap as die wat in Jesus Christus glo. Die sonde van die goddeloses word nou as gehoorsaamheid aan God uitgeleef.

10.2 <u>Die omkering van die werking van die Evangelie tot die werking van die wet, skep vir die goddeloses 'n alternatiewe wet waardeur hulle hulleself sonder Christus kan regverdig in hulle sonde. (Kol. 2:16-23)</u>

Die gelowige handhaaf die reëls van die Tien Gebooie. Die reëls van die wet wys die gelowige hy kan nie deur die wet van God heilig en regverdig wees nie. Deur die Tien Gebooie te handhaaf as wet van God, ontdek die gelowige hy wil die reëls verbreek, nie onderhou nie.

Daarom is dit deur die reëls dat die Christen geleer word om alles wat Hy van God kry in Christus te soek en te vind. Die heiligheid en regverdigheid wat die Tien Gebooie eis, is in die Evangelie 'n gawe van God: "22 Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. 23 Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die Evangelie wat julle gehoor het nie." (Kol. 1)

Paulus noem dit ons "verbondenheid" met Christus. In Kol. 2:9,10 stel hy dit so: "In Hom is die volle wese van God beliggaam, 10 en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid." In 1:27 stel hy dit so: "God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid."

In Kol. 2: 16-23 beskryf Paulus die houding van goddeloses in kontras met hierdie verbondenheid aan Christus, d.i. die Evangelie. Die goddelose is die een wat homself teenoor God verhef in sy eiewaan. (vers 18) Dit is die wese van die sondige drif van die goddelose. (vers 23) Die goddelose dien nie God nie, maar verhef homself teenoor God in 'n eiewaan dat hy God se gelyke is.

Sou 'n mens homself openlik in die gemeenskap teenoor God verhef en homself in die openbare lewe met woord en daad aan God gelykstel, sal almal hom as waansinnige verwerp. Die ware kerk sal hom dadelik as 'n goddelose eien.

Wat doen die goddeloses? Hulle eiewaan en drif dat hulle God se gelyke is, leef hulle uit as diens aan God, nederigheid teenoor God en as selfbeheersing teenoor God. (vers 23)

Hoe kan 'n mens die onbeteuelde drif om jouself teenoor God as gelyke te verhef, uitleef as nederige, selfbeheersde godsdiens? Paulus is hier nog steeds met die Fariseërs en Sadduseërs besig. Hulle doen dit deur die werking van die wet en die Evangelie om te keer!

Paulus beskryf hierdie selfverheffing teenoor God, as mense wat hulleself die reg toeëien om vir ander voor te skryf wat hulle moet eet en drink - in die naam van die God van die Bybel. Mense wat vir ander voorskryf om godsdienstige feesdae te onderhou. Hierdie voorskrifte word " wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld" genoem. Dit is die wettelose en goddelose wêreld. (vers 20) Dit is wette wat " maar net gebooie en leerstellings van mense" is. (vers 23)

Waar kry die goddeloses hierdie wette vandaan? Die wette wat voorskryf wat jy moet eet en drink is niks anders as die wette oor rein en onrein kos uit die O.T nie. (Lev. 11: 44-47 Lev. 19.)

Die wette oor die feesdae is die nuwemaansfees en die Sabbat (vgl. Amos 8:5 en Lev. 23:3) Hierdie is wette wat God self ingestel het.

Nou kom Paulus in Kol.2 en sê aan die Christene hulle moet nie dat iemand vir hulle voorskryf om hierdie wette na te kom nie.

Hierdie wette wat God ingestel het noem Paulus "wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld" (vers 20) wat "maar net gebooie en leerstellings van mense" (vers 23) is. Dit het niks met God of godsdiens te doen nie!

Hoe kan Paulus dit sê? Hierdie wette is die seremoniële wette van die O.T. Deur hierdie wette het die gelowiges in die O.T. presies dieselfde Evangelie geken en geglo as wat Paulus aan die gemeente bekend gemaak het deur Jesus Christus.

Hierdie wette was nooit bedoel as alternatiewe wette of as aanvullende wette op die inhoud van die Tien Gebooie nie. Dit was seremonies waarin die Evangelie geken is. Dit was genoegsaam om die Evangelie te glo, al was dit nog nie volledig in Christus bekend gemaak nie.

Daarom sê Paulus dat hierdie wette die "skaduwee was van wat sou kom; die werklikheid is Christus." (vers 17) In Jesus is bekend gemaak dat Hy sondaars heilig, sonder smet en onberispelik voor God stel.(Kol.1:22) Presies dieselfde saak, dat die Israeliete vir God heilig, sonder smet en onberispelik is, is aan hulle bekendgemaak deur die seremonies van die Sabbat en die koswette. Vgl. Deut. 14:1 tot 22. Die onderhouding van die seremonies het een waarheid vir die volk bekend gemaak "Julle is die volk wat aan die Here julle God gewy is. Hy het julle uit al die volke op die aarde uitgekies om sy eiendomsvolk te wees." (vers 2)

Die Sabbat was van die begin af bedoel as 'n teken: "Dit sal vir altyd 'n teken wees tussen My en en die Israeliete." (Ex. 31:17) 'n Teken waarvan? " 12 Die Here het vir Moses gesê: 13 "Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my Sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. 14 Onderhou dus die Sabbat." (Ex. 31)

Die onderhouding van die seremonies was tekens waarin Israel aan die geloof vasgehou het dat God hulle geheilig het en God 'n toewyding vir hulle geskep het waar hulle werke vir God sonder smet en onberispelik is. Die Sabbat en koswette het presies dieselfde bekend gemaak as wat Jesus bekend gemaak het. Deur die Evangelie, nie die Tien Gebooie nie, is gelowiges voor God heilig, sonder smet en onberispelik. Wat in die seremonies nog onduidelik was, is nou in Christus ten volle bekend gemaak.

As jy dus nou in Jesus Christus weet dat jy voor God heilig en onberispelik is, waarvoor moet jy dan nog die seremonie van die Sabbat onderhou wat presies dieselfde, maar net baie onduideliker, wil verkondig? Wie in Jesus Christus glo dat God hom geheilig en geregverdig het sonder die wet- het nie meer die seremonies van die Sabbat en die koswette nodig nie.

Wat doen die goddeloses? Hulle maak van die seremonies wat die Evangelie uitbeeld, wette wat dieselfde waarde het en as alternatiewe wette werk op die inhoud van die Tien Gebooie. As 'n mens die seremonies van die Sabbat en rein- of onreinkoswette in die plek van die Tien Gebooie maak, dan heilig en regverdig jy jouself deur hierdie wette na te kom. Die heiliges en regverdiges is dus nie meer die persone wat God heilig en regverdig vir Homself nie. Dit is nie meer iets wat God met die volk doen nie. Dit is iets wat hulle vir God doen. Die werking van die Evangelie is omgekeer tot 'n wet.

Dit is die ironie. As hierdie alternatiewe wette bepaal of jy heilig is of nie, dan kan 'n mens deur wetsgehoorsaamheid heilig wees! Dit is moontlik om op 'n Sabbat nie te werk nie. Dit is moontlik om jou hele lewe lank nie een onrein ding te eet nie. Dit is nie moontlik om die Tien Gebooie volkome te onderhou nie.

Deur alternatiewe wette te maak op die Tien Gebooie, heilig en regverdig die goddeloses hulleself in hulle sonde.

So maak hulle hulle los van Christus. (Kol 2 vers 19) Deur die Tien Gebooie as wet van God te handhaaf, word Christene deur die wet gedryf om aan Jesus Christus vas te hou as die enigste Een wat hulle heilig en sonder smet voor God stel. Deur nuwe alternatiewe wette as God se wet op te stel, kan die goddelose Fariseërs en Sadduseërs hulle van Jesus losmaak. Hulle wette leer hulle, hulle kan heilig en regverdig leef voor God sonder Christus. Hierdie wette maak die mens los van Christus as die enigste manier om heilig te wees en los van die geloof in die Evangelie as die enigste wyse waarop ons vir God reg kan leef. (vers 19). Dit regverdig ongeloof in Jesus as die Christus.

Meer nog, wie maak hierdie wette? Dit is mensgemaakte wette in die plek van God se wet: die Tien Gebooie ! Wie word die een wat hierdie wette afdwing op die kerk van God as sou dit God se wet wees? Dit is nie God nie! Dit is die mens wat homself nie aan die Tien Gebooie van God gebind voel nie, maar sy selfgemaakte alternatiewe godsdienstige reëls gelyk stel met die wil van God self. Hulle neem God se plek in oor die kerk en die gemeenskap.

Dit is die selfverheffing in eiewaan teenoor God. Hulle maak hulle eiesinnige godsdienstige reëls in die plek van die Tien Gebooie wat hulle nie ag nie en dwing dit op die kerk van God en die gemeenskap af as sou dit die wil van God self wees. Hulle dwing hulle eiesinnigheid en eiewaan af as sou dit die wet van God wees.

Waar kry hulle die wette? Uit die Evangelie! Die seremonies van die O.T. is niks anders as die Evangelie nie. Deur die Evangelie tot 'n wet te maak word die Evangelie die bron van hulle eiesinnige godsdienstige vroomheid wat hom nie aan God of sy wil onderwerp nie.

Die eiewaan om God se wet nie te ag nie en jouself met Hom gelyk te stel, is nie meer sonde nie. Dit is nou die beter en heiliger lewe as die lewe van die gelowiges. Vir die gelowiges was die seremonies die uitbeelding van God se gawe van heiligheid in Christus. Hulle hou nou vas aan Christus en die lewe uit die geloof in Christus. Daarom onderhou hulle nie meer die Sabbat of die reiningswette nie.

Vir hierdie goddeloses is die kerk van die Here nou die mense wat nie heiligheid en gehoorsaamheid aan God ernstig opneem nie. Hulle eiewaan om hulleself met alternatiewe wette in die plek van die Tien Gebooie voor God te heilig en te regverdig, is nou 'n regverdiger en heiliger lewe as die lewe van die kerk uit die Evangelie.

Deur hierdie alternatiewe wette is hulle sonde om hulle met die Wetgewer, Godself, gelyk te stel en nie sy wette te aanvaar nie, nie meer sonde nie, maar die eintlike wette wat God van die kerk sou vra. Sonde is nou die wet van God. Hiervoor kan hulle die Bybel self opneem en die wette aanhaal uit die O.T. as sou dit nie hulle eiesinnigheid wees nie, maar die geopenbaarde wil van God self.

Deur hierdie alternatiewe wette word die geloof in Jesus Christus wat die seremonies nie meer onderhou nie, gedegradeer as 'n wettelose en eiesinnige godsdiens.

Dit doen hulle uit die Bybel en deur die Bybel.

Meer, deur hierdie alternatiewe wette van die valse kerk uit die Evangelie, is daar tussen die goddeloses en die godsdienstiges geen verskil nie. Die goddeloses steur hulle nie aan God nie en onderwerp hulle nie aan die Tien Gebooie nie. Hulle eiesinnigheid en eiewilligheid dwing hulle op almal af: God en mens.

Die valse kerk dwing sy eiesinnigheid op almal af deur selfgemaakte godsdienstige reëls en om namens God te besluit oor wat sy wil is. Inhoudelik is daar tussen goddeloses en die Fariseërs geen verskil nie. Die een goddeloosheid is sonder die wil van God. Die ander goddeloosheid is in die naam van die Evangelie.

Daarom kan dit nie as goddeloosheid deur die wêreld geëien word nie. Wie kan nou ooit iemand as 'n goddelose raaksien wat die hele tyd besig is om voor te skryf wat God wil hê en nie wil hê nie? Iemand wat die hele tyd besig is om reëls af te dwing oor wat God sê, kan nie as 'n goddelose mens geëien word nie. Hulle kom voor as mense wat God se saak op die hart dra. Hulle kom voor as die wat hulle vir die eer van God beywer.

Dit is die nuwe betekenis van die omkering van die werking van die wet en die Evangelie. Deur die Evangelie tot wet te maak, word sonde as godsdiens geregverdig vir die wêreld. Dit is die godsdiens wat die wêreld graag wil hê. 'n "selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam". 'n Godsdiens in die naam van die Evangelie, maar wat "geen waarde het vir die beteueling van die sondige drifte nie" (Kol 2:23): die drif om in eiewaan jou met God gelyk te voel en te beleef.

10.3 <u>Die omkering van die werking van die Evangelie tot die werking van die wet, skep 'n godsdienstige wet waardeur haat vir God en mens as liefde uitgeleef kan word.</u>

a. <u>Haat vir God as liefde.</u> <u>(Matt. 23:23 tot 28)</u>
Die volle bedoeling van die wet is liefde, nie dissipline nie. Die gelowiges handhaaf die Tien Gebooie as die volle liefdeseis vir God en mens. Deur dit as die werklike inhoud van liefde te handhaaf, word die gelowige gedryf om al meer en meer aan die liefde van God vir sondaars in die Evangelie vas te gryp. Die liefde as wetsgehoorsaamheid leer die gelowige dat hy eintlik God en mens haat. Net in die Evangelie kan daar 'n liefde in 'n sondaar geskep word wat die wet opneem as die wyse waarop aan God en die naaste liefde betoon word.

Goddeloses haat God en wil Hom bly haat. Haat vir God kan nie openlik in die skepping uitgeleef word nie. Daarom skep hulle vir hulleself godsdienstige wette waarin en waardeur hulle God bespotlik kan maak, belaglik kan maak en Hom kan hoon sonder dat hulle haat vir Hom geëien kan word.

Iemand wat gesteld is om godsdienstige wette teenoor God stiptelik na te kom, kan bitter moeilik geëien word as iemand wat God haat.

Dit is die kuns van die Fariseërs en Sadduseërs: om God deur die uitvoerige en stiptelike onderhouding van godsdienstige reëls te haat en te hoon. Jesus spreek hierdie vaardigheid van hulle aan in Matt. 23:23: "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie."

Die sonde wat Jesus hier aanspreek, is nie dat hulle net een van twee dinge doen nie. Dan sou dit beteken het hulle doen al reeds een van die dinge wat van hulle verwag word, reg. Hulle moet nou nog net leer om die ander een ook te doen.

Die valsheid lê veel dieper. Jesus noem hulle huigelaars. Nie amper-reg Christene nie. Hy sê hulle skep die muggie uit en sluk die kameel in. Dit beteken hulle is heeltemal van die punt af, eintlik heeltemal absurd met hulle godsdiens. Hy sê van buite lyk hulle skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid. Hy sê hulle lyk mooi volgens die reëls van godsdiens, maar binne in hulle minag hulle God en sy wet.

Hoe kry hulle dit reg om in woord en daad met liefde vir God besig te wees, maar dit juis op so manier te doen dat hulle daardeur die minagting in hulle hart vir God toon? Hulle doen dit deur vir God hulle tiendes te bring: tiendes van kruisement, anys en koljander. Is die bring van tiendes dan sonde? Inteendeel! Dit is presies wat God voorskryf in die Bybel! Die voorskrif staan in Lev. 14:22 tot 29.

Hierdie tiendes was deel van die dankoffer wat die volk aan die Here moes bring. Die betekenis van die dankoffer word weergegee in 'n voorgeskrewe gebed wat behoue gebly het in Deut.26:1 tot 11 en 12 tot 15. In Deut. 26: 18-19 word die betekenis van die offergawes toegelig. Dit word aan twee sake gekoppel: 1. dat God aan hulle die beloofde land gegee het waarin hulle sy volk kan wees en waarin Hy hulle seën (vers 15) en 2. dat God beloof het dat hulle 'n volk sal wees wat aan Hom toegewy is.(vers 19)

Die bring van eerstelingsoffers en tiendes was net soos met al die ander offers, seremoniële offers. Die bring van tiendes was 'n teken dat die volk leef uit die vervulling van God se beloftes. Hy vervul die belofte van die beloofde land en Hy laat hulle sy volk wees wie se hele lewe aan Hom toegewei is. Hierdie seremonies moes die volk herinner en verduidelik dat hulle leef vir God omdat Hy sy beloftes aan hulle vervul het.

Die tiendes gee was nooit bedoel as wette gelykwaardig aan die Tien Gebooie nie. Die tiendes gee het die Evangelie aan die volk verkondig. Daarom was dit nie bedoel as 'n reël hoe om God en jou naaste lief te hê nie. Die gee van tiendes moes die Israeliet weer laat vashou dat hy leef uit die vervulling van God se beloftes aan hom. Dit is teken van God se liefde aan die volk. Dit is nie 'n reël hoe liefde aan God bewys moet word nie.

In hierdie betekenis verskil die saak, wat die bring van tiendes verkondig, niks met die genadeheerskappy van Christus nie. Die genadeheerskappy van Jesus Christus wy ons aan God en maak dat ons leef uit die vervulling van God se belofte om ons deur sy genadegawes te regeer en nie deur die Tien Gebooie nie. Die geloof wat die tiendes in Israeliete bewerk: om uit die vervulling van God se beloftes toegewy aan Hom te kan leef in alles, is presies dieselfde geloof van die kerk in Christus. Deur sy genadeheerskappy leef ons uit die vervulling van God se beloftes en nie meer onder die wet nie.

Wat maak die skrifgeleerdes en Fariseërs? Hulle maak van die teken dat ons leef uit die vervulling van God se beloftes 'n wet van hoe God gedien en liefde aan Hom betoon moet word. Die gee van tiendes word verander van iets wat die mens nodig het om in sy geloof in die vervulling van God se beloftes versterk te word, na iets wat God nodig het. God het dit nodig om tiendes van wat jy kry te ontvang!

As die Evangelie tot 'n wet verander word, word die wet 'n manier waarop God belaglik gemaak word en haat vir Hom in sy gesig betoon word in die openbaar.

Die Fariseërs bring tiendes van kruisement, anys en koljander. Wat sê hulle daarmee? Dit sê dat hulle tot en met die kruie wat hulle kry die volle tiende vir God gee. Hulle is ingesteld dat God sy deel kry. Nie net van die skape, beeste en bokke nie, maar tot en met die kleinste gawe wat hulle kry, gee hulle vir God sy deel. Hiermee is hulle stiptelik en noukeurig ingesteld om alles wat God toekom en God wil hê, vir God te gee.

Hierdie is hulle haat vir God. Hoe kan hierdie toewyding haat vir God wees? Die O.T eis dit dan as reël? Maklik! Deur die betekenis van die seremonie van tiendes te verander van 'n teken van die Evangelie tot 'n wet in die plek van die Tien Gebooie! As die gee van tiendes nie meer is om hulle eie geloof te versterk in God se vervulling van sy belofte om hulle aan Hom toegewy te laat wees nie, dan is die tiendes iets wat vir God gegee word wat Hy nodig het.

God het kruisement nodig! God het anys nodig! God het koljander nodig! As jy dit vir Hom gee is Hy gelukkig! Wat wil die Skepper van hemel en aarde met kruie doen? Dit is die haat en hoon van die Fariseërs. Hulle kan God met skape, bokke, beeste, duiwe en kruie gelukkig hou. Hy soek ook nie baie nie. Jy kan maar net 'n tiende gee. Dit sal Hom gelukkig maak.

Met hierdie reëls verhef die Fariseërs hulle in die gemeenskap en teenoor die gelowiges as mense wat die Here die meeste liefhet. Die gewone mense het God net so lief dat hulle van die gewone sake tiendes gee. Die Fariseërs het God so lief dat hulle van alles wat hulle kry, tot en met die fynste kruie, vir God gee wat Hy nodig het. Hulle is die wat die meeste en beste ingestel is om God met alles lief te hê.

Daarom noem Jesus hulle huigelaars. Hulle het in woord en daad Hom lief met wette waarin hulle hom totaal bespotlik en belaglik maak. Dit is wat die uitdrukking witgeverfde grafte verwoord. Terwyl hulle God voluit liefhet, is hulle liefde die wyse waarop hulle Hom as Skepper hoon.

Dit is presies dieselfde saak wat aangespreek word in Ps. 50:7 - 14. In hierdie Psalm sê God aan dié wat offers bring soos die Fariseërs dat hy nie hulle offers nodig het nie. Hy eet nie bokke nie. As Hy bokke sou wou hê, sal Hy in elk geval nie vir hulle vra nie. Alles is syne. Ook dit wat hulle maak asof dit hulle s'n is en aan God afstaan.

Dit geld ook vir die Fariseërs. God eet nie kruie nie. As Hy kruie wou hê, hoef hy ook nie te wag dat hulle dit vir Hom bring nie. Hy is die Skepper van alle lewe. Alles is syne. Die gewaande liefde om iets van jou aan God te gee, maak God bespotlik. Alles wat jy het, is syne. Die tiendes is juis om die mens te laat glo dat hy uit die vervulling van God se beloftes leef. Dit is nie God wat uit die mens se tiendes leef nie en afhanklik is dat die mens iets aan God moet gee nie.

Deur die Evangelie tot 'n wet te maak, word die geloof dat ons uit die vervulling van God se belofte leef, vernietig. Daarom het die Fariseërs nie Jesus se genade-heerskappy aanvaar nie. Hulle glo nie in die genadeheerskappy van God nie.

Deur die Evangelie tot 'n wet te maak, word haat vir God as liefde uitgeleef deur die alternatiewe wette van die goddeloses.

Deur die Evangelie tot 'n wet te maak, word die werklike inhoud van dit wat die wet eis as liefde vir God, ontduik: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid.

Deur hierdie alternatiewe wette is die valse kerk vir die wêreld die mense wat God die meeste liefhet. Die gelowiges gee nie meer aan God tiendes nie. Hulle probeer die barmhartigheid en geregtigheid nastreef, maar hulle doen dit nooit so dat dit reg is nie. Hoekom hulle daarin volhard, is omdat hulle eie haat in hierdie strewe na geregtigheid hulle elke keer weer aan Christus se liefde vir sondaars laat vasgryp en in sy liefde die krag vind om weer na die geregtigheid van die wet te soek.

Die valse kerk het Christus nie nodig nie want hulle het God baie meer lief as al die ander mense. Hulle gee vir God alles wat Hy nodig het en nog meer. In hierdie eiegeregtigheid is hulle hoon dat God van hulle kry wat Hy nodig, het vir die wêreld nie sigbaar nie. Hierin is hulle met die goddeloses een.

b. Haat vir mense as liefde vir God. (Luk. 6:1 tot 11; 13:10 - 17 en 14:1 - 6 en Matt. 12:1-14.).
Wat die Fariseërs met God doen, doen hulle ook met sy handewerk - die mens. Hulle haat hom in die naam van liefde vir God. Jesus ontbloot hierdie alternatiewe betekenis wat die Fariseërs aan die wet en die Evangelie gee in Luk 6: 6-11.

Die eis van die wet is naasteliefde. Naasteliefde is om goed te doen aan jou naaste en hom nie kwaad aan te doen nie. In hierdie gedeelte kom Jesus en as Skepper betoon Hy barmhartigheid aan 'n gestremde mens. Hy genees 'n man wat met 'n gebreklike hand moet leef. Dit is wat die wet ook eis van ons. Ons moet goed doen aan mense en hulle nie kwaad aandoen nie.

Die Fariseërs het die kuns ontwerp om in die naam van liefde vir God - mense kwaad aan te doen. Die kwaad wat die Fariseërs hier doen is om genesing aan 'n gestremde persoon te ontsê. Sy genesing is vir hulle nie 'n goeie ding nie. Hulle sien nie sy nood raak nie, maar veroordeel hom omdat hy op 'n Sabbat genees is. Dit het hulle rasend van woede gemaak dat hy genees is. Hoekom het dit hulle so rasend? Net omdat dit op 'n Sabbatdag gebeur het!

Dieselfde houding word in Luk. 13: 1-17 en 14: 1-6 op die spits gedryf. Die hoof van die sinagoge stel dit so: ""Daar is ses dae in die week waarop 'n mens moet werk. Julle moet op een van daardie dae kom om julle te laat gesond maak, nie op die Sabbatdag nie. "" (13:12)

Dieselfde houding blyk uit 6:1-5. Die dissipels is honger en pluk graan en eet dit terwyl hulle deur 'n saailand loop. Of hulle honger is of nie, is nie vir die Fariseërs ter sake nie. Hulle stel nie belang in die honger van die dissipels nie. Hulle nood is nie ter sake nie. Hulle word veroordeel deur die Fariseërs. Hulle is net gestel of die Sabbat se reël toegepas word.

Was dit die bedoeling van die Sabbatsgebod dat mense nie gesond gemaak mag word, honger mense nie kos mag kry nie of mense in nood nie gehelp mag word nie ? In Matteus 12:3-5 wys Jesus hulle op twee voorbeelde waar mense die seremoniële wette nie nakom nie, sonder dat hulle sonde doen.

Dawid en sy soldate het toe hulle uitgeput was en geen kos gehad het in die tempel gegaan en die offerbrode gevat en geëet. In Lev. 22 vers 10 word die volgende wet gegee: ""Geen onbevoegde persoon mag van die gewyde gawes eet nie, ook nie 'n bywoner of dagloner van 'n priester mag daarvan eet nie. In vers 15 en 16 word dit so herhaal: " "Die priester moet egter toesien dat die gewyde gawes wat die Israeliete aan die Here gegee het, nie ontwy word nie. 16 Hulle mag nie toelaat dat onbevoegde persone van die gewyde gawes eet nie, want dan sal hulle straf oor hulle bring. Ek, die Here, heilig die priesters." Jesus wys dat Dawid-hulle nie sonde gedoen het nie, al het hulle hierdie seremoniële wet nie nagekom nie.

Dieselfde geld vir die priesters op die Sabbatdag. Die Here het die Sabbat as seremoniële dag ingestel met die bevel dat daar nie gewerk moet word op die dag nie, maar van amptelik werk gerus moet word. Die priesters doen hulle amptelike werk op 'n Sabbat sonder dat hulle skuldig is aan 'n sonde.

Jesus wys hierdie goddeloosheid van die Fariseërs uit met die stelling: "As julle begryp het wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie', dan sou julle nie mense wat onskuldig is, veroordeel nie."

Die seremoniële wette oor die Sabbat was tekens dat God Israel aan Hom heilig. Wat anders is dit as God wat goed is vir sondaars? Die Sabbat as seremonie, moes Israel in die geloof versterk dat God offers berei het wat vir Hom geheilig is. Die volk hoef nie sulke offers vir God te gee nie.

Hierdie wette was nie bedoel om te bepaal hoe jy aan God en jou naaste goed moes doen nie. Hoe 'n mens goed moet doen aan God en jou naaste word in die wet saamgevat. Die wet eis barmhartigheid teenoor die naaste. Om aan jou naaste barmhartigheid te bewys is die goeie wat 'n mens aan God bewys.

Deur van die tekens wat vir hulle die Evangelie moes verkondig, wette te maak in die plek van die Tien Gebooie, het die Fariseërs alternatiewe wette gekry wat vir hulle die verskil tussen goed en kwaad vir God en die naaste aandui.

Met hierdie alternatiewe wette kan hulle nou die nood en angs van die naaste minag ter wille van gehoorsaamheid aan God. God vra nie meer barmhartigheid vir die naaste as die goeie wat Hom toekom nie. God vra dat 'n mens geen goed aan jou naaste op 'n Sabbatdag mag doen nie. God is nou 'n God wat mense op 'n Sabbatdag laat doodgaan, honger laat bly en siek laat bly - eerder as om hulle op 'n Sabbatdag te help! Dit terwyl die Sabbat as seremonie moes wys dat God goed is vir sondaars. Hy heilig sondaars as sy eiendom.

Deur die Evangelie tot wet te maak, verkry die Fariseërs vir hulleself wette uit die Woord van God wat hulle die reg gee om mense te veroordeel en hulle nood te minag in die naam van God.

Die genesings van Jesus was geen genesingspraktyk van 'n geneesheer nie. Dit het duidelik uit elke insident geblyk. Hierdie was tekens waarin geopenbaar is dat Hy self die Skepper is wat mens onder sy volk geword het. Terwyl hierdie tekens die Fariseërs moes wys dat hulle in Jesus die Here van die Sabbat ontmoet het (Luk.6:5), het hulle in die genesings iets gesoek om Hom aan te kla as 'n minagter van die Wet van God. (Luk. 6:7)

Dit is die hatigheid van die Fariseërs. Selfs al sou God op 'n Sabbat genees, sal hulle Hom aankla. In Joh. 9 ontken hulle dat Jesus van God af kom, want God sal nie iemand stuur wat op 'n Sabbat 'n blinde mens laat sien nie ! (vers 16) Daarom beveel hulle die blinde wat genees is :" "Gee die eer aan God; ons weet die man is 'n sondaar." (vers 24) Hoe het hulle geweet Jesus was 'n sondaar? Omdat hy 'n blinde op 'n Sabbat laat sien het. Selfs God sal nie vir mense goed wees op 'n Sabbat nie ! Dit is die persoon wat in Joh. 1:1 aangekondig word as: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God. 2 Hy was reeds in die begin by God 3 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie."Die Fariseërs kon nie in Hom glo nie, want Hy het 'n blinde op 'n Sabbat sy oë teruggegee.

Deur hulle alternatiewe wette wat die eis van die Tien Gebooie vervang, kan die Fariseërs hulle hatigheid teen mense uitleef as liefde vir die eer van God. Hierdie wette plaas hulle in 'n posisie wat die naaste wil vooroordeel, terwyl die nood van die naaste hulle heeltemal verbygaan.

Hulle verkry hulle alternatiewe wette deur die Evangelie tot 'n wet te maak. Hierdie alternatiewe wette in die naam van die Evangelie is nou 'n dissipline in logiese konsekwenthede. Dit vervang liefde en barmhartigheid as die eis van die wet.

10.4 <u>Deur die werking van die wet om te keer tot die werking van die Evangelie, word goddeloses aan die uiterlike dwang van die wet onderwerp sonder 'n innerlike verbondenheid aan God se liefde in die naam van die Evangelie. (Gal. 3:23 - 4: 11)</u>

In die brief Galasiërs kry ons weer die ander deel van die werking van die wet en die Evangelie by die valse kerk. Hier word die wet verkondig as die manier om vryspraak te verkry. (Gal. 2: 15 -16) Die brandpunt van die Fariseërs en Sadduseërs se alternatiewe godsdiens lê by hulle standpunt oor besnydenis. (Gal. 2:12, 5:1 en 6:12 tot 16).

Paulus sê vir die gemeentes wat onder sy werk tot stand gekom het in Turkye (Galasië): "Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. 3 Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou." (5: 2,3)

Ons moet die aanspraak van die Fariseërs en selfs van Christene wat aan die Fariseërs se standpunte wou vashou, goed verstaan. Hulle beroep hulle op die Woord van God in Genesis 17:11 - 14 en 22 - 26. Hier in die Woord van God staan dat elkeen wat deel is van die Abrahamsverbond, die verbondsteken moet dra: die besnydenis. Hierdie

teken is by God so 'n ernstige saak dat die Here dit so stel: "Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van die volksgenote afgesny word. Hy het die verbond verbreek." (Gen. 17: 14)

Dit was die krag van die Fariseërs se standpunt teenoor Paulus. God self het in sy Woord gesê mense moet besny word as teken dat hulle deel het aan die verbond met Abraham. Paulus sê dat elkeen wat hom laat besny het nie deel aan Christus nie. So, dit is mos duidelik, Paulus verkondig 'n ander God en 'n ander verbond as die een in die O.T. Hy het geen agting vir God en sy Tien Gebooie nie. So beweer die voorstanders van die besnydenis as voorwaarde om gered te word! (Hand. 21: 27 en 28)

Hierdie standpunt het Christene so in verwarring gebring in die tyd van Paulus dat sommige hulle, hulle laat besny het, al was hulle gedoop. Hierdie dwaling was nie sommer net 'n verwarring van die gelowiges uit die Romeinse afgodedienste nie.(Gal. 4:8) Selfs die apostel Petrus het hierdie standpunt gevrees en dit het hom aan die geldigheid van die Evangelie vir die heidene, wat nie besny is nie, laat twyfel. (Gal. 2:11 tot 14)

Dit was selfs nadat Paulus saam met Petrus en die ander apostels al voorheen tydens die eerste kerklike sinode ooreengekom het dat dit nie vir heidene wat tot geloof gekom het nodig was om hulle te laat besny nie. (Gal. 2:6 - 10, Hand. 15 en Hand. 21: 20 - 26)

Handelinge 15:1 beskryf die verwarring wat onder hierdie gelowiges uit die heidendom geleef het en deur gelowiges uit die Jodedom aangeblaas is: "Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: "As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie."

Die saak waaroor dit gegaan het, was hoe 'n mens gered word. Hierdie mense het hulle op die Bybel beroep om vir gelowiges uit die heidendom te oortuig die besnydenis is nodig om gered te word.

Hierteenoor sê Paulus om gered te word, is dit glad nie nodig om besny te word nie. Om gered te word, is alleen geloof in Jesus Christus nodig. (Gal. 2:15,16) Hierdie manier van die verkryging van redding, deur geloof in die Evangelie alleen, is nie 'n nuwe verbond of 'n nuwe God se verbond nie. Dit is presies dieselfde verbond wat God met Abraham gemaak het en wat Jesus vir die gelowiges uit die Jodedom sowel as die heidendom waar maak. ( 3:15 en 16)

Wat is Paulus se argument teen hierdie standpunt wat sê dat die besnydenis is nodig om gered te word? "Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou." (5:2)

Hierdie argument lê die verdraaiing van die Fariseërs en sommige Joodse gelowiges bloot. Waardeur is Abraham gered? Deur die besnydenis? Nee, hy is deel van God se genade omdat Hy God geglo het vir sy belofte. Abraham kry deel aan God se genade in Genesis 12 op presies dieselfde wyse as die heidene in die tyd van Paulus: deur geloof alleen.

Die besnydenis word eers ingestel in Genesis 17. Dit is 'n hele paar jaar nadat Abraham uit Haran uit weggetrek het. Dit is wat Paulus beklemtoon "17 Hiermee wil ek dit sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit toe al geldig gemaak." (Gal.3) Die verbond is geldig vanaf Gen. 12. Abraham is nie deel van God se genade eers vanaf Gen. 17 na die besnydenis nie.

Paulus se argument gaan egter in hoofsaak teen die wet wat red. Dit gaan nie soseer oor wanneer 'n mens besny of gered moet word nie. Hoekom? Daar is mos 'n groot verskil tussen die besnydenis as verbondsteken (Gen. 17: 11,12.) en die Tien Gebooie! Hoekom koppel hy die argument oor redding aan die Tien Gebooie as dit oor die besnydenis gaan?

Maklik, want dit is presies die verdraaiing van die Fariseërs. God het die besnydenis ingestel as teken van die genadeverbond. Die besnydenis was nooit 'n daad van gehoorsaamheid wat nodig was vir redding nie. Die verwysing in Gen. 17:14 : "Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van sy volk afgesny word. Hy het die verbond verbreek.", beteken nie dit is 'n voorwaarde om gered te word nie. Dit beteken dat as iemand nie die

teken van die verbond wil aanvaar nie, hy daarmee saam die verbond verwerp. Dit is die sonde: die verwerping van die verbond. So 'n mens kan nie gered word nie.

Daar is 'n groot verskil tussen die gehoorsaamheid aan die verbond en die teken van die verbond. Die gehoorsaamheid aan die verbond is geloof alleen. Om te glo is iets wat die gelowige doen. Die teken van die verbond is iets anders. Dit is nie 'n teken van die gehoorsaamheid van die mens nie.

Die teken is 'n teken van wat God doen. God maak die belofte en Hy maak die belofte onmiddellik van krag, sonder enige eis van wetsgehoorsaamheid aan die mens." 17 Hiermee wil ek dit sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit toe al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie."
(Gal. 3)

Die belofte word nie deur die mens waar gemaak nie, maar deur God. Wat is die argument van die Fariseërs? Hulle sê die besnydenis is iets wat die mens moet doen om gered te word. Die besnydenis is dus nie meer 'n teken van die belofte van God wat Hy waar maak sonder enige wetsgehoorsaamheid van die mens nie. Die belofte van God se genade word nou waar deurdat die mens homself laat besny!

Dit verander die hele werking van die besnydenis. Die besnydenis is nou 'n daad van gehoorsaamheid van die mens om redding/vryspraak te verkry. Dit is nie meer teken van God se genade nie. As dit 'n daad van gehoorsaamheid is, dan is dit wetsonderhouding. As jy jouself deur wetsonderhouding wil red, dan is een daad van wetsonderhouding nie genoeg nie. Dan moet jy die hele wet, altyd, die hele tyd en oral onderhou. "Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. 3 Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou." (Gal. 5:2,3)
Dit is die boosheid van die Fariseërs. As hulle openlik die standpunt ingeneem het jy moet altyd, oral, elke reël van die Tien Gebooie onderhou om gered te word, sou almal gedink het hulle is gek.

Wat doen hulle?

Hulle skep 'n nuwe tipe wetsgehoorsaamheid. Hulle verander die teken van God se genadeverbond tot 'n nuwe daad van gehoorsaamheid van die mens. Hierdie alternatiewe wetsgehoorsaamheid het dieselfde waarde en betekenis vir hulle as om die Tien Gebooie se reëls te onderhou. Hierdie tipe gehoorsaamheid kan 'n mens nakom. 'n Mens kan nie die Tien Gebooie volkome onderhou nie, maar as wetsgehoorsaamheid beteken om jou te laat besny - dit kan 'n mens volkome onderhou. Deur God se teken van genade te verdraai tot 'n daad van wetsgehoorsaamheid, gelykwaardig aan die wet, skep hulle 'n nuwe alternatiewe gehoorsaamheid aan God in die plek van die wet.

Hierdie alternatiewe gehoorsaamheid het nie die mense aan die Abrahamsverbond gebind nie. Dit het hulle nie van die wil en die mag tot sonde vrygemaak nie. Die wêreld wat in sonde vasgevang is, word aan God en sy liefde verbind deur geloof in Jesus alleen, nie deur hierdie alternatiewe geestelikheid van die Fariseërs nie. "22 Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde; die belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus."

Die besnydenis as daad van gehoorsaamheid tot redding, het mense dus nie aan die Evangelie of die Tien Gebooie gebind nie, maar aan al die ander "wettiese godsdienstige reëls" van die Fariseërs. Dit is die reëls wat hulle kry deur die seremonies wat die Evangelie uitbeeld, in tot alternatiewe wette in die plek van die Tien Gebooie te verdraai. (Gal. 4:9,10)

Watter betekenis gee hierdie omkering van God se genade tot 'n daad van wetsgehoorsaamheid aan die wet en Evangelie?

a. Dit verbreek hulle band met die Evangelie wat beteken dat hulle God se genade verbeur. (Gal. 5:4)
b. Verder maak dit van God se wil 'n "slawejuk". (Gal. 5:1)

Wat God se wil as slawejuk beteken, word verduidelik in die kontras van Gal.4:23 - 25 teenoor Gal. 4:4 - 7. Hulle wat deur hulle alternatiewe wette in die naam van God se genade gered wil word, staan onder die "toesig van die wet". Hulle wat deur God tot kinders aangeneem is, staan nie meer onder die toesig van die wet nie, maar roep God aan as Abba, Vader.

As 'n mens God se wet gehoorsaam om gered te word, dan vra jy nie na die Tien Gebooie omdat God jou liefhet en jy God innerlik liefhet nie. Jy doen dit om jou eie selfsugtige rede: om vir jouself redding, vryspraak, genade, e.a. te verkry. Die tipe wetsgehoorsaamheid wat uit God se genadeheerskappy na vore kom, daar teenoor, is om God se wet te probeer onderhou omdat Hy jou liefhet in jou sonde en Hy in jou 'n liefde vir Hom deur sy Gees geskep het: om jou in die genadeheerskappy van God te oefen.

Hoe is mense buite God se genade? Is hulle hierdie soekende mense wat die hele tyd besig is om God se redding, genade, liefde en trou na te jaag deur die Tien Gebooie te onderhou? Dit is van alle waarheid ontbloot. "..volgens die Skrif is die wêreld vasgevang in die greep van die sonde;" (Gal. 3:22) Mense wil nie innerlik God se wil onderhou en daaraan gebind wees nie.

Nou hoe word mense wat nie in Jesus Christus glo hierdie soekendes na redding wat skielik ingestel is op die wet? Dit gebeur as hulle onder die "toesig van die wet" geplaas word.

Die toesig van die wet beteken dat die wet van God die hele tyd gebruik word om mense se hele lewe en al sy optredes onder die oordeel van die wet te plaas. Deur die oordeel van die wet word mense die hele tyd gekonfronteer dat hulle verlore is en deur God vervloek is. So lank as wat die ongelowige onder hierdie oordeel gehou word, sal hy toegee aan die alternatiewe wette van die Fariseërs om homself te regverdig van die oordeel van die Tien Gebooie.

Die oomblik wat hierdie oordeel van die Tien Gebooie van 'n ongelowige weggevat word, dan voel hy homself vry van die dwang om na die wet te vra. Daarom moet die Tien Gebooie hom "gevange hou en bewaak". (Gal. 4:23)

Die persone wat die Tien Gebooie gebruik om mense daardeur die hele tyd onder bewaking te hou en hulle die hele tyd daardeur bevange te laat wees, is die geestelike leiers van die valse kerk. Dit is hulle magsposisie. (Rom. 2:17 - 20) Hulle moet almal die hele tyd kontroleer en beheer deur die toepassing van die Tien Gebooie. So word ongelowiges gedwing om soekende siele na God te bly.

Die uiterlike dwang van die Tien Gebooie bestaan nie in die ware kerk nie. Hier word na God se wil gevra deur die krag van die Evangelie. Die Evangelie laat mense tot God roep: "Vader!" Hulle vra nie na die Tien Gebooie omdat hulle gered wil word nie en deur die wet veroordeel word as verlore en op pad hel toe nie. Hulle is volkome gered en word geregeer deur God se genade. Hulle vra na die wet omdat hulle daarin God se liefde vir hulle in die Evangelie leer ken.

Die valse kerk, soos met die Fariseërs, is die kerk wat die ware kerk onder hierdie slawejuk wil indwing: om te leef onder die toesig van die wet. Hulle minag die kerk as mense wat nie uit liefde na God se wil vra nie, maar alleen na God sal vra as hulle die hele tyd onder die dwang van die Tien Gebooie geplaas is. Hulle onderwerp die gelowiges aan die uiterlike dwang van die Tien Gebooie. Die rede? Nie om aan God se liefde van te gryp nie. Hulle skep 'n alternatiewe wettiese godsdiens waarin hulle die gelowiges aan hulle eiesinnige godsdiens wil verkneg.

Dit is die wyse waarop sonde deur die valse kerk gedoen word. Waar die Tien gebooie nie uit liefde onderhou word nie, daar doen die mens sonde. Om iets te doen alleen omdat God dit op jou afdwing met die dreiging van die oordeel van die wet, is sonde. Dit verneder God tot 'n persoon wat net aandag kry as Hy dit afdwing. Om nie meer na God se wil te vra as jy nie deur die wet daartoe gedwing word nie, is sonde. Dit sê dat God niksseggend is as Hy Homself nie afforseer op die mens nie. Dit maak dat God nie iemand is wat geag en geliefd is vir dit wat Hy is nie: om God te wees.

Hierdie sonde word deur die Fariseërs beoefen in die naam van die soeke na redding. Daarom is daar geen verskil tussen die goddeloses wat net doen wat reg is as hulle deur die wet gedreig word en mense wat net vra na God se wil

omdat hulle gered wil word nie. In beide ontbreek die wese van die godsdiens: om na God se wil te vra alleen uit liefde.

Hierdie kwaliteit van godsdiens is alleen deur die Evangelie sonder die wet moontlik. Deur die Evangelie ontvang die sondaar alles van God - ook die nuwe innerlike wat na God vra. Die teken van die verbond verseël die genade van God. Dit is nie 'n nuwe wet om God se genade te ontvang nie. Al hoekom die gelowige na die Tien Gebooie as daad van gehoorsaamheid strewe is omdat God die liefde daartoe in sy sondaarhart voorberei het. Sondaars oefen hulle in God se liefde deur die Evangelie. Die wet leer gelowiges om niks anders as juis dit te doen nie.

10.5 Deur die werking van die wet om te keer tot die werking van die Evangelie, word mense deur die wet gedissiplineer om uit skuld teenoor God reg te leef in die naam van die Evangelie.
(Matt. 23: 13-15 en Rom. 8: 14-17.)

Die Fariseërs was mense met 'n sendingvisie en sendingywer. Tydens die leeftyd van Christus was die boodskap van die Fariseërs gevestig vanaf Iran in die Ooste tot in Rome in die Weste, vanaf Turkye in die Noorde tot in Ethiopië in die Suide.

Al die volkere in hierdie gebiede het afgode aanbid. Die boodskap van die Een en Enige God was 'n magtige boodskap teenoor die veelgodedom van die heidene. Die Judaïsme van die Fariseërs het dieselfde potensiaal gehad om die godsdiens van die Midde Ooste en Europa te word as wat die Mohammedanisme vir Noord-Afrika en die Ooste gehad het.

Die berig oor die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in Jerusalem, bevestig die krag van die sendingywer van die Fariseërs en Sadduseërs onder die nasies: "8 Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? Perse, Mediërs, en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die Provinsie Asië, 10 Frigië, en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, 11 Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere - ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die dinge wat God gedoen het." (Hand. 2)

Hierdie Joodse gelowiges uit die heidene is deur die sendingwerk van die Fariseërs en Sadduseërs bekeer. Dit is hierdie bekeringsywer wat Jesus aanspreek in Matt. 23: "13 Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder die wat wel wil ingaan. 15 Ellende wag vir julle skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is."

Hierdie vervloeking van Jesus van die Fariseërs en skrifgeleerdes, is nie maar die opgekropte frustrasie van Jesus teenoor godsdienstige opposisie of sy karikatuurbeeld van sy opponente nie. Jesus spreek hier die goddeloosheid van die Fariseërs aan: hulleself wil nie deel wees van God se genaderyk nie en hulle wil ook nie hê dat ander mense deel van sy genaderyk moet word nie.

Hoekom nie? Iemand wat deel is van God se genaderyk kan nie deur die Fariseërs tot bekering gebring word nie. Die genaderyk van God het al die bekeringswerk van die Fariseërs tot niet gemaak. Hoe so? Want die bekeringswerk van die Fariseërs het die heidene wat hulle uit die veelgodedom bekeer het, twee maal so ryp vir die hel gemaak as wat hulleself is.

Weereens, hierdie uitdrukking is nie die frustrasie van Jesus teen opposisie nie. Dit is die oopvlek van die omvang van die bekeringswerk van die Fariseërs: die valse kerk. Hulle het mense bekeer deur die boodskap dat daar net een enige God is. Hoe keer jy jou tot hierdie een en enige God?

Deur jou afgode te los en jou sonde te bely. Hierdie is die bekering van die wet: die Tien Gebooie se afgodediens is sonde, jy moet dit bely, uitlos en God begin aanbid deur sy wet te onderhou. Dit was die bekeringswerk van die Fariseërs. Jesus wys dat mense wat hulle uit die afgodediens van die heidendom bekeer het tot die God van die Bybel - deur hulle sonde te bely, hulle sonde te los en God in Jerusalem volgens die wet te begin aanbid, is nou dubbel op pad hel toe. Hulle is nie gered nie!

Wat maak hulle dubbel gereed vir die hel? Dit is hulle bekering: die eerste bekering uit die heidendom waar hulle van die afgode bekeer is en die nuwe lewe van elke dag bekeer onder die wet! As hulle net heidene was wat afgode aanbid het, was hulle verseker op pad hel toe! Hulle bekering van die afgode tot die een en enige God en hulle nuwe lewe van elke dag bekeer onder die wet, het hulle dubbel en dwars verseker op pad hel toe geplaas! Dit is deur hierdie bekering dat die Fariseërs die koninkryk van God vir mense in hulle gesig toesluit.

Dit is deur hierdie bekering dat die valse kerk sy krag uitoefen! Die Tien Gebooie verkondig dat daar net een enige God is. Die Tien Gebooie verbied die aanbidding van afgode en die Tien Gebooie beveel hoe die nuwe lewe geleef moet word. Hoe kan iemand wat homself van afgode bekeer en God volgens die wet begin dien op pad hel toe wees?

Niemand sal Jesus, Paulus of enige prediker van die Evangelie ooit glo dat hierdie bekeerde mense op pad hel toe is nie. Dit is juis die punt. Hierdie bekering uit die heidendom van die afgode af en die daaglikse dissipline om elke dag onder die wet te bekeer, maak dat iemand wat tot geloof in die Evangelie moes kom, nou nie meer die Evangelie nodig het of uit die genadeheerskappy van God leef nie.

Die bekering tot en onder die wet vervreem die goddeloses van die Evangelie in die vaste oortuiging dat hulle reeds gered is en dat hulle lewe van bekering onder die wet die ware godsdiens is. "Dit is nie die Fariseërs en hulle bekeerdes wat redding nodig het nie, dit is die afgodedienaars" - hierdie oortuiging maak dat die wat onder die wet bekeer is, nie in die koninkryk van God kan ingaan nie.

Hierdie vervreemding van die koninkryk is nie maar net 'n kwessie van eendag nie hemel toe gaan nie. Dit is mense wat nie reg leef nie. Die lewe van elke dag bekeer onder die wet is die verkeerde manier van lewe. Hierdie manier van lewe vervreem mense van God. Hoe so? Paulus, wat self deel van hierdie lewe was, (Fil 3:3-6) beskryf die werking van die Tien Gebooie in die lewe van hierdie bekeerdes so: "14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader." (Rom. 8)

Hoe leef hierdie bekeerdes verkeerd? Die bekering volgens die wet - kan nie die afgodedienaars deel van die Abrahamsverbond maak nie. Geen mens kan deur so bekering die Gees van God se genade ontvang nie. Geen mens wat so tot bekering kom, is vry van die "wet van sonde en dood" nie. (Rom. 8:2) Hierdie mense se bekering is 'n innerlike oefening in die dissipline van die wet - terwyl God gevrees word. Hierdie vrees beskryf Paulus as om "in vrees te lewe". Dit is nie die vrees om te voel jy gaan verlore nie. Hierdie mense glo hulle is gered deur hulle bekering. Dit is 'n ander vrees.

Dit is die vrees dat jy nie reg leef vir God nie. Geen mens kan onder die Tien Gebooie en deur elke dag te bekeer volgens die Tien Gebooie ooit weet dat hy vir God reg leef nie, ook nie mense wat van afgodediens bekeer is nie. Die bekerings bevestig juis die teendeel: hulle kan nie vir God reg leef nie. Die lewe van bekering onder die wet is en bly altyd 'n lewe in vrees vir God oor hoe ek lewe. (Rom. 8:15)

Dit is hierdie vrees dat 'n mens nie vir God reg kan leef wat die bekeerdes uitlewer aan die sonde. Dit maak sonde die bekeerdes se baas. Daarom sê Paulus vir hulle: "Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade." (Rom. 6:14) Hoe so? Wat is die enigste manier waarop hierdie vrees dat 'n mens nie reg leef vir God by die bekeerdes verdwyn? As hulle die Tien Gebooie se reëls vervang met die wettiese godsdienstige reëls van die Fariseërs! Daarom is die tempel in Jerusalem hulle toevlug. Dit is die sentrum van die verdraaiing van die Evangelie tot alternatiewe wette.
Dit beskryf Paulus in Rom. 8:7 en 8 :"Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens nie. 8 Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie." Dit is die teenstrydigheid: die wat hulle deur bekering red onder die wet, kan nie die Tien Gebooie handhaaf as die wil van God vir die lewe nie. Dit laat hulle in vrees leef dat hulle nie vir God reg leef nie. Daarom leef hulle volgens die alternatiewe wette van die Fariseërs: die wette wat hulle kry deur die Evangelie tot wette te verander in die plek van die Tien Gebooie.

Mense wat deur bekering hulleself red, soek altyd in alternatiewe wette die regte wyse van lewe vir God.

Dit is die sonde. Om jouself in bekerings te dissiplineer terwyl jy die hele tyd vrees het vir God dat jy nie vir Hom reg leef nie - is sonde. Maak nie saak hoe jy jou bekeer nie, om in vrees vir God te leef is sonde. Dit is 'n belediging van God se trou en liefde in die Evangelie. Stel jou 'n God voor wat mense red en hemel toe vat, sy eie kinders maak, maar altyd met hulle geïrriteerd en onvergenoegd is oor hoe hulle lewe!

Dit is dubbele hel! Nou is ek sy kind wat Hom vrees. Nou is ek naby en met Hom vir wie ek nog steeds vrees. As ek as heiden ver was en op my eie was, was my vrees nog draaglik. Nou vrees ek Hom wat my die hele tyd verseker Hy het my gered en Hy sal by my bly!

Meer, die koninkryk is vir my gesluit, want in hierdie vrees is ek deur my bekering oortuig om te glo dat hierdie lewe van hel - is die lewe van 'n bekeerde mens wat hemel toe gaan! As ek 'n heiden was, kon ek geweet het ek leef nie reg nie.

Tussen die lewe van heidene wat God vrees omdat hulle afgode dien en die lewe van 'n bekeerde onder die wet wat God vrees dat hy nooit genoeg en reg bekeer nie, is daar volgens die Evangelie geen verskil nie. Die een is sonde. Die ander is sonde in die naam van bekering!

Die oefening in die dissipline van bekerings is iets heeltemal anders as die oefening in God se genade. Vir die gelowige is die Tien Gebooie geen vreesmiddel waarvolgens hy nooit kan reg leef nie. God het 'n manier van reg lewe geskep vir sy kinders sonder die wet. Die Tien Gebooie is nou net 'n middel wat hulle elke dag leer om hulle in God se genade en liefde te oefen, nie die wet nie. "2 Die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. ...4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat nie ons lewe deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees." (Rom. 8)

10.6 <u>Deur die werking van die Evangelie om te keer tot die werking van die wet, word die nabootsing van God as moedersonde (Gen. 3) geregverdig as die ware eis van die Tien Gebooie.</u>

Die tempel was die samevatting van die betekenis van al die seremonies van die wet. Die tempel was die seremoniële heenwysing vir Israel dat God hulle deur sy Gees en genade regeer. Hierdie betekenis wys Jesus uit in sy kritiek op die Fariseërs: "21 Wie by die tempel 'n eed aflê, lê 'n eed af by die tempel en by God wat daarin woon. 22 En wie by die tempel 'n eed aflê, lê 'n eed af by die troon van God en by God wat daarop sit." (Matt. 23) Die tempel was tekenend van die "troon" van God by Israel.

Die "troon van God" en "God wat op die troon sit" was nooit letterlik bedoel nie. Dit bevestig Salomo reeds met die inwyding van die tempel : "27 Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het !" (1 Konings 8:27)

Die "woon" van God het nooit beteken dat God binne in iets op aarde is of in iets bevat kan word binne die skepping nie. Die tempel het 'n seremoniële betekenis gehad. Dit het die genadeheerskappy van God oor Israel en Israel se rus binne die heerskappy sigbaar verkondig. Daarom was dit sedert die inwyding nie 'n plek waar God gebly het nie, maar 'n plek waarheen die volk gebid het. (1 Konings 8: 27 -53)

Die genadeheerskappy van God maak dat die gelowige in alles en deur alles 'n vrye toegang tot God as Vader het. Vrye toegang tot God beteken om in alles seker te wees van die liefde, die barmhartigheid, die trou en sorg van die Skepper van die heelal op so wyse dat sondaars die reg het om Hom te kan en te mag aanbid. Die seremonies van die offers, priesters en feesdae het hierdie vrye toegang tot aanbidding van God deur sondaars verkondig.
Die tempel het die vrye toegang tot God deur die genadeheerskappy van God oor sy volk verkondig. Die heerskappy waarin en waardeur hulle God altyd as Skepper kon aanbid. Daarom word die tempel of Jerusalem as die plek waar die tempel is ook deurgaans "Sion" genoem. Hierdie begrip, "Sion", dui op die genadeheerskappy van God.

Daarom sê Jesus ook dat die tempel se betekenis is dat dit 'n huis van gebed sal wees. (Matt. 21: 13) Die tempel was dus ook nie bedoel as die enigste plek waar gebid moes word nie. Dit was bedoel om die vrye toegang tot aanbidding van God wat die Evangelie, bewerk het, in die harte van die gelowiges te verseël.

Die "optrek na Sion" was die toevlug neem en leef uit die genadeheerskappy van God oor Israel. Die genadeheerskappy was nie iets wat vir die eerste keer deur Jesus aarde toe gebring is nie. Dit was die heerskappy wat God in die verbond opgerig het vanaf Abraham tot en met die wederkoms van Christus.

Dit is hierdie genadeheerskappy wat Dawid in die Psalms besing onder die begrip "Sion". "10 Hier in u tempel oordink ons u trou, o God. 11 Net soos u Naam, o God, so strek u lof oor die hele aarde. U mag het groot redding gebring. 12 Sionsberg moet bly wees, die stede van Juda moet oor u reddingsdade juig! 13 Gaan om Sion, trek rondom, tel sy torings, 14 bewonder sy mure, bekyk sy versterkings, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel ! 15 Die God is ons God vir altyd; Hy sal ons lei." (Ps. 48)

Wat het die Fariseërs gedoen? Hulle het al die seremonies van die Evangelie verdraai tot wette in die plek van die Tien Gebooie. Dit het die hele betekenis van die tempel vernietig. As die persone in die tempel nie meer seremoniële persone is wat na die Evangelie heenwys nie, as die offers en reinigingsrituele in die tempel nie meer na die Evangelie heenwys nie, dan wys die tempel ook nie meer op die genadeheerskappy van God oor sy volk nie.

As die seremonies wette word, dan is dit nie meer uitbeelding van wat God doen nie. Dit is reëls van wat die mens doen, toepas en beheer. Deur die Evangelie wet te maak, word die mens die een wat bewerk wat God beloof het om te bewerk. Dit is nie meer God wat heilig nie, dit is die mens wat heilig. (Sabbat) Dit is nie meer God wat 'n offer gee nie, dit is die mens wat 'n offer gee. (offerseremonies) Dit is nie meer God wat iemand gee om versoening te bewerk nie, die mens staan in vir die versoening. (Priesters) Dit is nie meer God wat hulle gehoorsaamheid heilig nie, hulle heilig hulle dade as reg voor God. (reiningswette oor kos e.a.)

Dit is alles nabootsing van God. Deur die seremonies tot alternatiewe wette te maak, word die mens iemand wat God naboots in alles wat Hy beloof het om te doen en te wees vir sy volk. Dit is die moedersonde: om te wil doen en te wil wees wat God is en doen. Maar op hierdie wyse, as die mens se soeke na redding en vergifnis, word dit nie meer as sonde beskou nie. Nou is dit godsdiens.

Deur die alternatiewe wette tot redding van die Fariseërs, is dit nou wat God wil hê ons in sy tempel moet doen: Hom naboots in die naam van die Evangelie. Dit is sonde in die naam van die Tien Gebooie. Die Fariseërs regverdig die wil van die volk om God na te boots as godsdiens. As hulle God in die tempel kan naboots en dit word gedoen omdat die wet van God dit vereis, dan is die begeerte om God in die week ook in alles na te boots nie sonde nie, dit is ook godsdiens. Die tempel regverdig hierdie sonde as godsdiens vir die hele gemeenskap.

Die tempel as simboliese plek verander ook. As die seremonies van die Evangelie wette word tot redding, is nabootsing van God die gehoorsaamheid wat binne die tempel plaasvind. Hierdie nabootsing van God is nie simbolies nie. Dit is die werklike wil en drif wat uitgeleef en geregverdig word deur die tempel. Die tempel is nie meer 'n simboliese heenwysing na die genadeheerskappy van God nie. Dit is die werklike setel van die nabootsing van God op aarde.

Die persone wat die rituele as seremonies van die Evangelie moes uitvoer, is nou die werklike heersers wat die werklike mag van die wet oor die mens uitoefen. Dit is die status wat die alternatiewe gehoorsaamheid van die volk: nabootsing van God, aan die seremoniële persone gee. Dit maak hulle die geestelike leiers in die plek van God, maar in die naam van sy wet. Hulle word magspersone oor die kerk van die Here en oor die gemeenskap wat regeer deur die alternatiewe wette uit die verdraaiing van die Evangelie.

Wat is nou die verhouding tussen die tempel en die volk se gehoorsaamheid? Dit is nie meer aanbidding deur die genadeheerskappy van God nie. Die tempel is die setel van God se mag op aarde. Hoe meer die volk hulle onderwerp aan die alternatiewe geestelike wette van die priesters, die skrifgeleerdes en Fariseërs, hoe sterker is God se mag op aarde. Hoe minder hulle die wette navolg, hoe swakker is God se mag op aarde. Die gehoorsaamheid van die mens maak God nou of 'n magtige heerser of 'n swak heerser.

Die wetsgehoorsaamheid van die volk maak God nou koning. Hulle setel God se mag in Jerusalem. Hulle brei sy mag uit oor die aarde. Hulle beskerm en bewaak die mag van God op aarde. Hulle laat God se koninkryk óf kom óf gaan. Die tempel is nou niks minder as Mekka vir die Mohammedane of Rome vir die pous nie.

Hierdie is die wesenlike inhoud van die botsing tussen Jesus en die hoëpriester in Matt. 26:57 -67. Jesus moet hom teenoor die hoëpriester verweer. Die hoëpriester was veronderstel om 'n seremoniële persoon te wees wat deur die offerdiens in die tempel die genadeheerskappy van God moes uitbeeld. Jesus is die offer waardeur Hyself die genadeheerskappy begrond en uitoefen.

"Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel. " (Matt. 26:64.)

Hierdie antwoord staan direk in verband met die beskuldiging teen Jesus" "Hierdie man het gesê: Ek sal die tempel van God afbreek en in drie dae weer opbou." Dit was nie 'n valse beskuldiging nie. Jesus het dit gesê en Hy het dit bedoel. (Matt. 24:1,2) Sy werk is om die offer wat in die seremonies uitgebeeld is te bring, (Heb. 10:1-10), sy Hemelvaart bewerk wat die hoëpriester uitgebeeld het (Heb. 4:14 - 5: 10) en sy regering aan God se regterhand vervang die tempel.(Heb. 9)

Wat doen die hoëpriester wat net die seremoniële heenwysing moes wees na die Christus wat nou hier voor hom staan? Hy bevind Jesus se gesag godslasterlik en hy veroordeel Jesus as sondaar wat moet sterf.

Dit is die rol van die valse kerk. Jesus se genadeheerskappy is vir hulle godslasterlik. Meer nog, Jesus se gesag om die seremonies te vervul, vernietig hulle mag. Hoe kan dit? Want dit was nie vir hulle seremonies van die Evangelie nie. Dit was vir hulle wette waarin hulle hulleself teenoor God kon verhef en Hom in alles kon naboots.

Jesus ontbloot hierdie nabootsing as die sonde waarvoor Hy sterf en sy genadeheerskappy aan die regterhand van die Vader vestig.

Ons kan dit saamvat:

1. Die Fariseërs verander die seremonies van die Evangelie tot wette in die plek van die Tien Gebooie.
2. Hierdie wette regverdig die nabootsing van God deur mense as gehoorsaamheid aan God se wet.
3. Die nabootsing van God vervang die genadeheerskappy van God deur die Evangelie met 'n wetsheerskappy deur mense wat namens God optree.
4. Die nabootsing van God maak dat mag in God se naam die aanbidding binne die Evangelie vervang.
5. Tussen die nabootsing van God in die seremonies deur die valse kerk en die sondaars se wil om soos God te wil wees, is daar geen verskil nie. Die alternatiewe wette uit die verdraaiing van die Evangelie regverdig hierdie sonde as die eis van die wet.

Hierteenoor staan die ware kerk se navolging van Jesus. Deur die Evangelie te glo tot redding en dit nie as reëls vir redding na te boots nie, word die ware kerk aan die Tien Gebooie gebind. Hulle wil God se wil soek net om een rede - om Hom te eer.

10.7 <u>Deur die werking van die wet en die Evangelie om te keer maak die valse kerk die Tien Gebooie en die Evangelie middele tot dwaasheid in die naam van die wet en die Evangelie.</u>

Die werking van die Tien Gebooie as middel tot dwaasheid beskryf Paulus so: "6 Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het. 7 Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie." (1 Tim.1)

Wat is hierdie dinge waaroor die mense so selfversekerd praat ? Deel daarvan word beskryf in 1 Tim. 4:1-3 : "Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang. 2 Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. 3 Hulle verbied mense om te trou en bepaalde kos te eet."

In hierdie verse skeer Paulus die Fariseërs met hulle koswette en die Griekse heidenfilosowe met hul onthoudingswette almal oor dieselfde kam. Hierdie Joodse houding spreek hy ook in Tit. 1: 10 - 16 aan. Dit gaan hier oor mense wat uit die Jodedom tot die Christendom bekeer het, maar wat die gesag van God se genadeheerskappy in Christus nou weer verwerp vir hulle vroeëre mentaliteit.

Paulus sê hulle praat onsin. Dit is godsdienstige onsin. Dit is dwaasheid. Wat is hierdie dwaasheid? "15 Vir die reines is alles rein, maar vir die besoedeldes en ongelowiges is niks reins nie, want hulle verstand en gewete is besoedel. 16 Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie."

Hierdie selfde dwaasheid spreek Paulus in Rom. 2:17-24 aan. Die Jode roem hulle dat hulle die wet van God ken. Hulle beskou hulle self as leermeesters in die wet van God: "omdat die wet vir jou die samevatting is van kennis en waarheid. "Paulus wys op die teendeel. Die wet is vir hulle 'n bron van dwaasheid - want deur hulle gebruik van God se wet word die Naam van God onder die heidene belaster. Hulle maak God deur hulle gebruik van die wet belaglik. Dit is die dwaasheid om God deur sy wet belaglik te maak. Hoe maak hulle God deur sy wet belaglik?

Hoe kan die wet van God 'n middel tot dwaasheid wees? Die eerste dwaasheid is om die wet voor te hou as die wyse waarop 'n mens gered kan word! Daarom kan Paulus sê hulle is vol ywer vir God, maar sonder insig. Dit is om op 'n sagte manier te sê hulle is dwaas. (Rom. 10:2) Daar is nie so wet wat jou kan red nie. As jy die Tien Gebooie voorhou as 'n wyse van redding dan is dit 'n middel tot dwaasheid. Dan vind mense in die wet van God die dwaasheid om hulleself te kan red. (Rom. 9:30 - 10: 4)

Iemand wat glo dat omdat hy homself met God se wette besig hou, hy gered is, steur hom nie aan die manier waarop God mens vryspreek nie. Dit is dwaas.

Meer, dit maak God belaglik vir die weg wat Hy geskep het tot redding. God gee Jesus as die einde van die wet om sondaars te red. Hulle wil die wet gebruik om hulleself te red en wil niks met God se weg te doen hê nie. So gebruik hulle die wet van God om Hom bespotlik te maak vir wat Hy doen. Hulle volhard in hulle dwaasheid in die naam van God se wet. (Rom 10:3) Dit is sonde.

Die wet as weg tot redding is nie maar net 'n ander manier om by God uit te kom nie. Dit is 'n berekende wyse om sonde in die naam van die wet en die Evangelie te doen. Hierdie omkering van die werking van die wet en die Evangelie maak dat die wet en Evangelie net middels word waardeur godsdienstige dwaasheid as godsdienstige kennis, godsdienstige wysheid en godsdienstige waarheid geleer en voorgedra word.

Die tweede deel van die dwaasheid uit die wet van God, is om te dink dat die wet vir sondaars die "samevatting van kennis en waarheid is " (Rom. 2:20) Die Woord van God ken 'n ander werking van die Tien Gebooie by sondaars. Die wet van God is vir sondaars die krag wat hulle sonde laat begeer en sonde wil laat doen. (Rom. 7:7-11 en 1 Kor. 15: 56)

Deur ongelowiges te leer wat God in sy wet gebied en verbied word hulle nie diensbaar aan God nie. Dit maak hulle net meer uitdagend in hulle sonde en meer beslis in hulle ontwyking van die eise van God. Geen wet van God het ooit al 'n mens diensbaar aan God en sy naaste gemaak nie. Die voorhou van God se wet is net genoeg om sondaars in rebellie teen God se bestaan en gesag te bring, nie tot 'n begeerte vir diens nie.

Die derde dwaasheid is die onsinnigheid wat tot stand kom uit die verdraaide Evangelie van die Fariseërs. Die reiningswette moes vir hulle seremonies gewees het wat hulle laat glo dat God hulle werke vir Homself geheilig het. Hulle verdraai die seremonies van die Evangelie en maak nuwe wette daarvan oor hoe jy moet leef.

Hierdie alternatiewe wette uit die verdraaiing van die Evangelie skep totale godsdienstige onsinnighede. Hierdie godsdienstige snert word deur die "leermeesters van die wet" as wysheid aan die gemeenskap voorgehou oor hoe 'n mens volgens God se wil moet reg leef.

Jesus stel hierdie godsdienstige snert uit hulle alternatiewe wette in Matt. 15: 10 - 20 aan die orde. Die Tien Gebooie leer ons hoe ons rein en heilig vir God moet leef. Jy moet God en jou naaste liefhê soos God in sy wet beveel. As jy God se wet oor hoe jy rein moet leef minag - maak jy jouself onrein deur die sondes van jou hart. "19 Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vaslê getuienis, kwaadpratery. 20 Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak, maar om met ongewasde hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie."

Wat leer die Fariseërs?  Wat maak 'n mens onrein volgens hulle? Nie sonde nie, maar die tipe kos wat jy eet! Of jy dit met skoon of vuil hande eet! Dit is gewoon godsdienstige snert! Maar hulle beroep hulle op die wette van God daarvoor. Dit staan mos in Levitikus! Dit is God se woord! So glo hulle.

Dit is net die punt. Hulle verdraai hierdie seremonies van die Evangelie tot alternatiewe wette in die plek van die Tien Gebooie. Wat is die resultaat ? Nie wysheid maar net op 'n ander manier nie! Dit is gewoon net snert wat as godsdiens geglo word.

Paulus sê dat hierdie mense se gewete is toegeskroei, hulle deug vir geen goeie werk, hulle is verfoeilik en koppig. Hierdie stellings is nie maar net Paulus se manier om te sê hy hou nie van die mense nie. Paulus sê hierdie dinge van hulle ook nie omdat hy nie so verdraagsaam is of sukkel met 'n versoeningsgesindheid nie. Paulus beskryf die waarheid van hulle godsdienstige dwaasheid.

Jesus stel dit so: "14 Laat staan hulle maar; hulle is blinde leiers van blindes. As 'n blinde 'n blinde lei, val al twee in die sloot." (Matt. 15) Hierdie blindheid is moedswilligheid. Watter mens kan aanvaar dat kossoorte jou onrein maak, maar nie sondes uit jou hart nie? Net een tipe mens: die wat dit wil glo. 'n Mens het nie eers die Bybel nodig om dit te weet nie. Iemand wat wil aanhou glo dat kossoorte jou onrein maak voor God, doen nie nie uit onkunde nie. Dit is koppigheid.

Dit is die wyse waarop hulle hulle eie gewete toeskroei om te regverdig wat hulle in hulle eie harte begeer. As hulle nie hierdie onsin glo nie, sal hulle ook net soos al die ander mense voor God ontbloot staan as mense uit wie se hart daar moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, valse getuienis en kwaadpratery borrel. Maar solank as wat hulle glo kossoorte maak jou onrein, is hulle voor God rein. Hulle skroei hulle gewetes met hierdie dwaasheid toe sodat hulle in hulle sonde kan leef terwyl hulle glo hulle is rein.

Daarom sê Paulus hulle deug vir geen goeie werk nie. Hoe kan iemand wat sonde begeer en najaag, maar glo hy is rein voor God omdat hy nie kameelvleis of varkvleis eet nie, (Lev. 11)  bruikbaar wees om goeie werke volgens die wet van God te doen? Hy kan nie.

Hierdie mense is verfoeilik. Terwyl hulle harte vol sonde borrel, weier hulle om saam met mense wat kameelvleis eet gereken te word. Hulle meng nie met sulke mense in die naam van God nie. Kyk mooi na die logika! God se diere is onrein en mense wat God gemaak het, is onrein: as jy met God se skepping in aanraking kom, is jy besmet met sonde.  Wat is die ander deel van die logika? Ons is nie met sonde besmet en uit ons hart borrel geen sonde solank as wat ons net nie met God se skepping of sy skepsels, die mens, in aanraking kom nie.

Net iemand wat die snert wil glo kan dit as waarheid aanvaar. Daarom sê Jesus die Fariseërs is blinde leiers van blindes. Die mense wil nie hulle hartsbegeertes as sondes sien nie. Hulle wil hulle sondige hartsbegeertes uitleef onder die vaandel van wysheid, waarheid en regsinnigheid.

Waar kan hulle die snert en onsin om sonde as godsdiens te glo kry? Hulle moet dit uit die wet en die Evangelie kry. Die Fariseërs is die leiers wat die werking van die wet en die Evangelie omkeer sodat die dwaasheid van sonde godsdienstige wysheid word.

Selfs die apostel Petrus was so besmet met hierdie verfoeilikheid dat God in 'n spesiale gesig hom daarvan moes losmaak om net gewoon die Evangelie te bring aan mense waarvoor God die redding bestem het. Dit is na hy drie jaar lank met Jesus ten nouste betrokke was en Jesus dit vir hulle geleer het. Hy wou dit ook nog steeds nie glo nie. (Hand. 10 ) "Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, 35 maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is."

Tussen die waansinnigheid van die bygelowe van die wêreld, staan die wysheid van die Evangelie. Die Evangelie sonder die wet maak mense diensbaar aan God. Diens aan God en die medemens is die begin en einde van alle wysheid. Die wet van God word binne die genadeheerskappy ten volle gehandhaaf. Daarin leer die gelowige sy hart ken as 'n hart net soos al die ander sondaars se harte. Deur hierdie kennis leer die wet die gelowige om alleen in die Evangelie die krag tot diens aan God en die naaste te vind. Deurdat die wet die sondaar leer om in die Evangelie godsdiens te vind, is dit 'n middel tot wysheid: die wysheid van die Evangelie as die enigste weg tot diens aan God en die mens.

10.8 <u>Deur die werking van die Evangelie om te keer tot die werking van die wet maak die valse kerk die reg van die owerheid om misdaad te straf die reg van die kerk. (Joh. 8:1 - 11.</u>)

Binne die Evangelie is daar geen straf of veroordeling meer vir die sondes van die gelowiges nie.(Rom. 8:1) God straf en veroordeel deur die Tien Gebooie. Die Evangelie is vir die kerk die einde van die wet. Daarom word die gelowiges in die Evangelie getug deur sy liefde sonder die straf van die wet.

Indien die Tien Gebooie die weg tot redding en saligheid word, dan word die tug van die Evangelie vervang met die straf van die wet. Dit is die saak wat op die spel geplaas word wanneer die skrifgeleerdes en Fariseërs 'n vrou wat owerspel gepleeg het na Jesus toe bring met die vraag: ""Meneer, hierdie vrou is op heterdaad betrap waar sy owerspel gepleeg het. 5. Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u ?""

Die Fariseërs is reg. God self het hierdie wette vir Moses gegee: "22 Wanneer 'n man betrap word terwyl hy gemeenskap het met 'n ander man se vrou, moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het, al twee doodgemaak word. So moet julle hierdie soort kwaad tussen die Israeliete uitroei." (Deut. 22:22) en ""Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van 'n medeburger, moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg." (Lev. 20:10 )

Hulle stel vir Hom egter 'n strik met die vraag: "..wat sê u?" Hulle wil uitwys dat Jesus 'n wettelose en goddelose mens is - terwyl Hy almal laat dink Hy is die Messias. (Joh. 7:47-49)

Jesus ontken nie die eis van die wet in Deuteronomium of Levitikus nie. Daarmee handhaaf Hy die wet net soos dit daar geskryf staan. Jesus antwoord egter hulle vraag met 'n uitnodiging: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi." (8:7) Die reaksie is beduidend. Nie een van hulle voer na hierdie vraag die wet van Moses uit deur haar dood te gooi nie.

Hoekom maak hulle haar nie dood alhoewel die wet van God dit geëis het nie? Dit gaan hier oor die verskil tussen die werk van die owerheid om misdaad te straf teenoor die werk van die kerk om die Evangelie te bedien. Die vraag van die Fariseërs gaan spesifiek oor Jesus se aanspraak om die Christus te wees. Die voorafgaande gedeelte 7:37 - 52 behandel dit spesifiek. In vers 47 sê hulle Hy is nie die Christus soos mense glo nie. Hy is 'n bedrieër. Nikodemus wys dat hulle dit nie sonder 'n billike verhoor kan sê nie. Hulle moet Jesus eers die geleentheid gee om sy saak te stel hoekom Hy Homself as die Messias uitgee.

Die vraag van die Fariseërs toets sy gesag om Christus te wees. Iemand wat die Verlosser is wat God stuur, kan mos onmootlik God se wet verbreek of ongeldig maak. Die Messias moet die wet nie ongeldig kom maak nie. Die Messias moet aan God se wet weer sy volle betekenis kom gee. (Matt. 5:17 -20)

Jesus se uitnodiging om haar dood te maak ontbloot die Fariseërs se valsheid. God het aan die owerheid die reg gegee om eie gemeenskapswette op te kan stel en deur straf af te kan dwing. Dit is aan Moses en die Jode ook gegee, net soos aan elke ander volk en gemeenskap. In die Ou Testament is dit die bedoeling van baie van die wette. Dit is gewone gemeenskapwette soortgelyk aan die wetgewing van elke volk en elke land.

Hierdie wette het nie dieselfde waarde as die Tien Gebooie nie. In die Tien Gebooie het ons God se wil. In die gemeenskapswette soos met Lev. 20:10 en Deut. 22:22 het ons wette om die samelewing te orden soos wat die leiers van die samelewing dit opstel en neerlê. Dit is die gemenereg.

Die besondere van die gemenereg in die O.T. is nie dat hierdie wette soos die Tien Gebooie die onveranderlike en ewige wil van God is soos wat die Tien Gebooie is nie. Die besondere van die O.T. is dat hulle gemenereg daarna gestreef het om uitdrukking te gee aan die wil van God.

Daarin het ons in die Bybel 'n voorbeeld van hoe die gemenereg van elke gemeenskap moet strewe om uitdrukking aan God se wil te gee in hulle wette, reëls en regulasies. 'n Mens skep reëls in die gemenereg en 'n mens gehoorsaam dit om God se wil te gehoorsaam. Die gemenereg is en kan nooit die uitdrukking van die wil van die volk, die "mens" of die wil van die koning wees nie.

Daarom het Jesus nie die reg van hierdie wetgewing of selfs die toepassing daarvan betwis nie. Dit sou volgens God se wil uitgevoer kon word en dit sou reg gewees het as hulle haar doodgemaak het. Dit is hoe die gemenereg gereël is. Sy het binne hierdie gemenereg geleef. Dit was wettig en kon toegepas word.

Dit is egter nie die punt nie. Jesus se werk en posisie as Christus is deur hulle konfrontasie op die spel geplaas, nie sy mening oor die toepassing van die gemenereg nie. Wat het Hy as Messias kom doen? Wat is sy werk as Messias? Jesus stel dit duidelik in Joh. 8: 15 "Julle oordeel iemand volgens die uiterlike; Ek oordeel oor niemand nie."

Hiermee probeer Jesus nie die oordeel van die gemenereg as sonde uitmaak nie. Sy bedoeling word in Joh. 12: 46-48 verwoord. "Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat die wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. 47 En as iemand na My luister en hom nie daaraan steur nie, veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie maar om die wêreld te red. 48 Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel."

Jesus het nie as Christus gekom om mense te veroordeel nie. Dit doen die wet van God. In die eindoordeel sal mense voor God veroordeel word. Die wat nie Jesus as Christus se woorde aanvaar het dat elkeen wat in Hom glo nie veroordeel sal word nie, sal op daardie dag deur God self veroordeel word. Jesus het gekom om mense vry te spreek van die oordeel van die wet.

Op hierdie wyse gee Hy weer aan die Tien Gebooie hulle werklike bedoeling terug: om mense te rig in die liefde vir God uit die Evangelie. Die tug van Jesus is om mense terug te wys op sy liefde wat nie meer veroordeel nie en om mense te oefen in 'n liefde wat hulle nooit weer as sondaars sal veroordeel nie. "16 En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. 17 Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18 Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees het nie volmaakte liefde nie. 19 Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. .... 21 En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê." (1 Joh. 4: 16 - 21)

Die Fariseërs ken nie hierdie Christus wat nie veroordeel nie. Hulle stel ook nie belang in die handhaaf van die gemenereg nie. As dit so was sou hulle die vrou doodgemaak het. Die gemenereg het dit vereis. Hulle is nie gemeenskapsleiers nie. Hulle is kultusleiers. Hulle wil nie die gemenereg afdwing met die straf van gemenereg nie. Hulle wil mense as godsdienstige leiers straf. Nie omdat hulle die gemeenskap se reëls oortree het nie, maar omdat die mense God se wil oortree het, omdat hulle sonde gedoen het. Hulle wil die gemenereg gebruik om mense te straf wat sonde doen teen God. So word die regspleging van die land: die regters, die polisie, soldate, onderwysers en ouers, mense wat godsdiens moet afdwing deur hulle daaglikse reëls, wetgewing en bestraffing.

Jesus spreek hierdie godsdienstige mentaliteit aan. As hulle haar wil doodmaak omdat sy sonde gedoen het - dan kan die een wat nie sonde gedoen het haar doodmaak. Mense wat sonde doen, word nie doodgemaak of deur howe gestraf omdat hulle sonde doen nie. Hierdie oordeel sal God fel, nie mense nie. Hierdie straf sal God voltrek in die eindoordeel, nie mense op die aarde nie.

Daarom loop hulle weg. Hulle stel nie in die gemenereg belang nie. Hulle minag dit. Hulle wil die wet van die land gebruik om godsdiens op mens af te dwing. Jesus weerhou Homself van hierdie rol. Hy het nie gekom om mense onder die vrees van God en deur die vrees vir landswette tot godsdiens te dwing nie. Waar vrees vir straf is, kan daar

nie liefde wees nie. Hy het die volle oordeel van God deur die Tien Gebooie kom wegneem oor gelowiges sodat hulle God kan liefhê sonder vrees. Dit is die werklike betekenis van die wet in die godsdiens.

Hiermee is die werking van die wet van God by die valse kerk in alle vorme van voorouerverering, oor Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, Judaïsme tot en met die valse kerk as Roomse of Pinksterkerke blootgelê. Hierdie is nie maar 'n uitsonderlike insident nie. Dit is hoe die gemenereg werk vir die valse kerk.

Hulle minag die roeping van die gemeenskapsleiers as wettige owerhede. Hulle stel hulleself as die ware gemeenskapsleiers aan. Dit doen hulle om die gemenereg en strafproses deel van hulle godsdiens te maak. Nie ter wille van die orde of die werking van die gemeenskap nie, maar om die uiterlike konformering tot hulle wettiese godsdiens op almal af te dwing.

Wie die Evangelie as die manier van redding sonder die wet verdraai tot redding deur die wet, het die gemenereg verander van gemenereg tot godsdienstige reg in die naam van Evangelie. Die valse kerk se godsdiens kan net bestaan as dit so afgedwing word. Geen mens het nog ooit God gedien omdat Hy God vrees nie. Dit is belaglik. 'n Mens dien nie omdat jy vrees nie. Iemand wat vrees onderwerp homself uiterlik en gedra hom ondergeskik sonder enige liefde. Waar vrees is, kan nie liefde wees nie.

As die wet die weg tot redding is, dan soek jy God uit vrees, nie uit liefde nie. Hierdie vrees bestaan ook nie by sondaars nie. Hulle vrees nie die ewige oordeel van God nie. Hulle ag Hom nie eers as God nie. Hoe sal hulle sy ewige oordeel vrees?

Daarom moet die valse kerk vrees vir hulle godsdiens met die gemenereg inboesem om mense aan hulle weg tot saligheid te onderwerp. Mense vrees die nadeel van die gemenereg. Dit bedreig dit wat sondaars belangrik vind: status, huise, werk, poste en inkomste.

Dit is hoe die valse kerk Jesus as die Christus hanteer het. Hulle het die openbare mening teen Hom gedraai. Hulle het die openbare wil van die gemeenskap teen Hom aangehits en die strafproseswet van die Romeine gebruik om Hom uit die weg te ruim. Dit is ook hoe hulle die ware kerk hanteer het: nie deur die verkondiging van hulle alternatiewe weg tot saligheid te verdedig en te handhaaf uit die Woord van God nie. Hulle kan nie. Dit druis in teen elke letter van godsdiens. Hulle het die howe en publieke opinie teen hulle gebruik.

Daarom is daar geen verskil tussen wat die wêreld in sy sondige drif doen deur die gemenereg, howe, polisie en soldate en dit wat die valse kerk doen met hulle godsdiens nie. Hulle albei gebruik die middele om hulle wil op die gemeenskap af te dwing. Hulle ken nie liefde vir God nie en stel ook nie belang in liefde vir God nie.

10.9 <u>Deur die wet tot Evangelie te verdraai regverdig die valse kerk die goddeloosheid en wetteloosheid van die owerheid as godsdiens in die naam van die Evangelie.</u>

Die valse kerk regverdig goddeloosheid en wetteloosheid as godsdiens. Dit bring nie net 'n valse gehoorsaamheid aan God tot stand nie. Dit bring ook 'n valse gehoorsaamheid aan mense tot stand. Hierdie valse gehoorsaamheid van die burgers is die magsbasis van die valse owerheid.

Die valse kerk kweek 'n lewenstyl wat die hele lewe raak, nie net die godsdiens nie. Dit kweek 'n lewenstyl waar dit reg is om die eis van die wet van God te ontduik (10.1). In hierdie lewenstyl word orde gesien as jou eie wette en reëls wat jy in God se naam kan maak om sake te maak pas net soos jy wil. Daar is nie iets soos die onveranderlike wil van God waaraan alle mense onderwerp is nie. (10.2) Dit is 'n lewenstyl waarin 'n mens God en jou naaste mag haat, net solank dit in die naam van God is. (10.3)

In hierdie lewenstyl word die wet van God geleer ken as iets wat dinge op jou afdwing wat jy geen liefde voor het nie. (10.4). Dit is 'n houding waar mense net probeer om uiterlik te konformeer om reg te lyk as hulle skuldig voel. (10.5) Dit kweek 'n lewenshouding waar gelykvormigheid met God 'n openbare deug is (10.6) en die vermyding van openbare plig en diens as vindingrykheid aangeprys word. (10.7)

Die valse kerk regverdig mense godsdienstig in hierdie sondige lewensstyl en maak daarmee 'n owerheid se goddeloosheid en wetteloosheid geregverdig as houdings en dade wat in belang van die godsdiens gedoen word.

Hoe kan die valse kerk 'n wettelose en goddelose owerheid regverdig as die dienaar van God? Deur die werking van die wet en die Evangelie om te keer! Deur hierdie omkering skep die valse kerk alternatiewe wette in die plek van God se wet.

Solank as wat die owerheid homself binne hierdie geestelikheid hou, is die godsdienstige gemeenskap tevrede. Uit die valse kerk kom daar geen druk op die owerheid om die gemenereg te handhaaf of af te dwing nie. Inteendeel, indien hy dit sou doen, sal hy die hele godsdienstige gemeenskap in verset teen die owerheid bring.

Die afdwing van die gemenereg deur die owerheid vernietig die lewenstyl wat die valse kerk sy lidmate in laat grootword. Indien die owerheid die gemenereg afdwing, kan die valse kerk nie die ontduiking van die wet regverdig nie (10.1); is die alternatiewe wette van die geestelikes irrelevant (10.2.); word die haat van mense sigbaar tydens regspleging en kan dit nie deur geestelikes anders voorgestel word as wat dit is nie (10.3); word die wet deur die owerheid en nie die kerk afgedwing nie (10.8); kan jy jou nie met God as wetgewer gelyk stel nie (10.6) en eis die samelewing deur die gereg die openbare plig en diens op wat goddeloses wil vermy. (10.7)

Daarom wil die valse kerk 'n goddelose en wettelose owerheid hê. Dit versterk die lewenstyl wat die valse kerk kweek. Dit pas in die verdraaiing van die wet en die Evangelie.

Die valse owerheid wil ook die valse kerk hê. Hierdie kerk regverdig sy wetteloosheid as medemenslikheid en sy eiegeregtigheid as godsdiens.

Miga stel hierdie valse owerheid en valse kerk aan die orde in die Ou Testament. Die valse kerk het die Evangelie tot wet verdraai. (Miga 1:5) Dit het die owerheid van die afdwing van die gemenereg onthef.(Miga 3) In dit alles glo hulle God is met hulle en hulle tree in God se naam op. (Miga 3:10 en 11) Die omkering van die Evangelie tot wet in die tempel het die godsdiens verlaag tot net nog 'n vorm van al die bygelowe in die land. (Miga 5:8 - 6:16)

Hierdie bondgenootskap tussen die valse kerk en die valse owerheid teenoor die ware kerk en ware owerheid word dwarsdeur die Bybel aan die orde gestel. Vergelyk die botsings tussen Sameul en Saul (1 Sam. 15:22-24); Elia, Agab en Esabel (1 Kon. 18); Jeremia, Ganaja en Sedekia ( Jeremia 28 en 37-40) en Jesus, die Joodse raad en die Romeinse owerheid. (Joh. 11: 47 - 53) In Openbaring 13 word die bondgenootskap tussen die valse kerk en die valse owerheid beskryf met die beelde van die dier uit die see en die dier uit die aarde.

Hierteenoor staan die ware kerk se bediening van die Evangelie as iets totaal anders as die wet van God. Die Evangelie word verkondig as weg tot godsdiens sonder die wet. Dit maak die kerk mondig van die owerheid as die dienaar van die wet. Die kerk het nie owerheid nodig om die Evangelie met wetgewing af te dwing nie. Die Evangelie kan nie afgedwing word deur die wet van God of mense nie. Dit word deur die kerk verkondig - sonder die hulp van die owerheid.

Dit maak die owerheid ook mondig teenoor die kerk. Die Evangelie herstel die volle betekenis van die wet van God in die gemenereg. Die kerk word nie bedreig deur die afdwing van die gemenereg nie. Hy word daardeur bevorder, want die wet van God wys mense op die Evangelie.

Die ware kerk regverdig ook nie die gemeenskap in sy sonde nie. Die gemeenskap kan nie in die kerk 'n heenkome vind teen 'n owerheid wat die gemenereg wetlik afdwing nie. Die ware kerk verwag dit juis van die owerheid.

11. <u>Samevatting.</u>

Die ware kerk verkondig die Evangelie as die weg tot verlossing en die nuwe wyse waarop God ons lewe regeer. Die Evangelie sonder die wet red ons. Deur die Evangelie sonder die wet word ons regeer. Die Evangelie herstel die wet se volle betekenis op alle vlakke van die lewe.

Die valse kerk wil sonde regverdig in die naam van God. Die wyse waarop hulle dit doen is om die Wet van God en die Evangelie in naam te behou, maar die werking daarvan om te keer. Die wet word die weg tot saligheid en die wyse waarop God ons lewe regeer. Die Evangelie word 'n model van nuwe alternatiewe wette en reëls wat die reëls van die Tien Gebooie vervang.

Wat bewerk die valse kerk deur die omkering? Volgens hulle self bewerk hulle 'n meer aktiewe, meer dinamiese, meer praktiese en meer emosionele godsdiens as die godsdiens wat deur die Evangelie alleen tot stand kom.

Dit is die leuen waarin hulle hulleself teenoor God en sy Woord veilig gemaak het. Hulle praat en dink en voel al die sondes wat hulle wil doen as godsdiens.

Hulle krag is die aanvaarding van die gelowiges - net soos die krag van kankerselle lê in die aanvaarding deur die ander selle.

So lank as wat die gewone Christene glo hierdie alternatiewe geestelikheid is maar net 'n meer aktiewe, 'n meer toegewyde en meer dinamiese vorm van die Christendom, so lank sal sonde as godsdiens bedryf word. So lank sal elke gesonde sel homself laat aansteek deur kankerselle en ook sy eie strukture in diens stel van die dood van die liggaam van die Here: sonde in die naam van godsdiens.

Die Woord van God is die lig wat die binnedrif van hierdie ywer blootlê. Dit wys die verdraaiing van die werking van die wet en die Evangelie uit. In hierdie lig moet die kerk sy genesing vind. Solank as wat ons ons blindstaar teen die uiterlike werking van die valse kerk, sal die goddeloses en bygelowiges altyd as die meer toegewydes blyk te wees.

Nie sonder rede nie! Mense is baie gretiger om sonde in God se naam te doen, as om God uit die vryheid van die Evangelie te dien. Mense wil 'n godsdiens hê wat hulle sonde as openbare godsdiens regverdig. In die valse kerk word die hart van die goddeloses vergenoegd. Hulle kan sonde liefhê en die goeie haat - in die naam van God.

## *HOOFSTUK 8*

# ONS IS DIE HANDEWERK VAN GOD.

In die Bybel word daar baie verwys dat ons die "handewerk" van God is. Hy het ons gemaak soos ons met ons hande self iets maak wat nie voorheen daar was nie.

A. Die Here vorm ons met sy regter en linkerhand: die evangelie en die wet.
Hierdie uitdrukking: "handewerk van God", kan ons gebruik om die inhoud en die werking van die wet en die Evangelie binne die ware kerk teenoor die valse kerk te verduidelik. Ons doen dit aan die hand van die boek Romeine.

1. Die Here werk soos ons met twee hande.
Ons het 'n regter en linkerhand. Al twee is belangrik en nodig om te werk, maar elke hand doen sy deel op sy eie manier. Die twee hande stel die wet en Evangelie voor. As iemand vir jou wys wat hy alles net met sy regterhand kan doen, dan beteken dit nie dat hy wil sê dat die linkerhand nie belangrik is nie. Meer nog, as 'n mens iets doen dan gebruik jy altyd twee hande. As die Here ons deur sy Woord en Gees vorm om Hom te dien, dan is dit altyd deur die wet en die Evangelie. Dit is sy twee hande.

Al twee hierdie dele is belangrik. Kyk 'n bietjie hoe Paulus hierdie saak in Romeine stel. Vanaf hoofstuk 1 tot 5 verduidelik hy dat God ons red net deur sy regterhand, die Evangelie, nie deur sy linkerhand, die Wet nie.

Vanaf hoofstuk 6 begin hy dan verduidelik dat dit nie beteken dat die wet, die linkerhand, onnodig is nie. Kyk na Rom 6:1, 6:15, en 7:7. Met Romeine 12 tot 15 word weer verduidelik hoe die linkerhand van God in ons lewe werk. Dit is die wet van God.

Al twee dele is belangrik, maar elkeen doen iets anders op sy eie wyse - so werk die regterhand en die linkerhand van God: die Evangelie en die wet.

2. Die Here se regterhand is sy sterk hand.
Die regterhand is die hand waarmee ons alles eerste doen. Dit is die hand wat die leiding neem. Dit is die hand waarmee jy baie dinge doen sonder om jou linkerhand te gebruik. Net so is die Evangelie die regterhand van God. Hy gebruik hierdie hand vir redding sonder dat Hy enigiets met sy linkerhand, die wet doen.

Rom 1:16 sê die Evangelie is die krag van God waardeur Hy ons red. In Romeine 3:20, 21 27, en Romeine 9:30 - 10:4 verduidelik Paulus dat die die wet, die linkerhand van God, ons glad nie red nie. Dit word glad nie gebruik om ons te help red nie. Redding is deur God se regterhand alleen. Dit is die slotsom wat Paulus in Romeine 10:4 maak: Christus is die einde van die wet.

Net soos die regterhand is die Evangelie altyd die hand wat ons red, vergewe, kind van God maak, die Ewige lewe meedeel, ons hart verander. Dit is die hand waardeur ons ALLES ontvang wat God aan sy kinders as liefde meedeel, sonder dat die linkerhand gebruik word.

3. Die Here hou ons vas met sy regterhand.
Die regterhand is die hand wat God ons as kinders mee vashou op en om die skouer terwyl Hy langs ons staan. Dit is die hand en arm waarmee ons omarm word. Die regterhand van God is Jesus wat vir ons gebore is, Jesus wat vir ons sterf het, opgestaan het en intree in die Hemel. Dit is die inhoud van die 12 Artikels. Daarmee, met hierdie middel, die Evangelie, sy regterhand, hou die Here ons vas.

Die Here verbind ons aan homself as Here deur die Evangelie. Die Evangelie is nie maar net 'n hand wat iets vir ons doen of aangee soos 'n geskenk nie. Baie mense sien verkeerdelik die Evangelie op so wyse: Jesus het vir ons gesterwe beteken Hy het vir ons iets met sy hande gemaak en nou word dit in ons hande vir ons gegee.

Dit is heeltemal verkeerd. Die regterhand van God is nie 'n hand waarmee Hy iets vir ons in ons hande gee nie. Dit is 'n hand waarmee Hy ons vashou. Redding en vergifnis is nie 'n geskenk wat God vir ons gee om van Hom te vat en te ontvang nie. Redding is om deur God vasgehou en omarm te word.

In die brief Romeine word hierdie "vashou" met die Evangelie uitgedruk met die woorde ons is "in Christus" en "met Christus". Lees hier byv. Romeine 6:4 tot 11 , 7:4 en Romeine 8:1-11.

4. Die regterhand deel ons mee wat in God se hart vir ons is.

As iemand ons op die skouer teen hom vashou laat dit ons vir eers ongemaklik voel. Dit is heeltemal anders as byvoorbeeld om iemand se hand te vat as jy hom groet. Om vas te hou, is nie net sommer aanraking nie. Deur hierdie tipe aanraking , omarming en vashou, deel ek aan 'n ander mee wat in my hart as persoon is en in my hart leef vir die een wat ek vashou.

Die wyse waarop ek vashou deel mee wat ek in my hart het. God deel aan ons deur sy regterhand mee wat Hy in sy hart het : liefde vir sondaars. Deur die Evangelie sê Hy en maak hy dit waar dat Hy sy liefde meedeel, sy genade meedeel, sy barmhartigheid meedeel, sy goedheid en lankmoedigheid wat in sy hart is, meedeel. Dit is die ongemak: ek ontvang en word deel van dit wat God in sy hart vir my het - deur sy regterhand waarmee Hy my vashou.

So word ek aan God self as persoon deur sy liefde vir my verbind. Dit stel Paulus in Romeine 5:1: daar is vrede tussen ons en God. Nie 'n vrede waarin ek kan bly wees God gaan nie meer met my baklei nie. Dit is 'n vrede waarin ek deur Hom omarm word. "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaar was." (Romeine 5:8)

5. Hoekom hou hy my vas ?

Omdat hy besluit het Hy wil! Dit is die enigste rede hoekom ek iemand vashou op so wyse dat hy/sy kan deel wees van my liefde: ek wil hom/haar liefhê. In die boek Romeine word dit ook so gestel:

" Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van God wat jou roep...... Vir Moses het Hy gesê.: " Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm." Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is." (Rom 9:13-16.)

In ons voorbeeld beteken dit dat ek niks gedoen het of kan doen wat God laat besluit het om my met sy regterhand vas te hou nie. Hy hou my vas omdat Hy op sy eie en uit sy eie besluit het --- Hy WIL my vashou.

Die mens kan niks doen om God TE MAAK om hom vas te hou nie. Dit is nie iets wat ons God maak doen nie. Dit is iets wat Hyself doen omdat Hy dit wil doen.

6. Wat moet ek doen as Hy my vashou met die Evangelie?

Net soos met 'n kind. As 'n pa sy seun omarm, wat moet die seun doen? Niks nie, behalwe om die omarming net te aanvaar. Ek moet net aanvaar Hy hou my vas omdat Hy wil. Dit is wat geloof in die Evangelie is: ek moet dit net aanvaar as God my omarm en vashou met Jesus Christus. Die Evangelie vra net hierdie tipe geloof.

Wat 'n seun nie moet doen nie, is om homself los te maak en weg te trek van sy pa se omarming. Dit is ook so met die Here se omarming in die Evangelie. Ek moet myself nie loswikkel en lostrek as Hy my vashou nie.

As ek aanvaar Hy hou my vas omdat Hy wil, word ek deel van dit wat in sy hart vir my leef. Dit word in die brief Romeine beskryf as die gawe van die Gees of as die inwoning van die Gees van die Here. As ek lostrek, maak ek my los van God se liefde. As ek nie aanvaar nie, is ek nie deel van die innerlike troos en werking van die Evangelie nie, al hou God my vas.

Daarom is die dringende oproep dwarsdeur die brief Romeine dat mense moet glo dat God hulle met Jesus vashou. Dan sal hulle ten volle deel wees van die innerlike troos en werking van die Evangelie. Wie nie hierdie omarming van God aanvaar nie, verbeur die troos en werking van die Evangelie.

7. Wat hoef ek nie te doen vir God om my vas te hou nie.?

Ek hoef Hom nie vas te hou of Hom te maak om my vas te hou nie. Om God vas te hou, is liefde. Al doen ons dit nie, hou Hy ons steeds vas. Al wil ons baie keer nie hê Hy moet ons vashou nie, omdat ons graag goddeloos wil wees, dan los Hy ons steeds nie.

Dit is wat Paulus aantoon in Romeine dat ons nie God wil liefhê of wil hê dat Hy ons moet liefhê nie: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie, daar is nie een wat na die wil van God vra nie." (Rom 3:10)

Daarom hou God ons vas in ons sonde. (Rom.5:8) Die omarming van God is die krag wat ons deel maak van God se liefde. Om deel te wees van die volle troos en werking van sy liefde moet ons dit net aanvaar.

Om God lief te hê is iets wat 'n mens leer uit hierdie geloof. Dit kom so skaam-skaam met die tyd. So met die tyd kry 'n mens die vrymoedigheid om jou een arm dan ook om God te sit. Dit is nooit 'n omarming soos God sin nie.

Dit is egter glad nie 'n voorwaarde om deel van God se omarming te wees nie. Dit doen Hy omdat Hy wil. Ek moet dit net aanvaar en nie my uit sy omarming in die Evangelie lostrek nie.

8. Wat gebeur innerlik met my as ek aanvaar God hou my met sy regterhand vas?

As ek aanvaar dat iemand my vashou, dan bly ek nie onaangeraak in my binneste nie. Net deur die aanraking te aanvaar word nuwe en goeie gevoelens in my geskep vir die een wat my vashou. Dit is heeltemal onmoontlik dat ek die omarming aanvaar en nie innerlik myself aan die persoon wat my vashou, verbind nie.

Dit dui Paulus aan in Romeine 8:15: " Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader." Hierdie Gees van God wat my vashou, maak my innerlik iemand wat anders voel oor God. Nou roep ek Hom aan as Vader en wil ek Hom as Vader met en by my hê.

Hierdie opwek van nuwe houdinge en gedagtes en gevoelens oor God omdat Hy my vashou, word ook aangedui as die "opstanding" van die nuwe mens in my of as die "lewendmaking" deur God.

Dit is egter nie net dat God nuwe gedagtes, houdinge en gevoel ens in my losmaak deur my vas te hou nie. Hy maak ook die ou wil en gevoelens teen Hom dood - net deur my vas te hou. 'n Mens kan nie jou steeds afsydig en vreemd hou van God en sy wil as jy toelaat dat Hy jou vashou nie. Die aanraking wat ek aanvaar maak die ou sondige gesindhede dood.

Daarom sê Paulus dat ons "dood" is vir die sonde as ons "in Christus" is. Hy maak die sondige wil in ons dood deur dat ons Hom glo vir die liefde waarin Hy ons mee omarm. Die omarming maak die sondige wil dood. Die omarming maak dat daar 'n nuwe liefde in ons harte vir God ontspring. Dit is totaal onmoontlik dat iemand die liefde van God se omarming aanvaar en innerlik steeds afsydig en dood vir God voel.

Lees gerus Romeine 6 en kyk hoe die omarming van God die volgende binne in 'n mens doen. Jesus Christus is die omarming van God. Daarom word iemand wat die omarming aanvaar altyd aangedui as "in Christus." Om "in Christus te wees" is om deur God met en deur Christus vasgehou te word. Hierdie inrekening van ons by Christus deur God is die krag wat alles doen.

Dit:

1. Neem die vervreemding weg.
2. Skep 'n innerlike verbondenheid aan God: liefde.

3. Dit word die krag wat my gedrag bepaal.

9. God hou my nie met sy linkerhand vas nie.
Dit is belangrik: ons is die handewerk van die Here. Alles wat Hy met sy regterhand doen, doen hy sonder sy linkerhand. Die linkerhand is glad nie nodig vir dit wat God deur sy regterhand vir, in en met ons doen nie. Hy hou ons glad nie met sy linkerhand vas nie.

Vgl. weer Romeine 10:4. God regeer, vergeef of gee ons niks van sy Gees deur die wet en wetsonderhouding nie. Om deel te wees van God se liefde in Jesus Christus, is dit net nodig om die omarming deur die Evangelie te aanvaar.

10. Met sy regterhand vat Hy my op die pad wat ek moet loop.
Die Here hou ons nie net met sy regterhand vas nie. Ons is die handewerk van God en deel daarvan is dat God met ons wandel. Hierdie wandel beteken: regeer en saamneem. Die hand waarmee God ons as kerk saam met Hom neem en saam met Hom laat leef, is nie die wet nie. Hy regeer ons nie meer deur die wet nie, maar deur die Evangelie. "14 Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade." (Rom. 6)

Net soos iemand my om die skouer vat en stuur, net deur my met sy regterhand saam te neem om saam met hom te loop, so regeer God ons met die Evangelie. Hy regeer ons met die liefde waarin Hy ons vashou deur die Evangelie. Hy regeer ons deur die barmhartigheid, genade, goedheid, vrede, trouheid, ens. waarin Hy ons vashou deur sy regterhand: Jesus se lyding en verheerliking.

Dit is waarmee Hy ons wegtrek van die sonde en vashou as Hy vir ons op die regte pad saam met Hom vat: net sy regterhand. So wandel mense saam: vas aan die omarming van God se liefde. " 4 Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. (Romeine 7)

11. Hy vat my nie met sy linkerhand op die pad wat ek moet loop nie.
Dit is die hele argument van Paulus in Romeine 6:15 tot 8:30. 'n Kind van God is iemand wat innerlik anders dink en voel oor God omdat Hy ons vashou. Hierdie vashou alleen laat ons anders dink en voel oor God. Daarom laat ek Hom ook toe om my te stuur met die arm waarmee Hy my vashou. Hierdie stuur met sy regterarm is iets wat Hy doen sonder die linkerhand. " 6 Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie." (Rom.7)

Hy regeer my nie met die wet of deur wette nie, maar deur sy liefde en genade in die Evangelie. Hy weerhou my nie van sonde deur bevele, maar deur my saam met Hom te neem weg van sonde in die omarming van sy regterhand. " 21 Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here." (Rom. 5)

Die gelowige is 'n mens wat nie volgens sy ou natuur leef nie, omdat Hy aanvaar dat Jesus hom wegtrek en saam neem met Hom. Die Christene is iemand wat nie na die sonde wegbreek nie, omdat hy nie wil hê God moet hom los nie. Dit is 'n nuwe kwaliteit van gehoorsaamheid. Dit is 'n lewe uit die geloof dat Hy my vashou en 'n lewe waar ek wil saamleef met Hom wat my vashou. Ek keer my nie tot die sonde omdat ek steeds uit die omarming van die Evangelie wil leef. " 9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. " (Rom. 8)

Hierdie tipe gehoorsaamheid uit die geloof dat Hy my vashou en ek dit aanvaar, het niks met 'n lewe van voorskriftelikheid te doen nie. Die linkerhand van God, die wet, word glad nie gebruik om ons op die regte pad te stuur en te lei nie. Dit doen God net deur die evangelie. " 6 Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie. " (Rom.7)

12. Met die linkerhand wys Hy my wat Hy met sy regterhand doen en hoekom Hy dit met sy regterhand doen.

Die linkerhand van die Here doen nie niks nie. Dit doen iets anders, maar nooit niks nie. Die regterhand gee aan die linkerhand sy regte betekenis. Die Evangelie gee aan die wet 'n nuwe betekenis.

1. Met sy linkerhand kom Hy en wys Hy vir ons wat Hy wil hê ons moet doen op die pad wat ons met Hom loop in die Evangelie. Net soos 'n mens 'n kind wys waar om te trap, waar om versigtig te wees, waar om nie te trap nie. So wys God sy kinders deur die wet hoe om te leef in die lewe waar God hulle vashou en lei met die Evangelie. Vgl. Romeine 12 -13.

2. Met sy linkerhand wys Hy ons ook hoekom ons val of struikel. Dan wys sy linkerhand agtertoe, na die deel van die pad wat ons nie na gekyk het nie. As ons struikel is dit met die regterhand die Evangelie wat hy ons optel. Nie deur die wet, sy linkerhand nie. Vgl Romeine 7:4-6

3. Met sy linkerhand verduidelik Hy ook hoekom Hy ons op die pad van die Evangelie vat. As Hy my vashou met die Evangelie dan wys hy vir my met die linkerhand waar sou ek gewees het as Hy my nie vasgehou het nie. As Hy my stuur op die pad wat Hy vir my kies, dan wys Hy ook met sy linkerhand wat sou die pad gewees het as Hy my nie met sy Evangelie regeer het nie.
Vgl. Romeine 2:17 -24 en 3:19 -21.

13. <u>Twee hande een wil.</u>
Die wet en die Evangelie is die twee hande van die Here. Maar net soos 'n mens met twee hande een wil het en alt wee hande een wil uitvoer, net so voer die Here met sy twee hande een wil uit. Hy regeer ons deur ons te stuur met die Evangelie. Die regering pas ook altyd in die wil van sy wet. Die Here kan ons nooit met die Evangelie stuur in 'n rigting in stryd met sy wet nie. Dit is een Here en twee hande wat dieselfde wil uitvoer.

Die beloftes wat God in ons lewe waar maak in die Evangelie is nooit in stryd met die wet nie. Kan dit in stryd met die wet wees as God ons so vashou in ons sonde, dat ons roep: "Abba, vader, wat is u wil in my lewe" ?

Dit beskryf Paulus in Romeine 4. Dit is net deur die geloof dat die beloftes van die Here vir ons waargemaak word. Hierdie beloftes wat die Here aan Abraham gemaak het word saamgevat in Esegiël 36: 24 - 32. Nie een van hierdie beloftes kan die mens in konflik met die Tien Gebooie bring nie.

Inteendeel, net deur hierdie beloftes wat alleen maar deur die geloof in die omarming van God ons eie word, kan ons weer die wet gehoorsaam. Daarom word hierdie Tien Gebooie wat ons veroordeel iets nuuts. Dit word die Tien Gebooie van die Gees: die genadeheerskappy van Jesus Christus.
Vgl. Romeine 8:1-4.

14. <u>Van die een hand na die ander hand.</u>
Wie aanvaar dat die Here Hom vashou met sy regterhand - word 'n nuwe mens: deel dit wat God in sy hart vir ons het. Wie aanvaar God hou hom vas, sal ook hom laat leer deur die anderhand van die Here. Want dit is een Here. Ek aanvaar nie die hand van die Here hou my vas nie, Ek aanvaar die Here hou my vas met een hand en leer my met die ander.

Hierdie waarheid druk Paulus uit deur te sê: Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was ,maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil." Romeine 6:13.

15. <u>Sy twee hande en ons hande en voete.</u>
As die Here ons om die skouer vat en met sy ander hand wys hoe om met hom te wandel: dan moet ek my eie hande en voete en oë en mond gebruik om Hom te dien. Die manier waarop God ons vashou en lei maak dat ek:
1. Vry is om my hande vir my eie werke te gebruik: skryf, bak, dryf, ploeg, enjins regmaak,
2. Vry om self te loop op die pad wat Hy my lei en leer.: ek moet met Hom my eie lewenspad loop.
3. Vry om my oë te gebruik om te kyk na die wêreld en die lewenspad.
4. Vry om met die wêreld en mense te praat.

5. Vry om die mense vir wie ek lief is vas te hou en hulle hande in my hande te vat. Dit kan ek alles in vryheid doen as Hy my vashou met die Evangelie en leer deur die wet. (Gal.4:7; 5:1.)

Godsdiens is om die gewone lewe tot eer van God te leef. Die gewone lewe van loop, vat, kyk en praat in verbondenheid aan God in die Evangelie en volgens sy wil, die wet. Dit is die wesenlike van die Christelike godsdiens.

Dit is wat Paulus saamvat met die uitdrukking :"Gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen." Romeine 12:1. Dit is ook wat in Romeine 6 bedoel word dat ons elke deel van ons liggaam in diens van God moet stel.

16. <u>Sy twee hande en ons bekering en gebed.</u>
Hoekom hou ons ons pa/ma vas as hulle ons vashou? Sodat hulle ons moet vashou of sodat hulle ons nie moet los nie. Nee, hulle wil ons vashou en sal ons nie los nie. Die enigste rede hoekom ons ons arm om hulle sit -- is omdat ons hulle liefhet. Net so is dit ook met God.

Ons bekering beteken nooit dat ons na die Here toe gaan so asof Hy ver weg van ons is nie. In die Evangelie laat die Here ons nooit los nie, en laat Hy ons nie toe om los te trek van Hom nie. Ons kan nooit van Hom en van sy liefde in Christus ooit los wees nie. " ... 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. " (Rom. 8) Met sy regterhand hou Hy ons altyd vas en ons kan dit maar net aanvaar.

MAAR,

Al aanvaar ons dit baie keer nie ,hou Hy in elk geval ons steeds vas. Bekering beteken nie dat ons die Here moet vashou sodat Hy ons weer moet vashou nie. Bekering gaan oor die linkerhand. As ons val en hy tel ons op : dan sê ons vir Hom ons is jammer ons het nie gekyk en geluister nie, dat ons Hom nie geëer het nie. Ons is jammer dat ons Hom nie lief het nie.

Ons sê ons sal luister omdat Hy ons met sy regterhand opgetel het en steeds vashou. Nie om vasgehou: vergewe en gered, te word nie. Kyk weer na Romeine 12: 1 en 2. Hoekom moet ons die Here dien. " Op grond van die groot ontferming van God" Dit is omdat Hy ons vashou in en met al ons sondes en ons nooit sal uitlos nie.

Gebed is die tye dat ons met die Here praat wat ons vashou en lei. Sy regterhand gee ons die vryheid en wil om met Hom as Vader wat ons liefhet, goed is vir ons, lankmoedig is met ons, barmhartig is vir ons, te praat. Sy linkerhand gee ons die vryheid om met Hom te praat oor hoe en waar Hy ons lei.

Gebed kan nooit die smeek en pleitrede wees om redding of liefde van 'n kind wat deur God uitgelos is of van wie God Homself losgemaak het deur sy kind te veroordeel, aan te kla of teen hom te draai nie. Dit is nie gebed nie. Dit is gewoon die histerie van ongelowiges en goddeloses. God se kinders praat met hulle Vader in die troos van die evangelie: " 31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge ? Dit: God is vir ons, wie kan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie ? 33 Wie kan die uitverkorenes van God aankla ?"

" God self spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel ? Christus Jesus het vir ons gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons." Gebed kan onder die regterhand van God nooit weer die gepleit van verlorenes en veroordeeldes wees nie. Dit is nou die stil-eenkant gesprek van hulle wat weet God sal hulle nooit los nie.

17. <u>Sy hande en ons hart en hande.</u>
Ons werke met ons hande en voete, oë en mond kry heeltemal 'n ander betekenis as ons aanvaar die Here hou ons vas. As ons aanvaar Hy hou ons vas met sy regterhand , word ons deel van dit wat God in sy hart vir ons het: liefde, genade, goedheid, lankmoedigheid en barmhartigheid.

Dit maak ons hart anders teenoor God. Dit vat die vervreemding en opstand weg - dit maak ons harte vas aan God. Dan word ons mense wat met ons hande en voete, oë en mond vir God wys wat in ons harte leef vir Hom.

God gee ons harte wat Hom liefhet en ons gebruik die harte om Hom mee lief te hê.

B.Die valse kerk leer ons bygeloof en goddelloosheid in die naam van die evangelie en die wet.
Met hierdie voorbeeld het ons nou die werking van die wet en die evangelie verduidelik. Met dieselfde voorbeeld kan ons die hele werking van die valse kerk se verdraaiing van die wet en die evangelie verduidelik. Om die kontras tussen godsdiens en bygeloof uit te wys, behandel ons hierdie deel, deel B, in dieselfde getalsorde as deel A.

Bygeloof en ongeloof.
Ongeloof is wanneer die mens hom losmaak van die Here se regterhand. Dit is heeltemal iets anders as om partykeer te wens die Here het my nie met sy regterhand vasgehou nie. Dit gebeur baie keer dat ons sonde wil doen en daarom nie wil aanvaar die Here hou my vas in liefde nie. Geen mens kan die liefde van God aanvaar en sonde doen nie. Daarom ontken ons baie in ons lewe die liefde wat God ons mee vashou: om sonde te kan doen.

Hierdie kleingeloof is iets anders as die verwerping van God se genade. Die verwerping van God se genade beteken nie dat ek nie die liefde aanvaar nie, maar dat ek dit verwerp, my doelbewus daarvan losskeur en keer dat God my kan vashou. So mens doen dit deur God se liefde, sy regterhand, verdag en bespotlik te maak en God se linkerhand die skuld te gee vir al die ellende in die wêreld.

Bygeloof is presies dieselfde houding as ongeloof. Dit skeur weg uit God se vashou. Dit wil heeltemal los wees van God en sy omarming. Die enigste verskil is dat in bygeloof die mens sy ongeloof beoefen so asof dit die ware geloof is. Dit wil van God wegskeur terwyl daar voorgegee word dat daar nog 'n baie goeie verhouding tussen die bygelowige en God is. Dit wil maak asof hierdie wegskeur van God eintlik 'n baie beter verhouding met God is as om deur Hom omarm te word met die evangelie.

Dit is ongeloof wat te bang is om openlik ongelowig te wees.

Hoe kan 'n mens presies dieselfde as ongelowiges doen sonder om as 'n ongelowige geken en raakgesien te word.? Baie maklik ! Deur die twee hande van God nie te verwerp nie, maar om te draai ! Deur die twee hande van God om te draai word die hele godsdiens verwring. Dit maak van godsdiens sonde in die naam van die wet en die evangelie. Bygeloof draai alles in die godsdiens om na sonde in die naam van godsdiens.

HANDE OMGEKEER, ALLES OMGEKEER: BYGELOOF EN GODDELOOSHEID IN DIE NAAM VAN DIE EVANGELIE EN DIE WET.

1.Die Here werk soos ons met twee hande.
Bygeloof sê ook dat ons die handewerk is van die Here en dat God met twee hande werk. Hulle noem die hande ook wet en Evangelie. Hulle leer ook dat die Here ons met een hand vashou en met die anderhand leer. Alles lyk dus dieselfde. Maar daar is 'n baie groot verskil. Die hand wat vashou en die hand wat leer is omgedraai. In alle bygelowe leer die geestelikes dat die Here jou met sy linkerhand vashou en met sy regterhand leer.

Daarom is bygeloof en goddeloosheid so moeilik te onderskei van geloof en godsdiens. Dit lyk op die oog af asof dit nie belangrik is watter hand wat doen nie. Dit mag lyk dat net solank dit maar oor die wet en die evangelie gaan, is alles tog maar op die ou einde dieselfde.

Dit is egter die vangplek. As die hande se werking omgedraai word, word die hele godsdiens onderstebo gekeer. Dit verander heeltemal die manier waarop God sy kinders vashou en die manier waarop Hy sy kinders leer.

2. Die linkerhand van die Here is sy sterkhand waarmee Hy ons vasgryp.
In bygeloof word geleer dat die Here jou vasgryp met sy linkerhand. Dit is ook 'n manier van vashou, om iemand vas te gryp. Maar dit is 'n ander manier van vashou as om iemand om die skouer vas te hou. In bygeloof word geleer

dat God gryp jou eers agter die nek vas met sy linkerhand, die wet, omdat jy sonde gedoen het. Dan gryp God jou voor die bors met sy linkerhand en hou jou so voor die bors in sy aangesig vas met sy wet. Dit doen God om jou te vertel wie en wat jy volgens sy wet is.

Dan klink sy linkerhand, die wet, so:

> Jy is verlore en op pad hel toe.
> Jy is nie regtig 'n kind van die Here nie.
> Jy dink jy is 'n kind van God maar dit is nie waar nie.
> Jy maak net of jy 'n kind van God is.
> Voor jy nie tot bekering kom sal God jou nie aanvaar nie.
> As jy jou sondes los sal God ophou om jou te dreig.
> Voor jy jouself nie tot God bekeer sal Hy jou straf en veroordeel.
> Jy is sleg en nikswerd.

In bygeloof word God se wet, sy linkerhand, as sy sterkhand geleer. Die krag van hierdie hand is nie meer dat God jou daarmee altyd iets meedeel nie. Die krag van hierdie hand is dat dit jou veroordeel. Met hierdie hand word God se kinders nou met vrees en angs voor God vasgehou.

3. Die Here hou ons bevange met sy linkerhand.
In die evangelie hou die Here ons met sy regterhand vas. Die evangelie verbind lidmate aan die Here as persoon wat hulle liefhet. Die "vashou" beteken altyd om aan Jesus as Here verbonde te wees. Dit is 'n band met Homself as Christus.

Wanneer geleer word dat God jou met sy linkerhand, die wet, vashou, dan word jy nie meer aan God verbind nie. Die wet maak mense bevange in God se woede, afsydigheid, gereserveerdheid, terughoudendheid, afkeur en grimmigheid.

Hierdie vashou maak dat mense vervreem staan van God, al hou Hy hulle vas. Om bevange te wees in iemand se woede of afsydigheid verbind jou nie aan iemand nie. Dit vervreem jou van hom. Daarom noem Paulus mense wat onder die Tien Gebooie lewe - slawe. Hulle is vervreem van God as Vader. Hulle is net sy werkers. (Vgl. Gal. 4:7,8,9 en Gal. 4: 21 -31.)

4. Die linkerhand deel jou mee wat God in sy hart vir jou het.
As God jou met sy linkerhand vashou dan deel Hy aan jou mee wat in sy hart is: Hy is kwaad vir jou; Hy is woedend vir jou; Hy het nie meer geduld met jou sonde nie; Hy wil vir die mense jou sonde wys en jou bespotlik maak; Hy wil jou straf vir jou sonde; Hy is nie vir jou daar voor jy jou nie bekeer nie; Hy kla jou aan en veroordeel jou.

As jy aanvaar dat God jou met sy linkerhand vashou, dan is dit die houding wat jy van God ervaar.

In bygeloof word daar vir mense gesê: "God het jou lief ",

MAAR

hy hou jou met sy linkerhand vas voor jy nie tot bekering gekom het nie.

In bygeloof het God se liefde, genade en goedheid altyd hier "maar" by. Hy is lief vir jou - maar..; Hy wil jou genadig wees - maar..; God wil goed wees vir jou - maar..

Dit is die verwarring en omkering: jy moet glo dat God jou lief het. Terselfdertyd hou Hy jou egter met sy linkerhand vas. Met hierdie vashou deel Hy aan jou sy woede, sy grimmigheid, sy afsydigheid en sy vyandskap mee. Hierdie geloof in God se liefde wat woede, afsydigheid en vyandskap oordra is bygeloof en nie geloof in die Evangelie nie.

God hou sy kinders wat Hy lief het met sy regterhand vas, nie met sy linkerhand nie. God het nie sy kinders lief terwyl hy sy woede en afsydigheid aan hulle meedeel nie. Hy deel sy barmhartigheid, goedheid en lankmoedigheid mee deur sy regterhand, die evangelie, aan sy kinders wat Hy liefhet.
Daar is geen "maar" in God se liefde en genade nie.

Die geloof in 'n liefde wat woede en afsydigheid meedeel -is bygeloof. Dit is nie werklik liefde nie. Dit is gemaakte liefde net om jou in die hande te kry. Dit wil jou met liefde in die greep van sy woede en grimmigheid in verlei. Die geloof dat God sy kinders met die linkerhand voor die bors vashou en liefhet is geloof in 'n valse liefde: 'n liefde as voorwendsel om jou onder die toorn van die wet te bring. God het nie so valse liefde in Hom nie. Wie dit glo is gewoon met bygeloof besig.

5. <u>Hoekom hou Hy ons vas volgens bygeloof?</u>
Hy hou my vas om my te los, nie omdat Hy besluit het om my vir altyd vas te hou nie. Hy wil ons eintlik los. Hy hou ons net met sy dreigende linkerhand vas sodat ons tot bekering kan kom en beloof dat ons volgens die wet sal leef.

Hoe lank kan jy iemand vashou so voor die bors in 'n dreigende houding voor jou? Net totdat jou woede gestil is en jy jou sin met die een wat jy vashou gekry het! Dan los jy hom. Hierdie manier van vashou, so voor die bors met God se wet, is nie bedoel om so te bly nie.

As jy in bygeloof aan God sy sin gee, dan sal God jou uitlos. God wil dan volgens hierdie bygeloof dat jy op jou eie mooi en bekeerd moet gaan leef. Hoekom Hy jou vashou is om jou te laat beloof om mooi op jou eie te leef as Hy jou los. Hy wil jou nie vashou nie. Hy wil jou los. Jy moet net eers beloof om Hom sy sin te gee.

'n Geloof wat God voorhou as iemand wat jou wil uitlos is niks anders as die begeerte van 'n goddelose mens wat homself van God wil wegskeur nie. Dit is 'n goddelose wens wat maar net op 'n vroom en godsdienstige wyse uitgevoer wil word. Dit is bygeloof. Dit wil glo dat God jou van Homself wil laat loskom. God maak sy kinders nooit van Homself los nie. ( Rom. 8:31-38) Om bekering as 'n rede te gebruik om van God los te kom, is maar dieselfde as om van God los te kom deur te maak asof Hy nie bestaan nie.

6. <u>Wat moet ek doen as Hy my vashou met die wet ?</u>
In bygeloof hou God my vas omdat ek sonde gedoen het en nie omdat Hy my liefhet of gekies het om my as sondaar in liefde vas te hou nie. Nou kom die vangplek. As jy jou nou bekeer en beloof jy sal in die toekoms luister -- sal God jou los. Dan sal Hy sy linkerhand van jou wegvat.

Die hand waarmee God jou nou vashou is die aanklag en die oordeel van die wet. As jy tot bekering kom en beloof om God die beheer van jou lewe te gee, dan neem Hy sy linkerhand weg. As jy dit nie doen nie, dan gryp Hy jou weer met sy linkerhand vas.

Kyk nou, in die godsdiens is daar geen so moontlikheid dat God ooit sy linkerhand, die wet, wegvat uit jou lewe nie. In godsdiens bekeer 'n mens omdat God jou nie nooit met sy regterhand (Die evangelie) uitlos nie. Jy bekeer jou weer tot die vashou van God in Jesus as die wet jou wys wat verkeerd gegaan het.

In bygeloof glo mense dat hulle nie meer die wet nodig het nie. Hulle glo dat as hulle "wedergebore Christene" is, het hulle die wet nie nodig en het hulle 'n innerlike lig in hulle wat hulle sal lei.

Dit is bygeloof, want hulle glo nie meer dat hulle sondaars is wat as God nie elke dag met sy wet lei nie, hulle nooit sal weet wat is reg en verkeerd nie.

Ons word ook nooit mense wat los is van God se regterhand, die evangelie, nie. Dit is die skelmheid. Om te sê God sal jou los as jy bekeer, beteken dat jy deur jou bekering eintlik in dieselfde posisie as 'n ongelowige is -los van God. Dit is mos hoe dit werk ! As God jou voor die bors gryp en so vashou en jy bekeer baie mooi, dan los God jou uit.

Dit is wat Paulus leer: al die Fariseërs wat so aan die wet hou, is almal goddeloos. Hulle laat hulle nie deur God se genade vashou nie. Hulle staan op hulle eie voor God. Dit is 'n set om voor te gee dat jy sal op jou eie God se wil doen. Mense wat so nooit bekeer dat God hulle uitlos, leef nie volgens die wil van die Here nie. As Hy hulle los dan doen hulle eintlik net wat hulle wil. Omdat hulle nie aan Hom vasgebind is nie, omdat Hy hulle nie meer met sy linkerhand vashou nie, kan hulle nou weer op hulle eie leef. (Rom. 11:7-10)

In die Evangelie word jy nooit deur God uitgelos om op jou eie God te dien omdat jy wedergebore is en self godsdiens kan beoefen nie. Dit is bygeloof: jy glo nie in die evangelie se krag nie, maar jou eie liefde en gehoorsaamheid se krag. Ons word alleen maar deur God se regterhand, sy genadeheerskappy, gestuur op die regte pad. Ons kan dit nooit los van Hom bewandel nie. Om voor te gee jy kan, is 'n leun, net 'n verskoning om los van God te leef.

Dis 'n voorwendsel dat jy net so goed sal leef as wat Hy wil hê, al is Hy nie met jou nie.
As hy ons met sy regterhand los - is ons weer uitgelewer aan ons verharde en sondige harte wat net sy regterhand anders kan hou. Dit is net as Hy ons vashou dat ons harte verander en ons na Hom wil luister, nie as ons op ons eie is en probeer om Hom lief te hê nie.

7. <u>Wat hoef ek nie te doen as God my met sy linkerhand vashou nie ?</u>
Hierdie deel wys ons hoe alles nou omgekeer is in die godsdiens. Wanneer God jou met sy linkerhand, die wet, vashou, dan hoef jy nie te aanvaar dat Hy jou vashou nie. Jy hoef glad nie te glo Hy hou jou vas nie. As God jy met sy wet bevange maak, dan vra Hy jou nie om dit te glo nie. Hy dwing gewoon sy wil op jou af. Hy gryp jou met die geweld en die reg van die wet vas en Hy hou jou met die reg en die geweld van die wet bevange.

Die geloof in sy greep deur die wet op jou is net gewoon totaal onbelangrik. Volgens bygeloof is dit hoe die Here met sy kinders maak om hulle tot bekering te bring: hulle hoef Hom nie te glo nie. Hulle hoef nie te aanvaar dat Hy hulle vashou nie.

Dit hoekom Paulus sê dat mense wat onder die wet tot bekering gekom het nie in God se genade en redding deel nie: " 4 Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur." (Gal. 5)

Deur God se linkerhand, die wet, die vashouhand in die Christelike godsdiens te maak, word geloof in die evangelie heeltemal onnodig. Dit word 'n bysaak. Bygeloof maak altyd van geloof in die evangelie net 'n bysaak.

8. <u>Wat gebeur in ons as Hy ons met sy linkerhand vashou?</u>
As Hy ons met sy linkerhand vashou, dan sê hulle lei God jou tot bekering! Maar dit is nie die ware bekering nie. Hoe lyk dit ? Wat is die mag van die sonde ? Die wet: die Tien gebooie.( 1 Kor. 15: 56) As God jou vasgryp met die Tien gebooie, maak dit jou nie iemand wat God liefhet nie. Dit maak jou iemand wat God haat en in opstand innerlik teen Hom leef.( Rom. 7:8-11.) Dit bring jou in verset teen God en wil jou losmaak van God. Dit beskryf Paulus in Romeine sewe.

Dit is hoekom die mense dan "bekeer". As jy mooi bekeer dan sal God jou uitlos. Deur God se linkerhand as vashouhand voor te hou, maak hulle mense opstandig teen God met die wil om van God los te kom. Dit is om ongelowig te word. Die bygeloof maak dat hierdie ongeloof nou nie meer openlike ongeloof is nie, maar 'n "bekering". Deur my "bekering" word ek los van God. Deur my "bekering" word ek iemand wat op my eie geestelik kan wees sonder dat God my met sy regterhand vashou.

Dit is 'n leuen. 'n "Wedergebore Christen" is 'n opstandige en wrewelrige mens met die geloof in sy eie vermoë om God en mens lief te hê, terwyl hy elke dag God se liefde in die evangelie onbelangrik ag en mense in die naam van God net seermaak en benadeel. In sy bygeloof kan hy nie die skade van sy eie sonde raaksien nie. Hy glo nie dat hy mense seermaak nie.

So word die mag van die sonde (Die Tien Gebooie) gebruik om mense van God se regterhand los te maak met die verskoning dat dit nie wegbreek en verwerping van sy regterhand is nie, --- maar 'n bekering om 'n "wedergebore Christen" te word.

9. "Wedergebore Christene" - is los van God se linkerhand en regterhand : hulle glo hulle kan self die pad loop van God.

In bygeloof los God ons met sy linkerhand as ons tot bekering kom en beloof om geesvevuld te gaan leef. As Hy jou met sy linkerhand los, neem sy regterhand (Die Evangelie ) nie oor nie. Dan is jy los van al twee God se hande. Dit is bygeloof se hele doel: om self jou pad met God te bewandel. Hy moet jou net uitlos en vervul.

Hierdie doel van bygeloof is 'n leuen. As God ons nie met sy regterhand (die Evangelie) stuur nie, sal ons nooit uit ons eie op sy weg gaan nie. Ons sal net in ons eie begeertes en sondes voortleef terwyl ons glo dat ons nie sondes en begeertes het nie.

Dit is die blindheid van mense wat hulle eie sondes nie ken of wil ken nie. In die Evangelie ken en aanvaar ek my eie sondige drifte en begeertes omdat God my met my sondes aanvaar; leef ek nie volgens my begeertes nie, omdat God my met sy regterhand stuur in sy wil en met sy linkerhand wys wat ek moet doen.
Bygeloof maak jou los van die wet en die evangelie: al twee God se hande.

10. Met die regterhand dreig hy ons om soos Hy te wees anders gryp Hy ons met die linkerhand weer vas.

In die godsdiens is die Evangelie die regterhand van die Here. Daardeur hou hy sondaars teen Hom vas in liefde. Jesus word gebore sodat onsself nie heilig hoef te wees voordat God ons barmhartig is nie; Jesus word aangekla sodat ons nooit vir ons sondes aangekla word nie; Jesus sterf sodat ons nooit vir ons sondes hoef te betaal nie; Jesus vaar op na die Hemel toe sodat ons nooit ons saak met God self hoef reg te maak nie, ens.

In bygeloof word God se regterhand nie 'n hand wat vashou nie, maar wat wys. Die regterhand doen wat die linkerhand eintlik moet doen. Die twee hande se werking word dus weer omgedraai. God word in bygeloof die een wat met sy regterhand wys wat mense moet doen. God wys ook nie met sy regterhand op en na die pad wat lidmate moet wandel soos Hy met sy linkerhand wys in die Christelike godsdiens nie. Hy wys vir sy lidmate nou vinger in die gesig met sy regterhand.

Dit klink so: as jy nie soos God is nie sal Hy jou straf en hel toe stuur. Jesus word nou die voorbeeld van wat ons moet doen om soos God te wees, anders gaan ons hel toe. In bygeloof word Jesus die nuwe alternatiewe wet. Die Evangelie as die nuwe wet in bygeloof word so verkondig:

As jy jouself soos Jesus verneder, sal God in jou lewe kom,
As jy dit nie doen nie is jy sonder God.
As jy jouself laat aankla en beskuldig soos Jesus, sal God jou regverdig.
As jy dit nie laat doen nie, is jy nie 'n ware Christen nie en gaan jy hel toe.
As jy jou lewe opoffer soos Jesus, sal God jou vergewe. As jy dit nie doen nie, sal God jou nooit vergewe nie.
As jy in jouself sterf, jou eie belange prysgee en jou eie- ek kruisig sal God in jou opstaan en in jou verheerlik word.
As jy dit nie doen nie sal jy 'n vleeslike Christen bly en nooit die liefde en seën van God in jou lewe ervaar nie.

Die regterhand (Die Evangelie) is nou God se hand wat vir jou vingerwys om soos Jesus te wees. Terwyl God so vingerwys hou Hy hou alweer met sy linkerhand voor die bors vas. Sy linkerhand is die een wat jou dreig en sy regterhand is die een wat jou vingerwys om soos Jesus te gaan wees.

11. Wat laat die regterhand van God ons doen in bygeloof?

In die godsdiens laat God se regterhand ons aanvaar dat Hy ons vashou en regeer, net glo in die liefde wat ons deur die Evangelie ontvang en wat ons ook regeer.

In bygeloof leer die regterhand van God ons om sonde te doen !

Sonde is dat 'n mens glo jy kan soos God wees en daarom het jy Hom nie nodig en dien jy hom nie. Bygeloof is te bang om sonde openlik te doen. Nou leer hulle dat Jesus wil hê ons moet soos God wees: Hy het vir ons met sy werk 'n voorbeeld gestel het hoe om soos God te wees. Sy werk is vir ons 'n model hoe om deel van God se persoon te word.

Daar word in bygeloof ook nog met die linkerhand gedreig dat as jy nie sonde doen nie, sal God jou verwerp en straf. As jy sonde doen sal God jou liefhê. Dit is die sonde om soos God te probeer wees.

Die linker- en regterhand (wet en Evangelie) vat jou nou op die pad van sonde. Dit is die effek daarvan om God se twee hande te probeer omdraai. Dit is nie maar net 'n ander manier om God te dien nie. Dit is om God se hande die werktuie van sonde te maak.

Dit is wat Paulus in Romeine 1:18 -32 beskryf. In hulle bygeloof maak hierdie vromes asof hulle soos God wil wees. Hulle maak beelde van God en probeer dan leef en wees soos die beelde wat hulle van God gemaak het. Dan word die regterhand van God, sy liefde vir die mens, iets wat hulle leer om sonde te doen: om soos God te probeer wees. Bygeloof maak sonde 'n opdrag van God. Bygeloof en goddeloosheid is altyd een en dieselfde saak.

12. <u>Met sy linkerhand dreig Hy ons om die sonde te doen wat Hy vir ons met sy regterhand voorsê.</u>
In die ware kerk leer die Tien Gebooie lidmate wat God deur die Evangelie in, vir en met ons doen. Dit is die nuwe betekenis wat die evangelie aan die wet gee: die wet leer ons om uit die vashou van God deur te evangelie met God te leef.

In bygeloof word daar ook baie gemaak van die nuwe wyse waarop God gedien moet word. Dit wat die regterhand aan lidmate wys om te doen is sonde: om soos Jesus te wil wees in sy heilswerk.

Die linkerhand van God, die Tien Gebooie, kry ook nou 'n nuwe betekenis: dit dreig mense dat God hulle nie sal uitlos voor hulle nie hierdie sonde in die naam van Jesus gedoen het nie.

Mense wil graag so deur God gedreig word: om sonde te doen in die naam van Jesus. Daarom wil hierdie mense graag deur die wet veroordeel, aangekla, verwerp en beskuldig word. Hierdie tipe preke vertel hulle dat God nie gaan ophou om sulke dinge te doen nie, voor hulle nie probeer om soos God te wees deur Jesus as hulle voorbeeld nie.

13. <u>Twee hande, een wil</u>.
In bygeloof word daar nog steeds gepraat van die wet en die evangelie. Maar hulle draai die werking van God se hande om. Deur God se hande om te draai, word al twee hande die werktuie van een nuwe wil van God. In bygeloof leer mense dat God eintlik wil hê jy moet sonde doen.

Dis sonde om los van God te wil leef. As God jou met sy linkerhand vashou, het dit God se wil geword dat jy los van Hom moet leef. Dis sonde om nie die Evangelie te glo nie. As God jou met sy linkerhand vasgryp, het geloof in die evangelie onbelangrik geword. Bygeloof leer dat God geloof onbelangrik maak. Dis sonde om soos God te wil wees. Om God se regterhand sy wyshand te maak, word God nou die een gemaak wat mense leer om soos Hyself te wees. Dis sonde om Jesus die weg te maak van sonde. Deur God se regterhand sy wyshand te maak, word Jesus deur God self gestuur as die weg van sonde.

In bygeloof het God altyd net een wil met sy twee hande: God wil hê mense moet in sonde leef.

14. <u>Van twee hande na geen hande.</u>
In die ware kerk werk God se twee hande altyd saam. God lei ons altyd met twee hande. Die regterhand doen wat die linkerhand nie kan doen nie, maar die regterhand werk saam met God se linkerhand: die evangelie gee aan die wet 'n nuwe betekenis. Die linkerhand werk ook saam met die regterhand: die wet wys lidmate altyd terug na die evangelie toe.

In bygeloof is dit heeltemal verander. Al twee hande word gebruik om jou te leer om sonder enige hand van God te leef. Die linkerhand (die wet) leer jou om los te kom van God met 'n bekering. Die regterhand van God leer jou om los te kom van God deur soos Hy te gaan leef.

15. Sy hande en ons hande en voete.
In bygeloof en goddeloosheid verloor die mens die vryheid om sy hande en voete te gebruik om God mee te dien. As God jou vasgryp met sy linkerhand, dan kan jy nie beweeg nie.

1. In vrees en angs moet jy net staan en niksdoen terwyl jy aanvaar Hy is kwaad.
2. Met jou hande kan jy nie meer werk nie en mense om jou vas hou nie. Jy gebruik dit nou om vroom te lyk terwyl Hy jou voor die bors vasgegryp hou.
3. Met jou oë kan jy nie meer die wêreld en mense om jou raaksien nie. Al wat jy dink jy raaksien is God, van aangesig tot aangesig.
4. Met jou mond kan jy nie meer met mense en oor die wêreld praat nie. Al wat jy kan doen is om te probeer om met God jou saak reg te kry.

16. Sy hande en ons bekering en gebed.
Wat is die truuk van bygeloof ? Waaroor gaan dit ? Kan ons die twee hande van God omdraai en sê maar al het ons die hande omgedraai is dit nog presies dieselfde godsdiens. Dit is maar net 'n ander manier om presies dieselfde godsdiens te beoefen?

Nee, God werk net op een manier! Met die Evangelie hou Hy ons as kinders vas en met die wet leer Hy ons op die pad waarin Hy ons met die Evangelie stuur.

Alles wat in bygeloof geleer word, is 'n leuen waardeur ons van God se liefde en sy leiding losgemaak word. Deur bygeloof word daar 'n alternatiewe begeerte in die hart van God geplaas. God word nie voorgehou as die Een wat hulle met sy regterhand vashou nie, maar as die Een wat mense wil omhels.

Hierdie omhelsing van God is omdat God self 'n behoefte aan die mens en sy liefde het. Dit klink dan so:

God het 'n verlange na jou.
God begeer dat jy Hom sal liefhê
God wil baie graag 'n mooi verhouding met jou hê.
God het 'n behoefte aan 'n baie intiem persoonlike verhouding met jou.
God wil jou graag vir Homself hê.

Van so behoeftige en verlangende God weet die Bybel niks nie. God is die Skepper. As Hy iets wil hê, dan skep Hy dit vir Homself. As Hy wil hê sondaars moet Hom dien, dan maak Hy hulle sy kinders. Daar bestaan nie 'n afhanklike God nie. In bygeloof word die mens geleer om te glo in so behoeftige God, al bestaan Hy nie.

Dit is die punt. Dis nie God wat my so wil omhels dat ek nie my hande of voete kan roer nie. Dit is nie God wat my hart en lewe wil hê as iets wat ek aan Hom moet gee nie.

Dit is die mense om my met hulle sondige begeertes en behoeftes wat my vir hulle begeertes wil gebruik. Dit is goddeloses wat sulke verlanges, behoeftes en versugtinge het vir my, nie God nie. As ek myself van God losmaak om op my eie reg te gaan leef en op my eie met Hom te wandel, is ek nie met God besig nie. Ek is met die passie van goddelose mense met my besig. Die God wat ek glo my sal omhels as ek so mooi bekeerd leef bestaan nie.

Hierdie omhelsing is niks anders nie as mense wat so besit op jou lewe neem dat jy hulle moet lief hê met jou hele hart, jou hele verstand en al jou kragte. Net soos vir God ! Dit is die punt. Dit is goddeloosheid, maar deur bygeloof ervaar mense die sondige begeertes van ander nie as sonde nie, maar as die ware godsdiens: as die omhelsing van God self.

Dit gee aan bekering die betekenis dat ek myself van God moet losskeur en sug na die omhelsing van goddeloses terwyl ek glo dit is God wat my so omhels. Dit is bygeloof om die omhelsing van mense te glo as God se omhelsing.

Dit gee aan gebed die nuwe betekenis dat ek in gebed moet smag om een met die omhelsing van God te word. Dit is niks anders as die passie dat God my in my sonde moet lei nie; dat God en ek een sal word in my passie om sonde te doen nie.

Dit is wat Paulus aan die Romeine verduidelik in Romeine 1:18 tot 32 en 6:12 -14 en 7:4 - 6.

17. <u>Sy hande en ons hart.</u>
In godsdiens maak die Here ons verharde harte wat Hom lief het deur ons met sy regterhand vas te hou. Hy gee ons nuwe harte (Abrahamsbelofte). Met sy linkerhand wys Hy ons hoe ons met die nuwe hart moet liefhê.

Godsdiens is om God met die nuwe hart in die Evangelie lief te hê : met hele hart, siel en verstand. Romeine 12:1 en 2 en 13:8-14.

In bygeloof word daar gesê dat jy jou hart en die beheer van jou lewe vir God moet oorgee. Dit is die "ware bekering" wat van jou 'n regte, egte, ware, "wedergebore Christen" sal maak.

Maar dit is die skelmheid van bygeloof. Waarmee kan jy die Here liefhê - as jy jou hart vir hom gegee het. In godsdiens gee God jou deur die Evangelie 'n nuwe hart, nie jy vir God nie. Deur die wet wys hy jou hoe om met die hart te leef. Hy vra dit nie as 'n offer vir die sonde nie.

Om jou hart vir God te gee - maak dat jy nie meer God of jou naaste hoef lief te hê nie.

Hierdie hartweggee is niks anders as die weggee van die plig van liefde, die verantwoordelikheid van liefde en die aanspreeklikheid om almal liefde te hê nie.

In bygeloof is hierdie weggee van die hart aan God nie meer sonde nie. Dit is die manier waarop jy jouself red en reg leef. Dit is maar net 'n vroom manier om jouself nie aan die eis van God se liefde te bind nie: jy gebruik nie jou hart om God en mense lief te hê nie; jy gee dit as 'n offer vir jou sonde aan God; dan is jou saak met God afgehandel en kan jy weer op jou eie aangaan.

<u>Samevatting.</u>
Met hierdie voorbeeld is dit duidelik: God werk net op een manier. God hou ons net deur die Evangelie vas, nie met die wet nie. God regeer ons net deur die evangelie, nie deur die wet nie. Dit is wat God net met sy regterhand in ons lewe doen. Doen Hy dit so, dan maak Hy ons mense wat in Hom glo vir sy liefde en mense wat Hom volg in sy liefde met gehoorsaamheid aan sy wil.

God gebruik sy linkerhand om te wys wat Hy met sy regterhand vir ons doen: ons vashou en regeer. Die wet kry so 'n nuwe betekenis in ons lewe. Dit bind ons al vaster aan God se regterhand, die evangelie.

As hierdie hande omgedraai word, word die hele godsdiens omgekeer en verdraai. Dit is nie maar net 'n ander manier om God te dien nie. Dit is bygeloof en goddeloosheid.

Hoekom die werking van die wet en die evangelie omgekeer word, is om sonde in die naam van die Here Jesus Christus te kan doen. Dit is nie om 'n beter en voller manier te kry om self op jou eie God te gaan dien nie.

Met hierdie voorbeeld kan ons nou oorgaan na die omvang van die werking van die valse kerk binne in die Ned. Geref. Kerk.

# HOOFSTUK 9

# DIE NED. GEREF. KERK AS VERKONDIGER VAN DIE ALTERNATIEWE WERKING VAN DIE WET EN EVANGELIE: SONDE IN DIE NAAM VAN DIE HERE, JESUS CHRISTUS!

1Die Evangelie is die plaasbekledende werk van Jesus.
Die Evangelie gaan oor wat Jesus vir ons is en vir ons doen. As Hy vir ons iets is of doen, is dit nie vir ons 'n model van wat ons weer op ons beurt moet nadoen nie. Jesus is nie vir ons 'n wet nie. Hy is vir ons die Evangelie. Dit is juis die troos van die Evangelie. Hy doen vir ons wat ons nooit ooit self sal kan doen nie. Hy is vir ons wat ons nooit ooit self sal kan wees nie.

Wat Jesus vir ons is en doen, tel vir ons in ons plek. Ons deel dit met Hom as mens omdat God ons dit toereken. Deur hierdie toerekening as 'n skeppingsdaad van God, word ons doodeenvoudig net ingesluit by wat Jesus vir ons doen en is.

Daarom is die appèl van die Evangelie dat ons God maar net daarvoor hoef te vertrou. " 20 Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! 21 Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as 'n sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees. " (2 Kor. 5)

2Die Ned. Geref. Kerk verkondig die Evangelie as die plaasbekledende werk van Jesus.

Die inhoud van die Evangelie in die Ned. Geref. Kerk is vervat in die belydenisskrif wat die Heidelbergse Kategismus genoem word. In hierdie belydenisskrif word die Evangelie verkondig as die werk wat Jesus doen wat ons nie kan of mag doen nie.

Jesus doen die werk en ons kry die voordeel of vrug daarvan. Die Evangelie in die Heid. Kat. word op 'n vraag en antwoord wyse behandel om hierdie onderskeid tussen die werk wat Jesus in ons plek doen en die vrug wat ons uit sy werk kry te verduidelik. Telkens word eers gevra wat beteken die werk wat Hy doen en dan watter nut ons uit sy werk kry. Hy werk. Ons kry.

Hierdie uitleg beklemtoon dat alles wat Jesus doen, doen Hy in ons plek. Hy doen die werk, nie ons nie. Ons deel in die vrug van sy werk sonder om iets Hom na te doen. Ons deel nie in die vrug omdat ons ook doen wat Hy doen nie. Omdat Hy ons inreken in sy werke, deel ons in die vrug daarvan.

Ons gee volledigheidshalwe 'n oorsig van die uitleg van die Evangelie soos dit in die Ned. Geref. Kerk as die ware kerk geleer word.

" 35 Vraag: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria ?
Antw: Dat die ewige Seun van God, wat ware God is (a) en bly, (b) die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het. (d) So is Hy tegelyketyd die ware nakomeling van Dawid, (e) in alles sy broers gelyk, (f) behalwe die sonde. "

" 36 Vraag: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus ?
Antw: Dat Hy ons Middelaar is (a) en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek. (b) "

" 37 Vraag: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?
Antw. Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. (a) So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.(d) "

" 38 Vraag: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?
Antw. Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b). "

" 39 Vraag: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie ?
Antw. Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, (a) op Hom geneem het omdat die kruis dood deur God vervloek is. (b) "

" 40 Vraag: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het ?
Antw. Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie. (b) "

" 41 Vraag: Waarom is Hy begrawe ?
Antw. Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het. (a) "

" 42 Vraag: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe ?
Antw. Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie, (a) maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe. (b) "

" 43 Vraag: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?
Antw. Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.(a) Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c). "

" 44 Vraag: Waarom volg daar: wat neergedaal het na die hel?
Antw. Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. "

" 45 Vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?
Antw. Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c)."

" 46 Vraag: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?
Antw. Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c). "

" 47 Vraag: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos hy ons beloof het nie (a)?
Antw. Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c). "

" 48 Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?
Antw. Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly. "

" 49 Vraag: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Antw.     Eerstens dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Tweedens dat ons, ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof, ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem(b). Derdens dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d). "

" 50 Vraag:Waarom word daar bygevoeg: en sit aan die regterhand van God?
Antw.     Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Homself daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon deur wie die Vader alles regeer (b). "

" 51 Vraag:Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?
Antw.     Eerstens dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort(a). Tweedens dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b). "

" 52 Vraag: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus  om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het?
Antw.     Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek  voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het.  Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp(b)  maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem (c). "

" 59 Vraag: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?
Antw.     Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam  van die ewige lewe is (a). "

" 60 Vraag: Hoe is jy regverdig voor God?
Antw.     Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a);so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en  dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nog- tans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem. "

" 61 Vraag: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?
Antw.     Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof  vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b). "

3. <u>Plaasbekledend beteken Jesus neem ons plek onder die Tien  Gebooie in om ons daarvan los te maak as wet.</u>
" 4 Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe 5 om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. 6 En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit :" Abba !" Dit beteken: Vader ! " (Gal. 4)

<u>In ons plek onder die wet.</u>
Jesus se werke: sy geboorte, lyding, kruisiging, e.a., is werke wat Hy doen in ons plek. Hierdie uitdrukking: " in ons plek " , beteken altyd in die Bybel in ons plek onder die wet. Hy staan in ons plek as mens in onder die eis van die Tien Gebooie. Hy maak ons daarvan los - die Tien Gebooie as wet. Hy gee so weer aan die Tien Gebooie sy volle bedoeling terug: om te leef uit God se genade en liefde.

<u>Jesus se werke is nie nuwe reëls nie.</u>
Daarom kan Jesus se werke nooit vir ons 'n nuwe wet word wat ons moet navolg nie. Om van Jesus se werke vir ons 'n nuwe stel godsdienstige reëls en wette te maak, vernietig die hele karakter van die Evangelie: om ons van die wet as wet los te koop.

Jesus se persoon is geen rolmodel nie.
Jesus se persoon is ook nie 'n rolmodel van nuwe gehoorsaamheid nie. Dit is die unieke persoon van die een en enige Middelaar van God se beloftes. Wat Hy as persoon is, is Hy om aan ons die beloftes van God te vervul. Hy is nie in sy persoon 'n voorbeeld wat ons moet nadoen nie. Hy as persoon vervul die beloftes van God se verbond. Ons deel in hierdie vervulde beloftes alleen maar deur ons geloof in die persoon van Jesus as Middelaar.

4. Andrew Murray as grondlegger van die alternatiewe verkondiging van die wet en die Evangelie in die Ned. Geref. Kerk.
Andrew Murray is die predikant wat die alternatiewe verkondiging van die wet en die Evangelie in die Ned. Geref. Kerk gefundeer het.

Hy as persoon het hierdie verkondiging met 'n omvangryke publikasie van boeke, artikels en preke vir die hele laaste deel van die negentiende eeu verwoord. Hierdie verwoording was nie bespiegeling nie, maar die verwoording van die godsdienstige inhoud wat deur Pinksterdienste, sendingaksies, spesiale evangelisasie predikers, die gewone prediking, kategese, huis besoek, die jeugwerk in die ACSV, die oprigting van skole, die oprigting van die Teologiese fakulteit en die skakeling met die owerheid as die amptelike godsdiens van die Ned. Geref. Kerk staan gemaak is.

In hierdie werke is die bediening van die alternatiewe evangelie binne die Ned. Geref. Kerk verwoord. Uit sy boeke is dit moontlik om die alternatiewe evangelie soos dit deur "Die Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk in stand gehou word, te ondersoek.

5. Die evangelie as wet by Andrew Murray.

5.1 Die ontvangenis en geboorte van Jesus.
Die betekenis van die geboorte van Jesus vir die ware kerk word in Heid Kat. vraag en antwoord 35 weergegee. God word mens sodat Hy as 'n sondelose en heilige mens ons deel kan maak van sy sondeloosheid en sy heiligheid as mens onder die Tien Gebooie. Ons is sonder sonde en heilig voor God deur net te glo in sy geboorte vir ons.

Teenoor hierdie betekenis en werking van die Evangelie stel Murray die alternatief: die evangelie as wet.

5.1.1Die alternatiewe betekenis van die geboorte van Christus. Murray se weergawe:
" 3. Die roeping wys ons ook wat die aard is van ware heiligheid: Gelijk Hij heilig is, zoo wordt ook gij heilig." Om heilig te wees, is om godgelykvormig te wees, om 'n gesindheid, 'n wil, 'n karakter te besit soos God. Die gedagte lyk byna godslasterlik, totdat ons weer hoor: " Hij heeft ons uitverkoren in Christus, om heilig te zijn." In Christus het die heiligheid van God verskyn in 'n menslike vorm; in Christus se voorbeeld, in Sy gemoed en gees, het ons die heiligheid van die onsigbare God vertolk gesien, in die vorm van 'n menslike lewe en wandel. Om soos Christus te wees, is om soos God te wees. Om soos Christus te wees, is om heilig te wees, soos God heilig is." ( Geheilig in Christus bl.10)

Jesus is vir die ware kerk Middelaar.
Die ware kerk verkondig die geboorte van Jesus as die werk wat net Hy alleen kom doen het. God word mens. Hierdie werk van God om mens te word, is sodat Jesus as mens heilig en sonder sonde onder die wet kan leef in ons plek en terselfdertyd die Here van die wet kan wees. Deur ons by sy werk as mens in te reken as Here van die wet, deel ons in sy status as mens onder die wet: heilig en regverdig onder die wet.

Jesus is vir Murray 'n rolmodel van sonde.
Murray maak die evangelie tot 'n voorbeeld en model van wat ons as mense moet wees : ons moet soos God wees. Hierdie is die moedersonde. (Gen. 3:4,5)

Hoe maak hy die moedersonde die gehoorsaamheid wat God van ons eis ? Hy maak van die ontvangenis en geboorte van Jesus 'n voorbeeld van wat ons moet wees. Volgens Murray het Jesus as mens God vir ons vertolk en sy Godheid vir ons sigbaar gemaak. Hy het God in 'n menslike vorm vir ons in sy lewe en dade uitgebeeld.

Wat is die gevolge van hierdie verandering van Jesus as Middelaar tot 'n voorbeeld van ons vroomheid ? Sy ontvangenis en geboorte is nie meer werke wat Hy doen vir ons nie, dit is 'n model van wat ons moet wees: goddelik. Dit is sonde. Jesus is vir ons die model hoe om sonde in die naam van die Evangelie te doen.

5.1.2 <u>Die alternatiewe werking van die geboorte van Christus. Murray se weergawe:</u>
" Die skakel tussen verlossing en heiligheid is gehoorsaamheid. In die skepping het God Sy wyse en goeie wil geopenbaar. Sy heilige wil sien ons in Sy bevele. Namate die heilige wil van God deur ons wil aangeneem en beheers word, na die mate word ons heilig.

Gehoorsaamheid is die weg tot heiligheid, want dit is die weg van eenheid met die heilige wil van God. Dit is nie die heiligheid self nie, maar waar die wil van die mens die wil van God aanneem en doen, deel God Homself en Sy heiligheid mee. Gehoorsaamheid - nie slegs kennis van die wil van God, ook nie goedkeuring daarvan, ook nie die begeerte of voorneme om dit te doen nie, maar die doen daarvan : "As julle My stem gehoorsaam, sal julle My eiendom wees "; " Wees heilig, en onderhou My insettinge en doen dit" (Lev. 20 : 7,8).

Die rede hiervoor is duidelik, want 'n man se dade, sy handelwyse wys ons wat hy is. Hy kan weet wat reg is, en ook begeer om dit te doen, maar as hy te traag is, en hom nie daartoe wil opoffer nie, dan is die drang nog nie sterk genoeg nie. God verwag dat ons Sy wil moet doen, dit alleen is gehoorsaamheid. Hierin word gesien of die hele hart met al sy krag en wil, hom oorgegee het aan die wil van God, en of ons gereed is om teen enige opoffering die wil van God te doen. Daar is geen ander weg waarlangs die Heer ons kan heilig maak nie: " Julle moet My insettinge bewaar en die doen; Ek is die Heer wie julle heilig maak. "

Heiligmaking is iets veel hoër as gehoorsaamheid, dit is iets wat van God in ons kom, maar daartoe is gehoorsaamheid geheel onmisbaar. Terwyl u hart dan verlang na heiligmaking, en u geloof gevestig is op wat God gedoen het, dat Hy u in Christus geheilig het, en op wat Hy nog wil doen deur u "geheel en al te heilig"; vergeet vir geen oomblik om gehoorsaam te wees nie. Begin dadelik om te doen wat reg is. Gee dadelik ag op wat u gewete se, dit is nie na die wil van God nie. Moenie net vir lig en krag bid nie, maar handel; doen wat God se. Elke kind van God is wedergebore deur die wil van die Vader, en om die wil van God te doen is sy spyse en krag en kenmerk.

Om 'n Christen te wees, beteken niks minder as die oorgawe tot so 'n lewe van kinderlike en algehele gehoorsaamheid. Al te veel Christene verstaan nie die groot belangrikheid hiervan nie; hulle weet nie, dat langs hierdie weg alleen kom ons tot gemeenskap van die liefde, en gelykvormigheid en heerlikheid van God." (Geheilig in Christus bl. 15)

<u>In die ware kerk word Jesus word vertrou vir sy werke.</u>
Die ware kerk leer dat ons die heiligheid van Jesus as mens deelagtig is - net omdat ons die Evangelie glo: net omdat ons dit wat Jesus in sy geboorte vir ons bewerk het glo. Geen gehoorsaamheid aan die wet is nodig om die heiligheid in Jesus te ontvang en daarin te leef nie. Dit is uit geloof tot geloof alleen.

<u>By Andrew Murray stel Jesus deur sy geboorte die voorbeeld hoe om sonde te doen.</u>
Andrew Murray leer die alternatiewe evangelie: die evangelie as wet. Jesus doen nie meer werk waarin ons glo nie. Hy is die voorbeeld van God hoe ons deur gehoorsaamheid aan die wil van God, die Tien Gebooie, self heilig moet word. Die geboorte van Jesus is net die model wat hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid sanksioneer.

Hierdie alternatiewe wet en evangelie leer Murray om die kerk sonde te laat doen in die naam van die Here Jesus Christus: om godgelykvormig te word op die model van Jesus. Ons deel nie meer in die heiligheid van Jesus as mens onder die wet nie, ons deel nou God se heerlikheid as God deur gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie: " langs hierdie weg alleen kom ons tot gemeenskap van die liefde, en gelykvormigheid en heerlikheid van God." (Geheilig in Christus bl. 15)

Dit is gewoon sonde om God gelykvormig te word. Hoe oortuig Murray die kerk om hulle aan hierdie sonde te onderwerp ? Deur hulle te oortuig dat Jesus vir hulle as persoon 'n voorbeeld is: soos Hy ware God en mens is, moet ons dit ook wees. Hoe word hierdie sonde as gehoorsaamheid aan God verberg? Deur die gemaakte nederigheid dat ons dit net kan wees omdat Jesus dit vir ons moontlik gemaak het.

Deur Jesus 'n model van gehoorsaamheid te maak, word die kerk deur die verkondiging van Jesus verlei om die moedersonde as gehoorsaamheid te doen. Deur Jesus as alternatiewe wet na te volg doen die mens nou wat Adam en Eva gedoen het in die naam van Jesus Christus.

Hierdie sonde word nie meer as sonde geken nie. Na Jesus tot wet gemaak is, is dit nou 'n beter en hoër vorm van gehoorsaamheid as die gewone geloof en gehoorsaamheid van die kerk: " Heiligmaking is iets veel hoër as gehoorsaamheid, dit is iets wat van God in ons kom, maar daartoe is gehoorsaamheid geheel onmisbaar." (Geheilig in Christus bl.15)

5.2 Die lyding van Christus en sy wederkoms. Jesus is vir die ware kerk in sy lyding Middelaar.
Die lyding van Jesus was dat Hy onder die toorn van God geleef het en Homself voor Pontius Pilatus aan die oordeel van God moes onderwerp. (Heid. Kat. 37 en 38) Dit is ook die inhoud van die vernedering van Christus: om onder die toorn van God te leef en om Homself aan die oordeel van God dat Hy as sondaar veroordeel word, moes onderwerp.

Hierdie werk wat Jesus gedoen het, het Hy vir ons in ons plek gedoen. Sy lyding en vernedering is iets wat Hy doen wat nooit weer met ons sal gebeur nie. Nooit sal ons onder die toorn van God staan of ons aan sy oordeel hoef te onderwerp nie. Wie in Christus se lyding vir homself glo, net dit: in Hom glo vir sy plaasbekledende lyding, is vir ewig vry van God se toorn. Hy hoef homself nooit weer onder die oordeel van God te stel nie. Dit sal nie eers meer in die oordeelsdag met ons gebeur nie. (Heid. Kat. 52)

5.2.1 Die alternatiewe betekenis van Jesus se lyding. Murray se weergawe:
" In hierdie opvatting is dit van die allergrootste belang dat ons juiste gedagtes sal hê van wat Christus is, van wat Hom inderdaad tot die Christus maak, en veral van wat as Sy hoofkenmerk mag beskou word: die wortel en wese van Sy hele karakter as ons Verlosser. Daar kan net een antwoord wees: dit is Sy nederigheid! Wat is die menswording anders as Sy hemelse nederigheid, dat Hy Homself ontledig het en mens geword het ? Wat is sy lewe anders as nederigheid op aarde, Sy aanneem van die gestalte van 'n dienskneg ? .... In die hemel, waar Hy by die Vader was in Sy geboorte, in Sy lewe, in Sy dood, in Sy troonbestyging, is alles niks " (anders) " as nederigheid nie. Christus is die nederigheid van God, ingelyf in die menslike natuur; die Ewige Liefde wat Homself verneder, Homself beklee met die kleed van sagmoedigheid en beminlikheid om ons te win, te dien en te red.

Soos die liefde en neerbuiging van God Hom die weldoener en helper en dienaar van almal maak, so was Jesus noodsaaklikerwys die mensgeworde nederigheid." (Nederigheid bl.18)

Jesus is vir Murray in sy lyding 'n rolmodel vir sonde. Die eerste alternatiewe betekenis van sy lyding.
In hierdie aanhaling verwoord Murray die eerste betekenis van die alternatiewe lyding van Jesus. Die lyding van Jesus word vertaal tot nederigheid. Die vernedering van die alternatiewe lyding van Jesus: nederigheid, is die vernedering dat Hy wat God was, mens moes word. Hy moes Homself "ontleding" uit die Hemel om 'n mens word.

Die vernedering is nie meer dat Jesus as mens onder die toorn van God moes leef en homself aan die oordeel van God moes oorgee nie. Dit was dat Hy Hom van sy plek in die Hemel tot 'n mens moes ontledig. Daarom word dit as "mensgeworde nederigheid" beskou. God het Homself beledig om nie meer God te wees maar mens te word. Jesus het Homself as God ontdaan.

Die tweede alternatiewe betekenis van sy lyding.
Die nederigheid van Jesus gaan verder. Hy het Homself nie net as God ontdaan om mens te word nie. Hy het Homself weer van die wese van sy menswees ontdaan om weer Hemel toe te kon gaan.

" Nederigheid lei tot volkome dood. - Nederigheid beteken die prysgee van die eie ek en die inneem van die plek van volkome nietigheid voor God. Jesus het Homself verneder en het gehoorsaam geword tot die dood toe. In die dood het Hy die hoogste, die volmaakte bewys gelewer dat Hy Sy wil aan die wil van die Vader oorgegee het. In die dood het Hy Sy ek gegee met Sy natuurlike teësin om die beker te ledig;

Hy het die lewe prysgegee wat Hy in vereniging met ons gevalle natuur besit het; Hy het aan Homself gesterf en aan die sonde wat Hom wou verlei het; en so het Hy as mens ingegaan tot die volmaakte lewe van God. " (Nederigheid bl. 64)

Die vernedering van Jesus was nie die vernedering dat Hy onder die toorn van die Vader as mens geleef het en Homself aan die oordeel van die Vader volgens die Tien Gebooie moes onderwerp nie. Hier word 'n alternatiewe lyding verkondig. Jesus het Homself voor God verneder deur die wese van sy menswees te ontken. Hy het "sy eie ek" prysgegee. Die selfvernedering is om jouself "nietig" of niks te ag.

Murray gee self hierdie uitleg:" Die eie ek is die hele kwaad van die gevalle natuur." (Nederigheid bl. 82) Hierdie is dus die nuwe en alternatiewe vernedering van Jesus. Hy ly nie meer onder die oordeel van God nie, maar ly deur Homself en sy wese as mens voor God te minag.

<u>Jesus is in sy nederigheid 'n rolmodel hoe om God en mens te haat.</u>
In hierdie alternatiewe betekenis van Jesus se vernedering is Hy nou vir die mens 'n model hoe om ook soos Hy te wees. Jesus is die nuwe wet. Hy is nie meer die Evangelie nie. Die werk wat Hy doen is nie vir ons om in te glo alleen nie. Dit is nou die model van hoe ons nou ook moet doen wat Jesus gedoen het: om jouself te minag.

Dit is niks anders as selfhaat in die naam van Jesus Christus nie. Vir God om Homself van sy Godwees te stroop, is 'n selfhaat in God vir Homself. Vir Jesus om homself van sy menswees te ontdaan, is haat in sy menswees. Hier word haat as die inhoud van die alternatiewe evangelie verkondig.

5.2.2 <u>Die alternatiewe werking van die lyding van Christus.</u>

<u>By Andrew Murray stel Jesus deur sy lyding die voorbeeld hoe om sonde te doen.</u>
Die nuwe eis van hierdie alternatiewe Evangelie van Murray is nie "net geloof in die lyding van Jesus alleen nie." Jesus is nou 'n model van wat die mens ook moet doen: " Die kruis, die dood en die graf waartoe Jesus Homself verneder het, was Sy pad na die heerlikheid van God. En hulle is ook ons pad ! Laat ons dit ons enigste verlange en vurigste gebed wees om met Hom, en soos Hy verneder te word; laat ons met blydskap aanneem wat ons ook al kan verneder voor God en mens. Dit alleen is die weg na die heerlikheid van God. " (Nederigheid bl. 61)

" Jesus self het Hom verneder tot die dood toe en die weg geopen waarlangs ons moet wandel. Net soos daar geen middel vir Hom was om Sy oorgawe aan God tot die uiterste toe te bewys, of om die gevalle natuur prys te gee en daaruit te verrys tot die heerlikheid van die Vader, as deur die dood nie, so moet dit ook met ons wees. Die nederigheid moet ons daartoe voer om onsself af te sterwe: op die manier bewys ons hoe geheel en al ons onsself daaraan en aan God oorgegee het." (Nederigheid bl. 63)

Hier selfvernedering as nuwe eis van die alternatiewe evangelie word dan so verwoord: " Dit is die ware selfverloëning waartoe ons Saligmaker ons roep - die erkenning dat die ek niks goeds in homself het nie, behalwe as slegs 'n leë instrument wat God moet vul, en dat sy eise om iets te wees of te kan doen vir geen oomblik erken moet word nie. Dit is hierin, bo en voor alles, waarin die gelykvormigheid aan Jesus bestaan: niks wees of doen sodat God alles kan wees." (Nederigheid bl. 23)

Hierdie gelykvormigheid aan Jesus word soos volg beskryf met Paulus as voorbeeld: " Dit skyn asof dit die hoogste les was wat hy nog moes leer: volle gelykvormigheid aan sy Here in die selfontlediging waarin hy geroem het in sy swakhede, sodat God alles mag wees." en " Waar hierdie liefde inkom, daar kom God in. En waar God in Sy krag ingetree het en Homself as alles openbaar, daar word sy skepsel niks." ( bl.73 en 49 Nederigheid.)

Die nuwe gehoorsaamheid is sonde. Jy moet jouself ontledig en jou eie talente, wese en kragte ontken. Waar jy jouself as mens ontken, word in hierdie bygeloof van Murray geglo dat God Homself nou nes jy sal ontledig van Homself en net soos met Jesus as model - sy volheid as God in en deur jou sal uitleef.

Om van God te verwag om Homself in jou te ontledig van sy godheid -is die haat wat die hele wêreld teen God koester. Hulle haat God vir wat Hy as God is en hulle wil Hom stroop van alles wat Hy as God is. Om jouself van

jou wese te stroop en niks te wees, is selfhaat. Dit is die haat van die wêreld wat nie wil aanvaar en wil wees wat God jou gemaak het nie.

Hierdie eis tot selfontlediging en bygeloof in die selfontdaning van God in jou as mens is die nuwe alternatiewe gehoorsaamheid van Murray se alternatiewe evangelie.

Hoe kry Murray dit reg om haat vir God en jou naaste as gehoorsaamheid aan God vir die kerk voor te hou ? Deur van sonde 'n nuwe en hoër vorm van gehoorsaamheid te maak as geloof in die Evangelie en gehoorsaamheid aan die wet; deur Jesus as model van hierdie geveinsde nederigheid, wat eintlik haat is, voor te hou. As Jesus die model is, kan sonde nie meer as sonde geken word nie. Dan het dit 'n alternatiewe gehoorsaamheid geword.

Hierteenoor staan die eenvoud van die ware geloof: Jesus het Homself aan die oordeel van God se wet onderwerp sodat ons deur geloof in sy werk volkome vry kan leef om mens te wees vir God: mens met ons volle wese, al ons talente, gawes en in die volle vryheid dat God in ons menswees 'n welbehae het.

Om in Jesus se lyding 'n model vir selfhaat en haat vir God te vind, tot selfontdaning van wat God en mens is - is sonde in die naam van die Here Jesus Christus.

5.3 <u>Die kruisiging, sterwe en begrafnis van Christus.</u>
In die kruisiging van Jesus dra Hy vir ons die vloek van die sonde. In sy sterwe dra Hy die skuld van ons sonde en in sy begrafnis word God se volle stryd teen die sonde begrawe. Hierdie dade is vir ons en ons hoef Hom maar alleen daarvoor te vertrou. (Heid. Kat. 39 -43)

5.3.1 <u>Die alternatiewe betekenis van die kruisiging, sterwe en begrafnis van Christus.</u>
Die betekenis van hierdie werke van Christus beskryf Murray uitvoerig in twee van sy werke: "Die krag van die bloed" en die bloed van die kruis." Net soos met die geboorte en lyding van Jesus word hierdie werke gekoppel aan wat Murray as heiligheid beskryf. Dit is deurgaans die geval. Elke daad van Christus word aan hierdie doelwit verbind, anders as waar die kerk aan elke werk van Christus 'n spesifieke nut en troos anders as die ander koppel.

<u>Murray se weergawe:</u>
" Maar ook in die toewyding is die eintlike heiligmaking nog nie voltooi nie. Afsondering en toewyding is slegs die voorbereiding tot die heerlike werk wat God wil doen, wanneer Hy van Sy eie heiligheid in die siel laat neerdaal. Aandeel aan die Goddelike heiligheid is die seën wat daar in die heiligmaking aan die Christen beloof word. " Sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word," 9- dit is die heerlike oogmerk van Gods arbeid aan diegene wat Hy vir Homself afgesonder het. Maar hierdie meedeling van Sy heiligheid is nie 'n gawe van iets apart van God self nie; nee, dit is in 'n persoonlike gemeenskap met Homself en Sy heilige, goddelike lewe, dat die heiligheid verkry word.

As die Heilige het God in Israel gewoon om Sy volk te heilig; 10 as die Heilige woon Hy in ons. Dit is alleen die wesenlike teenwoordigheid van God wat kan heilig maak." ( Die krag van die bloed bl.45)

<u>Jesus is vir Murray in sy kruisiging, sterwe en begrafnis 'n rolmodel van sonde.</u>
Hierdie alternatiewe heiligheid is sonde. In die Evangelie kry ons deel aan die heiligheid van Jesus as mens onder die wet. Die heiligheid waarna Murray en sy dissipels soek - is die heiligheid van God self. Sy wesenseienskap as heilig moet God in hulle laat neerdaal sodat hulle ook daarin kan deel.

Die kruisiging, sterwe en begrafnis van Jesus is nou 'n model van 'n nuwe alternatiewe wet: die evangelie as wet. Deur hierdie alternatiewe wet word hierdie begeerte na sonde: om een te wees met God in sy heiligheid - gehoorsaamheid in die naam van die Here Jesus Christus.

Dit blyk duidelik uit die volgende stellings van Murray:" " So is die kruis dan die goddelike teken om aan ons te verkondig dat die enigste weg na die lewe van God die weg is van opoffering van die eie lewe.

Nou, hierdie gehoorsaamheid, hierdie selfopoffering wat aan die kruis sy waarde gee, gee ook waarde aan die bloed van die kruis. Hier word weer vir ons die geheim van die krag van daardie bloed by God geopenbaar.

Die bloed is die teken van die gehoorsaamheid van die geliefde Seun tot in die dood, die teken van die gesindheid wat verkies het om die eie lewe oor te gee, uit te stort en te verloor, liewer as om die sonde te doen en homself te behaag, die teken van die opoffering van alles, selfs van die lewe, om die Vader te eer. (Die bloed van die kruis bl. 28)

" Maar net so min as wat die bloed gestort kon word sonder die selfopoffering aan die kruis, net so min kan dit ontvang en geniet word sonder 'n soortgelyke opoffering van die "self." Daardie bloed sal die gesindheid van die kruis in ons bring, die gelykvormigheid en die navolging van die Gekruiste in ons bewerk, en die selfopoffering maak tot die hoogste en saligste wet van ons lewe." (Die bloed van die kruis bl.28)

" Maar kyk ! Hier word vir ons 'n nuwe heerlikheid van die bloed geopenbaar. Die kruis waaraan dit gestort is, is nie slegs die altaar waarop Jesus Homself geoffer het nie, maar is deur die bloed geheilig tot 'n altaar waarop ons ook vir God kan opgeoffer en aangenaam gemaak word." (Die bloed van die kruis. bl. 36)

" Die enigste weg tot die lewe van God was deur die dood van die vlees. Deur Sy dood het Hy dit nie alleen aangewys as die enigste weg nie, maar het Hy ook die reg en die krag verwerf om ons op dieselfde weg te laat wandel. Ons lewe is so geheel en al onder die mag van die sonde dat ons deur geen lyding of selfopoffering of dood van die sonde kan vrygemaak word nie. Maar die lewe en die lyding van Jesus het so 'n goddelike krag, dat die mag van die sonde heeltemal daardeur gebreek is, en dat elkeen wat in gemeenskap met Hom die weg na God en die lewe van God soek deur selfopoffering en dood, dit kan vind en bewandel. Deur die bloed van Jesus, deur die volkome versoening en die ewige lewenskrag wat die bloed geopenbaar het, is die kruis van Jesus vir ewig geheilig as die enigste altaar waarop alles wat vir God aangebied word, geoffer moet word. " (Die bloed van die kruis. bl.37)

" Hierdie weg is die kruisweg. Niks minder as die algehele opoffering van die eie lewe is die weg na die lewe van God nie. Die kruis met sy algehele selfversaking is die enigste altaar waarop ons vir ons aan God kan wy. Die kruis is deur die bloed van Jesus geheilig tot 'n altaar waarop ons vir God 'n heilige en aangename offer kan word. " (Die bloed van die kruis. bl.37)

<u>'n Weg gebaan van sonde wat ons ook Jesus in moet navolg.</u>
Die kruisiging, sterwe en begrafnis van Jesus is vir Murray nie die plaasbekledende werk van Christus nie. Dit is 'n "teken" en 'n "weg". Hierdie betekenis gaan daaroor dat Jesus met sy werk 'n werkswyse ontgin waarin ons Hom moet navolg: soos Hy sy eie lewe, wil en "self" opgeoffer het, so moet die mens dit ook doen. Jesus se werkswyse is die nuwe wet hoe om godgelykvormigheid te ontvang.

In die Evangelie is daar geen so 'n Christus nie. Jesus het nie sy wil en lewe opgeoffer nie. Hy het dit ten volle uitgeleef en sy wil ten volle uitgeleef volgens die Tien Gebooie. Hy het ook nie sy "self" geoffer. Die offer aan God was sy gehoorsaamheid.

Die krag van die Evangelie is dat alhoewel Hy ten volle Homself in diens aan God uitgeleef het, nie opgeoffer het, het God Hom die vloek, die grimmigheid en stryd wat Hy teen 'n sondaar het, laat toekom.

5.3.2 <u>Die alternatiewe werking van die kruisiging, sterwe en graf van Christus.</u>

<u>By Andrew Murray stel Jesus die voorbeeld hoe om sonde te doen</u>: <u>Opoffering as prysgawe.</u>
Die nuwe eise van die alternatiewe evangelie as wet is dat die mens sy natuurlike wil, sy selfwees en sy eie lewe moet opoffer. Hierdie opoffering bestaan daarin dat hy dit moet prysgee. Dit is tog die hele bedoeling van die kruis as 'n altaar wat vir ons offers geheilig is.

In hierdie vroomheid word God nie geëer deur mense wat hulle wil uitleef en laat geld nie, maar dit prysgee. God word gedien, nie deur mense wat hulle volle selfwees ontwikkel en ontgin nie, maar dit gewoon net prysgee. Die Here se naam word nie verheerlik deur mense wat elke geleentheid wat die lewe bied aangryp om iets van die lewe as gawe van God te maak nie. Die lewe word hier net gewoon weer prysgegee.

Hierdie prysgawe is die alternatiewe offer wat vir God op die "geheiligde" kruis as altaar gebring moet word. Dit is tog duidelik Murray se eie bedoeling in die woord: " Hierdie weg is die kruisweg. Niks minder as die algehele opoffering van die eie lewe is die weg na die lewe van God nie. Die kruis met sy algehele selfversaking is die enigste altaar waarop ons vir ons aan God kan wy. Die kruis is deur die bloed van Jesus geheilig tot 'n altaar waarop ons vir God 'n heilige en aangename offer kan word. " (Die bloed van die kruis. bl.37)

Dit moet goed begryp word dat dit nie hier gaan oor die gewone eiesinnigheid wat die mens moet afsterf in sy onderworpenheid aan die Tien Gebooie nie. Dit gaan in hierdie alternatiewe "kruisweg" oor die wyse waarop dit wat Jesus met sy kruisiging, sterwe en begrafnis bewerk het, te verkry. Om die nut van die "kruisweg" te verkry is dit nie die geloof alleen nie, dit is die volle navolging van Jesus - om te doen wat Hy gedoen het: om die eie lewe en wil op te offer.

<u>Volgens die ware kerk is hierdie "prysgawe" nalatigheid.</u>
In die Bybel word hierdie dade as die sonde van nalatigheid geleer. Om jou lewe met al sy geleenthede, jou "selfwees" en die krag van jou eie wil "prys te gee" is nalatigheid met God se gawes.

Meer nog, God as Skepper kan net gedien word deur jou self, jou eie-ek, as gawe van God uit sy hand op te neem. Om hierdie selfwees prys te gee, is geen offer wat jou laat deel wees van God se heiligheid nie. Dit is die traagheid en lusteloosheid om God te dien soos Hy dit eis.

<u>Nalatigheid as "dieper" gehoorsaamheid.</u>
Hierdie traagheid en nalatigheid wat getuig van ongeërgheid jeens God, word verskuil agter die bygeloof van 'n "dieper" soeke en "hoër" versugting: om een met die heiligheid van God te wees. Hierdie soeke is nie soek na geregtigheid onder die wet nie. Dit is die passie van Gen.3:4,5 : om soos God te wees.

Dit is die alternatiewe gehoorsaamheid van hierdie alternatiewe evangelie: die evangelie as wet. Dit is sonde in die naam van die Here Jesus Christus.

Murray verlei gelowiges tot sonde deur die sonde as 'n dieper en hoër vorm van gehoorsaamheid as die gewone gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie voor te hou. Deur Jesus die model te maak van sonde in die naam van God, word sonde verskuil as die nuwe gehoorsaamheid wat Jesus kom bewerk het.

5.4 <u>Die opstanding, hemelvaart en regering van Christus.</u>
In die opstanding, hemelvaart en regering van Jesus as Christus maak Hy Homself tot die Middelaar van God se beloftes - vir elke dag in die hede tot en met die wederkoms. Sy opstanding, hemelvaart en inname van sy gesag as Christus in die Hemel, is geen model van wat op die aarde met ander mense kan of moet gebeur nie. Dit is dade waarin Hy Homself verhef tot die enigste persoon wat die vrug en nut van sy werke uitdeel aan sondaars wat in Hom glo. (Heid. Kat. 45 tot 51)

Hierdie gebeurtenisse is nie 'n weg wat Hy oopmaak vir ander om ook daarin te deel nie. Hy deel alleen in sy eie opstanding, hemelvaart en regering. Dit is sy weg tot die mag om middelaar te wees van die voordele wat Hy bewerk het vir mense. Dit is die voordele van die feit dat Hy in hulle plek onder die wet geleef en gesterf het : " Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat die wat geroep is, die beloofde erfenis kan ontvang." (Heb. 9:15)

Hierdie beloofde erfenis is nie om te deel in Jesus se persoon of gesag as Middelaar nie. Dit is om te deel in die vergifnis van sonde: die regverdiging soos die kerk dit bely in die Heid. Kat. vraag en antwoord 59 tot 61.

" 15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy:
16 " Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here.
Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.
17 Dan sê Hy verder: " aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.
18 Waar die sondes vergewe is, is daar geen offer daarvoor meer nodig nie. " (Heb. 10)

5.4.1. Die alternatiewe betekenis van die opstanding, hemelvaart en regering van Christus in die Hemel.

Jesus is vir Murray die rolmodel hoe om van godsdiens oor te gaan na 'n lewe van sonde.
Net soos met die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en begrafnis van Christus, is die moedersonde: om een met God in sy godheid te wees, die nuwe betekenis wat Murray aan die opstanding, hemelvaart en regering van Jesus gee.

Jesus verwerf nie meer vir Hom die middelaarskap om aan ons die beloftes van vergifnis waar te maak nie. Hy open nou vir ons 'n manier en weg om deel van die lewe en persoon van God self te word. Jesus open vir ons die weg om die moedersonde as godsdiens te beoefen.

Murray se weergawe:
" Sy Gees het uit Sy natuur, soos dit in die opstanding en hemelvaart verheerlik was, voortgekom as die Gees van Sy menslike lewe, verheerlik in die vereniging met die Goddelike, om ons deelgenote te maak van alles wat Hy persoonlik gewerk en verkry het, ja, deelgenote van Homself en Sy verheerlikte lewe.

Kragtens Sy versoening het die mens nou 'n reg en 'n seggenskap op die volheid van die Goddelike Gees, en die feit dat Hy in Homself 'n nuwe heilige menslike natuur volmaak het om ons ontwil, kon Hy nou meedeel wat vroeër nie bestaan het nie - 'n lewe wat meteens menslik en Goddelik is. (Die Gees van Christus. bl. 37)

Die reg om godsdiens te versaak vir sonde as nuwe lewenswyse.
Jesus gee volgens Murray vir ons die reg en seggenskap op alles wat Hy vir Homself as middelaar gewerk en verkry het. Indien iemand dit nog wil verbind aan vergifnis wys Murray hierdie moontlikheid af vir sy eie bedoeling: " Hy maak ons deel van 'n lewe wat meteens menslik en goddelik is." Dit is Jesus se eie lewe as middelaar. Hy is nie meer mens en God om vir ons te wees wat net God vir ons kan wees nie. Hy is nou God en mens om hierdie eenheid van God en mens as 'n nuwe lewenswyse aan ons mee te deel.

" Net soos die volmaakte vereniging tussen God en die mens in Jesus tot stand gekom en uiteindelik volmaak geword het, toe Hy op die troon gaan sit het, en Hy also 'n nuwe stadium van bestaan binnegetree het, 'n heerlikheid tot op daardie oomblik onbekend, net so het daar ook nou 'n nuwe tydperk aangebreek in die lewe en werk van die Gees. Hy kan nou neerdaal om te getuig van die volmaakte vereniging tussen die Goddelike en menslike, en deur ons lewe te word ons daarvan deelhebbers te maak." (Die Gees van Christus. bl. 38)

" Dis nie genoeg as ons maar net tevrede is met die geloof wat op die kruis en Sy vergifnis vertrou nie. Ons moet daarna strewe om die nuwe lewe, die lewe van heerlikheid en van Goddelike krag in die menslike natuur te ken, waarvan die Gees van die verheerlikte Jesus bedoel is om die getuie en die draer te wees.

Dit is die geheimenis wat vir eeue en geslagte 'n verborgenheid gebly het, maar nou bekend gemaak is deur die Heilige Gees, Christus in ons; hoe Hy werklik Sy Goddelike lewe in ons, wat in die vlees is, kan lewe. Ons het die lewendigste persoonlike belang daarin, dat ons sal weet en verstaan wat dit beteken dat Jesus verheerlik is, dat die menslike natuur die lewe en heerlikheid van God deelagtig is, dat die Gees daar nog nie was nie, solank as wat Jesus nog nie verheerlik was nie. En dit nie net omdat ons Hom eenmaal in Sy heerlikheid sal sien en met Hom sal wees nie. Nee, maar selfs nou, dag vir dag, moet ons daarin lewe." (Die Gees van Christus.)

Die nuwe betekenis van Jesus se opstanding, hemelvaart en regering is om ons deel van sy eie persoon en lewe as Middelaar te maak: dat die menslike natuur die lewe en heerlikheid van God deelagtig sal wees.

Wat deur die hele Christelike godsdiens as die wese van sonde teen God aangespreek word, maak Murray die werklike en "dieper" betekenis van Jesus Christus vir sy kerk. Jesus is nou die model van hoe die eenheid tussen die menslike natuur en lewe met die natuur en lewe van God self tot stand kom binne in die mens.

"  Geloof is oorgawe. Dit is daardie krag van die vernude natuur wat, terwyl hy die self verloën en daaraan sterwe, plek maak vir die Goddelike, vir God, vir die verheerlikte Christus, sodat Hy kan inkom en besit kan neem, en Sy werk kan doen. "  (Die Gees van Christus bl. 40)

" Net soos dit deur die Gees is dat God is wat Hy is; net soos in die Vader en in die Seun, die Gees die beginsel is waarin hul persoonlikheid sy wortel en bewussyn het, net so moet hierdie Gees van die Goddelike lewe nou in ons, in die diepste sin van die woord, die beginsel van ons lewe, en ook die grond van ons persoonlikheid, ja, die lewe self van ons wese en bewussyn wees.  Hy moet een met ons wees in die absoluutheid van 'n goddelike innerlikheid." (Die Gees van Christus bl. 45)

Wat Jesus as middelaar vir ons is: ware God en ware mens is nie meer vir ons die evangelie by Murray nie. Jesus is nie meer die Een in wie ons maar net hoef te glo om ten volle geregverdig te wees van sonde nie. Jesus is die nuwe alternatiewe wet. Hy is in sy persoon as middelaar die model vir die nuwe alternatiewe gehoorsaamheid. Hierdie alternatiewe gehoorsaamheid is sonde geregverdig deur Jesus as die prototipe, die model vir navolging. Dit is sonde in die naam van Jesus Christus die Here. Wie op voorbeeld van Jesus homself een met God reken doen nie meer sonde nie, hy is maar net besig om sy meester se voorbeeld te volg: Jesus Christus.

Hierdie alternatiewe betekenis maak van die opstanding, die hemelvaart en regering van Jesus 'n model van dinge wat ons in onsself moet laat tot stand kom. Dit is nie sake wat Jesus vir Homself in die hemel tot stand gebring het nie. Dit is iets wat elke gelowige nou in homself moet verwesenlik.

5.4.2 <u>Die alternatiewe werking van die opstanding, hemelvaart en regering van Christus.</u>

5.4.2.1 <u>Jesus is vir Murray die voorbeeld van hoe om uit die Christelike kerk te bekeer tot sonde: die vervulling met God se gees.</u>

Die verrassende van hierdie alternatiewe wet en evangelie is dat dit as 'n gans ander weg met 'n gans ander werking en met heeltemal ander eise gestel word naas en teenoor die werking en eise van die geboorte, lyding, kruisiging en sterwe van Jesus Christus. Vir Murray is hierdie 'n ander weg as die weg van Jesus se lyding.

Hierdie alternatiewe werking word geleer onder die tema: die doop of vervulling met die Gees.

Hierdie andersheid is van so aard dat dit twee heeltemal verskillende geestelike bedelings is. Die bedelings is so verwyderd van mekaar dat die mens homself van die eerste bedeling tot die tweede bedeling moet bekeer om werklik deel te kry aan die bedoeling van die tweede bedeling.

Die oorgang van die eerste na die tweede is 'n volle en nuwe bekering.

a. <u>Twee geestelike bedelings binne in God.</u>

" God het Homself in twee groot bedelinge geopenbaar.  In die oue vind ons die tyd van belofte en voorbereiding, in die nuwe die van vervulling en besitting. Om aan te pas by die verskil tussen die twee bedelinge, is daar ook 'n tweevoudige werking van Gods Gees op te merk. In die Ou Testament vind ons dat die Gees van God op mense kom, en op hulle, sekere tye en geleenthede, van bo en van buite inwerk. In die Nuwe Testament kom die Heilige Gees binne in mense om in hulle te woon en werk, dan van binne na buite en hemelwaarts. In eersgenoemde geval is dit die Gees van God as die Almagtige en Heilige God, in laasgenoemde geval is dit die Gees van die Vader van Jesus Christus. ( Die Gees van Christus bl. 1)

1Hier word twee heeltemal verskillende geestelike bedelings teenoor mekaar gestel.
2.Die eerste bedeling is 'n bedeling waar God van bo en van buite af op 'n mens inwerk. Die tweede bedeling is waar God van uit en van binne die mens na buite en Hemel toe werk.
3. Murray stel hierdie twee bedelings gelyk aan die verskil tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.
4.Hy maak ook 'n duidelik onderskeid tussen twee Geeste: die Gees van die Almagtige God van die Ou Testament en die Gees van die Vader, Seun en Gees in die Nuwe Testament.
5.Hierdie twee geestelike bedelings bestaan nie net as iets binne die geloofslewe van die mens nie. Dit is twee geestelike bedelings binne in die Woord van God en binne in die persoon van God self.

6.Dit is 'n bedeling waar iemand wie God die Almagtige aanbid nog nie tot bekering tot die God van die Nuwe Testament gekom het nie.

b.<u>Twee tipes van Christenwees en Christene.</u>
" Die inwonende Gees is in werklikheid aan elke kind van God gegee, en nogtans mag dit gebeur dat hy nie veel meer as die eerste deel van die belofte ondervind nie, naamlik die nuwe gees wat aan ons by ons wedergeboorte gegee is, en byna niks omtrent Gods eie Gees, as 'n lewende persoon in ons, weet nie. Die werk van die Gees om van sonde en van geregtigheid te oortuig, om tot berou, geloof en 'n nuwe lewe te lei, is slegs die werk van voorbereiding. Die kenmerkende heerlikheid van die bedeling van die Gees is Sy Goddelike persoonlike inwoning in die hart van die gelowige, om daar die Vader en die Seun te openbaar. Dit is slegs namate Christene dit verstaan en onthou, dat hulle in staat sal wees om die volle seën, wat vir hulle in Christus Jesus voorberei is, toe te eien. "
(Die Gees van Christus bl. 2)

1.Hier is twee verskillende tipes van Christenwees. Die een vorm van Christenwees is om wedergebore te wees, om tot geloof en bekering te kom. Die ander is waar God se persoonlike inwoning in die mens geopenbaar word.
2. Hierdie twee toestande verskil so wesenlik van mekaar dat die eerste maar net die voorbereidende toestand tot die tweede is.
3. Hier is ook twee tipes Christene: die wat maar net glo en bekeer is sonder die volle seën van God se gees in hulle. Die ander het vir hulle self die volle seën toegeëien.
4.Die Christene wat nog net aan die eerste voorbereidende Christenwees deel het, moet hulle nog tot die tweede deel bekeer.

c. <u>Twee fases van verlossing deur Jesus Christus.</u>
" Die belangrikheid van hierdie onderskeid te besef kan maklik begryp word. Dan sal ons in staat wees om die ware verhouding tussen wedergeboorte en die inwoning van die Gees te verstaan. In die eerste geval is dit daardie werk van die Heilige Gees waardeur Hy ons van sonde oortuig, ons tot berou en geloof in Christus lei, en aan ons 'n nuwe natuur meedeel. God laat dus deur Sy Gees die belofte "Ek sal 'n nuwe gees in jul binneste gee" in vervulling tree.

Die gelowige is nou 'n kind van God, 'n tempel gereed vir die Gees om in te woon. Waar geloof dit toeëien, tree die tweede helfte van die belofte, net so seker as die eerste in vervulling. Solank as die gelowige nou net na die wedergeboorte en die vernuwing wat binne plaasgevind het, kyk, sal hy nooit die lewe van vreugde en krag ondervind wat vir hom bedoel is nie. As hy egter Gods belofte aanvaar dat daar iets beter is, selfs as die nuwe natuur, as die innerlike tempel, dat die Gees van die Vader en van die Seun daar is om in hom te woon, dan wag daar vir hom 'n wonderlike vooruitsig op heiligheid en seën. Dit word sy een groot begeerte om hierdie Heilige Gees reg te ken, hoe Hy werk en wat Hy vra. Ja, hy wil weet hoe om die inwoning van die Gees en daardie openbaring van die Seun van God - die taak van die Gees - te ondervind."

1. Hierdie onderskeid tussen twee dele gaan nou verder. Dit is nou twee verskillende beloftes van verlossing.
2. Die eerste deel van die verlossing is die vervulling van die belofte dat God ons vergeef, dat ons tot geloof in Jesus Christus kom en leef uit die gewone bekering tot God volgens die wet.
3. Die tweede deel van die belofte is beter en wonderliker as hierdie eerste deel van die verlossing.
4. Die tweede deel van die verlossing is om deel van die natuur, die heiligheid van God te word.
5. Hierdie tweede deel van verlossing is die deel wat die belangrikste en oorheersendste deel van die mens se geestelike lewe word. Die begeerte om hierdie tweede deel te beleef neem die volle plek van die godsdiens in.
6. Dit is tot hierdie tweede verlossing dat die Christene, let wel, nie die heidene, bekeer moet word.

d.<u>Twee bedelings binne die kerkgeskiedenis.</u>
" Dit word algemeen in die kerk erken dat die Heilige Gees nie die erkenning geniet wat Hom as gelyke van die Vader en die Seun toekom nie. Hom kom die erkenning toe as die goddelike Persoon deur Wie alleen die Vader en die Seun waarlik geken en besit kan word, en in Wie alleen die kerk sy skoonheid en geluksaligheid besit.

In die tyd van die Hervorming, salige nagedagtenis, moes die evangelie van Christus vrygemaak word van die verskriklike misvatting, wat naamlik die mens se geregtigheid as grond vir sy aanname gemaak het, en die Goddelike genade, as 'n vrye gawe, moes gehandhaaf word.

Aan die eeue wat daarop gevolg het, is dit toevertrou om op daardie fondament te bou en te ontwikkel wat die rykdomme van genade vir gelowige, deur die inwoning van die Gees van Jesus, sou doen. Die kerk het tevrede berus in wat hy ontvang het, met die gevolg dat die leer aangaande alles wat die Heilige Gees deur Sy leidende, heiligende en versterkende krag vir elke gelowige sal wees, nog nie die plek, wat dit toekom, in ons evangeliese lering en lewe geniet nie.5) " (Die Gees van Christus bl. 5,6)

1. Hierdie twee bedelings wys ook in die kerkgeskiedenis. Die een deel van die kerkgeskiedenis gaan oor wat in en deur die Reformasie gebeur het. Die ander deel gaan oor dit wat deur die Evangeliese groepe na die reformasie nog moet gebeur.
2. Die kerkhervorming het net aan die leer oor regverdiging uit genade alleen aandag gegee. Hulle het nie aan die leer oor die inwoning van God in die mens aandag gegee nie.
3. Dit is die werk van die Evangeliese groepe na die Reformasie om aan die eenwording met God die regte plek te gee wat dit behoort te hê binne in die kerke van die reformasie.
4. Dit is hiervolgens die werk van die Evangeliese bewegings en groepe waarvan Murray 'n geestesvader was om binne in die kerke wat die genade van God as die enigste weg tot saligheid verkondig, die leer oor die eenwording met God in die naam van die Gees van Christus te leer.
5. Die Evangeliese bewegings na die reformasie vul volgens hierdie tweedeling net die gebrekkige evangelie bediening van die kerke van die Reformasie aan.
6. Dit is die werk van die sogenaamde "evangeliese groepe" binne die kerk van die Reformasie om die lidmate van die kerk van die Reformasie tot die hierdie "geestesvervulling" van die Evangeliese bewegings te bekeer.

5.4.2.2 "<u>Die Vervulling met die Heilige Gees" as alternatiewe bekering en gehoorsaamheid op die geloof in die evangelie en die bekering volgens wet van God.</u>

Met hierdie tweedeling word daar nou 'n alternatiewe bekering en gehoorsaamheid aan die gelowiges van die kerk geleer. Die verskuiwing wat hier plaasvind raak die wese van die godsdiens.

In die bediening van die "kerk" van Murray, wat niks anders as die valse kerk is nie, gaan dit nie meer om aan ongelowiges die evangelie te verkondig sodat hulle tot geloof in Christus sal kom nie.

Volgens die leer van die ware kerk is hierdie geloof die regte wyse van verlossing uit sonde en die nuwe wyse van reg lewe: om uit die geloof in die evangelie te leef. (Heid. Kat. vraag en antwoord 60 en 61.)

Die hele passie van die alternatiewe godsdiens by Andrew Murray, is om aan Christene, nie heidene en ongelowiges, 'n alternatiewe bekering en gehoorsaamheid te leer: die vervulling met God se Gees.

Vir hierdie alternatiewe vroomheid is daar ook deur die Murray beweging en aanhangers 'n nuwe kerklike bediening van stapel gestuur om hierdie alternatiewe gehoorsaamheid aan Christene te leer: die instel van Pinksterbidure in die Ned. Geref. Kerk.

Ons gee aanhalings uit sy werk wat juis vir die hou van hierdie Pinksterdienste geskryf is: " Die volle Pinksterseën". In hierdie werk word die hele alternatiewe bediening van die valse kerk aan die ware kerk uitgestippel.

" Die boodskap wat hierdie boek bring, is eenvoudig, maar baie ernstig, naamlik dat die een ding wat die kerk nodig het, en waarna almal eendragtig en van ganser harte moet soek, is: om met die Gees van God vervul te word.

Om die aandag en die harte van my lesers vir hierdie boodskap te wen, het ek veral op 'n paar hoofpunte klem gelê.

Dit is die wil van God dat sy kinders, elkeen met die Heilige Gees vervul sal word.

Vir die enkel Christen, of 'n gemeente, of die kerk, wat nie vol van die Gees is nie, is dit volstrek onmoontlik om te lewe en te werk soos God dit wil hê. Orals en in alles is dit opmerklik dat hierdie seën baie min in die kerk geniet word, en helaas min gesoek word." (Die volle Pinksterseën bl.a)

In hierdie boek word dan die hele proses van die alternatiewe gehoorsaamheid uitgespel. Ons gee die hoofpunte daarvan om die aard van hierdie alternatiewe gehoorsaamheid te oorskou.

a. "Die Vervulling met God se Gees" moet naas die wet en evangelie as die ware gehoorsaamheid verkondig word.
" Dit leer ons dat daar twee maniere is waarop die Heilige Gees in ons werk. Die eerste is deur die voorbereidingswerk, wanneer Hy ons tot bekering en geloof bring en ons aanspoor tot alles wat goed en heilig is. Die tweede is die hoër en meer gevorderde wyse waarop ons Hom ontvang, as 'n blywende gawe, as 'n inwonende Persoon van wie ons weet dat Hy ons hele innerlike bestaan vir sy rekening neem en met sy eie lewe vervul. Dit is die ware, volle Christelike lewe." ( Die volle Pinksterseën bl. 3)

Die werking van die twee geestelike bedelings is om aan die gelowige Christene voor te hou dat hulle geloof in die Evangelie en hulle bekering volgens die wet is nie die volle gehoorsaamheid aan die Woord nie.

As Murray die nuwe gehoorsaamheid as alternatief op die wet en evangelie verkondig het, sou dit dadelik as sonde uitgeken kan word. Nou word dit as die volle gehoorsaamheid naas die gewone geloof in die evangelie en bekering volgens die wet voorgehou.

Op so wyse word die vervulling met die Gees van God deur Murray voorgehou aan gelowige Christene as 'n ander vorm van gehoorsaam wat hoër en voller is as geloof en bekering.

b. "Die Vervulling met God se Gees" moet voorgehou word as onkunde oor die verlossing deur die evangelie.
" Daar is volgelinge van Christus wat van hierdie ontvang van die Heilige Gees min of glad niks weet nie. Dit is uiters belangrik om hierdie leer te verstaan en daaraan vas te hou.

Hoe meer ons onder die indruk daarvan kom, hoe beter sal ons die toestand van die kerk in ons dae verstaan en sien waar ons self staan.

Hierdie toedrag van sake word vir ons baie duidelik as ons let op wat in Samaria gebeur het (Hand. 8). Filippus het daar gepreek; baie het geglo en is in die Naam van Jesus gedoop. Daar was groot vreugde in die stad. Toe die apostels dit hoor, het hulle Petrus en Johannes daarheen gestuur. Hulle het gebid dat die gelowiges die Heilige Gees mag ontvang.

Dit was dus iets anders as die werking van die Gees tot bekering en geloof en blydskap in Jesus. Dit was iets meer : Vanuit die hemel het die verhoogde Here die Heilige Gees in krag aan hulle meegedeel om in hulle te woon en te bly, om hulle te heilig en te vervul. " (Die volle Pinksterseën bl.4)

Die verkondiging van die vervulling met die Gees wil aan die gelowige Christene wat hulle bekeer volgens die eise van die wet, wys dat hulle nog nie regtig weet waaroor verlossing gaan nie.

Hulle is dus nog volgens Murray onkundig oor die ware aard van verlossing, al glo hulle die evangelie en bekeer hulle volgens die wet. Dit is deel van die bediening van die vervulling van die Gees dat die kerk van Christus geleer moet word dat hulle eintlik nog nie weet waaroor die godsdiens gaan nie.

c.Die predikante moet oortuig word dit is hulle taak om hierdie leer aan gelowiges voor te hou.
" Dit is die groot taak van die evangeliebediening om gelowiges tot die Heilige Gees te lei.

Die evangeliedienaar moet nie net van tyd tot tyd, of dikwels, oor die Heilige Gees preek nie; sy hele strewe moet wees om die gemeente te leer dat daar geen ware godsdiens kan wees sonder die inwoning en die magtige werking van die Heilige Gees nie."(Die volle Pinksterseën bl. 5)

Deel van hierdie alternatiewe gehoorsaamheid is dat predikante hierdie alternatiewe gehoorsaamheid van die kansels sal voorhou as die ware godsdiens. Dit gaan dus vir Murray nie hier oor persoonlike oortuigings van individuele lidmate nie. Dit gaan daaroor dat die kerk in sy hele bediening van die kansel tot in sy kategese hierdie alternatiewe gehoorsaamheid moet leer.

d. Die predikante moet die gelowiges wat die ware evangelie glo, oortuig dat ten spyte van hulle geloof in die Evangelie en hulle gewone toewyding volgens die wet, hulle nog nie ware Christene is nie.

" Om gelowiges tot die Heilige Gees te lei, moet hulle tot die ontdekking gebring word dat daar 'n groot gebrek in hulle lewe is.

Dit was onteenseglik die bedoeling agter Paulus se vraag: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?" Net soos slegs dorstiges water met smaak drink, en slegs siekes die dokter besoek, vind die prediking van die volle seën van die Gees slegs ingang by gelowiges wat erken dat hulle toestand gebrekkig en sondig is. Solank Christene dink dat dit hulle alleen maar ontbreek aan groter erns, beter geleenthede en meer hulp en dat hulle sal word wat hulle moet wees wanneer hulle hierdie dinge het, sal dit maar min help om 'n volkome saligheid aan hulle te verkondig. Dis eers wanneer hulle besef dat hulle swakheid en sondigheid juis daarin bestaan dat die regte verhouding tussen hulle en die Heilige Gees ontbreek, dat hulle nog maar net aan sy voorbereidingswerk deel het en sy inwoning nie ken en eer nie, dat die weg tot iets hoërs vir hulle oopgaan en hulle dit ook sal begeer."

" Om mense dan tot die ontdekking te bring, is dit noodsaaklik dat die vraag aan elkeen gestel word, so persoonlik en op die man af as moontlik : " Het jy die Heilige Gees ontvang? " Indien 'n diepgevoelde en opregte "nee" gehoor word, is die tyd van herlewing nie meer ver nie. " (Die volle Pinksterseën bl. 6)
Kan 'n mens 'n Christen wees as die regte verhouding tussen die mens en die Heilige Gees ontbreek ? Die Heilige Gees is volgens die kerk die Een wat ons deel maak van alles wat Jesus vir ons verwerf het. Dit is die Heilige Gees wat ons laat deel in die volle verlossing. Geen mens kan 'n Christen wees sonder die regte verhouding tussen die sondaar en die Heilige Gees nie.

Hierdie is volgens Murray die nuwe taak van predikante binne die kerk. Hulle moet nou die lidmate wat die evangelie glo en volgens die wet bekeer, oortuig dat hulle nog nie ware Christene is nie. Hulle moet met die vraag gekonfronteer word" " Het jy die Heilige Gees ontvang ?" En hulle moet ten spyte van hulle geloof in die evangelie en hulle bekering volgens die wet oortuig word dat hulle moet: " nee ", antwoord.

Dit is volgens Murray die werk van die predikante om hulle te leer om eers nee te antwoord. Wie moet so geleer word ? Gelowige Christene wat bekeer volgens die wet !

e. Die gelowiges is die teikengroep wat deur hulle eie predikante gelei moet word om in die vervulling met die Gees te glo as alternatief op die wet en die evangelie.

" Gelowiges moet gehelp word om hierdie seën in die geloof vir hulle toe te eien.

In Handelinge lees ons telkens van handoplegging en gebed. Selfs 'n man soos Paulus, wie se bekering so kragdadig was en so onmiddellik van die Here self uitgegaan het, moes deur handoplegging en gebed die Gees van Ananias ontvang.

Predikante en gelowiges moet kragtig met die Gees vervul wees om ander met geloof en moed te seën. Diegene wat swak is, moet gehelp word om die seën vir hulle toe te eien. Sowel diegene wat hierdie seën het en dit verkondig, as diegene wat verlang om dit te hê, moet hulle heeltemal afhanklik stel van die Here en alles van Hom verwag." ( Die volle Pinksterseën bl.6)

Predikante kry nou volgens Murray 'n alternatiewe geloof wat hulle moet verkondig. Hulle moet die lidmate laat glo dat hulle hulle geloof in die evangelie en hulle bekering volgens die wet nie die volle godsdiens is nie. Hulle moet hierdie onvolkomenheid van die geloof en bekering aanvaar as 'n Bybelse waarheid.

Saam met hierdie geloof in die onvolkomenheid van die geloof en bekering moet hulle dan verder glo dat hulle nog die "Vervulling met die Gees" moet aanvaar as die ware krag waardeur mense tot die volle en ware godsdiens gebring sal word.

Hierdie geloofsaanvaarding beteken dat hulle ook moet glo dat die geloof in die evangelie en die bekering volgens die wet kan nie die volle inhoud van die Christelike godsdiens wees nie.

f. <u>Die geloof in die evangelie en die bekering volgens die wet uit die geloof moet deur die gelowiges as net die voorbereidende gehoorsaamheid geglo word vir die nuwe alternatiewe gehoorsaamheid.</u>

Hierdie geloofsoortuiging oor die vervulling met die Gees moet maak dat die hele kerklike gemeenskap die bekering volgens die wet en die geloof in die evangelie sal sien net as voorbereidende gehoorsaamheid tot die werklik alternatiewe gehoorsaamheid. Dit is geen gehoorsaamheid in sig self meer nie.
Oor die bekering as net 'n voorbereidende gehoorsaamheid tot die eintlike, die vervulling met God se eie Gees, sê Murray:

" Eerstens moet daar 'n nuwe ontdekking en belydenis en uitwerping van die sonde wees. In die woorde van Esegiël het God eers belowe : "Ek sal jou reinig", en daarna : "Ek sal my Gees in jou gee." 'n Vat waarin iets kosbaars gebêre word, moet altyd eers gereinig word. Voordat die Here 'n nuwe en volle seën aan u gee, moet daar 'n reiniging plaasvind. By die bekering was daar, weliswaar, 'n belydenis en aflegging van die sonde. Maar dit was maar oppervlakkig en uiterlik; die Christen het meer aan die growwe sondes en hul straf gedink. Na die bekering het hy wel geprobeer om die sonde te oorwin, maar dit het hom nie geluk nie. Hy het nie geweet hoe heilig die Here wil hê dat sy volk sal lewe nie; hy het ook nie geweet hoe rein en heilig Hy sy volk wil maak nie." (Die volle Pinksterseën bl. 94)

Oor geloof in die evangelie as net 'n voorbereidende gehoorsaamheid tot die eintlike gehoorsaamheid, die vervulling met die Gees, sê Murray:

" So kom u tot 'n nuwe ontdekking en ondervinding van wat Christus vir u is en vir u wil doen. As die kennis van sonde by die bekering oppervlakkig was, so ook die geloof in Jesus. Ons geloof in Jesus gaan nooit verder of dieper as ons insig in die sonde nie.

As u sedert u bekering die inwendige, onoorwinlike mag van die sonde in u leer ken het, dan is u nou ook gereed vir 'n openbaring van die inwendige, onoorwinlike mag van die Here Jesus in u hart - 'n mag waarvan u tot nog toe geen vermoede gehad het nie. As u werklik verlang na 'n algehele verlossing van die sonde, om volkome in die gehoorsaamheid van God te lewe, wil God die Here Jesus as 'n volkome Saligmaker aan u openbaar. Hy wil u leer dat - ook al bly die vlees met sy neiging tot die kwaad altyd in u - die Here Jesus so in u hart wil woon dat die mag van die vlees deur Hom onder gehou sal word en u nie meer die wil van die vlees sal doen nie. Deur Jesus Christus wil God u van alle ongeregtigheid reinig dat u dag en nag met 'n rein hart voor God kan wandel. Wat u nodig het, is die ontdekking dat Hy dit waarlik in u wil werk en dat u dit onmiddellik en dadelik deur die geloof kan aanneem." (Die volle Pinksterseën bl. 96,97)

g.<u>Die alternatiewe gehoorsaamheid.</u>
Die eis van die alternatiewe gehoorsaamheid word samevattend geleer in die begrip " algehele oorgawe." Hierdie nuwe eise van die alternatiewe betekenis van Jesus se opstanding, hemelvaart en regering word verwoord in Andrew Murray se boek: "Algehele oorgawe" Dit is toesprake wat hy in Engeland op die herlewingskonferensie "Keswick" gehou het.

Waarin is "algehele oorgawe" vir Murray anders as die geloof in die Evangelie en die gewone bekering volgens die wet ? Waarin is die volle oorgawe vir Murray so verskillende van geloof en bekering dat geloof en bekering maat net die voorbereidende gehoorsaamheid vir hierdie eintlike gehoorsaamheid sou wees ?

Dit is niks anders as al die nuwe eise wat gevorm word deur die hele evangelie tot wet te maak nie. Ons gee 'n samevatting van hierdie nuwe gehoorsaamheid soos dit deur al sy werke na vore kom.

| Die alternatiewe gehoorsaamheid | Die evangelie as model en nuwe wet. |
|---|---|
| 1. Jy moet glo en aanvaar dat die goddelike lewe waar Jesus die goddelike lewe van God in die vorm van 'n mens kom uitbeeld het, die ware bedoeling van die verlossing is. | Net soos Jesus gebore is. |
| 2. Jy moet jou eie-ek ontken. | Net soos Jesus gely het. |
| 3. Jy moet jouself en jou eie wil kruisig. | Net soos Jesus gekruisig is. |
| 4. Jy moet jou eie-ek, jou self, joue wil en eie begeertes afsterf. Jy moet jou hart as offer vir God prysgegee. | Net soos Jesus gesterf het. |
| 5. Jy moet jou eie-ek dood reken en sy bestaan as dood aanvaar. | Net soos Jesus begrawe is. |
| 6. Jy moet aanvaar dat jy nog nie deel is van die liefde wat God vir sy kerk bedoel het nie. | Net soos Jesus ter helle neergedaal het. |
| 7. Jy moet God toelaat om sy goddelike lewe in jou te kom lewe. Jy moet God in jou lewe innooi. | Net soos Jesus uit die dood opgestaan het. |
| 8. Jy moet toelaat dat die Gees van Jesus God self in jou openbaar en jou deel maak van God se eie lewe en heiligheid. | Net soos Jesus opgevaar het na die Hemel |
| 9. Jy moet die eie-ek van die troon van jou lewe afhaal en Jesus op die troon van jou hart plaas. Jy moet God toelaat om sy alles binne in jou te wees. | Net soos Jesus sit aan die regterhand van God. |

5.4.2.3 "Die Vervulling met die Gees" van God as bekering uit die Christendom tot 'n lewe van sonde in die naam van die wet en die evangelie.

Wat is hierdie alternatiewe werking van die opstanding, hemelvaart en regering van Jesus wat Murray verkondig?

aDie bekering van geloof tot bygeloof as die eintlike geloof.

Kan daar naas die geloof in die evangelie 'n ander geloof wees? Daar kan nie. Die geloof in die evangelie soos die kerk dit bely in die Heid. Kat. vraag en antwoord 60, sonder die sogenaamde "Vervulling met die Gees" , is die volle geloof tot die volle verlossing in Christus.

Alles wat by hierdie geloof kom, is  - bygeloof.

Dit is presies wat met hierdie alternatiewe gehoorsaamheid gebeur. Bygeloof word as die weg tot 'n hoër en voller Christenskap voorgehou.

Die inhoud van hierdie bygeloof is baie spesifiek. Dit is die bygeloof dat die mens Jesus moet nadoen in sy heilswerke. Dit is 'n bygeloof waar Jesus geglo word as die goddelike model vir hoe die mens moet wees en optree.

Met die leer van die "Vervulling met God se Gees." het die valse kerk 'n middel geskep om Christene uit hulle geloof in die Evangelie tot in die sonde in te bekeer. Hierdie bekering uit die geloof tot bygeloof word deur die leer van "Die Vervulling met God se Gees", vir die kerk van die Here as die werklike gehoorsaamheid van die Evangelie verduister.

b.<u>Die bekering uit 'n lewe volgens die Evangelie tot sonde as die ware gehoorsaamheid</u>.
Kan daar naas die bekering en gehoorsaamheid volgens die Tien Gebooie 'n ander vorm van wetsgehoorsaamheid wees ? Daar kan nie. Alle gehoorsaamheid wat anders as die Tien Gebooie is, is 'n afwyking van die ware inhoud van die godsdiens. Dit is sonde. Kan daar naas die lewe uit die geloof volgens die wet 'n ander en beter lewe van gehoorsaamheid wees ? Daar kan ook nie. 'n Lewe anders as uit die geloof alleen en volgens die riglyne van die wet is 'n lewe van sonde. Dit is nie beter en voller gehoorsaamheid nie.

Die nuwe alternatiewe reëls wat Murray maak soos uitgewys is, is die sondes van godslastering, haat vir God en mense, hoogmoed, eiesinnigheid, nalatigheid, ongeërgdheid, luiheid, roekeloosheid, noem maar op.

Die gelowige word nou deur die leer van " Die Vervulling met God se Gees", bekeer van 'n lewe uit die geloof in die Evangelie volgens die riglyne van die wet tot hierdie sondes.

Hierdie sondes wat in die naam van Jesus as die alternatiewe wet geregverdig is, is die lewe waartoe Christene deur die valse kerk soos beliggaam in Andrew Murray, bekeer moet word. Christene kan tot sonde beker word want Jesus is vir hulle die rolmodel van sonde.

6.<u>Die werklike aard en werking van die "Twee weë"</u>.
In hierdie alternatiewe wet: Jesus as model van 'n nuwe gehoorsaamheid, lê die werklike aard en werking van die "Twee weë" van die valse kerk opgesluit.

6.1 <u>Die eerste weg.</u>
Die eerste weg is om op voorbeeld van Jesus sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en begrafnis na te boots. Dit word gedoen deur jouself op te offer, God in jou lewe in te nooi en jou eie-ek, eie-lewe en selfwees af te sterwe.

Die eerste deel van die weg is om deur hierdie alternatiewe dade die geloof in die evangelie en die bekering volgens die wet van God jou eie te maak.

Hierdie alternatiewe dade is gewoon sonde. Die mens word in die eerste deel van die "Twee weë" geleer dat sonde is eintlik maar dieselfde as geloof en wetsgehoorsaamheid.

6.2 <u>Die tweede weg.</u>
Die tweede weg gaan nou nie meer oor die lyding, kruisiging, sterwe en begrafnis van Jesus nie. Die tweede weg staan heeltemal los van hierdie werk van Jesus. Nou gaan dit oor die opstanding, hemelvaart en regering van Jesus as model of nuwe wet.

Deur hierdie model word die mens tot nuwe eise soos: God die beheer van jou lewe gee, Jesus koning in jou hart te laat wees, jou eie-ek van die troon van jou lewe af te haal, nie meer self jou lewe te wil beheer e.a. opgeroep.

Hierdie dade is gewoon sonde. Deur die opstanding, die hemelvaart en die regering van Christus tot 'n model vir mense te maak - word sonde die voller en meer toegewyde vorm van Christen wees. Dit is die beter godsdiens as net die gewone Christenwees waar 'n sondaar die evangelie glo en bekeer volgens die wet na die evangelie toe.

In die opstanding, hemelvaart en regering van Christus as model vir wat die mens moet doen, is die sonde as 'n hoër en voller Christenskap geregverdig as die Christenskap deur geloof in die evangelie en bekering volgens die wet.

In die tweede weg word Christene verlei om te glo dat sonde die eintlike doel is waartoe Jesus hulle moet bring. Die geloof in die evangelie en wetsgehoorsaamheid was net die voorbereidings fase vir die werklike doel van die tweede weg: sonde in die naam van God as die hoër en voller lewe waartoe Christene gelei moet word.

Met hierdie "Twee weë" word Christene verlei om hulle geloof in Jesus Christus, sowel as om hulle gehoorsaamheid aan die wet, prys te gee vir sonde.

Hierdie verleiding tot sonde deur die "Twee weë" word gedoen deur Jesus tot alternatiewe wet te maak en sonde op hierdie wyse voor te hou as die eintlike bedoeling van Jesus se koms en werk.

7. Die profete van die valse kerk.
Hierin is die ware aard van Murray en in hom die hele Murray beweging in die Ned. Geref. Kerk blootgelê. Hulle is die valse profete van die valse kerk. Hulle keer die hele werking van die wet en evangelie om.

Op so wyse lei hulle die lidmate nie tot 'n hoër vorm van godsdiens nie. Hulle verlei hulle om in die naam van die evangelie en die wet - sonde te doen. Hulle bekeer hulle nie tot 'n beter vorm van Christenskap nie. Hulle bekeer hulle uit die Christendom tot bygeloof en sonde.

Hulle gebruik die naam van Jesus Christus om lidmate in hulle geloof te verkleineer as halwe en nie volle Christene nie. Hulle gebruik die naam van Jesus om Christene te veroordeel as mense wat nog nie die verlossing ken of gevind het nie. Hulle gebruik die naam van Jesus om hulle te laat glo dat naas die evangelie daar nog 'n voller en beter vorm van godsdiens is.

Dit alles word gedoen in die naam van die alternatiewe evangelie en wet: die evangelie as wet. Dit is die alternatiewe Jesus: Jesus is nie die evangelie nie. Hy is die rolmodel om een met God te wees.

Dit alles word gedoen om lidmate in die ware kerk binne die Ned. Geref. Kerk vanuit kerk en met die Bybel te verlei om in die naam van die Here Jesus Christus sonde te doen. Hierin is Murray, en saam met hom al die Pinkster geestelikes in die Ned. Geref. Kerk, die kerk vir die wêreld.

In die naam van Jesus kan hulle binne die kerk en in die naam van die evangelie presies dieselfde sondes in die openbare lewe uitleef as die goddeloses: godslastering, haat, hoogmoed, eiesinnigheid, nalatigheid, ongeërgdheid, luiheid, roekeloosheid, e.a.

Binne die "Vervulling van die Gees" is hierdie goddeloosheid egter net nie meer as goddeloosheid in die openbare lewe herkenbaar nie. Dit is vir die openbare gemeenskap nou die hoër en voller Christenwees as die gewone Christene se godsdiens.

Hierdie is die kring van die "ware wedergebore Christene" binne die Ned. Geref. Kerk. Hulle wat God en die mens met 'n evangeliese ywer haat en bekeer tot sonde - terwyl hulle as die meer toegewydes in die gemeenskap geken word.

8. Die verband tussen die evangelieverkondiging in die Ned. Geref. Kerk en Andrew Murray.
Is hierdie goddeloosheid binne die Ned. Geref. Kerk net die eiegeestigheid van 'n klompie Andrew Murray aanhangers ?

Die antwoord lê nie daarin om 'n naamlys van pro - of anti - Murray ondersteuners op te stel nie. Ons het net die werke van Andrew Murray gebruik om die inhoud en werking van die "Twee weë" na God toe te ondersoek.

Die antwoord lê daarin om die omvang van die leer van die "Twee weë" na God binne die kerk te peil. Die leer van die "Twee weë":

1.Geloof en bekering as weg tot redding en

2.Die vervulling met die Gees as die tweede deel van die volle verlossing, is die inhoud van die goddeloosheid van Murray.

Hierdie "Twee weë" is nie maar net die liefhebbery van 'n paar geesdrywers binne die Ned. Geref. Kerk nie. Dit is die amptelike en praktiese godsdiens van die Ned. Geref. Kerk vanaf Andrew Murray tot vandag toe nog.

Dit is die inhoud van die evangelisasie kursusse, die prediking, die kategese en die pastorale werk van die Ned. Geref. kerk. in sy geheel.

Hierdie bediening van sonde in die naam van God, is die amptelike en praktiese bediening van die Ned. Geref. Kerk aan sy lidmate. Hierdie bediening om Christene uit hulle geloof in Jesus tot sonde in sy naam te verlei as sou sonde ware godsdiens wees, is die ampswerk wat in die Ned. Geref. Kerk. gedoen word.

Hoe kan dit gestaaf word ? Maklik ! Hierdie "Twee weë" is die inhoud van die evangelisasie kursusse van Bybelkor wat deur die sinodes van die Ned. Geref. Kerk, vanaf die Algemene Sinode tot en met die streeksinodes en ringe aangeprys en geïmplementeer word in sy gemeentes, dag vir dag.

Hierdie "Twee weë" is die inhoud van die Pinkstermentaliteit van die Ned. Gerf. Kerk. Dit is die inhoud van die Jeug tot Jeug Aksie gewees in die sewentigerjare waarmee die hele kerkjeug verlei is en met "Jeugjare" weer en weer verlei is. Dit is die inhoud van die ACSV en sy werksaamheid op elke skoolterrein en elke strand. Dit is die inhoud van elke herlewing in elke gemeente en elke ring wat in die Ned. Geref. Kerk plaasvind. Dit is die inhoud wat in sy prediking aan lidmate oorgedra word. Dit is die eise waaraan kinders getoets word voor hulle tot openbare belydenis toegelaat word. Dit is die godsdiens oor die senders van Radiokansel.

In hierdie " Twee weë" is die Ned. Geref. Kerk die valse kerk vir die wêreld. Die Ned. Geref. Kerk in die bediening van die " Twee weë" is die valse kerk wat die Christene uit die Christendom bekeer tot die duistere wêreld van bygeloof en sonde in God se naam. Dit is die kerk wat in die Ou Testament deur die profete ontdaan is as die kerk wat Baäl en Astarte in die Naam van God vereer het wat binne in die Ned. Geref. Kerk as die kerk van die "ware, volkome, wedergebore en geesvervulde Christene" lewe.

Vir die Ned. Geref. Kerk is die valse kerk binne sy midde geen valse kerk nie, dit is vir die Ned. Geref. Kerk sy aktiewe en meer toegewyde lidmate. Die kerk leer dit so aan sy lidmate. Hierin is die Ned. Geref. Kerk die valse kerk: hy kies om dit te wees en hy wil dit vir die wêreld wees.

9. <u>Die effek van die "Twee weë" as evangeliebediening binne die Ned. Geref. Kerk.</u>
Die effek van die bediening van die "Twee weë" binne in die Ned. Geref. Kerk raak die hele wese van die godsdiens. Deur hierdie bediening het die valse kerk in die Ned. Geref. Kerk 'n middel gevind om sy lidmate van die godsdiens te vervreem en binne die duistere wêreld van bygeloof en sonde as godsdiens gevange te hou. In hierdie middel het hy 'n krag gevind dat terwyl hulle in die duisternis as gevangenis sit, hulle glo hulle kinders van die lig is: die ware getuies en ware sendeling van Jesus.

Dit is die bediening van die Baälpriesters in die naam van die Here en die Fariseërs met die wet van die Here se duistere mag oor hulle volgelinge waarvan die Bybel getuig: " 23 ... Van vroeg die more tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus. 24 Deur sy uiteensetting het daar party oortuig geraak, maar ander wou nie glo nie. 25 Hulle was dit nie met mekaar eens nie en het weggegaan, maar Paulus het nog eers dit vir hulle gesê: "Hoe waar is dit tog wat die Heilige Gees by monde van die profeet Jesaja gesê het ! 26 Hy het gesê: Gaan na hierdie volk toe en sê vir hulle Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie.; en kyk en kyk en tog niks sien nie. 27 Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien nie en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie. 28 Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Hulle sal luister." (Hand. 28)

9.1 <u>Lidmate word van die Evangelie as weg tot saligheid vervreem.</u>

Lidmate wat deur predikante en geestelikes op die "Twee weë" begelei is, ken nie die Evangelie nie. Hulle weet nie dat alleen die geloof in die Evangelie hulle ten volle red en ten volle reg laat leef nie.

Terwyl hulle heeltemal vervreem staan van die inhoud en werking van die Evangelie, glo hulle hulle is die mense wat ten volle aan die Bybel gehoorsaam is.

9.2 Lidmate word van die lewe uit die geloof in die Evangelie vervreem.
Die Evangelie skep 'n nuwe wyse van reg leef teenoor God: om net uit die geloof in die Evangelie te leef. Lidmate wat deur predikante en geestelikes verlei is op die "Twee weë" is heeltemal vervreem van hierdie lewenswyse.

Terwyl hulle volhard in 'n lewe van sonde in die naam van God, glo hulle dat hulle lewe in sonde die voller en hoër lewe van die Christendom is. Die leer van "Die Vervulling met God se Gees" maak dat hierdie mense hulle goddeloosheid en sonde as die nuwe lewe uit geloof in die Evangelie beleef.

9.3 Lidmate word van die nuwe betekenis van die Tien Gebooie vervreem.
Die Evangelie gee aan die wet van God 'n nuwe betekenis. Dit word eise wat sondaars weer en weer aan God se liefde verbind binne die Evangelie. Die wet leer gelowiges om vaster aan God se liefde te hou en die wet leer gelowiges om net uit God se liefde vir hulle te leef. Die bediening van die "Twee weë" vervreem lidmate van die kerk heeltemal van hierdie werking van die wet van God.

Die hele nuutheid van die Evangelie in die Bybel word gebruik deur die valse predikers en geestelikes om mense aan die nuwe alternatiewe wette van Jesus as rolmodel en voorbeeld te onderwerp. Hierdie alternatiewe geestelike reëls en wette van Jesus as rolmodel, word deur die gebruik van die Bybel as die nuwe reëls van die wet van God geleer.

Hierdie nuwe alternatiewe reëls van die valse kerk op die reëls van die Tien Gebooie, vervang die wet van God se eise. Lidmate kan aan hierdie nuwe reëls volkome gehoorsaam wees, anders as met die Tien Gebooie.

Daarom leer hierdie reëls en wette hulle nie om vaster aan die liefde van God te hou nie. Dit leer hulle dat hulle al hoe beter en beter God kan gehoorsaam.

Dit leer hulle ook nie om net uit God se liefde vir hulle as sondaars te leef nie. Hulle kan God volgens die alternatiewe geestelike reëls in Jesus se naam liefhê. Die reëls leer hulle om al meer en meer uit hulle eie liefde vir God te leef.

So word die lidmate van die nuwe betekenis wat die Evangelie aan die Tien Gebooie kom gee het, heeltemal vervreem. Hulle ken dit nie, maar hulle glo hulle beleef die nuwe wet se betekenis ten volle.

9.4 Lidmate word van die nuwe werking van die wet vervreem vir sonde in die naam van God.

9.4.1 .Lidmate word vervreem van die volle eis van die wet.
Die Evangelie het die wonder bewerk dat sondaars nou die volle eis van die Tien Gebooie kan bly handhaaf. Die volle eis van die wet maak sondaars nie meer strafwaardig voor God nie. Die Evangelie vat die volle straf weg. Die volle eis van die wet bind die gelowige net vaster aan die liefde van God in die Evangelie. Daarom handhaaf die sondaar die volle eis van die wet.

Die bediening van die "Twee weë" vervreem die lidmate heeltemal van hierdie werking van die wet. Deur Jesus as rolmodel maak mense vir hulle nuwe reëls in die plek van die Tien Gebooie: jou moet niks wees nie; jou moet jou eie ek en lewe opoffer; jou moet alles aan God oorgee.

Deur hierdie nuwe reëls en geestelike wette word die volle eis van die wet as Tien Gebooie nou net ontduik en vermy. Hierdie nuwe eise van Jesus as alternatiewe wet, vervreem lidmate heeltemal van die volle werking van die wet wat sondaars weer aan die Evangelie vasbind.

9.4.2 <u>Lidmate word vervreem van die Here as Middelaar.</u>
Die Tien Gebooie se nuwe werking leer lidmate al meer en meer wat Jesus as Middelaar vir hulle beteken. Elke reël wat hulle oortree leer hulle net meer en meer dat Jesus vir hulle onder die wet geleef het, gesterf het en vandag nog steeds instaan onder die volle eis van die wet.

Daarom leer die Tien Gebooie gelowiges al meer en meer wie Jesus vir hulle is. Daarom wil hulle ook meer en meer aan die reëls van die Tien Gebooie gebind wees: om Jesus so beter as middelaar te leer ken.

Die bediening van die "Twee weë" vervreem lidmate heeltemal van Jesus as middelaar. Jesus is vir hulle die alternatiewe wet. Deur Jesus as model vir eenheid met God na te volg met reëls soos:" Jy moet jou eie-ek afsterf " en " Jy moet Jesus koning van jou lewe maak", voel die lidmaat dat hy al meer en meer leef soos Jesus.

Dit tragedie is dat juis hierdie "lewe al meer soos Jesus" hulle verder en verder vervreem van Jesus as middelaar. Hoe meer hulle hierdie reëls navolg in sy naam, hoe minder kan Hy geken word as die een wat vir ons onder die wet instaan omdat ons dit nie kan hou nie.

Hierdie alternatiewe reëls van "wees soos Jesus" leer die lidmaat 'n Jesus as model van sonde. Verder vervreem van die Here kan geen sondaar wees as hulle wat glo dat hulle al meer en meer soos Jesus leef met hierdie alternatiewe wette nie: Die Jesus wat hulle as rolmodel navolg, bestaan nie. Die Here wat as middelaar bestaan en leef - ken hulle nie.

9.4.3 <u>Lidmate word van die liefde van God en die liefde vir God en mens vervreem.</u>
Die Evangelie maak dat lidmate die Tien Gebooie bly handhaaf as die wyse waarop 'n mens God en sy naaste moet liefhê. Hierdie handhawing maak dat die Christen elke dag in die Tien Gebooie sy eie haat vir God en sy naaste herken.

Hierdie herkenning is vir die gelowige geen verskrikking of ontmoediging nie. Die herkenning van sy eie haat vir God en sy naaste dryf hom elke keer net om weer aan God se liefde vir sondaars in hulle haat vir God vas te gryp. Hulle soek in sy liefde die krag vir 'n wederliefde.

Die "Twee weë" vervreem die lidmate heeltemal van hierdie handhawing van die Tien Gebooie as die eis van liefde. Die lidmaat word ook vervreem van die Evangelie as die bron van liefde vir God en mens. In die "Twee weë" word Jesus die rolmodel wat haat vir God en die naaste as 'n nuwe alternatiewe liefde regverdig.

Die alternatiewe wette deur Jesus as rolmodel gee aan die mens reëls hoe om God van sy Godwees te ontdaan tot 'n model van menswees. Deur " God in jou lewe in te nooi ", " God koning op die troon van jou hart te maak ", " God deur jou te laat leef ", "God se Gees jou eie te maak, e.a. maak die mens homself die een in en deur wie God se lewe en koningskap tot vervulling kom.

Dit is niks anders as 'n minagting vir God wat in en deur Homself, sonder enige mens se lewe en hart, volkome God is nie. God is nie Homself deur mense nie. Hy is God in en deur Homself. Hy deel nie wat Hy as God is met of deur enige mens nie. So moet Hy geëer en aanbid word.

Deur die alternatiewe wette te onderhou soos " jou eie-ek, jou eie-lewe te  verloën, te kruisig en te dood, ontdaan die mens homself van enige liefde vir God of homself volgens die Tien Gebooie.

Hierdie selfontdaning is niks anders as haat en minagting vir jouself nie. Dit ontneem die mens die self- en naasteliefde waar jy jouself ten volle moet uitleef, ontwikkel en laat geld as mens vir God en mens vir mense.

Om teenoor jou naaste niks van jouself te wees maar alles van God te wil wees, is die hart van alle haat vir mense. Iemand wat God se lewe en natuur as mens aan ander mense openbaar is geen getuie vir God of sendeling van Jesus nie.

Dit is gewoon net 'n monsteragtige mens wat homself niks anders as God vir sy naaste beleef nie. 'n Almagtige, alomteenwoordige, ewige, alwetende, onsigbare mens is 'n niks anders as 'n geweldenaar, 'n oorheerser, 'n onbarmhartige, tirannieke en afwesige mens nie.

So mens vind in die getuie-opdrag van die kerk om die evangelie te verkondig, 'n middel om ander mense te veroordeel, te verguis, te verwyt, te beskuldig te verkleineer, bespotlik te maak, te minag, te hoon, te oorheers, te domineer en te haat, terwyl hy voel dat dit maar net die manier is waarop "verlore siele" nader na God toe getrek word.

Die "Twee weë" maak dat mense in 'n blinde haat vir God en mens verteer word terwyl hulle hulle haat voel as die persoonlike liefde van God wat na ander mense deur hulle uitstraal. Die "Twee weë" maak dat haat vir God en mens die nuwe sendingpassie van die valse kerk word. So word die lidmate van die liefde van God vir sondaars en die moontlikheid van sondaars om God en mens weer lief te hê uit die krag van die evangelie, totaal vervreem.

9.4.4. <u>Lidmate word deur die uiterlike dwang van die Tien Gebooie totaal van God vervreem.</u>
Deur die genadeheerskappy van Jesus in die evangelie word sondaars innerlik weer aan die wil van God as Vader verbind. Die evangelie is die krag waardeur sondaars God weer in sy wil as Skepper erken en dien uit 'n innerlike verbondenheid as kind aan God as Vader. Dit is 'n kindskap wat leef in die troos van die evangelie: " Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. " (Rom. 8:1)

Die Tien Gebooie leer gelowiges dat God ons tot 'n lewe van diens en toewyding aan God opvoed deur die evangelie alleen.

Die leer van die "Twee weë" vervreem lidmate heeltemal van hierdie opvoeding in God se wil deur die evangelie. Hier word die Tien Gebooie nie gebruik om lidmate te leer dat God ons deur die evangelie opvoed om Hom te dien volgens die Tien Gebooie nie. Lidmate word geleer dat hulle deur God veroordeel word omdat hulle nog nie soos kinders van God sou leef nie.

Hier word die Tien Gebooie gebruik sodat lidmate moet erken dat:

1. hulle verlore sondaars is onder die oordeel van God al glo hulle die evangelie en
2.hulle moet erken dat hulle nog nie die volle seën van God ervaar nie , al glo hulle die evangelie en bekeer hulle volgens die wet.

Deur die Tien Gebooie te leer as 'n middel waardeur God sy kinders veroordeel omdat hulle nog nie ten volle gehoorsaam sou leef nie, word God se kinders nou totaal van Hom vervreem. Geen kind kan aan sy Vader innerlike verbind leef met die wete dat hy onder sy Vader se oordeel leef nie.

Hierdie innerlike vervreemding van God van lidmate van die kerk dryf hulle dan in die rebellie om sonder God self klaar te kom.

Hulle sal hulle self red deur hulle eie bekering volgens die wet en hulle sal vir hulle die volheid van God se lewe self opeis deur die vervulling met God se Gees.

Mense wat vir hulle 'n eie weg tot saligheid gekry het en God vir hulleself opgeëis het, is nie mense wat of redding of vir God gevind het nie. Dit is mense wat God verloor het. Hulle het sy redding verloor in hulle eiesinnige weg. Hulle het God self verloor in hulle opeising van sy Gees. God laat nie op Homself beslag lê deur mense wat Hom opeis nie. Vir hulle is Hy die afwesige God.

Deur die wet te verkondig as die veroordeling van God oor sy kinders wat nog nie genoegsaam gehoorsaam sou wees nie, word die lidmate totaal van God vervreem terwyl hulle deur die "Twee weë" 'n innigheid en vertroulikheid met God vertroetel waarin Hy Homself totaal van hulle as God vervreem het.

" 4 Praat met hulle, sê vir hulle: "So sê die Here my God: Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas. 5 Ek sal Israel wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, my harde hand laat voel." (Eseg. 14 )

9.4.5 Lidmate word deur 'n dissipline in alternatiewe wette geleer om hulleself van God se liefde te vervreem.
Binne die evangelie is God se liefde vir sondaars volkome. God kan 'n sondaar nie meer liefhê as wat Hy hom deur Christus lief het nie. 'n Sondaar ken ook geen gebrek of onvervuldheid van God se liefde binne die evangelie nie. " 16 En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin." (1 Joh. 4)

Hierdie liefde deel 'n gelowige net deur die geloof alleen sonder enige bekering volgens die wet. "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God." (1 Joh. 5:1)

Daarom is die bekering volgens die wet nie 'n middel om meer en meer liefde van God te verkry nie. Die bekering is ook geen middel om die straf van God te ontkom nie. Die bekering volgens die wet is vir die Christen alleen maar die wyse waarop hy homself oefen om in en uit God se liefde te leef. " 18 Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie 19 Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het." (1 Joh. 4)

Die bediening van die "Twee weë" in die Ned. Geref. Kerk vervreem lidmate van bekering volgens die wet as net 'n oefening in die volmaakte liefde wat God vir sondaars het.

Hierdie is 'n tweërlei vervreemding:

1.Wie moet sondes bely, berou hê en beloof om anders te probeer leef om gered te word, doen dit nie omdat hy deel in 'n volmaakte liefde van God vir sondaars nie. Hy doen dit om die straf van God af te weer en liefde te kry. Die Bybel is baie duidelik hieroor. Wie bekeer om straf af te wend en liefde te verkry, doen dit uit vrees. Hierdie bekering uit vrees vervreem 'n mens van die bekering uit liefde uit.

2.Die onderhouding van die Tien Gebooie kan nooit aan iemand die sekerheid gee dat God jou nie sal straf nie en jou sal liefhê. Die teendeel is waar. Dit skep net groter sekerheid dat God geen liefde vir jou het en beslis gaan straf. Die bekering om God se liefde te verkry vervreem die mens van die sekerheid van God se volkome liefde vir sondaars.

Hierdie sekerheid van God se straf en die bekering uit vrees vervreem lidmate uit God se liefde vir sondaars tot 'n nuwe alternatiewe bekering. Dit is 'n tipe dissipelskap waar jy al meer en meer van God vir jouself opeis deur soos Jesus te probeer wees.

Dit is nie 'n dissipelskap uit die volkome liefde wat God vir sondaars het nie. Hierdie nuwe dissipelskap bestaan in die oefening van nuwe alternatiewe geestelike reëls met Jesus as rolmodel.

In hierdie goddeloosheid word nou geglo hoe meer jy jouself dissiplineer op Jesus as rolmodel, hoe meer kan jy God vir jouself opeis: hoe meer jy soos Jesus is, hoe meer kan jy van God se Gees kry.

In hierdie nuwe bekering probeer die lidmate om die onvervulde liefde wat God nog nie sou gegee het nie, te vul met die opeising van Homself vir hulleself.

In hierdie opeising is die liefde van God vir die lidmate totaal verlore. Hulle bekeer nie meer volgens die wet as net maar 'n oefening in sy liefde wat totaal vervuld is deur die geloof in Jesus nie. God laat Hom en sy liefde ook nie opeis nie. Sy liefde is 'n gawe vir sondaars. Waar sy liefde deur klein liewe Jesus modelle opgeëis word, word dit gewoon deur hulle verbeur.

Die opeising van God se liefde deur Jesus streng na te boots, is geen daad van liefde vir God nie. Dit is gewoon net die selfsug en eiegeregtigheid van goddeloses wat God vir hulle self opeis. Hierdie goddeloosheid word net geregverdig in die naam van Jesus as rolmodel.

9.4.6 Lidmate word vervreem van die navolging van Christus tot die nabootsing van God.
Die evangelie gee aan die nakoming van die Tien Gebooie die kwaliteit van navolging van Jesus Christus. Deur die evangelie word die wet alleen nog maar onderhou terwille van die Here. Alles wat ons van God kry is alleen deur die geloof in die evangelie. Ons gehoorsaamheid is daarom alleen net tot eer van God. Dit is nie om iets by God te kry nie.

Die bediening van die "Twee weë" binne die Ned. Geref. Kerk het sy lidmate heeltemal van die navolging van Christus vervreem. In die "Twee weë" moet jy bekeer, bely, berou hê, tot oorgawe kom, e.a., nie alleen maar ter wille van Christus nie. Jy moet doen doen om redding te kry, vergewe te word, met die Gees vervul te word, 'n lewe van oorvloed te leef, om God se volle liefde te ontvang, noem maar op. Dit is alles behalwe ter wille van Christus. Dit is ter wille van jouself en jou eie saligheid.

Die bediening van die "Twee weë" vervreem lidmate ook van die navolging van Christus met hulle alternatief: die nabootsing van Christus.

In die Bybel is die navolging van Jesus altyd die onderhouding van die wil van God ter wille van Christus. Hierdie wil van God wat ter wille van Christus onderhou moet word, is altyd die Tien Gebooie.

In die nabootsing van Jesus het ons met 'n totaal ander vroomheid te doen. Hier word Jesus as rolmodel nageboots hoe om soos Hy jou eie-ek en eie-lewe te kruisig, af te sterf en te begrawe. Hier word Jesus se opstanding en hemelvaart as rolmodel gebruik hoe om self deel van God se eie lewe en Gees te word. Jesus as wet vervang die reëls van die Tien Gebooie as wet.

Die onderhouding van die Tien Gebooie as navolging van Jesus is vir die kerk deur die "Twee weë" 'n godsdiens wat heeltemal vreemd en verlore is. Hierdie vervreemding van wetsonderhouding as navolging van Jesus vind in die naam van Jesus plaas.

Die tragedie van die vervreemding van die navolging van Jesus as nuwe lewenswyse lê daarin dat lidmate met hierdie alternatiewe navolgingsmentaliteit heeltemal ontoeganklik gemaak word vir die werklike navolging van Jesus as onderhouding van die Tien Gebooie. In Jesus het hulle 'n rolmodel wat alle teenkanting teen of verskil van hulle onverantwoordelikheid en onverskilligheid jeens die wet, gewoon regverdig as die "kruis" van Jesus wat hulle moet opneem.

Die verkondiging van die navolging van Jesus as wetsonderhouding verdra hulle as 'n vorm van vervolging wat hulle moet verduur terwille van hulle eiesinnige nabootsing van God. Hulle kan dit nie meer as die ware nuwe lewe vind nie. Dit is vir hulle totaal verlore.

9.4.7 Lidmate word van die wet as middel tot wysheid vervreem deur die wet as middel tot dwaasheid.
Die evangelie skep 'n diensbaarheid teenoor God. Diens aan God is die bron van alle wysheid. Die wet leer die gelowige om sy diensbaarheid aan God alleen in die evangelie en nie in die wet te vind nie. So is die wet weer 'n middel vir gelowiges 'n middel tot wysheid.

Die bediening van die "Twee weë" in die Ned. Geref. Kerk het sy lidmate heeltemal van die Tien Gebooie as middel tot wysheid vervreem. Hierdie vervreemding is tweërlei:

Ten eerste:
In die "Twee weë" word die mens eers geleer dat die gehoorsaamheid aan die wet die weg tot redding is. Die wet leer jou nie om deur die evangelie alleen diensbaar aan God te word nie. Die wet word voorgehou as iets waardeur jy jouself diensbaar aan God maak.

Ten tweede:

Verder word die wet gebruik om gelowiges so te veroordeel, so te beskuldig, so aan te kla en so te verwyt vir die wyse waarop hulle as gelowiges lewe, dat hulle hulleself wegkeer uit die geloof in Christus tot die vervulling met God se Gees.

Die wet word hier 'n middel om die gelowige weg te keer van die lewe uit geloof in die evangelie as die regte wyse van lewe.

Daarom is die wet vir hierdie lidmate 'n middel tot dwaasheid. Om in die wet 'n weg tot redding te vind is dwaasheid. Om in die wet 'n veroordeling te vind wat jou uit die geloof tot sonde in die naam van God vervreem, is dwaasheid.

Die diepte van die vervreemding van die wet as middel tot wysheid lê daarin dat die verkondiging van die wet as die regte pad tot redding en as veroordeling van gelowiges se lewe uit die geloof, die gelowiges in verset en opstand teen God se  genade laat kom: hulle verstaan nie meer hierdie genade wat hulle nou veroordeel en verwyt nie.

Hierdie opstand teen God se genade as Vader bring gelowiges tot die nuwe bekering tot sonde: die vervulling met God se Gees in die naam van Jesus. Die wet is binne die bediening van die "Twee weë" die bron van verset en verwerping van die genade en liefde van God binne die evangelie. " 8 Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood.  ... 11 Die sonde wat deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het my deur die gebod mislei en my doodgemaak." (Rom.7)

9.4.8 <u>Lidmate word van die tug van Christus vervreem deur die straf van die wet.</u>
Binne die evangelie is die wet van God 'n middel wat die gelowige leer om hom deur die tug van God se liefde binne die evangelie te laat bind. In die wet leer die gelowige dat die wyse waarop God hom as sondaar deur sy liefde tug is heeltemal iets anders as die bestraffing en veroordeling van die wet wat God nooit met die gelowige doen nie. Die andersheid van die straf van die wet leer die gelowige om te begryp wat God met die tugtiging van die evangelie met hom doen: God behandel jou as kind, nie as slaaf nie.

Die bediening van die "Twee weë" het die lidmate van die Ned. Geref. Kerk heeltemal van hierdie tugtiging van God se liefde binne die evangelie vervreem vir die straf van God deur die wet.

Binne die bediening van die "Twee weë" word die gelowige geleer dat God die sondaar eers deur die wet veroordeel en bestraf en dan na hierdie veroordeling aanvaar in sy liefde. Dit word op twee wyses gedoen.

Eerstens word die gelowige geleer dat hy as gelowige op pad hel toe is, al dink hy hy is binne God se genade en al glo Hy in God se genade. Hulle mislei die gelowiges dat jy nie Jesus as saligmaker kan aanvaar voor jy nie eers erken dat jy verlore is en op pad hel toe is nie. Volgens die bediening van die "Twee weë" is hierdie erkenning dat jy verlore is en op pad hel toe die eerste stap na redding toe.

Tweedens word gelowiges geleer dat hulle eers moet erken dat hulle nog nie deel in die volle liefde van God nie. Hulle moet eers erken dat in hulle as gelowiges daar nog 'n groot gebrek aan God se liefde is voor God hulle met sy Gees sou vul. Hierdie erkenning van die afwesigheid van die volheid van God se liefde in hulle lewe, is die tweede stap in hulle gewaande "geestelike groei".

Om jouself te sien as iemand wat verlore is, op pad hel toe is, en in wie God se volle liefde ontbreek - is niks anders as om jouself te sien as iemand wat onder die straf van God se wet leef nie. As God iemand veroordeel, verlore laat wees, hel toe laat gaan en sy volle liefde weerhou, is Hy besig om die ewige straf van die wet oor so mens te laat geld.

Binne die "Twee weë" word God se straf nou as die weg tot verlossing en die volle liefde van God voorgehou. God leer jou om jouself te verlos met 'n bekering en jouself met sy Gees te laat vervul deur die veroordeling van die wet en die bestraffing van die weerhouding van sy volle liefde.

Hierdie veroordeling van die wet as 'n manier om gelowiges te leer om te bekeer en vervul te wees, vervreem lidmate heeltemal van die tugtiging van God se liefde vir sy kinders binne die evangelie. Hulle ken nie meer sy tug nie en hulle laat hulle ook nie meer daardeur bind nie.

Binne die tugtiging van die liefde van God word 'n lidmaat juis geleer dat God hom nooit sal veroordeel nie, dat hy nog nooit onder die oordeel van God geleef het nie, dat hy in sy sonde as lidmaat juis vir God behoue was en dat God se volle liefde deur sy Gees nog altyd deel was van sy lewe. Die tugtiging van God se liefde onderwerp nooit sy kinders aan 'n erkenning dat hulle vir God verlore is, op pad hel toe is en God se volle liefde ontbeer nie. In die feit dat die oordeel hulle nooit toekom moes hulle juis die andersheid van God se tugtende liefde leer ken het.

Daarom word tug nie in die Ned. Geref. Kerk toegepas nie. Die lidmate ken nie die verskil tussen die tug van God se liefde en die straf van die wet nie. Vir hulle is dit maar presies dieselfde saak. Die straf van die wet is vir hulle iets wat hulle oor hulle self moet aanvaar as net stappe om gered en geesvervuld te word. Die "Twee weë" het hulle heeltemal van die tug van God se liefde vir die veroordeling van die wet vervreem.

9.4.9 <u>Lidmate word van die afdwingbaarheid van God se wet deur die owerheid vervreem deur die regverdiging van die goddeloosheid van die gemenereg.</u>

Die evangelie maak God se wet weer afdwingbaar deur menslike wetgewing in die openbare gemeenskap. Die afdwing van die wet deur die owerheid met strafmaatreëls verbind die gelowige aan die tug van die evangelie. Die evangelie maak dat die gelowige nie homself teen die afdwing van God se wet in die openbare lewe verset nie.

Die wet is vir die gelowige 'n middel wat hom aan die evangelie verbind. Binne die evangelie leer hy diensbaarheid aan God in die wet wat afgedwing word. Leer hy homself om te oefen in die liefde van die evangelie wat in die wet afgedwing word. Leer hy om die volle eis van God se wet wat in wetgewing afgedwing word te aanvaar, te handhaaf en te onderhou uit die volle sekerheid van God se liefde in die evangelie.

In die afdwing van die wet van God deur die owerheid leer die gelowige die onderskeid tussen die tug van God oor sy kinders en die straf van God oor die goddelose. Die Evangelie maak dat die gelowige nooit solidêr met die wetteloses en goddeloses kan wees nie. In die gelowige se handhawing van God se wet as inhoud van die gemenereg, verchristelik hy die owerheid en maak dat die owerheid dienaar van Christus is. Die owerheid binne die Christelike geloof in die evangelie, mag nie wette of los of in stryd met die wet van God maak nie.

Die bediening van die "Twee weë" binne die Ned. Geref. Kerk het sy lidmate heeltemal vervreem van die wet van God as inhoud van die gemenereg. Dit het ook die afdwingbaarheid van God se wet binne die gemenereg onmoontlik gemaak. Hierdie vervreemding is tweërlei van aard.

Eerstens het die bediening van die "Twee weë" die wette van die Tien Gebooie vervang met die nuwe alternatiewe wet: Jesus en sy werk as rolmodel.

Die wette van God is afdwingbaar in die gemenereg. Die wette dat jy nie mag steel nie, nie mag egbreek pleeg nie, nie mag doodslaan nie, e.a. is afdwingbaar deur die gemenereg. Iemand wat steel of moor moet deur die howe van die land bestraf word. Iemand wat in 'n homoseksuele verhouding leef moet deur die owerheid verbied word om kinders aan te neem. Iemand wat rondslaap moet deur die gemeenskap as openbare leier verstoot word. Iemand wat losbandig is, moet deur die gemeenskap geminag word, nie gerespekteer word nie. Kinders moet wetlik verplig wees om aan hulle ouers onderdanig te wees: kinders kan nie deur die owerheid mondig gereken word nie.

Deur die wet van God met Jesus as rolmodel te vervang is die owerheid vrygemaak van die eis om God se wet in sy wetgewing af te dwing. Geen owerheid kan die gemeenskap aan hierdie nuwe alternatiewe wette onderwerp nie: jy moet soos God wees; jy moet jou eie-ek kruisig; jy moet Jesus koning laat wees.

Die owerheid verkry nou binne die gemoed en oortuigings van die Christendom die reg om los van God se wet, wette vir die gemeenskap te maak.

Tweedens vervreem die bediening van die "Twee weë" lidmate van hulle onderdanigheid aan die owerheid se wetgewing met 'n solidariteit met die goddeloses se wetteloosheid.

Die wet as "weg van saligheid" en die "Vervulling met God se Gees" is niks anders as sonde in God se naam nie. In die bediening van die "Twee weë" is goddeloses en wetteloses die magsbasis van die kerk. Dit is die mense wat oortuig kan word dat hulle hulle sonde net op 'n ander manier kan uitleef: in die naam van Jesus. Daarom is die kerk van die "Twee weë" die kerk wat die goddeloses en wetteloses graag wil hê.

Indien die owerheid die wetteloosheid van die goddeloses bestraf deur die afdwing van sy wette, tas hy die magsbasis van die kerk se bediening aan. Mense wat hulle wetteloosheid en goddeloosheid erken in die strafproses, kan nie meer sonde in die naam van Jesus doen nie.

Daarom is dit deel van die bediening van die "Twee weë" om 'n owerheid wat wetteloos optree en onreg pleeg deur sy wetgewing, as 'n Christelike owerheid in die openbaar te regverdig.

Binne die "Twee weë" glo lidmate dat wanneer die owerheid nie die straf van die wet afdwing nie, is hy 'n voorbeeld van Jesus.
Dit is die kerk waar 'n owerheid wat diskrimineer teen ander rasse 'n Christelike bewind is en 'n owerheid wat misdadigers nie straf 'n voorbeeld van Jesus se liefde is.

Meer, dit is 'n openbare gemeenskap waar die owerheid deur die kerk verdag gemaak word as die Antichris indien hy nie teen sy onderdane in sy wetgewing diskrimineer nie en die publiek die reg van opstand het indien die reg van God se wet deur wetgewing afgedwing word.

Samevatting.
Die Ned. Geref. Kerk bedien die "Twee weë" as die weg tot saligheid en die weg tot 'n voller Christelike lewe aan sy lidmate. In hierdie bediening is die Ned. Geref. Kerk die valse kerk vir die gemeenskap. Deur hierdie "Twee weë" het hy sedert die herlewings van Andrew Murray en sy geesgenote die lidmate van die Ned. Geref. Kerk van die geloof in Jesus en die lewe uit die geloof in Jesus totaal vervreem.

Deur hierdie vervreemding is dit die Ned. Geref. Kerk wat geslagte van lidmate in die duisternis van bygeloof en sonde in die naam van godsdiens gevange gehou het, terwyl hy homself voorgehou het as die dienaar van die Here.

## *HOOFSTUK 10*

# TWEE IN EEN: DIE VALSE KERK BINNE DIE WARE KERK IN DIE NED. GEREF. KERK.

1. <u>Die verskil tussen oorsaak en simptome.</u>
Daar is 'n groot verskil tussen die oorsaak van Vigs en die simptome van Vigs. Die oorsaak van Vigs is die Vigsvirus. Die simptome van Vigs is bloukolle, moegheid, lusteloosheid, swak weerstand, longontsteking, noem maar op!

Die simptome is die sigbare kwellings waaroor 'n pasiënt kla. Dit is die sake wat hom pla. Die werklike oorsaak van hierdie simptome, is iets waarvan hy nie bewus kan wees, nie alvorens die siekte gediagnoseer is nie.

Om die simptome van Vigs te behandel is goed. Dit spreek egter glad nie die werklike probleem aan nie. Die werklike probleem is 'n virus wat homself binne die verdedigingssisteem van die liggaam verskuil terwyl hy die liggaam vernietig.

In die vorige hoofstukke het ons by die oorsaak van die siekte toestand van die Ned. Geref. Kerk stilgestaan. Dit is die bediening van die "Twee Weë" binne die kerk. In hierdie hoofstuk wil ons nou by die simptome van hierdie siektetoestand stilstaan.

2. <u>Die kenmerkende simptoom: twee in een.</u>
Elke siekte het sy kenmerkende simptoom. Vigs wys in die swak weerstand van die pasiënt. Die kenmerkendste simptoom van die bediening van die "Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk, is dat dit 'n kerklike praktyk skep waar daar vir elke kerklike saak twee inhoude binne in een kerk is.

'n Tweede kenmerkende simptoom is dat dit 'n gemeentelike praktyk skep waar daar vir alles wat die kerk in sy belydenisse op papier bely, 'n ander praktyk binne die gemeentelike lewe is. Daar is dus vir een waarheid twee uiteenlopende en botsende inhoude binne in een kerk: die inhoud op papier en die inhoud in die lewe van die lidmate.

3. <u>Die kuns van reg diagnoseer.</u>
Dit kuns van genesing lê daarin om die simptome so te lees dat jy in en deur die simptome die werklike siekteoorsaak kan diagnoseer.

Vigs was jare lank ongediagnoseerd alhoewel die simptome elke dag bekend was. Die siektetoestand kon eers werklik aangespreek word toe die simptome so gelees is dat dit aan die bestaan van die Vigsvirus gekoppel kon word.

Die simptome van die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk word al sedert die bediening van Andrew Murray en kie. beskryf. Vandat die bediening van die "Twee Weë" in die Ned. Geref. Kerk ingevoer is, kla die lidmate al oor die simptome van die valse kerk.

Die tragedie is dat die leiers van wie die lidmate verwag het om vir hulle die siekte te diagnoseer, die draers van die pes was. Daarom was hulle nog altyd daarop uit om die simptome aan enige iets anders behalwe aan die oorsaak te koppel: die bediening van die "Twee Weë". So het die draers van die pes 'n uiters winsgewende genesingsbediening opgebou uit die pes wat hulleself versprei.

In hierdie hoofstuk wil ons die simptome van die siekte: 'n valse kerk binne die ware kerk, koppel aan die werklike oorsaak van die siektetoestand : die bediening van die "Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk.

4. <u>Twee dope in een kerk.</u>

Lidmate wie se godsdiens gevorm is deur die bediening van die "Twee Weë", is heeltemal van die inhoud van die Christendom vervreem tot goddeloosheid en bygeloof in die naam van Jesus. Vir hierdie lidmate kan die doop as teken dat lidmate deel is van die genade van God in die Evangelie, geen betekenis hê nie. Vir hulle is die doop 'n teken van hulle nabootsing van Jesus.

Die nabootsing van Jesus skep egter 'n krisis met die kinderdoop. Vir die ouers wat die kindjie in hulle bygeloof en goddeloosheid ten doop bring, is die doop vir hulle 'n onderneming wat hulle maak om hulle kindjie ook aan die nabootsing van Jesus toe te wy. Vir die kind wat hierdie doop ondergaan het en Jesus dan naboots in die "Twee Weë" as hy self groot is, het sy kinderdoop geen betekenis nie. Daarom laat baie lidmate hulle weer doop na hulle bekering of geesvervulling as teken van hulle "wedergeboorte".

Hierdie verwarring is direk gekoppel aan die bediening van die "Twee Weë". Die herdoop is godsdienstig korrek as die mens homself deur die bekering moet red en deur die Gees van God moet laat vervul. Die lidmate wat hulle laat groot en herdoop stap die volle pad van die "Twee Weë" wat hulle geestelike mentors hulle op begin lei het.

Die geestelikes mentors binne die Ned. Geref. Kerk kan egter nie soos die pastore in die Pinkstersektes, hulle lidmate se optrede openlik ondersteun nie, want op papier bely die Ned. Geref. Kerk 'n ander doop en op papier verwerp hy die herdoop.

Daarom moet hulle binne kerkrade, ring en sinodes ook amptelik en op papier hulle bekeerlinge binne die kerk akkommodeer na hulle bekering tot bygeloof.

Dit is die stryd wat sedert 1978 elke keer op die algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk openlik gestry word onder 'n vaandel van liefde en verdraagsaamheid. Met elke sinode is dit professore en predikante van die Ned. Geref. Kerk wat probeer om 'n amptelike beleid te verkry dat die lidmate wat hulle laat herdoop het, nie op so wyse dwaal dat hulle buite God se koninkryk verval het nie. Hierdie geestelikes probeer die herdooptes akkommodeer as mense wat net "in liefde begelei moet word" terwyl hulle nog in die amp mag dien en nagmaal mag gebruik.

Wie hom bekeer het volgens die "Twee Weë" het homself heeltemal van die Christelike godsdiens vervreem. God se koninkryk is die genaderyk in Jesus. Wie deur bekering verlos probeer word en met God se gees vervul word as tweede stap van die heil, is innerlik totaal vervreem van die genaderyk van Christus.

Die sinodes, ringe en kerkrade kan egter nooit die herdoop uitwys vir die werklike dwaling wat dit is nie. Die werklike dwaling is nie die herdoop nie. Dit is die bekering en geesvervulling. Herdoop is net die simptoom van die oorsaak: die "Twee Weë". Sou die kerk die herdoop aanspreek vir die dwaling wat dit werklik is, moet hy die "Twee Weë" as die werklik oorsaak van die doopsverwarring aanspreek.

Sou hierdie verwarring aangespreek word, is dit nie net die herdooptes wat dwaal nie, maar dan deel die eenkeer-gedooptes in presies dieselfde dwaling. Hulle akkommodeer hulle verwarring net in 'n nuwe betekenis van hulle kinderdoop: hulle het deur die "Twee Weë" hulle kinderdoop hulle "eie" gemaak. Hierdie eie-maak is om die doop te sien as hulle aanvaarding van die belofte wat hulle ouers gemaak het. Dat hulle verseël is as kinders wat sedert kindsbeen reeds gered en onder die volle heerskappy van die genaderyk van Jesus geleef het, sal nie een eenkeer-gedoopte wat die "Twee Weë" bewandel ooit kan aanvaar nie.

Daarom kan die kerk nie die doopprobleem aanspreek vir wat dit is nie. Die hele kerk, herdooptes en eenkeer-gedooptes, is totaal versink in hierdie goddeloosheid en bygeloof wat die kerk aan hulle as die waarheid voorgehou het. Om die doopkrisis aan te spreek vir wat hy is, sal die ganse kerk ontbloot staan as die misleier van sy eie lidmate.

Daarom is die Ned. Geref. Kerk. 'n kerk met twee dope. Die een doop is die Gereformeerde een op papier en die ander is die doopsoortuiging wat in die harte van die lidmate leef. Die druk op die sinodes, ringe en kerkrade om al twee dope te aanvaar, sonder om enige lidmaat tereg te wys dat hy uit die inhoud van die Christendom vervreem is, is die krag van die bediening van die "Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk.

5. Twee Nagmaalsvierings in een kerk.
Lidmate wat die volle pad van bekering en geesvervulling geloop het, is heeltemal van Jesus al Middelaar vervreem. Hulle ken en vertrou Hom nie vir plaasbekledende werke nie. Vir die bygeloof van die "Twee Weë" is dit ook glad nie nodig om Hom as Middelaar te ken nie. Hy is die rolmodel van wat hulleself moet bereik.

Vir hierdie lidmate is die nagmaal as sakrament van die plaasbekledende werk van Jesus heeltemal ontoeganklik. Daarom is daar twee Nagmaalsvierings binne in die kerk. Die een is die Gereformeerde weergawe op papier in die formulier vir die nagmaal. Die ander is die nagmaal wat die predikant met sy preek voorberei en die lidmate beoefen.

Vir lidmate wat die "Twee Weë" bewandel is die nagmaal 'n uitbeelding van die weg na Jesus wat hulle moet volg voor hulle vir die nagmaal gereed is. Die nagmaal is 'n geleentheid waar hulle opnuut eers weer hulle eie-ek kruisig, hulle self oopmaak vir God, hulle self afsterf en opnuut weer bekeer om vergewe te word. So berei hulle hulle self voor om die nagmaal te gebruik. Die leraar leer hulle ook so.

Hierdie inhoud van die Nagmaalsvierings in die harte van die lidmate, het die sinodes, ringe en algemene sinode in 'n krisis met die kinders by die nagmaal gedompel.

Binne die bediening van die Evangelie as weg van saligheid en as die regte lewenswyse moet kinders opgevoed word hoe om die Evangelie te glo en hoe om uit die geloof in die Evangelie te leef. Dit is 'n lewe hoe om die Middelaar te vertrou en hoe om uit jou vertroue in Hom te leef.

Hierdie opvoeding in die Evangelie is geen natuurlike of spontane wil en proses by kinders binne God se genade nie. Kinders moet die Evangelie geleer word. Hulle ken dit nie van self nie. Kinders moet geleer word om uit die geloof in die Evangelie te leef. Hierdie lewenswyse is geen spontane groeiproses nie.

Die wyse waarop die opvoeding plaasvind is deur die Evangelie aan die kinders te bedien. Kinders moet leer om te glo hulle is in Jesus geheilig. Hulle moet leer wat beteken dit om te leef uit die geloof dat ons heilig, sonder smet en onberispelik voor God is. Hulle ken dit nie. Hulle glo dit nie en hulle leef nie vanself so nie. Hulle moet leer wat beteken dit om te glo dat in die lyding van Jesus daar vir hulle geen veroordeling meer is nie; dat in die sterwe van Jesus daar geen boete vir die sonde meer is nie; in die begrafnis van Jesus daar geen vyandskap van God teen sondaars is nie; in sy ter helle neerdaling daar nooit weer enige verlating van God van 'n sondaar plaasvind nie; in sy opstanding, Jesus daar is vir sondaars en nie vir bekeerdes of geesvervuldes nie; in sy hemelvaart, Jesus sy werke uitdeel aan sondaars en in sy verheerliking Hy ons deur die Evangelie en nie meer deur die wet regeer nie.

Hulle moet deur die Evangelie opgevoed word om te weet wat dit beteken om uit hierdie volle geloof te leef.

Binne die bediening van die "Twee Weë" vind daar geen opvoeding binne die Evangelie plaas nie. Dit is alleen maar 'n uiterlike dissipline van 'n dissipelskap met Jesus as rolmodel. Sonde en bygeloof is by kinders spontaan. Om jou sonde as godsdiens te beleef is 'n natuurlike instink waarvoor geen kind enige opvoeding nodig het nie. Hulle doen dit vanself. Daarom is die "Twee Weë" iets wat 'n kind vanuit sy kinderskoene presies net soos die volwassenes kan doen.

As die nagmaal 'n seremonie is hoe jy Jesus moet naboots, kan kinders van kleinsaf maar saam die nagmaal gebruik. Hulle doen dit ook spontaan en natuurlik sonder enige opvoeding binne die Evangelie.

Om die verantwoordelikheid op te neem dat jy die Evangelie ken en weet wat dit beteken om uit die geloof in die Evangelie te leef, is die fokus van die nagmaalsbediening. Hierin verskil die nagmaal radikaal van die doop. Die nagmaal wil juis die gelowige in die geloof en die lewe uit die geloof versterk. Daarom kan kinders nie hierdie teken opneem nie. Eers nadat hulle opgevoed is in hierdie geloof en lewe uit die geloof, en hulle dit openbaar as verantwoordelikheid opneem, kan die nagmaal vir hulle betekenis hê.

Die druk van die geestelikes van die "Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk het gemaak dat die algemene sinode alreeds 'n verslag voorberei het vir die gebruik van die nagmaal deur kinders. Die enigste probleem is nog net hoe om die saak deur te voer binne die "Gereformeerdheid" van die kerk.

Die skyn van "Gereformeerdheid" word gehandhaaf in 'n voorstel dat die kind darem nog eers moet bely dat "Christus vir hom of haar gesterf het,". Dat elke kind opgevoed moet wees om die Evangelie te glo: te weet wat Jesus se geboorte, lyding, sterwe, kruisiging, begrafnis, ter helle neerdaling, opstanding, hemelvaart en verheerliking beteken, is nie meer ter sake nie. Dat 'n kind nog verder eers moet weet wat dit beteken om uit hierdie volle geloof te leef, is nog minder ter sake.

Binne die bediening van die "Twee Weë" het lidmate die volle Christenskap vir hulle self toegeëien sonder dat hulle die Evangelie glo of uit die Evangelie leef. Daarom kan die sinode, ringe en kerkrade dit nie nou as 'n eis aan die kinders stel nie.

Daarom moet al twee die Nagmaalsvierings goedgekeur word. Die een waar op papier die nagmaal die lewe uit die geloof in die Evangelie versterk en die nagmaal wat in lidmate se harte leef: die nabootsing van die weg van Jesus. Die enigste wyse waarop al twee geakkommodeer kan word, is om kinders wat van kleinsaf Jesus naboots ook tot die nagmaal toe te laat.

6. Twee getuienisse in een kerk.

Lidmate wat deur 'n bekering gered is en daarna geesvervuld geraak het met God, is totaal van die Evangelie vervreem. Daarom kan hierdie lidmate nie oor die inhoud van die Evangelie getuig nie. Hulle kan getuig van wat met hulle gebeur het. Dit wat met hulle gebeur het, was dat hulle uit die Christendom tot in die goddeloosheid en bygeloof van die wêreld bekeer is in die naam van Jesus.

Hierdie getuienis kan nie teenoor goddeloses en bygelowiges getuig word as die geloof in God nie. Die wêreld is klaar deel van hierdie goddeloosheid en bygeloof. Hierdie getuienis van die "Twee Weë" is 'n boodskap van die valse kerk aan die ware kerk. Dit moet teenoor die gelowiges betuig word binne in die eredienste wat hulle tot eer van God hou uit hulle geloof in die Evangelie.

Die plek waar die skare van gelowige Christene sy getuienis teenoor die wêreld aflê, is in die openbare belydenis van die Evangelie binne in sy eredienste. Vir lidmate wat die "Twee Weë" bewandel het, het hierdie deel van die erediens heeltemal sy betekenis verloor.

Daarom word die getuienis van die "Twee Weë" in die eredienste ingevoer as die "tyd vir getuienis". In hierdie nuwe liturgiese tyd word mense dan ingevoer vanuit die Gideons, die ACSV, die Radiokansel groepies, die Eilandesending, Japanse en ander sendinge, die Christensakemanne, die kerkkampe, die Jeugaksies, noem maar op, om hulle "getuienis" af te lê.

Hierdie getuienis is niks anders as om te vertel dat 'n mens deur 'n bekering gered word en daarna nog eers weer geesvervuld moet word. Die bedoeling van hierdie alternatiewe getuienis is dat lidmate van die geloof in die Twaalf Artikels verlei moet word. Daarom moet hierdie "getuies " in die eredienste teenoor die gelowiges "getuig" dat hulle ook altyd "gedink het hulle glo, maar voor hierdie twee stappe is jou geloof net 'n skyngeloof."

Hierdie praktyk van 'n "tyd vir getuienis" naas die gemeente se belydenis van die Twaalf Artikels, is nou amptelik al deel van die Ned. Gerf. Kerk se eredienste. Eintlik is dit veel erger, sedert die Jeug-tot-jeug aksie in die sewentigerjare, het die geestelikes van hierdie aksie dit deur die jeugkommissies van die sinodes reggekry dat dit as praktyk aanvaar word dat kinders nie tot openbare geloofsbelydenis toegelaat word voordat hulle nie 'n "persoonlike getuienis" voor 'n kommissie afgelê. het nie.

Hierdie "persoonlike getuienis" is nie die belydenis van die inhoud van die Twaalf Artikels nie. Dit is die getuienis oor 'n bekering tot redding en 'n bekering tot vervulling met die Gees van God. Die getuienis van die valse kerk is in baie Ned. Geref. gemeentes 'n voorwaarde om die belydenis van geloof in die Evangelie af te lê.

Die kerk kan nie hierdie "tyd vir getuienis" aanspreek vir die alternatief wat dit is op die inhoud van die Twaalf Artikels nie. In sy liturgie leer hy in sy eie handboeke en preke lidmate dat die Twaalf Artikels nie meer die inhoud van die geloof is waardeur jy die vergifnis omhels nie. In die eredienste word die vergifnis omhels met 'n boetedoenings liturgie en na die vryspraak op hierdie boetedoening word Ned. Geref. lidmate leer om die Twaalf Artikels op te sê om te wys hoe dankbaar hulle is vir die vryspraak.

Die geloof was nog nooit deel van die dankbaarheid van die kerk nie. Maar dit is presies hoe dit binne die "Twee Weë" geleer word. Daarom word die opsê van die Twaalf Artikels as geloofsbelydenis sowel as die "tyd vir getuienis" waar mense oor die "Twee Weë" getuig, binne een kerk en binne een erediens beoefen.

7. <u>Twee tugsisteme in een kerk.</u>
Lidmate wat deur 'n bekering gered is en daarna geesvervuld geraak het met God, is totaal van die Evangelie vervreem. Daarom het die tugkarakter van die wet en die Evangelie vir hierdie bygelowiges heeltemal verlore geraak.

In hulle verduisterde gemoed is daar net een van twee moontlikhede: óf jy is bekeerd en geesvervuld óf jy is nie. Van iets soos 'n gelowige wat 'n sondaar is, weet hulle nie. Van iets soos 'n kind van God wat bygelowig en goddeloos leef nog minder.

Daarom funksioneer die wet vir hulle nooit as middel wat 'n kind van God leer om die tug van die Evangelie aan te gryp as genesing nie. Die wet en Evangelie is vir hulle 'n bestraffing om bekeerd en geesvervuld te raak. As hulle dit doen, dan word hulle nie meer bestraf nie. Daarom is hierdie lidmate totaal van die tug van die kerk vervreem. Hulle ervaar enige vorm van tug as bestraffing, vernedering, onderdrukking en mishandeling deur "liefdelose mense".

Hierdie duistere gemoed het tot gevolg dat daar binne die Ned. Geref. Kerk twee tugsisteme funksioneer. Die een is in sy kerkorde wat so "Gereformeerd korrek" is dat jy hofsake daarmee kan wen. Die ander een is die tugproses wat die geestelikes van die kansels, uit die biduurgroepies en in die kringetjie van "wedergeborenes" binne die Ned. Geref. gemeentes teen die nie-bekeerdes en nie-vervuldes voer. Dit is die tugsisteem van die "Twee Weë".

Binne hierdie alternatiewe tugsisteem word daar van die kansel 'n skeiding binne die erediens gedryf tussen die ware bekeerdes en vervuldes en die nie-ware bekeerdes en vervuldes. Sonder enige regmatige bewys teen, of enige reg van verweer deur die gemeente, mag die geestelike leraar aankondig hoeveel persent van die gemeente " ken nog nie regtig die Here nie", " het nie 'n persoonlike verhouding met Jesus nie", "is nog nie bekeerd en geesvervuld nie".

Hierdie verdagmakery van die Ned. Geref. gemeentes deur sy eie voorgangers is bo enige vorm van verweer verhef. Jy mag nie vra na name, amptelike syfers van gekende besoekpunte nie, want dit is maar net 'n manier om die Evangelie te verkondig.

Die tug word meedoënloos gevoer deur die biduur- en geestelike-groepies. Hulle is die enigste mense wat ingelig word oor wie nie bekeer, geesvervuld, gered en wedergebore is nie, al is hulle nie deel van die kerkraad nie. Hulle is die wat besluit wie gereed is om voor gebid te word. Hierdie openbaar maak van die geestelike lewe van ander lidmate word nie openlik in en deur die kerkraad gevoer nie. Die kerkraad is glad nie deel van hierdie proses waar besluit word wie en waarom is sekere mense in die gemeente nie gered nie en aan wie se siele daar gewerk moet gaan word nie.

Hierdie toestand in die kerk maak dat daar baie keer gesê word dat die tug nie in die Ned. Geref. Kerk funksioneer nie. Dit is nie waar nie. Die tugsisteem van die "Twee Weë" word in feitlik alle Ned. Geref. gemeentes meedoënloos gedryf. Die tugsisteem op papier word nie baie gebruik nie. Dit is waar. Want enige kerkraad wat hierdie sisteem gebruik teen 'n "geestelike" se bygeloof, wetteloosheid en eiesinnigheid binne die gemeente, word selfs deur die algemene sinode gedwing om nie "liefdeloos" teen die "ywerige Christene" in die gemeentes op te tree nie. Om hulle bygeloof en wetteloosheid volgens tugprosedures te hanteer is iets wat glad nie binne die Ned. Gerf. Kerk kan gebeur nie.

Maar hoekom word hierdie tugsisteem dan nie afgeskaf nie? Dit word duidelik as 'n mens kyk wat gebeur in die gemeentes waar predikante of lidmate probeer om teenoor die "Twee Weë" die ware Evangelie in die gemeentes te probeer verkondig. Waar dit gebeur is dit hierdie selfde geestelikes wat die "Gereformeerde" tugsisteem in die kerkorde opneem om die leraars wat die Evangelie bedien, amptelike aan te kla as "mense wat nie in bekering glo nie" en mense wat "nie glo in die inwoning van die Gees nie".
Die tugsisteem word deur die geestelikes wat dit toepas so bedryf dat enige leerklag kan dien bloot as "'n nadelige gerug". Op so wyse gebeur dit gereeld dat 'n leraar wat die grondslag van die "Twee Weë" aantas, homself in 'n tugproses moet verweer sonder dat hy oor die standpunte van die klaers kan navraag doen of dit enigsins aan die orde kan stel. Hierdie tugsisteem word gevoer met die meedoënlose veronderstelling dat almal een in die geloof is.

Die amptelike tug word gebruik om enige teenstander van die "Twee Weë" in 'n openbare tugproses te verstrengel waarin daar geen einde of uitkoms is nie. Dan word die kerkorde se tugsisteem op so wyse gebruik dat die leraar gedwing word om "minder kras", minder onverdraagsaam", minder liefdeloos", "minder eensydig", "meer versoeningsgesind" en "nederig" op te tree.

Die bedryf van twee tugsisteme binne die Ned. Geref. Kerk is die wyse waarop die "Twee Weë" homself binne die gemeentes as die enigste geestelikheid laat geld.

8. <u>Twee verlossings in een kerk.</u>
Op papier bely die Ned. Geref. Kerk net een verlossing: die vergewing van sondes deur Jesus Christus. Binne die Evangelie is die oortreding van een gebod gelykwaardig aan die oortreding van al die ander gebooie. Die straf van God op die oortreding van een gebod is ook gelykwaardig aan die straf op al die ander gebooie. Daar is nie verskillende trappe van straf nie. Die straf is en bly altyd die ewige dood.

Die verlossing van God is ook gelykwaardig t.o.v. alle oortredings van die Tien Gebooie. Wie in die Evangelie glo is volkome van alle oortredings, straf en sondemagte verlos. " 13 Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. 14 Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes." (Kol. 1)

"14 Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. 15 Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer." (Kol. 2)

Binne die bediening van die "Twee Weë" word daar twee tipe verlossings aan die lidmate bedien. Die een tipe verlossing is om van jou eie-ek, jou eie-lewe, jouself wees en jou eie-beheer van jou lewe verlos te word. Hierdie verlossing word elke keer met die tweede tafel van die Tien Gebooie in verband gebring.

Binne die bygeloof van die "Twee Weë" skep die sondes van die eerste tafel van die Tien Gebooie egter 'n krisis. Hier gaan dit oor die sondes van bygeloof: towery, waarsêery, die aanbidding van afgode, die beoefening van magie, noem maar op.

Hierdie sondes en kragte word nie aangespreek as jy jou eie-ek kruisig, jou eie-belange aflê of God in jou beleef nie. Die mens kan nie van hierdie sondes ontkom deur die bekering of die vervulling met God se Gees volgens die bygelowiges nie. In hulle goddeloosheid glo hierdie bygelowiges dat daar in towery, magie, waarsêery en die aanbidding van die duiwel of ander magte, kragte is wat groter is as die vergifnis van sonde.

Hierdie magte kan alleen verbreek word deur die tweede tipe verlossing: die uitdryf van demone en duiwels.

Binne in die Ned. Geref. Kerk is daar 'n hele geestesbediening van duiweluitdrywing naas die verkondiging van die Evangelie. Hierdie bediening het al deel van die amptelike werk van sinodes geword. In die sinode van Noord-Transvaal was daar al 'n spesiale sinodale kommissie wat die hele praktyk van duiweluitdrywing deel van die gewone werk van leraars wou maak. Uit die werksaamheid van die kommissie is daar aan elke gemeente in Noord-Transvaal al 'n handleiding gestuur hoe om naas die vergifnis van sonde deur die evangeliebediening, ook duiwels uit te dryf uit  lidmate wat sondes gedoen het op die eerste tafel van die wet.

Die sinodes, ringe en kerkrade probeer hierdie duiweluitdrywing as 'n verlossing naas vergifnis "Gereformeerd" maak. Nooit durf hulle die waan van die bygeloof van 'n tweede verlossing naas die vergifnis van sonde ooit aanspreek nie. Om dit te doen moet die hele bediening van die "Twee Weë" as alternatiewe verlossing op die vergifnis van sonde aangespreek word. Die kerk kan dit nie doen nie, want dit is sy amptelike bediening aan sy lidmate.

Daarom word daar openlik twee verlossing binne een kerk toegelaat. Meer, hierdie bediening van duiweluitdrywing het al die magsbasis van 'n hele polisie-eenheid van die owerheid geword. Die bygeloof wat deur hierdie polisie-eenheid losgelaat word op die gemeenskap, word nie deur die Ned. Geref. kerk aangespreek nie. Die vrese wat hierdie staatsondersteunde propaganda losmaak in die Suid Afrikaanse gemeenskap, sanksioneer die passie vir 'n geestelike herlewing waarna die bedienaars van die "Twee Weë" soek.

Mense wat glo in Satansaanbidding en die magte van Satan, glo ook in die dubbele verlossing van die "Twee Weë".

9. <u>Twee verskillende maniere om die werk van Jesus te verstaan binne in een kerk.</u>
Die werk van Jesus word binne die belydenisse van die Ned. Geref. Kerk van begin tot einde verstaan as regverdiging. Binne die Gereformeerde kerk was die begrip: "regverdiging", nog nooit gesien as 'n begrip wat die werk van Jesus verduister nie. Dit is in Hebreeus, Grieks, Latyn, Duits, Nederlands, Engels en Afrikaans nog altyd gesien as die begrip waardeur die werk van Jesus volledig beskryf en saamgevat word.

Met die Nuwe Vertaling van die Bybel in Afrikaans is hierdie begrip vervang met die begrip "Vryspraak". Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat Afrikaners nie weet wat met die begrippe "regverdigheid" en "regverdiging" bedoel word nie.

Hierdie "nuwe begrip" van die werk van Jesus onder Afrikaners is seker een van die ingrypendste veranderings in die wyse waarop die Evangelie deur enige volk en binne enige taal nog oor die hele gang van al die eeue verstaan is.

Dit is 'n begrip wat die werk van Jesus heeltemal losmaak van die karakter van die Evangelie: van die persoon van Jesus self. Die Evangelie rus op die waarheid dat Jesus onder die wet kom leef het vir sondaars. Die eis van die wet is reg en geregtigheid, nie vryspraak nie.

Jesus voldoen aan die eis van die wet, nie deur vrygespreek te word nie, maar deur reg te leef en aan die geregtigheid van die wet te voldoen. Jesus word ook nie van die straf van die wet vrygespreek nie. Hy word aan die reg, die straf van die wet, onderwerp.

Die karakter van die Evangelie is dat die Gees lidmate met Jesus as mens in die hemel verenig. Dit is die uitdrukkings wat deurgaans gebruik word: ons is "in Christus" en "Christus is in ons".

Deur ons vereniging met Jesus kan ons nooit in Jesus se vryspraak deel nie. Hy was nooit vrygespreek nie. Hy was deur die reg van die wet veroordeel. Deur ons eenheid met Jesus deel ons in sy veroordeling onder die wet. Omdat ons in sy veroordeling deel is ons ook, nes Hy, regverdig voor die wet.

Die begrip: geregverdig, sluit meteens ook die begrip van reg leef in. Dit is die eenheid tussen die regverdiging deur die geloof en die regverdig leef uit die geloof. Die begrip: vryspraak het geen verband met reg lewe nie. Dit dui op die verlede, nie die toekoms nie.

Deur die begrip regverdiging te vervang met vryspraak, het die hele begrip van die karakter van die Evangelie verduister geraak. Dit het geen verband meer met Jesus wat reg leef, Jesus wat aan die reg van die wet voldoen, Jesus wat veroordeel word en ons wat, omdat ons in sy oordeel deel, geregverdig is en uit ons regverdiging leef nie. Die hele verband tussen die Regverdige en geregverdigdes is verbreek. Daar is nie 'n Vrygespreek met wie aangespreektes verenig word nie.

Tog het daar nog geen beswaar teen hierdie nuwe begrip gekom nie. Inteendeel, dit word vir Afrikaners geloof as 'n baie duideliker verstaan van die Evangelie. Die beswaar wat 'n sinode wel aan die vertalingskommissie deurgegee het, is deur hulle afgewys as die kritiek van mense wat sosiale geregtigheid voorstaan. Die sinode het met hierdie teregwysing volstaan.

Dit is so! Indien 'n mens deur die "Twee Weë" bekeer en vervul is, is daar geen verband tussen godsdiens en die begrip: reg en geregtigheid nie. Daarom roem die Ned. Geref. Kerk dat Afrikaners in hierdie begrip: vryspraak, die Evangelie baie beter kan verstaan. Dit is 'n getuienis van hoe diep die begrip van Afrikaners versink is binne die "Twee Weë" se godsdienstige bedoeling. Dit is 'n getuienis van hoe wyd die Ned. Geref. Kerk se bediening van die "Twee Weë" onder die Afrikanergemeenskap strek.

Wat nie verstaanbaar is nie, is dat in die Ned. Geref. Kerk se belydenisskrifte, voor enige beweging van sosiale geregtigheid, reeds in die sestiende eeu, die Evangelie verduidelik is met die begrip: geregtigheid. Dit was nie toevallig nie. Want binne die Bybel is dat deurgaans die woord en begrip wat as volkome duidelik aanvaar word in die Grieks en die Hebreeus vir die verkondiging van die werk van Jesus.

Binne die Ned.Geref. Kerk is daar nou twee maniere om Jesus se werk te begryp: die een volgens die begrip: "vryspraak", in die Bybelvertaling, en die ander volgens die begrip: "regverdiging", binne die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk.

Dit is alleen moontlik omdat die Evangelie wat binne die Ned. Geref. Kerk bedien word, geen verband het met die begrip van geregtigheid binne die Evangelie nie. Dit is die begrip van die godsdiens binne die bediening van die "Twee Weë".

10. <u>Twee maniere om God te loof, te aanbid en te eer in een kerk: lof, aanroeping, erkenning teenoor lofprysing, aanprysing en opheffing.</u>

Die rede waarom die Here geloof, aangeroep en erken word in die Christelike godsdiens word in die Evangelie aan lidmate meegedeel: omdat God sy liefde, genade, goedheid, barmhartigheid, lankmoedigheid en getrouheid elke dag deur Jesus Christus aan ons meedeel.

Die wyse waarop die Christelike godsdiens die Here loof, erken en aanroep word in die Tien Gebooie aan die kerk geleer.

Lidmate wat deur 'n bekering gered is en daarna geesvervuld geraak het met God, is totaal van die Evangelie en die Tien Gebooie se werking vervreem. Die nuwe alternatiewe rede vir lof, aanroeping en die erkenning van God is nie om die Here vir sy genadegawes in die Evangelie te dank nie. Andrew Murray het dit vir ons duidelik uitgespel: dit is om een met die persoon en lewe van God te word.

Die nuwe wyse waarop hierdie lof, aanroeping en erkenning plaasvind is ook nie meer volgens die riglyne van die Tien Gebooie nie. Hierdie dade word nou gedoen met Jesus as 'n model hoe die mens homself met God kan identifiseer.

Hierdie nuwe inhoud en bedoeling van die lof, aanroep en verering van God het 'n heeltemal nuwe wyse van aanbidding binne in die eredienste van die Ned. Geref. Kerk tot stand gebring. Die gewone lof aan God is vervang met lofprysing. Die gewone aanroep van God is vervang met aanprysing en die gewone verering van God is vervang met opheffing.

Die lof wat aan God gebring moet word binne die godsdiens, is dat lidmate in die openbaar alle dank aan God sal bring vir alles wat God hulle in die lewe laat toekom. Die nuwe lofprysing wat in Ned. Geref. gemeentes as 'n nuwe kursus in lofprysing aangebied word bestaan daarin dat lidmate hulle so in God inleef dat hulle verander van gewone Christene wat maar net dank aan God bring tot mense wat "op die skoot van God gaan sit." Hulle word mense wat een met God is in sy privaatheid van sy selfwees. Hierdie kursus word landswyd deur Ned. Geref. leraars bemark en in die eredienste bedryf.

Die aanroep van God vir alle hulp, alle raad, alle wysheid, alle uitkoms en alle nood is die gewone wyse waarop Christene God aanbid. Hulle roep niks buiten Hom aan en hulle vertrou op niks buiten Hom alleen nie. Binne in die eredienste van die Ned. Geref. Kerk is hierdie aanroeping met aanprysings vervang. Aanprysings is waar vir God handegeklap word, vir God aanprysings gegee word op so wyse dat lidmate God goed laat voel oor Homself. Handeklap en uitroepe is deel van die landswye "erediens vernuwing" binne die Ned. Geref. kerk.

Die gewone verering van God binne die godsdiens is waar die mens openlik, woordeliks en teenoor God erkenning aan Hom gee vir wat Hy as God doen en is. Hierdie verering is 'n woordgebeure. Daarom is die verering van God 'n woordgemeenskap met God.

Hierdie verering is binne in die Ned. Geref. Kerk vervang met die opheffing van God. Die mens maak van God 'n ophef om so homself in God in te leef en God binne in Homself te beleef. Hierdie ophef maak van God is nie meer 'n woordgemeenskap nie. Dit is verander in lyftaal. Die lidmate moet hulle hande in die lug opsteek, hulle moet hulle lywe beweeg en hulle moet liggaamlik ril van vreugde terwyl hulle met God besig is. Koordanse word binne in Ned. Geref. eredienste as 'n nuwe "aanbiddingswyse" deur predikante geleer. Lidmate praat nie meer met God nie. Hulle dans, wikkel en swaai voor Hom.

Hierdie wyse van verering kan nie meer deur die kerk as 'n erotiese kultus binne die Ned. Geref. Kerk aangespreek word nie. Wie met God identifiseer is nie besig om God te behaag nie. So mens is net besig om Homself met God te bevredig in die volle erotiese betekenis van selfbevrediging. Tussen die sielkundig verfynde selfbevrediging om met lofprysing, aanprysings en 'n ophef van hande en lyftaal jouself in die privaatheid van God se selfwees in te wikkel, "op sy skoot te gaan sit", en die tempelprostitusie van die kerk in die tyd van die profete, is daar net 'n verskil in die beskaafdheid waarmee dit gedoen word. Daar is geen godsdienstige verskil nie.

Dit is nie toevallig dat hulle wat op God se skoot te lande kom, die predikant of die naaste lidmaat "heug" nie.

Die kerk kan nie hierdie erotiese lyfkultus aanspreek, sonder dat hy daarmee die wortels van die beweging blootlê nie: die bekering as weg van redding en geesvervuldheid as tweede heilsweg. Doen hy dit, sal elke lidmaat, nie net die erotiese groep nie, ontnugterd staan oor die misleiding van die leiers wat hy met sy godsdiens vertrou het binne die Ned. Geref. Kerk.

Daarom word hierdie erotiese en lyfkultus naas die woord gemeenskap met God geregverdig as net 'n tweede manier om 'n erediens tot eer van God te hou. Dit is die krag agter die hele beweging waar daar in een Ned. Geref. gemeente in die oggenddiens 'n "gewone" erediens gehou word, maar in die aand 'n "vernuwende" en "vrye" erediens.

Dat hierdie nuwe aanbiddingswyse soveel jongmense trek, maak hierdie verwarde en bygelowige gemeenskap nie bekommerd nie. Dit is vir hulle 'n bewys dat die reg is: dit trek die jongmense. "Jongmense" het nog nooit die verering van hulle kultushelde gesien of beleef as 'n woordgemeenskap nie.

Hierdie beweging van "vernuwing" binne in die eredienste van die Ned. Geref. Kerk het al so ver gevorder dat lidmate kan besluit watter gemeentes se eredienste wil hulle bywoon: die gewones of die "vernuwendes" s'n.

Al wat die kerk in sy vergadering amptelik kan doen is om "Gereformeerde" waarskuwings te laat hoor. Dinge moet darem binne die "Gereformeerdheid" bedryf word: ook die lyftaal. Die simptome kan behandel word, maar die oorsaak is die amptelike beleid van die kerk: die bediening van die "Twee Weë". Dit moet behou word.

11. Twee gemeenskappe in een kerk.

Die gemeenskap van gelowiges met Christus is dat hulle deel in sy weldade wat Hy vir hulle bewerk het. Hulle deel die heiligheid, geregtigheid, veroordeling, vervloeking, boete, verwerping, die opstanding en die guns wat Jesus as mens van die Vader gedra het en verwerf het. Hulle deel in die volle vergifnis en die liefde wat God vir sy kinders het deur hierdie werke van Jesus.

Om saam in die weldade van die Evangelie te deel, is die gemeenskap van die kerk. Dit is die gemeenskap wat hulle met mekaar het en in die openbare eredienste vier.

Lidmate wat deur 'n bekering gered is en daarna geesvervuld geraak het met God, is totaal van die Evangelie vervreem. Hulle wil nie meer in die weldade van die Evangelie deel nie. Hulle wil in die persoon en lewe van God met God self deel. Dit is die nuwe alternatiewe gemeenskap met God. Hierdie gemeenskap word gevorm deur op die rolmodel van Jesus jouself met God een te voel en een te leef. Dit is om deur Jesus as rolmodel jou met God te identifiseer.

Hierdie identifikasie met God deur Jesus skep 'n totaal nuwe gemeenskap tussen lidmate van die kerk. Hulle deel nie meer saam in die weldade van die Evangelie nie. Hulle deel nou elkeen op sy eie 'n "intiem persoonlike verhouding met God."Hierdie intimiteit met God is nie iets wat 'n mens met 'n ander lidmaat kan deel nie.

Dit verander die hele karakter van gemeenskaplike byeenkomste. Gemeenskaplike byeenkomste gaan nie meer oor dit wat saam gedeel word en saam gevier word nie. Die viering van die weldade van die Evangelie waarin almal deel en almal saam kan vier, is vir hierdie bygelowiges totaal verlore. Dit is vir hulle "koud", "doods", "formeel", "liefdeloos", "te styf" en "te onbetrokke".

Hierdie nuwe gemeenskap kan nie meer die hele gemeente en die samekoms van al die lidmate in die erediens beleef as die gemeenskap van die gelowiges met Christus nie. Vir die beoefening van hierdie intiem persoonlike assosiasie wat hulle met God het, kan die ander lidmate alleen nog maar as 'n ondersteuningsgroep funksioneer wat elkeen in sy eie privaat assosiasie met God versterk.

Die gemeentebyeenkoms in die eredienste kan nie werklik as ondersteuningsgroep vir persoonlike assosiasies met Jesus funksioneer nie. Ondersteuningsgroepe kan net werk as kleingroep. Hoe kleiner dit is hoe beter funksioneer dit.

Daarom leef die nuwe gemeenskap met Jesus as rolmodel net as alternatiewe kleingroepe binne die kerk. Die gemeentelike gemeenskap met Christus in die viering van die erediens is vir hierdie nuwe gemeenskapssug totaal van geen waarde nie. Daar is nie vir hulle 'n gemeenskap binne die eredienste met die medegelowiges nie.

Daarom word die eredienste gereduseer tot inligtingsgeleenthede oor godsdienstige sake, vermaaklikheidsgeleenthede en geleenthede om openbare demonstrasies van persoonlike godsdienstige ervarings te maak. Die werklike gemeenskap van lidmate wat persoonlik en intiem met God identifiseer is 'n stuk privaatheid waarvoor hy net ander as ondersteuners, nie as deelgenote nodig het nie.

Daarom word daar naas die gemeenskap van die gelowiges in die erediens 'n massa parakerklike ondersteuningsgroepe opgerig waarin die lidmate voel hulle die werklike hulp, ondersteuning, aanmoediging en bystand in die godsdiens kry wat hulle nie in die eredienste kry nie. Dit is die wêreld van die ACSV, die Radiokanselgroepies, die Gideons, die EE 3 werkers, die Hospitaalbond, die "Sendinggroepies" met al die duisende persoonlike sendinge van al die geestelike visioenarisse, die Christensakemanne, Atlete vir Christus, noem maar op!

Vir elke kulturele identiteitsgroep moet daar 'n geestelike ondersteuningsgroep gestig word om hom te help om sy Jesusidentiteit te kan uitleef.

Die Ned. Geref. Kerk kan nie hierdie selfsugtige en selfbehepte godsdiens waarin daar geen gemeenskap van gelowiges met die weldade van die Middelaar is nie, aan-spreek nie. Om dit te doen moet die oorsaak uitgewys kan word. Die oorsaak is egter die selfgekiesde geestelike bediening van die Ned. Geref. Kerk van die "Twee Weë".

Daarom is daar nou 'n openlike organisering van die kerk as nuwe gemeenskap: die kerk as kleingroep binne die grootgroep. Waar die Ned. Geref. Kerk in die verlede weens die druk van "Gereformeerdheid" hierdie ondersteuningsgroepe buite die gemeente laat funksioneer het in vrye verenigings, is dit nou die "nuwe rigting" om die kerk in selgemeentes binne 'n gemeente te organiseer.

Binne in die Ned. Geref. Kerk kan jou nou deel van twee gemeenskappe wees. Jy kan lidmaat van die gemeente wees wat net die eredienste bywoon of jy kan deel van die kring van die ware wedergeborenes wees wat hulle nou al deur die kerkraad en leraar as selgemeentes binne die gemeente organiseer.

12. Twee bedieninge in een kerk.
In die kerk van die Here is daar net een bediening: die bediening van die Evangelie aan die kerk van die Here. Die kerk bedien die Evangelie aan sy lidmate deur die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en die uitoefening van die Christelike tug. Hierdie is die enigste bediening waarvoor die kerk geroep is en waarvoor hy deur die Gees van God toegerus is.

Hierdie bediening is gegrond in die genadeheerskappy van Jesus Christus self. Die kerk van die Here is die enigste instelling wat Jesus skep en gebruik om sy genadeheerskappy uit te oefen en uit te brei. In Jesus se uitoefening van sy genadeheerskappy oor sy kinders is die kerk spesifiek geroep om die Evangelie aan hulle te bedien.

'n Kerk wat die "Twee Weë" aan sy lidmate bedien, het homself heeltemal van die bediening van die Evangelie aan die kerk van die Here vervreem. In die bediening van die "Twee Weë" word Jesus as nuwe wet en rolmodel aan die gemeente voorgehou.

Hierdie bediening van Jesus as rolmodel aan die kerk versplinter die bediening van die Evangelie in duisende "bedieninge".

Teenoor die bediening van die Evangelie in die gemeente ontstaan daar alternatiewe bedieninge. Met Jesus as rolmodel word sy dade waarin Hy sy Godheid bewys het sodat sy volgelinge Hom as God kon vertrou, verander na geestelike bedienings wat Hy begin het en nou na ander oordra. Uit sy genesings kry geestelikes 'n rolmodel vir hoe die kerk 'n genesingsbediening moet beoefen. Uit sy mag oor die bose kry hulle 'n rolmodel hoe om 'n duiweluitdrywingbediening te beoefen. Uit sy gebed tot sy vader kry hulle 'n rolmodel om 'n gebedsbediening te beoefen. Uit sy genadetoesegging as Middelaar kry hulle 'n rolmodel hoe hulle 'n vergifnisbediening te kan uitoefen.

Hierdie bedieningsversplintering maak van elke gewone aktiwiteit van 'n gemeente 'n geestelike bediening. Die kerk se bediening is die Evangelie. Die gewone gemeenskapslewe en gemeenregtelike lewe van die gemeente kan nooit sy bediening wees nie. Blomme rangskik, koekbak, organiseer, bestuur, nuusbriewe opstel, orrelspeel, sing, noem maar op! Hierdie sake kan nie deel van die kerklike bediening wees nie. Die kerk kan sy bediening volledig uitvoer en Christus kan heeltemal sonder hierdie sake sy gemeente volledig tot volle godsdiens toerus.

Waar mense geleer word dat Jesus hulle rolmodel is, word elke gemeentelike aktiwiteit egter nou deel van die bediening van die kerk. Die gewone gemeentelewe word nou onder die las geplaas, dat almal se gewone talente en werksaamhede, bedien-ingsgawes en bedieningsaksies is, waarsonder die gemeente nie gebou kan word nie.

Hierdie alternatiewe bedienings word nou deel van die amptelike organisering en bestuur van die kerkraad. Binne in die Ned. Geref. Kerk is gemeentes besig om hulleself op hierdie rolmodel van Jesus te herorganiseer as gemeentes waarin die "gawebediening" funksioneer, anders as in die gewone gemeentes waar net die Evangelie bedien word. Dit is die duistere wêreld van gemeentebou binne die Ned. Geref. Kerk. Dit is nie meer Christus wat 'n gemeente bou enkel en alleen deur die evangeliebediening nie. Dit is die gemeentelede wat elkeen met sy gawe en die gemeente as geheel met 'n "gawebediening", die gemeente bou.

Die Ned. Geref. Kerk kan nie die verval van sy presbiteriale gemeentestruktuur teen hierdie nuwe bedryfsgerigte gemeentebestuur aan die een kant en die charismatiese bedieningsmodel aan die ander kant, meer verdedig nie.

Om dit te doen, moet die bediening van die "Twee Weë" as alternatief op die bediening van die Evangelie uitgewys word. Dit kan die Ned. Geref. Kerk nie doen nie. Dit is sy evangeliebediening aan sy lidmate. Daarom moet daar net elke keer gekyk word dat die nuwe "gawebediening" nie teen die gereformeerde "styl" is nie.

Lidmate in die Ned. Geref. Kerk kan kies tussen gewone gemeentes waar net die Evangelie bedien word of gemeentes met 'n gawebediening.

13. Ampsdraers en werkers in een kerk.
Die genadeheerskappy van Christus het drie ampte binne die kerk tot stand gebring. Hierdie ampte is die enigste ampte wat daar in die kerk van die Here kan wees. Al drie die ampte gaan oor die bediening van die Evangelie aan die gemeente. Die leraar bedien die Evangelie deur die Woordverkondiging en die sakramente. Die ouderlinge waak oor die lewe van die lidmate vanuit die geloof en die diakens versorg die noodbehoewendes binne die geloof. Die ampte gaan oor dienswerk.

Hierdie ampte is aan geen persoonlikheidstipe of persoon gekoppel nie. Die ampte is aan die gemeente gekoppel. Die gemeente word deur die ampte bedien. Dit is die geestelike bestuurskarakter van 'n gemeente binne die genadeheerskappy. Dit is anders met die wetsheerskappy van God: die gemeente word met dienswerk bedien, nie met wetlike magte beheers nie. Daarom is die samestelling van die kerkraad uit 'n leraar, ouderlinge en diakens nie net 'n bepaalde bestuursmodel nie. Dit is volgens die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk die enigste wyse waarop 'n gemeente deur Christus regeer word: deur mense wat tot diens geroep word.

Die ampte van leraar, ouderling en diaken is ook direk aan 'n bepaalde roeping en werksaamheid verbind. Diensbaarheid en werksaamheid is een saak binne die Evangelie. Die leraar word afgesonder vir die bediening van die Evangelie deur Woordverkondiging en sakramentsbediening. Die ouderlinge is spesifiek afgesonder vir toesig oor die bediening van die Evangelie en die diakens spesifiek vir die versorging van die noodbehoewende gelowiges.

Die bediening van die "Twee Weë" het die lidmate heeltemal van die bediening van die Evangelie vervreem. Dit is nie meer die Evangelie wat aan gemeentes bedien word nie, maar bygeloof en goddeloosheid in die naam van Jesus. Hierdie bygeloof en goddeloosheid in die naam van Jesus kan nie as 'n dienswerk aan die gemeentes van die Here bedien word nie. Dit is 'n magsgreep wat op die gemeentes uitgeoefen word.

Daarom vervang die bediening van die "Twee Weë" al drie die ampte met een enkele magsposisie. Hierdie magsposisie is die mag om ander lidmate aan die bygeloof en goddeloosheid te onderwerp. In hulle geestelike taal: dit is die mag om ander na Jesus te lei deur hulle te bekeer en geesvervuld te laat word. Die titel wat hierdie persone van die begin van die Murray-herlewings afgedra het, is: "geestelike werkers".

Hierdie beskrywing is korrek. Geestelike werkers beklee geen amp nie. Hulle word nie deur die gemeente van die Here tot die werksaamheid geroep of georden nie. Hulle is mense wat die vaardigheid en kuns om lidmate sonde te laat doen in die geloof dat hulle bekeer en geesvervul word, bemeester het. Hulle is funksionarisse van misleidende vaardighede.

Waar die bediening van die "Twee Weë" die bediening van die Evangelie vervang het, is die "geestelike werkers" die nuwe bestuur van 'n gemeente. Al drie die ampte verval. Die geestelike werkers neem die posisie van die ouderlinge oor. Waar die ouderlinge moes waak oor die Evangelie word hulle nou die mense wat lidmate moet gaan bekeer en geesvervuld laat word. Die leraar word 'n koördineerder, inspireerder en organiseerder van die geestelike werkers. Die diakens word net gewoon kollektante wat die funksionarisse moet finansier.

Binne die Ned. Geref. Kerk het hierdie nuwe geestelike bestuur wat op mag en funksies geskoei is homself tot en met die sewentigerjare net binne die ampte laat geld. Die druk van hierdie valse kerk het egter nou so groot geword dat kerkrade heeltemal deur gemeentebouprogramme ingerig word om volgens die alternatiewe magsposisies te funksioneer.

Kerkrade stel nou geestelike werkers aan wat die wykswerk van ouderlinge doen. Ouderlinge is nog net koördineerders van die geestelike werkers. Diakens word ook net koördineerders van kollektante en leraars word die inspireerder en dryfkrag van hierdie nuwe orde. Hierdie sisteem word in die Ned. Geref. Kerk onder die vaandel van makrogemeente bediening amptelik bedryf in gemeentes. Vir ouderlinge en diakens word die roepingsisteem nog gebruik. Geestelike werkers en kollektante bewys hulle self vir hierdie magsposisie.

Die Ned. Geref. Kerk kan nie meer hierdie kongregasionalisme binne sy gemeentes aanspreek nie. Dit is die wil en produk van sy selfgekiesde alternatiewe bediening: die bediening van die "Twee Weë".

Binne een en dieselfde Ned. Geref. gemeente kan 'n lidmaat nou wag dat hy tot die amp verkies word deur die kerkraad, of hy kan homself as kollektant en geestelike werker aanmeld.

14. Begrensde en grenslose gemeentes in een kerk.
Hierdie vervanging van die ampte met die mag van die geestelike werkers het tot 'n baie besondere geskilpunt binne die Ned. Geref. Kerk gelei: die afskaffing van gemeentegrense. Hierdie is die laaste stap om die struktuur van die kerk te omvorm volgens die bediening van die "Twee Weë".

Die ampte bedien die Evangelie aan lidmate. Die ampte is diensposisies wat aan die gemeente gekoppel is. Dienswerk het altyd beperkings. Ouderlinge kan net oor 'n sekere gebied regtig toesig hou oor sy lidmate. Die leraar kan net oor 'n sekere aantal lidmate die Evangelie bedien en diakens is beperk tot hulle onmiddellik omgewing om regtig die nood van die lidmate te ken.

Verder is gemeentes in die dienswerk wat hulle lewer gelykwaardig. In een gemeente word daar nie 'n ander Evangelie as in die volgende gemeente bedien nie. Waar lidmate van die kerk verwag om die Evangelie aan hulle te bedien, bied elke gemeente aan elke lidmaat presies dieselfde diens deur dieselfde ampte.

Mag het egter geen grense nie. Mag kan effektief uitgeoefen word sonder om enige dienswerk te lewer. Mense kan orals en enige tyd bekeer en bewerk word om geesvervuld te word. Die wyse waarop dit gedoen word, verskil ook van een persoonlikheidstipe na die ander. Meer nog, die hele geestelikheid gaan oor die nabootsing van Jesus. Elkeen doen dit op sy eie manier, op die die wyse wat by hom pas en waarvan hy hou.

Daarom wil hierdie gemeentes waar die bediening van die Evangelie deur die drie ampte vervang is met 'n funksionele raad van geestelike werkers deur geen grens ingebind word nie. Elke lidmaat moet kan inskakel by die Jesusmodel wat hom pas en wat sy behoefte in sy eie bygeloof en goddeloosheid bevredig.

Die Ned. Geref. Kerk word met elke sinode net verder gedruk om as laaste stap van hierdie proses alle gemeente grense te laat verval. Lidmate moet self kan kies waar hulle bekeerd en geesvervuld wil wees. Die dienswerk van die kerk aan al sy lidmate raak net meer en meer verlore. Die kerk kan nie meer hierdie "makrobediening" teengaan nie. Hy kan nog net probeer om dit met 'n gereformeerde logika te bedien.

Binne baie Ned. Geref. ringe het lidmate al die vryheid om te besluit by watter tipe gemeente hulle wil inskakel volgens hulle behoeftes. Hulle kan lidmate wees van 'n gemeente met grense of hulle kan inskakel in 'n gemeente met 'n grenslose bediening.

15. Twee bygelowe in een kerk.
Die Evangelie maak lidmate vry van alle bygelowe en alle goddeloosheid. Dit was en sal altyd die krag van die Evangelie wees. In die tyd van Dawid het die skrywer van Gen. 1 al alle ander gode bespotlik gemaak as groot en klein ligte vir mense en kos vir mense en diere. Die blyplek van gode word in Gen. 1 beskryf as die blyplek van visse, voëls en diere. Daar is net een enige God. Dit is Hy wat die Sabbat as seremonie gegee het as teken dat net sy kerk vir diens aan Hom geheilig is. Alle ander kultusse is goddelose bygelowe.

Dit was die krag van die Christendom in die tyd van die apostels. Alle ander verering van God of gode is deur die Evangelie blootgelê as bygelowe wat goddeloosheid en nie godsdiens bedien nie. Die kerk het nog nooit enige respek vir bygelowe gehad nie.

Lidmate wat hulle deur 'n bekering gered en daarna geesvervuld laat word, het, is vasgevang in die duisternis van goddeloosheid en bygeloof in die naam van Jesus.

In die ou Suid-Afrikaanse politiek was hierdie bygeloof en goddeloosheid vir die lidmate van die Ned. Geref. Kerk die ware godsdiens teenoor die bygeloof van die Afrikakulture. Die verskuiwings van die magsbalans na die Afrikakultuur het egter die ware aard van hierdie bygeloof van die "Twee  weë" blootgelê.

Van die sendelinge en geestelike werkers wat in die Afrikakultuurkonteks werk, sou 'n mens verwag het dat hulle ten spyte van die politieke korrektheid van die dag, lidmate op die gevare van die Afrikabygelowe sou gewys het. Die teendeel is waar.

Vanuit die algemene kommissie vir sending en evangelisasie van die Ned. Geref. kerk het daar kennisgewing uitgegaan dat hulle die program, werkswyse en materiaal van die nuwe vereniging IBSA in beginsel goedgekeur het. Hierdie kennisgewing aan die kerk weerspieël die gees van die tyd.

Hierdie vereniging bedien die inhoud van die "Twee Weë" binne die Afrikakultuur konteks aan arbeiders op plase. Die kerke waarmee hierdie vereniging saamwerk vir hulle geestelike bediening is o.a.: Old Apostolic Church, First New Goverment Church of Christ, Bethel, Z.C.C., Morning Star Mission, Head Mountain, C.C.Z., New Church, Nazareth, Memorian Episcople Church of Zion en African Catholic Church.

Die leraars en lidmate binne die Ned. Geref. kerk kan in die nuwe magskonteks nou vryelik met hierdie groepe saamwerk vir "die uitbreiding van die Evangelie." Die magie en bygeloof binne hierdie groepe word nou gewoon geregverdig as net "hulle manier" van godsdiens wat vir Westerlinge 'n bietjie vreemd is. Hierdie vreemdheid sou nou net 'n kultuurverskil wees. Die Ned. Geref. Kerk moet verby hierdie "kulturele andersheid" kyk en nou saamwerk met hierdie groepe aan die geestelike bediening van die "Twee Weë". Hierin is die kerk in beginsel een met hierdie sinkretistiese groepe.

Binne die VGK gemeentes is stamdanse, tongetjie en baie elemente van die Afrika-bygeloof al deel van die eredienste. Dit is ook heel verstaanbaar. Hulle word ook gelei in die bediening van die "Twee Weë". Bygeloof is bygeloof, en in die nuwe mags-konteks mag daar nie teen die Afrika-kultuur gediskrimineer word nie. Daarom is hulle bygeloof nou maar net hulle manier om presies te doen wat in die bygeloof van die "Twee Weë" beoefen word.

Binne in die Ned. Geref. Kerk is daar 'n hele nuwe bediening deur geestelikes om lidmate te oortuig dat die bygeloof van die Afrika-kultuur maar net vir ons anders is omdat dit vir ons eie kultuur vreemd is. Hierdie bygeloof moet nou as net 'n ander kulturele manier van glo aanvaar word. Hierdie aanvaarding is alleen binne die bygeloof van die "Twee Weë" moontlik.

Die enigheid van die kerk se geloof kan nie meer teenoor hierdie bygelowe in die nuwe magspolitiek van die land gehandhaaf word sonder om die bygeloof van die "Twee Weë" openlik aan die orde te stel nie. Daarom swyg die kerk gewoon op so wyse dat lidmate binne die eenheid van die Ned. Geref. kerke verband bygeloof op die Westerse of Afrika manier kan beoefen.

16. Rassisme en eendersheid in een kerk.

Hierdie aanvaarding van die "kulturele andersheid" van die bygelowe van Afrika as maar net 'n ander manier van aanbidding is 'n blatante rassisme teen blanke sinkretisme. Terwyl daar aan die een kant openlik regverdigings gemaak word vir Afrika sinkretisme, word blanke kultusse soos die Nuwe Apostoliese en Ou Apostoliese kerke veroordeel as groepe waar die heidendom so met die Christendom vermeng is dat "die evangelie van sy wese beroof is." Die swart eweknieë van hierdie groepe word vir samewerking in evangelisasie deur die kommissie vir sending van die algemene sinode aanbeveel. (Dit is volgens die Ned. Geref. kerkorde.)

Dit is ook 'n blatante godsdienstige diskriminasie teen die Afrikakultuur. Volgens hierdie nuwe geestelike opportunisme mag die Christelike kerk nie meer die bygeloof in die Afrikakultuur as bygeloof aanspreek nie. Dit sou nou nie meer polities korrek en "sensitief" genoeg wees vir hierdie mense se andersheid nie.

As Westerse mense egter dieselfde bygeloof beoefen dan word hulle daarvoor geminag en verwerp as heidens: mense by wie "die Evangelie van sy wese beroof is." Met hierdie gewaande aanvaarding van die kulturele andersheid word daarmee eintlik gesê dat die Afrikakulture nie die Christelike geloof kan glo en aanvaar nie.

Hierdie oortuiging is gewoon rassisme op geestelike vlak. Die Evangelie was al vir vierhonderd jaar lank in die Oosterse kultuur geglo voordat die Germane, Kelte, Franke en Gote dit aanvaar het.

Die ironie is dat waar hierdie geestelikes die bygeloof van die Afrikakultuur aan hulle kulturele "andersheid" toeskryf, dit juis hierdie selfde geestelikes is wat op alle vlakke druk uitoefen vir die eenwording van die verskillende Ned. Geref. Kerke om 'n eenheidskerk te vorm.

Dit is die geestelike visie dat uit al die kulture daar in eredienste, kerkraads-vergaderings, ringe en sinodes net een Ned. Geref. Kerkstruktuur moet wees. Die kulturele andersheid van al die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika wat so kerklike organisasie gewoon onmoontlik maak, moet as 'n sonde bely word. So wil hierdie geestelikes dit hê.

Hierdie geestelikes leef en werk in totale teenstrydighede. Aan die een kant word die kulturele "andersheid" eers as motivering gebruik word om Westerse gemeenskappe te oortuig dat die bygelowe van Afrika as reg aanvaar moet word. Hulle kulturele andersheid maak dat lidmate uit verskillende kulture nooit een geloof sal uitleef nie. Lidmate moet twee verskillende gelowe binne in een kerk aanvaar: die Westerse manier van glo en die Afrika manier van glo.

Aan die anderkant mag 'n mens nie die kulturele andersheid aantoon as gronde waarom daar nooit 'n eenheidskerk gevorm kan word nie. Dit is sonde om so iets te doen. Lidmate wat so dink moet as rassiste veroordeel word. Hulle moet oortuig word om hierdie oortuiging as die sonde van rassisme te bely teenoor hierdie "nie-rassiste".

Dit is dieselfde "nie-rassiste" wat die kulturele andersheid van Afrika gebruik om hulle te regverdig as lidmate wat nooit iets anders kan wees as bygelowiges nie. Erger rassisme as hierdie gewaande aanvaarding van mense in hulle bygeloof as mense wat nooit soos jy kan glo nie omdat hulle aan 'n ander kultuur behoort, kan daar nie in die kerk wees nie. Wat eintlik as rassisme uitgewys behoort te word, is nou die nuwe korrekte sosiale etiket.

Hierdie teenstrydigheid word deur die bediening van die "Twee Weë" veroorsaak. Waar Jesus 'n rolmodel is hoe om bygeloof en sonde in sy naam uit te leef, kan elke kultuur op sy eie kulturele wyse met Jesus identifiseer. Terselfdertyd mag geen mens naas hierdie gewaande Jesusidentiteit 'n eie identiteit hê nie. Binne die bediening van die "Twee Weë" moet jy juis jou eie-ek, jou eie-lewe en die eie-beheer van jou lewe prysgee as offer om deel te word van God se identiteit. Doen jy dit nie, doen jy sonde.

Die bediening van die "Twee Weë" in die Ned. Geref. Kerk maak dat die kerk nie hierdie teenstrydighede kan aanspreek sonder om die werklike oorsaak uit te wys nie: die bediening van die "Twee Weë". Daarom kan die kerk ook nie hierdie druk om openbare belydenisse van rassisme en die strewe na 'n eenheidskerk teë te gaan nie. Doen hy dit, sal die lidmate voor 'n nog erger waarheid te staan moet kom. Die Ned. Geref. Kerk het sy lidmate nie soseer met politieke rassisme mislei, as met die wese van die godsdiens self nie. Die kerk het sy lidmate van die Middelaar Jesus Christus self vervreem deur 'n bygelowige bediening.

Daarom word hierdie rassisme in die geloof en die strewe na 'n eenheidskerk waar geen kultuur bestaan, verwerk deur na 'n eie eenheidsmodel te soek sonder om na die wese van die probleem deur te dring.

17. <u>Broers en broeders in een kerk.</u>
Tydens die algemene sinode sitting van 1990 is op 'n voorstel vanaf die vloer besluit dat die Apostoliese Geloofsending wat nog nooit as 'n protestantse kerk aanvaar is nie, as sodanig erken moet word. Dit het aan 'n groep wat nog altyd as 'n sekte gereken is, 'n nuwe kerklike status gegee. Hierdie besluit is in lyn met wat die Ned. Geref. Kerk se leraars op 'n wye front besig is om te doen. Die AGS is aanvaar as deel van die bestuur van die ACSV, die AGS is geakkommodeer binne die funksionering van Radiokansel en die AGS is deel van die samewerking tussen die Afrikaanse pers en die Ned. Geref. Kerk se tydskrif: "Die Kerkbode."

Binne die verskeidenheid van Pinkster en Charismatiese sektes word net die AGS bo presies soortgelyke groepe begunstig as geesgenoot van die Ned. Geref. Kerk. oor 'n wye front van kerklike bedrywigheid.

Hierdie beleid van samewerking met een sekte bo al die ander, is op geen kerklike vergadering of besluit of beding nie. Tog word dit algemeen binne die Ned. Geref. kerk so aanvaar.

Die rede vir hierdie toestand lê nie binne in die Ned. Geref. Kerk se vergaderings nie, maar binne die vergaderings van die Afrikanerbroederbond. Dit is binne hierdie kring dat daar geheime besluite oor Afrikanerbelange en veral die eenheidsoptrede van die Afrikaner oor die hele spektrum van die gemeenskap geneem word. Die status van die AGS as protestantse groep word in hierdie broederkring toebedeel. Vandaaruit word dit in al die kerklike aksies uitgedra om Afrikanerbelange te bevorder.

Dit het die hele betrokkenheid van die Ned. Geref. Kerk se leraars in hierdie broederskap blootgelê. Binne die kring van gelowige broers voer hulle die besluite van 'n ander broederkring uit.

Dit word egter nêrens in die Ned. Geref. Kerk aan die orde gestel nie. Die rede hiervoor is dat daar in die kring van die broers weer 'n geloofseenheid met al die ander Pinkster en Charismatiese groepe is. Die bediening van die "Twee Weë" is die gemene faktor van die Ned. Geref. Kerk met alle Pinkstergroepe.

Dit is ondenkbaar dat mense wat presies op dieselfde wyse bekeer en geesvervuld geraak het, 'n verskil so groot van mekaar kan hê dat die een homself as die ware kerk teenoor die ander as die die valse kerk kan eien.

Daarom laat die broers die broeders met hulle Afrikanerpolitiek begaan. Daarmee is enige veroordeling van die Pinkster en Charismatiese groepe as mense buite die koninkryk van God, nie meer binne die vergaderinge van die Ned. Geref. Kerk moontlik nie.

Hierdie tasbare voorbeeld wys die omvang van die "koninkryksperspektief" van die "Twee Weë" binne in die Ned. Geref. Kerk. Die koninkryk van God is binne die "Twee Weë" nie meer die genadeheerskappy van God oor sy kerk nie. Dit is die wetsheerskappy van bekering deur die wet en die goddelose heerskappy van die geesvervuldes oor die gemeenskap.

Hierdie nuwe alternatiewe koninkryksperspektief motiveer leraars om as broederbonders of broederkringers die politieke, ekonomiese en kulturele magspel wat hulle bedryf, as "koninkryksake" te beleef.

Dit is presies dieselfde koninkryksperspektief waarmee die geestelike broers hulle geestes eenheid oor alle grense van bygeloof heen met die Pinkster en Charismatiese broers kan regverdig.

Daarom kan sulke absurde verhoudings soos die tussen die Ned. Geref. Kerk en die AGS kritiekloos as normaal aanvaar word sonder dat die kontraste en teenstrydigheid wat dit binne die hele kerklike lewe skep, aangevoel kan word.

Die Ned. Geref. Kerk se bediening van die "Twee Weë" het 'n koninkryksvisie onder Afrikaners geskep waar predikante met volle wetensvryheid broers en broeders in een kerkvergadering kan wees. Met 'n vrye gemoed kan hulle Afrikanerbelange en kerkbelange in een vergadering bevorder.

18. Twee afsonderlike kerke binne een gemeenskapstruktuur.
Die eenheid van die kerk is sy geloof in die Evangelie en sy lewe uit die geloof in die Evangelie. Die kerk van die Here word geskep deur alleen die Evangelie te verkondiging, sonder die afdwing van die wet. Die Tien Gebooie verbind die gelowige alleen maar weer aan die Evangelie as die regte wyse van lewe.

Vir die kerk van die Here is daar net een eenheid: sy eenheid in die geloof in die Evangelie en sy lewe uit die geloof in die Evangelie.

Hierdie eenheid van die kerk is vir die lidmate in die Ned. Geref. Kerk totaal verlore. Die bediening van die "Twee Weë" as die weg van saligheid en die wyse van reg leef, het die inhoud van die Evangelie met Jesus as rolmodel van 'n nuwe wetsgehoorsaamheid vervang. Die eenheid "in Jesus" is hier 'n eenheid in identiteit, nie in geloof nie.

Daar kan nie in die een kerk van die Here 'n Jesus as Middelaar van die verbond verkondig word en 'n Jesus as rolmodel van hoe om met God te identifiseer, voorgehou word nie. Hierdie is twee verskillende en afsonderlike kerke. Die een is die ware kerk en die ander is die valse kerk.

Daar kan nie tussen hierdie twee kerke 'n onsigbare eenheid "in Jesus" wees wat groter is as die sigbare verskille nie. Die hele onderskeid tussen 'n sigbare eenheid en 'n onsigbare eenheid is totaal verwronge. Daar bestaan nie so iets nie.

Die eenheid van die ware kerk is sigbaar: hulle bely een Evangelie: die Twaalf artikels. Hulle leef uit een geloof: die geloof in die Evangelie.

Hierdie eenheid van die kerk bestaan daarin dat gemeentes uit alle tale, kulture, volkere en nasies aan een geloof sigbaar gestalte gee: hulle bedien almal net een doop en verwerp almal 'n tweede doop; hulle bedien die nagmaal aan lidmate wat opgevoed is om uit die geloof in die Evangelie te leef. Hulle bedien nie sommer net die nagmaal aan een wat van 'n bekering kan getuig nie, of dit nou kind of volwassene is nie. Hulle getuig almal presies van een manier en inhoud van glo: die belydenis van die inhoud van die Twaalf Artikels; hulle bedien almal net een tugsisteem: die tug deur die uitsluiting van die heilsmiddele sonder enige wetlike inkriminering teen lidmate; hulle bedien net een verlossing aan die kerk: die vergifnis van sondes deur die Evangelie; hulle verstaan almal die Evangelie op presies dieselfde wyse: as regverdiging van sondaars deur Jesus Christus alleen. Dit maak nie saak aan watter taalgroep of kultuur hulle toebehoort nie. Die Evangelie kan net op een manier begryp word in alle tale: regverdiging van sondaars.

In al hierdie tale en kulture is daar net een manier om God te loof, te aanbid en aan te roep: dit is volgens die Tien Gebooie. Die geloof in die Evangelie is in alle tale en kulture presies dieselfde. Geen kultuur kan die Evangelie beter glo as 'n ander kultuur nie. Geen kultuur glo die Evangelie anders of leef anders uit die geloof in die Evangelie omdat sy kultuur van ander verskil nie.

In alle gemeentes onder alle tale en kulture is die bediening van die kerk ook net een: dit is die verkondiging van die Evangelie. Gemeentes het nie verskillende bedieninge omdat hulle taal of kultuur van mekaar sou verskil nie. Die ampte in die kerk is ook een. Die amp van leraar, ouderling en diaken is 'n eenheid waarin die kerk deur alle tale en kulture dieselfde is. 'n Kerk kan nie ander ampte kies of ampte nie laat werk omdat hy 'n eie gemeenskapstruktuur het nie.

Die bediening van die Evangelie het in alle gemeenskappe sy beperktheid en daarom sal gemeentes altyd binne vaste gemeenskapsgrense funksioneer om die Evangeliebediening tot sy volle reg te laat kom. Daar word ook nie in een gemeente 'n ander Evangelie of dieselfde Evangelie net op 'n ander manier as die ander bedien nie.

Hierdie sake is nie onsigbare of onnodige gestaltes van die kerk nie. Hierdie is die sigbare gestalte van die heilige, algemene Christelike kerk wat in gemeentes deur die Gees van die Here deur alle eeue, op enige plek op die aardbol en onder alle nasies, tale en gemeenskappe gevestig word.

Hierdie is die sigbare gestalte van die onsigbare geloof in die Evangelie in alle mense se harte en die onsigbare lewensbron van alle gelowiges: om uit hulle geloof in die een en enige Evangelie te leef.

Waar hierdie sigbare eenheid van die kerk van die Here verander word, is die eenheid in die geloof ook verander. Daar kan nie 'n ander sigbare gestalte van die kerk van die Here wees as hierdie waaragter daar 'n gewaande eenheid "in Jesus" bestaan nie.

Die sigbare godsdienstige verskille wat in die Ned. Geref. Kerk bestaan tussen lid-mate, groepe binne gemeentes, gemeentes, ringe en sinodes oor die doop, die nagmaal, wat getuienis is, oor tug, oor hoe die Evangelie verstaan word, oor wat verlossing is, die wyse waarop God geloof, vereer en aanbid word, oor die bediening van die kerk, die ampte van die kerk en die grense van die Evangelie bediening, is die sigbare verskille van twee verskillende en afsonderlike kerke: die ware en die valse kerk.

Daar bestaan geen wil tot kerkeenheid binne in die Ned. Geref. Kerk oor die bestaan van hierdie twee heeltemal afsonderlike en verskillende kerke binne in die Ned. Geref. Kerk nie. Die teendeel is waar. Die Ned. Geref. Kerk wil hierdie verskillende twee kerke al twee afsonderlik binne een belydenisverband: die Formuliere van Enigheid, bly handhaaf.

Al die pogings wat sedert die vroeg tagtiger jare aangewend word om die kerk van God een sigbare gestalte te gee in die eenheid van die geloof in die Evangelie, word deur sinodes en teologiese fakulteite gewoon ondermyn of misken. Elke keer as die verskille van die ware en valse kerk aan die orde gestel probeer word as onhoudbaar in een kerkverband, word hierdie aandrang om een sigbare gestalte vir een geloof, afgemaak met geestelike en intellektuele verstaansmodelle wat die bestaan van twee verskillende en afsonderlike kerke in een belydenis verband wil regverdig.

Die verskil tussen die ware en valse kerk word deur die intellektueles geregverdig as 'n verskil tussen meer emosionele lidmate teenoor meer verstandslidmate; lidmate wat meer objektief is as subjektief; lidmate wat meer ongebalanseerd is teenoor die wat te gebalanseerd is.

Die geestelikes maak die verskille af as lidmate wat meer klem op die verbond lê as op bekering; as lidmate wat meer op die genade as die werke klem lê; as lidmate wat teen die wet van God is teenoor ander wat vir die wet van God is; as lidmate wat minder gemotiveerd is vir God as ander lidmate.

Met al hierdie verstaansmodelle probeer hulle die bestaan van twee verskillende en afsonderlike kerke in een belydenisverband binne die Ned. Geref. Kerk regverdig. Dit mag nooit aangedui word as die sigbare verskille van die ware en die valse kerk nie. Die gewaande onsigbare eenheid "in Jesus" moet bely word ten spyte van al hierdie duidelike gestaltes van twee afsonderlike kerke.

Daar mag ook nie in hierdie sake na een sigbare eenheid van die geloof in al die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk gesoek word nie. Hierdie sake word gewoon net van die agendas van die ringe en sinodes weggepraat met die gewaande veronderstelling van 'n onsigbare eenheid "in Jesus" agter al hierdie sigbare verskille.

Deur pogings om te maak of daar verskillende "spiritualiteite" in die Ned. Geref. Kerk is, of daar verskillende "bedieningspatrone" en verskillende "aksente" is, word die bestaan en werking van twee afsonderlike kerke in elke ringsvergadering en sinodevergadering geregverdig.

Die Ned. Geref. Kerk wil van kerkraadsvergaderinge tot en met die algemene sinodale vergaderings geen sigbare kerkeenheid binne sy belydenisverband hê nie. Dit is die openlik verklaarde wil van die Ned. Geref. Kerk om die bestaan van twee afsonderlike kerke, die ware en die valse kerk, binne een geloofsbelydenis in Jesus te regverdig.

Daarom word twee dope, twee nagmale, twee tugsisteme, twee verlossings, twee gemeenskappe van gelowiges, twee maniere om God te loof, twee maniere om die regverdiging te verstaan, twee maniere om die ampswerk te doen, twee verlossings, twee bedienings in een belydenisverband amptelike nagestreef. Die strewe na 'n sigbare eenheid van die kerk in sy een geloof in die Evangelie is totaal binne die Ned. Geref. Kerk afwesig.

Dit is ook heel verstaanbaar. Die Ned. Geref. Kerk se bediening is die van die "Twee Weë" en nie van die Evangelie nie. Binne hierdie bediening is die geloof in die Evangelie nie meer die eenheid van die kerk nie. Die lidmate ken nie eers die inhoud of die werking van die Evangelie nie. Jesus is vir hulle eiesinnige vroomheid net 'n rolmodel hoe om God in alles na te boots.

Die nuwe alternatiewe kerkeenheid van die bediening van die "Twee Weë" is maar net 'n eenheid "in die naam van Jesus". Dit is maar net soos wat hulle in die naam van Jesus hulle sonde en goddeloosheid bedrywe. Daar is geen godsdiens in hulle "Twee Weë" aanwesig nie, net bygeloof en goddeloosheid. Elke persoon identifiseer met God nes hy wil en elke mens bedryf sy eie sonde in die naam van Jesus nes hy wil. Van 'n eenheid in die geloof in die Evangelie is daar geen sprake nie. Hierdie saak is nie eers op die agendas van die kerk welkom nie.

Die Ned. Geref. Kerk wil nie sigbaar een kerk wees nie. So 'n kerk sal beteken dat hy die wese van die bestaan van twee afsonderlike godsdienste in een verband moet uitwys vir wat dit is: die verskil tussen die ware en die valse kerk. Dit kan hy nie doen nie. Dan sal die lidmate uit alle kulture en tale die kerk eien vir die misleiding van soveel dekades. Dan sal die geestelike leiers as wolwe is skaapsklere herken kan word - in die hele familie van Ned. Geref. kerke, nie net in die Ned. Geref. kerk alleen nie.

Dit is nie toevallig dat die geesdrywers vir die sogenaamde kerkeenheid tussen die familie van Ned. Geref. kerke, nie hierdie bestaan van twee afsonderlike kerke binne een geloofsbelydenis in elke kerk binne die familie wil aanspreek nie. Die hele drif vir eenheid binne die familie van Ned. Geref. kerke het niks te doen met die wil om sigbare gestalte aan die een kerk wat in een Evangelie glo te gee nie.

Binne hierdie drif vir eenheid word die hele saak van die bestaan van twee verskillende en afsonderlike kerke in een geloofsbelydenis ontken as 'n saak van belang vir die kerk van die Here. Dit word selfs geminag as 'n beuselagtigheid in 'n tyd waarin die kerk homself met die "groot sake" van kerkeenheid moet besig hou. Daarom kom hierdie saak nooit eers op die agendas van die kerklike vergaderinge nie. Al word dit aangevoer as die wesenlike probleem van die kerk van die Here: die bestaan van twee verskillende en afsonderlike kerke in een geloofsbelydenis.

Dit ontbloot die huidige oefening van die Ned. Geref. Kerk in sogenaamde kerkeenheid en die soeke na sigbare kerkeenheid vir wat dit werklik is: dit is net die maatskaplike herstrukturering van die kerk binne 'n nuwe politieke magsbasis van 'n eenheidstaat in Suid-Afrika.

Solank as wat die Ned. Geref. kerke as familie die bestaan van twee afsonderlike en verskillende kerke: die ware en die valse kerk in een geloofsbelydenis wil regverdig, met 'n gewaande onsigbare eenheid "in Jesus" agter hierdie sigbare geloofsverskille, is die hele proses van sogenaamde kerkeenheid niks anders as 'n sosiologiese oefening met die nuwe eenheidstaat as politieke magsbasis nie.

Die kerk van die "Twee Weë" is die kerk vir die wêreld. Dit is die kerk wat die goddelose en bygelowige wêreld graag wil hê. Dit is die kerk wat die Ned. Geref. Kerk volgens die bediening van die "Twee Weë" ook in die nuwe Suid Afrika vir die wêreld wil wees. Hiervoor het hy die politieke wil van die meerderheid agter hom en verkry hy weer die reg om sy herlewings binne die hele gemeenskap uit te dra. Die eenheid van die nuwe kerkeenheid is die eenheid in die identiteit met Jesus as rolmodel. Dit is nie 'n eenheid in die geloof in die Evangelie nie.

Die geloof in hierdie nuwe Jesus-identiteit waarin daar 'n openbare demonstrasie van 'n "nie-rassistiese" kerk gemaak word, is geen soeke na die eenheid van die kerk van Jesus Christus in die een geloof in die Evangelie nie.

Binne hierdie nuwe "nie-rassistiese" kerk sal dieselfde sosiale ingenieurs wat hierdie eenheid gesmee het, die voorstanders wees wat die bestaan van twee afsonderlike en verskillende kerke binne die nuwe "een kerk" regverdig met elke moontlik dualistiese verstaansmodel.

Die bediening van die "Twee Weë" binne die familie van Ned. Geref. Kerke sal altyd twee afsonderlike kerke in een kerk wees: die ware en die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk.

19. <u>Genesing is moontlik.</u>
Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die simptome van die "Twee Weë" op elke deel van die godsdienstige lewe van die Ned. Geref. Kerk wys. Die leser moet hierdie voorbeelde koppel aan die oorsaak. Hierdie twee-in-een godsdiens is alleen moontlik omdat die Ned. Geref. Kerk 'n alternatiewe bediening bedryf. In plaas daarvan om die Evangelie aan sy lidmate te bedien, bedien hy aan hulle bygeloof en goddeloosheid in die naam van Jesus.

Kan die Ned. Geref. Kerk van hierdie toestand genees? Die antwoord is: ja! Wat met die Ned. Geref. Kerk gebeur het deur die misleiding van die Murrayklan is nie iets unieks aan die kerklike lewe nie. Hoe erg en ondenkbaar dit ook al is. Dit is die stryd van die kerk van die Here sedert Hy Abraham geroep het uit die maankultus van Ur.

Die ware kerk sal altyd met die valse kerk as werklikheid saamleef. Dit was so in die Ou Testament en dit was ook so in die Nuwe Testament. Paulus moes selfs teen Petrus (die Katolieke se onfeilbare "Jesus op aarde") se terugdeinsing en akkommodering van die bygeloof van die Christene uit die Jodedom optree. (Gal. 2:11-14) Dit was al die stryd binne die kerk van die Here met die heel eerste sinode van die Christelike kerk waarvan Handelinge 15 berig.

Die ware kerk sal altyd met die valse kerk saamleef op die aarde. Dit het Jesus reeds met sy gelykenisse in Matt. 13 aan die kerk geleer. Maar hy hoef hom nie as adder in sy eie boesem te koester nie. Die valse kerk kan uit die Ned. Geref. Kerk verdryf word! As die profete die kerk van die Baälkultus kon laat afsien en die apostels die Jode van hulle wettiese bygeloof, dan kan lidmate van die Ned. Geref. Kerk ook van hulle bygeloof en goddeloosheid wat hulle as godsdiens in die naam van Jesus moes beoefen vir soveel jare, bevry word.

Die hele geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk tel net in sy guns vir die uitwerping van hierdie bygeloof uit sy binnekant. Baie van die voorouers van Ned. Geref. lidmate is juis mense gewees wat vir hierdie bygeloof uit Europa gevlug het. Tot en met die Murraykultus was hierdie bygeloof van die "Twee Weë" nie deel van die Ned. Geref. Kerk se bediening nie.

Die belangrikste is egter dat ten spyte van die bediening van die "Twee Weë", daar nog altyd die handhawing van die 3 belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk was. In hierdie belydenisse is die Ned. Geref. Kerk die ware kerk. Dit beteken dat lidmate kerklik kan optree teen die bediening van die "Twee Weë" binne die kerk met die volle reg van die belydenisskrifte en die kerkorde agter hulle.

Dit plaas die lidmate wat hierdie valsheid uit die gemeentes van die Ned. Geref. gemeentes wil weer in 'n magtige posisie. Net een lidmaat kan 'n hele gemeente in sy spore stop in hierdie bediening. Al stem die hele kerkraad teen so lidmaat en al verguis die hele gemeente hom. Die kerkraad kan nie teen die belydenisskrifte optree nie. Al is dit eenparig. Die Ring en Sinode sal een lidmaat moet gelyk gee sou hy teen die kerkraad en gemeente optree om nie die "Twee Weë" binne die gemeente te bedien nie.

Daarom is dit ondenkbaar dat enige lidmaat van die Ned. Geref. Kerk uit die kerk hoef te bedank of weg te loop om vry te kom van hierdie dwaasheid binne die Ned. Geref. Kerk. 'n Mens genees nie van kanker deur 'n ander liggaam te gaan soek nie. Jy genees van kanker deur die kwaad uit te sny en te bestraal. Die Ned. Geref. Kerk kan genees as predikante, ouderlinge, diakens en gewone lidmate besluit die "Twee Weë" is die kanker wat uitgesny moet word en deur die waarheid bestraal moet word.

Alles tel net in die guns van die Ned. Geref. Kerk om te genees. Solank as wat die Formuliere van Enigheid behou word, is daar nie 'n professor, 'n kerkraad, 'n ring, 'n sinode, 'n engel uit die hemel of 'n demoon uit die hel, wat kan keer dat die dwaasheid van die "Twee Weë" nie verdryf kan word uit die Ned. Geref. Kerk nie.

Lidmate moet net bereid wees om die juk af te werp. Die krag wat die lidmaat sal kry, kom nie uit anargie of wraak nie. Dit kom uit die sekerheid van die verlossing uit die genadeheerskappy van God. Die wyse waarop hierdie dwaasheid uit die kerk verdryf kan word, is nie net soseer om die dwaasheid teen te gaan nie. Maar om aan te dring op die reg om as Ned. Gerf. lidmaat met die waarheid bedien te word.

Die grootste krag wat maak dat die lidmate nie nuwe organisasies in die lewe hoef te roep om van die dwaasheid van die bediening van die "Twee Weë" bevry te word nie, is die werking van die Heilige Gees binne in die Ned. Geref. Kerk. Hierdie Gees het ten spyte van die bediening van die "Twee Weë" sy kerk vergader. Daarom weet hulle wat die waarheid is as dit aan hulle bedien word. Al is hulle van kleinsaf net tot redding bekeer volgens die wet en tot sonde vervul deur die bediening van die "Geesvervulling" in die Ned. Geref. Kerk.

In hierdie werk het ons die soeklig laat val op die inhoud en omvang van die valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk. Die valse kerk is en bly op die ou einde net 'n virusinfeksie binne die liggaam van die Here, sy kerk. Die krag van die liggaam van Christus is dat al verswak, versiek en verlam virusse die liggaam, daar in die liggaam 'n ander krag werksaam is as die werksaamheid van 'n virus. Dit is die krag van lewe: die krag van die genadeheerskappy van die verhoogde Christus.

Al die afgode en goddeloosheid oor al die eeu vanaf die Ou Testament tot en met vandag kon nie keer dat God altyd weer sy kerk opgerig het uit hulle siektetoestand nie. Om voort te gaan met 'n houding van net nog weer en nog 'n nuwe organisasie te stig om die kerk tot sy reg te laat kom, is deel van die siektetoestand. Dit is nie die weg van genesing nie.
Die weg van genesing is om die Gees van die Here binne die Ned. Geref. kerk te vertrou as die een wat die genesing sal bewerk.

20. Protestantisme.
Uit hierdie geloof in Christus se Gees kan lidmate binne gemeentes weer word waarvoor hulle geroep is: om protestante te wees. Die werking van die protestantisme is oneindig groter as die duistere magte van die bediening van die "Twee Weë" binne in die Ned. Geref. Kerk. en binne die familie van Ned. Geref. kerke. Hierdie valse bediening kan net werk as daar geen teenkanting is nie. Enige vorm van teenkanting vernietig hierdie bygelowige bediening se mag.

Dit is soos die verskil tussen lig en duisternis. Net een vuurhoutjie kan die diepste duisternis heeltemal verdryf. Net een lidmaat wat protesteer kan die hele bygeloof in 'n gemeente verdryf.

Daarom moet lidmate nie uit die Ned. Geref. Kerk loop nie, maar protesteer. Predikante moet deur gewone lidmate gekonfronteer word hoekom preek hulle bekering as weg tot saligheid as die kerk in art. 60 van die Heid. Kat. bely dat ons alleen deur die geloof in die Evangelie gered word. Predikante moet gevra word hoekom preek hulle nie dat die Evangelie die wet as weg tot redding afgeskaf het nie.

Lidmate moet die kerkraad vra waar kry die leraar die syfers oor wie gered en nie gered is in die gemeente nie. Die beskuldigings oor dooie en koue lidmate moet opgevolg word met die versoek of hierdie veroordeelde lidmate weet dat dit hulle is wat deur die leraar verdag gemaak word van die kansel.

Lidmate moet opstaan en hulle oortuiging uitspreek dat hulle volle Christene, is al het hulle nog nie die geesvervulling van die leraar ervaar nie. Die lidmate moet hulle self die reg toeëien om hierdie geesvervulling as bygeloof en 'n wegkeer uit die Christelike godsdiens te verwerp. Dit moet vir die leraar en sy geestelike ouderlinge gesê word.

Die lidmate moet die hou van Pinksterdienste betwis. Daar is geen ander kerk in die skepping wat dit hou nie en hulle is net so Christelik en toegewyd as wat die kerk van die Here moet wees. Lidmate moet protesteer teen die reg van die leraar en kerkraad om hulle as "nie-bekeerdes" en "nie-geesvervuldes" te veroordeel net omdat 'n mens nie ses Pinksterdienste na mekaar bygewoon het nie.

Die lidmate het 'n magtige protesmiddel in hulle hand: geld. Al die geestelikes wat gewone lidmate die hele tyd verwyt en veroordeel as die onbekeerdes en nie-geesvervuldes, doen dit met die bydraes van hierdie "dooie" lidmate. Daarom moet lidmate diakens vra dat geen deel van hulle geld na al die parakerklike bewegings soos die ACSV, EE 3, die Japansending, die Eilande sending of Radiokansel, noem maar op, sal gaan nie.

Lidmate moet aandring dat die kerkraad nie uit geestelike werkers en kollektant sal bestaan nie, maar net uit ouderlinge en diakens. Hulle kan weier om hierdie mense in hulle huise te ontvang, terwyl hulle aandring om 'n wettig verkose ouderling en diaken te sien. Die reg kan tot in die sinode gehandhaaf word. Indien die kerkraad sê daar is nie genoeg mense nie, moet die lidmate sê dat hulle bereid is om dan die amp te aanvaar as hulle verkies sou word deur 'n wettige kerkraadsvergadering.

Hulle kan hulle op die Nederlandse geloofsbelydenis art. 30 en 31 daarvoor beroep. Ouderlinge moet aandring dat hulle wyke wil hê en nie net oor werkers moet toesig hou nie. Kerkraadslede moet staan op die beperktheid van die kerkraad se dienslewering binne grense en vra hoekom die leraar oor grense heen wil werk.

Lidmate moet hulle kinders teen hierdie jakkalse beskerm. Ouers moet kinders versoek om nie aan die werksaamheid van die ACSV deel te neem nie. Onderwysers en skoolhoofde moet die reg van die CSV betwis om

op skoolgrond met kerke se kinders te kom werk sonder die skriftelike toestemming van al die kerke wat betrokke is. Die hou van "vrye" dienste vir jongmense naas die eredienste moet betwis en aangeval word. Kinders moet deur ouers geleer word dat die kerkraad hulle nie kan afwys om aangeneem te word as hulle nie van 'n bekering of 'n geesvervulling kan getuig nie. As die kerkraad volhard kan die ouers hulle op die ring beroep. Ouers moet openlik in die dienste waar leraars hulle kinders wil laat getuig, beswaar maak en die geleentheid teëgaan. Sondagskoolonderwysers wat probeer om kinders te bekeer en geesvervuld te laat word, moet by die kerkraad aangekla word.

Lidmate moet druk op die polisie begin uitoefen oor hulle duiweleenheid. Dit word met belastinggeld bedryf.

Die lidmate moet die propaganda van herlewings binne die Ned. Geref. kerk teëgaan. Hulle moet openlik beswaar aanteken teen die orgie van lofprysings en die lyfkultus binne die eredienste.

Die lidmate uit die VGK en Reformed Church in Africa sal hulle moet verweer teen die intellektuele en geestelike arrogansie dat hulle nie die Evangelie kan glo omdat hulle aan ander kulture behoort en bygeloof eintlik by hulle pas nie. Dit word regtig so verweer binne Ned. Geref. Kerk geledere. Hulle sal in die soeke na kerkeenheid moet protes aanteken dat net hulle teenwoordigheid in een kerkvergadering die skyn van die soeke na een sigbare gestalte van een geloof sou regverdig, terwyl twee afsonderlike kerke as beleid nagestreef word in een geloofsbelydenis.

21. Gelowiges.

Protes was nog nooit die doel van die kerk nie. Die vryheid om deel van Jesus Christus se genadeheerskappy te wees en uit sy genadeheerskappy te mag leef, dit alleen was nog altyd die rede vir die kerk se protes teen bygeloof.

Daarom moet die lidmate vra na die waarheid en die reg om met die waarheid bedien te word. 'n Lidmaat kan al die bestaande Bybelkor kursusse deurwerk en hy sal nog steeds nie die waarheid van die Evangelie in sy eie kerk se literatuur kan vind op so 'n wyse dat hy vry van die bygeloof van die "Twee Weë" in die Ned. Geref. Kerk kan leef nie.

Leraars en amptenare wat nie hierdie waarheid aan die lidmate wil bedien nie, moet vervang word. Die lidmate het die reg om leraars aan hulle legitimasie-verklaring te hou. Elke leraar, of hy nou in die gemeente werk, 'n Radiokanselomroeper, 'n CSV organiseerder of 'n Bybelkorskrywer is, is aan hierdie volgende verklaring wettig gebind. Hulle het dit in die openbaar afgelê tydens hulle legitimasie.

"PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING.

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING.

Ek, die ondergetekende,....................... toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur die algemene Regskommissie wat daartoe gemagtig is, verklaar hiermee in alle opregtheid voor die Here dat ek van harte glo dat al die artikels en stukke van die leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Enigheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 aangeneem - ooreenkom met die Woord van God. Ek belowe om die voorgenoemde leer ywerig en volhardend te leer en in my wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer, hetsy regstreeks of onregstreeks, te leer of te skrywe. En net soos ek hierdie leer ter goeder trou aanneem, en van harte glo, so verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, en ek beloof om dit te weerlê, teë te spreek, en alles in my vermoeë te doen om dit uit die Kerk te weer. Ek beloof om my op die uitbreiding van die Ryk van die Verlosser deur die bevordering van godsdienskennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer toe te lê, en om my aan die verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te hou. En indien dit mag gebeur dat ek later enige beswaar of ander insig omtrent hierdie leer kry, so belowe ek dat ek dit nog openlik nog heimlik sal voorstaan, leer, verdedig, deur prediking of geskrif alvorens ek dit aan die sinode sal openbaar om aldaar nader ondersoek te word. En indien enige bevoegde kerklike liggaam te eniger tyd, ten einde die enigheid en suiwerheid van die leer te bewaar, dit goedvind om 'n nadere verklaring van my gevoelens omtrent een of meer van die voormelde artikels te eis, so belowe ek hiermee plegtig dat ek altyd daartoe gewillig en bereid sal

wees. En indien dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte dienaangaande gehandel het, so belowe ek om my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergaderinge te onderwerp."

"Ook verklaar ek plegtig voor God dat ek, om 'n standplaas te verkry, geen ooreenkoms aangegaan of gifte gegee het of ooit sal aangaan of gee nie; dat ek nie daarvan bewus is dat dit deur iemand van my kant af in my belang aangegaan of gegee is, of aangegaan en gegee sal word nie; dat ek ook nimmer 'n standplaas sal soek of aanvaar waarvan ek mag vermoed dat dit deur enige voorwaarde, belofte of watter middel ook al van 'n voorafgegane ooreenkoms aan my opgedra word nie. Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te ..... op ..... 19....
Geteken in my teenwoordigheid........................
(Namens die Algemene Regskommissie.) "

Hierdie verklaring is regsgeldig tot in die Hooggeregshof van Suid-Afrika. Lidmate kan hulle leraars aan hierdie verklaring hou. Volgens hierdie verklaring mag geen leraar die "Twee Weë" bedien, leer of dit publiseer as die waarheid nie. As 'n leraar nie hierdie bediening van die "Twee Weë" openlik verwerp, teëgaan en bestry nie, is hy regsaanspreeklik aan die ring en sinode. Hy mag dit nie eers onregsstreeks bevorder deur net die erns van hierdie dwaling in die gemeente en die ring te vermy nie.

Lidmate moet leraars aan hierdie verklaring hou. Dit was geen beweging uit die kring van die lidmate wat hierdie dwaling in die kerk ingedra en deel van die kerklike geloof gemaak het nie. Dit was die leraars. Hulle het die ingebring. Hulle moet dit uitvat.

Die teendeel is waar. Duisende lidmate sit elke dag in die vertwyfeling oor hierdie duistere bygeloof en goddeloosheid binne die Ned. Geref. Kerk. Duisende lidmate is moeg en uitgebrand met 'n vroomheid waarin hulle hele wese vir hulle sê dit kan nie die waarheid wees nie. Al verkondig die leraars dit as die waarheid. Duisende lidmate gaan Sondag vir Sondag kerk toe net in die hoop dat iewers iets van die godsdiens vir hulle ook toeganklik sal word.

Daarom moet die lidmate opstaan en die reg op die ware Evangelie eis van hulle wat hulle openlik daartoe verbind het. Die leraars wat nie die bediening van die "Twee Weë" wil versaak nie, moet as wolwe in skaapsklere verdryf word.

20. <u>Verklaring</u>.

Hiermee verklaar die skrywer van hierdie boek as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk wat self in die duistere wêreld van die "Twee Weë" binne die Ned. Geref. Kerk sonder die Evangelie moes leef, dat hierdie boek die volle uitvoering van sy legitimasie verklaring binne die Ned. Geref. Kerk is.
SOLI DEO GLORIA.

## *'N OORSIG OF ALTERNATIEWE INLEIDING*

# DIE KRISIS: DIE VALSE KERK IS BINNE IN DIE WARE KERK.

Hierdie boek handel oor die ware kerk en die valse kerk binne in die Ned. Geref. Kerk. Die Ned. Geref. Kerk is 'n voorbeeld van wat met die Gereformeerde kerke wêreldwyd gebeur het sedert die jare 1800 n.C.: die valse kerk het die Gereformeerde godsdiens van binne af, met sy eie strukture, deur sy eie belydenisse en met sy eie bedieningsmiddele vervals tot net nog 'n eiesoortige weergawe van die valse kerk.

Die godsdiens van die ware kerk word teenoor die goddeloosheid van die valse kerk in hierdie werk aan die orde gestel. Op hierdie wyse word dit vir die leser moontlik gemaak om die ware kerk van die valse kerk in sy daaglikse lewe te kan onderskei. Dit is 'n onderskeiding wat nie net geldig is vir die ware en valse kerk binne die Ned. Geref. Kerk nie, maar vir die godsdiens as sodanig.

In hierdie wêreld is God elke dag besig om deur sy Woord vir Homself 'n kerk te skep, te versamel, te regeer en te beskerm. Deur die Woord van God bring Hy sy kerk tot stand om Hom volgens sy wil reg te ken, te eer, te loof, aan te roep en te dien.

Dwarsoor die wêreld en uit alle volke versamel Hy sy gemeentes. Deur sy Woord bring Hy hierdie uitverkorenes weer by die doel van die skepping van die mens: om hulle Skepper te eer en te dien. Dit is die bestemming van die ware kerk - godsdiens.

Anders as met sy kerk is Hy besig om die sondige wêreld deur sy Woord onder sy toorn en oordeel te hou. Dit is die gemeenskap wat God nie as Skepper wil ken en dien nie. Hierdie godverlate gemeenskap wil nie net self vreemd van God en buite sy wil leef nie, maar wil ook nie hê dat ander God mag dien en eer nie. (Rom 1:32 )

Vir hulle moet die wêreld godloos wees sodat hulle eie goddeloosheid as waarheid geregverdig kan wees. Hulle wil die vryheid om sonde teen God te doen, as 'n reg binne die skepping van God geniet. 'n Gemeenskap wat getuig dat God mense in sy liefde opgeneem het om Hom te eer, is vir hierdie goddeloses se gewete nie binne die skepping houdbaar nie. Selfs al is daar net een so mens, of selfs net die gedagte daaraan dat God so iets kan doen, is vir hulle totaal onhoudbaar.

Die sondige wêreld het 'n alternatief op die kerk van God nodig. Dit is 'n bestaansvoorwaarde vir die goddeloosheid van sondaars. Sonder hulle eiesoortige alternatief op God se kerk kan hulle nie met 'n vrye gewete sonde doen nie. Hierdie alternatief op die kerk van die Here in die wêreld, is die valse kerk. Die valse kerk skep 'n alternatiewe godsdiens. Dit bedien goddeloosheid as godsdiens aan die wêreld-gemeenskap in die naam van die kerk van die Here: bygeloof word beoefen in die naam van geloof en wetteloosheid word uitgeleef in die naam van gehoorsaamheid aan God.

Hierdie werking van die valse kerk is 'n verskynsel wat in die moderne wêreld hom-self op 'n baie besondere wyse laat geld. Na die Reformasie se ontdaning van die Roomse kerk as kerk van die Here, het die valse kerk sy totale greep op die beskawing en samelewing verloor. Die valse kerk moes hierdie verlies van die totale greep op alles herwin.

Die wyse waarop die valse kerk homself weer as 'n totalitêre mag op die ganse lewe en denke van die gemeenskappe van die wêreld laat geld het, was nie die skep van een kerklik instituut soos met die Roomse kerk nie. Dit was juis deur die skep van duisende "kerke", aksies en bewegings. Die krag van die valse kerk in sy moderne weergawe is juis sy veelheid van institute en name, nie sy eenheid nie.

Binne hierdie uiterlike vertoon van veelheid is daar egter net een algemeen aanvaarde en onbetwiste grondslag. Hierdie grondslag is die leer van die twee geestelike paaie: "Die Weg na Jesus" en "Die vervulling met die Heilige Gees." Die "Weg na Jesus" handel oor 'n alternatiewe wyse van verlossing en die "Vervulling met die Gees" oor 'n alternatiewe wyse van gehoorsaamheid aan God.

Of dit nou die Piëtisme van Duitsland, die Réveil van die Franse, die Nadere Reformasie van Nederland, die Revival van Skotland, die Great Awakening van Amerika of die Herlewing van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika is, die eenheid in leer dieselfde: die leer van die twee alternatiewe geestelike paaie na God.

Hierdie twee leerstellings is die geestelike eenheid van al die oënskynlike teenstrydighede binne die moderne geestelike bewegings. Die verskille van hierdie verskeidenheid van beweginge is geensins van so aard dat elke beweging 'n eie en andersoortige godsdiens verteenwoordig nie. "Die weg na Jesus" en die "vervulling met die Gees" is die universeel aanvaarde waarheid van al hierdie geestelike bewegings. Dit is die eenheid binne die verskeidenheid van die valse kerk.

Al mag die verskille tussen twee groepe soos die sosio-politieke bewegings (bv. die Nasionale Inisiatief vir Versoening, nou vir Vrede) en die bekeringsaksies van die "Evangelicals" hoe botsend en uiteenlopend van aard wees, hulle eenheid in grondslag is altyd die veronderstelde en onbetwiste waarheid van hierdie twee geestelike paaie.

Die kerklike verskille tussen die Pinkstersektes en die Ned. Geref. Kerk as 'n verteenwoordiger van die Gereformeerde godsdiens, oor die doop, die gawes van die Gees, oor die wyse van aanbidding en vele ander sake kan fel wees, maar hierdie twee leringe is die gemene deler waarin beide groeperinge hulle gemeentes opvoed.

Hoe uiteenlopend die werkswyse van kerke soos die Ned. Geref. Kerk ook al mag wees teenoor vrye verenigings soos die ACSV, die Christelike Hospitaalbond, EE3, e.a., hulle almal staan op dieselfde geestelike grondslag: die leer van "Weg na Jesus" en "Vervulling met die Gees".

Die enigste wyse waarop hierdie moderne weergawe van die valse kerk van alle eeue ontdaan kan word as sou dit die ware kerk wees, is om die onderskeid wat die Woord van God tussen die ware en die valse kerk leer, te ken. Humor, ligsinnigheid, openbare verslaggewing, wetenskaplike analises en gemeenskapsdruk kan nie die boosheid van die valse kerk ooit aan die orde stel nie. Dit versterk die dwaasheid eerder as om dit aan die orde te stel.

Die bestaan en die werking van die valse kerk is geen moderne verskynsel of sensasionele waan soos die "New Age-gevaar" of Satanisme nie. Dit is ook nie die nuwe ontdekking van een of ander briljante intellektueel of nuutgevonde sensitiewe geestelike nie.

Die valse kerk is die alternatief wat die bose gemoed van die sondaars skep teenoor die ware kerk. Deur al die eeue heen, vanaf die sondeval van die mens tot in die eeue wat sal kom, is die valse kerk as die alternatiewe kerk op die kerk van God  werksaam. Die valse kerk is die wens en skepping van sondaars wat wil sonde doen in vryheid. Daarom is die valse kerk die kerk wat in elke nuwe geslag deur 'n herlewing as die "nuwe" Christendom opstaan.

Dit is die virus infeksie van die godsdiens deur al die eeue heen. In elke geslag en tyddeel van die kerk het 'n besondere vervalsing uit die sondige gemoed van die wêreld teenoor die kerk van die Here opgestaan. Elke keer, net soos met 'n virusinfeksie, is die nuwe valsheid immuun teen die waarheid van God se Woord wat die vorige valsheid blootgelê het.

Die belydenis: "God is een" het die Israeliete uit die veelgodedom van Egipte bevry en innerlik toegerus om God vir sy beloftes te vertrou. Uit hierdie viering van God se beloftes in die tempel het die valse kerk 'n alternatiewe godsdiens geskep waar God die inwoner van 'n klipgebou geword het en die viering van sy verlossing magiese middele geword het om God mee tevrede te stel. Hierdie valsheid was immuun teen die kritiek "God is een en enig". Dit het juis hierdie belydenis gebruik om Israel se eiesinnige geloof in sy eie absoluutheid teenoor God te versterk.

Die profete in die Ou Testament het hierdie alternatiewe godsdiens blootgelê deur die wet van God teenoor die losbandigheid van hierdie bygeloof aan die orde te stel. Uit die waarheid van die wet by die profete het die valse kerk die wettiese gees en eiegeregtige vroomheid van die Fariseërs en Sadduseërs geskep - immuun teen die kritiek van die minagting van die wet van God. Hulle het God se wet gebruik om hulle eiegeregtigheid teenoor God uit te leef.

Die koms van Christus het die eiegeregtigheid van die valse kerk verpletter. Hulle is ontdaan van hulle gewaande toewyding aan God deur die waarheid dat hulle, die wets-gehoorsames, die Messias van God gekruisig het. (Luk. 9:21,22 en Hand. 13:27-29)

Uit die waarheid van die koms van Christus het die valse kerk as die Roomse Katolieke Kerk opgestaan. As draer van die naam "die Kerk van die Here" was die valse kerk nou weer immuun teen die kritiek dat hy die Messias gekruisig het en nie die Christus aanvaar het nie. As Christene kon die valse kerk nou weer in sy bygeloof en sonde volhard.

Die Reformasie het met die stellings "Genade alleen", "Geloof alleen", "Alleen tot eer van God" en "Alleen die Woord van God" homself as die ware kerk uit die mag van die valse kerk bevry.

Deur belydenisskrifte op te stel waarin die geloof in die Evangelie as weg tot redding en die gehoorsaamheid aan God as 'n gehoorsaamheid uit en tot die geloof alleen geleer is, het die kerk van die Here homself gehandhaaf in sy diens aan God.

Deur hierdie belydenisse is die Roomse Katolieke Kerk ontdaan van sy Christelikheid tot dit wat hy in der waarheid is: Antichris in die naam van Christus.

Uit hierdie belydenisse van die Reformasie het die valse kerk in sy moderne vorm opgestaan as die kerk van die Here. Gegrond op die Protestantse slagspreuke van: Genade alleen, geloof alleen, alleen tot eer van God en alleen die Woord van God, is die twee paaie na God: "Die Weg na Jesus" en "Die Vervulling met die Gees" as die alternatief op die Evangelie geleer.

Binne die belydenisse van die kerk van die Reformasie het die valse kerk homself tuisgemaak as meer ernstig, meer heilig, meer prakties en nader aan die bedoeling van die Reformasie as die Reformasie self. Dit het nooit die inhoude van die Reformasie soos die Roomse Katolieke kerk teengegaan nie. Dit het die belydenisse van die Reformasie net omvorm.
Immuun teen die kritiek van die Reformasie op die Rooms Katolieke kerk, het hier-die valse kerk die Christelike kerk van die moderne tyd en die moderne mens geword.

Wat is die doel van die valse kerk? Die doel van die valse kerk is om met sy alternatief op godsdiens, nl. goddeloosheid in die naam van godsdiens, die ware kerk in sy vergaderinge, byeenkomste en eredienste oor te neem. Die oorname vind plaas deur die bediening van die Woord van God, die kerklike tug en die sakramente by die kerk oor te neem.

Hierdie oorname vind nooit plaas deur hierdie middele by die kerk af te neem nie. Dit verander en vervorm die middele binne in die kerk. Die ware kerk word innerlik misvorm. Dit is die doel van die valse kerk: om die kerk so te misvorm dat die ware kerk van binne kant af net nog 'n manier word waarop sonde uitgeleef word.

Die profeet Miga wys op hierdie doel en hierdie werking van die valse kerk reeds agt eeue voor die koms van Christus. In sy tyd het die valse kerk reeds die tempel en die seremonies van die wet van God die wyse gemaak waarop die volk hulle goddeloosheid uitgeleef het.

"Wat is die sonde van Jakob? Samaria! Wat is Juda se afgodshoogte? Jerusalem!" (Miga 1:5) Die tempel van die Here was die plek waar die gemeenskap die krag gekry het om in hulle goddeloosheid te volhard. Dit was goddeloosheid in die vorm van godsdiens. Die tempeldiens het die sonde van die volk bekragtig.

Wat die profete in die Ou Testament was vir die valse kerk van hulle tyd, was die apostels vir die valse kerk van hulle tyd: die Fariseërs en Sadduseërs. Hulle het die waarheid van die kerk, die Evangelie, teenoor hulle goddeloosheid verkondig. So is die diens van die ware kerk aan sy Here behou teenoor die vervorming van die valse kerk: sonde as godsdiens.

Dit is die effek van die valse kerk in die kerkgemeenskap in Suid-Afrika en ook in die kerkgemeenskap wêreldwyd vandag: deur hierdie innerlike omvorming van die ware kerk deur die valse kerk, word godsdiens net nog 'n wyse van sonde. Die eredienste, die vergaderinge en byeenkomste van die kerk word die plekke waar die mens die krag kry vir sy sonde.

Hoe kan dit? Maklik! Omdat die vervormde kerk in sy wese dieselfde goddeloosheid as die wêreld beliggaam, maar deur die mense as die ware kerk van God aanvaar word, kan dit deur die wêreldgemeenskap in diens van sonde gestel word. Die valse kerk maak die ware kerk diensbaar aan die sonde wat die wêreld begeer. Ondenkbaar? Ja! Net so ondenkbaar as wat 'n vigsvirus juis die immuniteitstelsel van die liggaam sy broeiplek maak en so die liggaam die gasheer van enige ander virus maak. Dit wat die liggaam immuun teen virusse moes maak, is nou die verspreidingspunt van die virusse. Dis ondenkbaar, maar dis waar.

Die valse kerk is die vigs van die ware kerk. Dit maak die ware kerk diensbaar aan sonde. Hierdie diensbaarheid van die valse kerk aan die sonde van die mens kan wissel na gelang van behoefte.

Die valse kerk misvorm die ware kerk van binne. Hierdie misvormde kerk kan nou as "bewys" dien vir die mense wat in sonde wil leef dat alles tog maar boos is, ook die Christelike godsdiens. Dit "bewys" godsdiens is geen werklikheid op aarde nie, net die waan van geestelikes - so is goddeloosheid dan vir die bose gemoed van die sondige gemeenskap geregverdig (Ateïsme).

Die misvormde kerk kan as vorm dien waarbinne die sondige wêreld sonde bedryf as God se saak met God se seën. So word kerke geskep vir ideologieë na smaak, rewolusies, rasse, homoseksuele, die ou of die nuwe Suid-Afrika.

Die misvormde kerk kan ook vir goddeloses dien as motivering om die kerk in die openbaar wetlik te bestry. Dit is hoe Kommunisme die absurdheid van die mistiek van die valse kerk gebruik om godsdiens te bestry, sy goddelose maatskappy as wetenskaplik teenoor die onwetenskaplikheid van godsdiens te propageer en sy sonde van sosialisme as groter realisme teenoor godsdiens te regverdig.

Die valse kerk is nie net diensbaar aan die wêreld in die sin dat hy die kerk van die Here bruikbaar maak vir die wêreld nie. Sy grootste diensbaarheid is daarin geleë dat, omdat hy dieselfde goddeloosheid as die wêreld beliggaam, die sondige wêreld God en sy kerk doodeenvoudig kan ignoreer. Dit is soos virusse die immuniteitstelsel wat met vigs besmet is gewoon net kan ignoreer. Die vigsvirus maak die immuniteitstelsel van die liggaam vir ander virusse gewoon net irrelevant.

As die kerk van die Here dieselfde goddeloosheid as die wêreld beliggaam, is dit maar nog net weer een van dieselfde bygelowe van al die ander in die wêreld soos voorvaderverering, Boeddhisme, Hindoeïsme, noem maar op. Die kerk kan nie meer die mens in sy sonde aanspreek nie. Die sout het laf geword.

Dit is nie toevallig dat die wêreld die eerste en die gouste is om die lof, deugde en waarde van die valse kerk te besing teenoor die ware kerk wat hulle as koud, dood, styf, formeel en outyds verguis nie. Lees maar net die mees verkoopste Afrikaanse huislike tydskrifte hiervoor!

Die bestaan van die valse kerk maak dat die sondige wêreld hierdie vrome valsheid sy plekkie in die wêreld gun en dan met 'n vrye gewete sy goddeloosheid as waarheid bedryf. As jy die ware kerk met die uitspattigheid van die valse kerk in jou tydskrif kan verguis, dan kan jy mos met 'n vrye gewete sensasie, geweld en pornografie ook uitbeeld!

Die kerk wat God deur sy Woord skep, vergader en regeer bestaan van die begin van die skepping af en sal altyd daar wees. Die kerk van die Here is daar om God te dien en te eer. Dit is die rede vir sy bestaan.

Die valse kerk het geen eie bestaansreg nie. Sy bestaansreg lê in die soeke van die sondige wêreld na 'n alternatief op die kerk van God. Sy doel is nie godsdiens nie, maar juis om godsdiens sy inhoud te ontneem vir goddeloosheid. Daarom het die valse kerk ook geen eie inhoud nie, maar lê sy inhoud daarin om die inhoud van die kerk so te verdraai en te verwring, so te verduister en te verswyg, dat goddeloosheid in die afwesigheid van die ware inhoud van die kerk kan gedy.

Die inhoud van die kerk is die Woord van God. Dit is deur die Woord van God dat die kerk geskep, vergader, beskerm en regeer word. Die doel en werking van die valse kerk is om die Woord van God te vervals. As hy dit vervals, word 'n valse kerk geskep. Meer, waar die valse kerk die Woord van God binne in die kerk kan vervals, word die ware kerk teenoor die valse kerk verskeur, weerloos gemaak en mislei.

Die kerk word van sy roeping vervreem en neem die rol van die valse kerk as sy eie op. Waar die Woord van God vervals is, is die kerk vervreem van die regte kennis van God, die regte verering, lof en diensbaarheid aan God. Daar is die ware kerk in diens van die valse kerk en die goddelose wêreld.

Die valse kerk is die vigsvirus van die ware kerk. 'n Vigsvirus het geen eie bestaansreg buite die liggaam van die mens en buite die selle van die mens nie. Die doel van die virus is juis om binne die mens te leef en die liggaam diensbaar te maak aan die virus. So is die valse kerk altyd die "kerk" binne die kerk van die Here. So word godsdiens diensbaar aan sonde gemaak: deur " 'n kerk" binne die Kerk.

Net soos 'n Vigsvirus sy eie samestelling so verdraai dat die liggaam dit nie kan eien nie, net so verskans die valse kerk homself in die ware kerk as kerk. Net soos 'n Vigsvirus die liggaam se eie selle omskep as die plekke waar die Vigsvirus vermeerder en van waaruit hulle binne die liggaam versprei, net so maak die valse kerk die Woord van God en sy sakramente die inhoud waarin en waardeur goddeloosheid binne die kerk opgerig word. Net so weerloos as wat Vigs die mens se liggaam maak om homself te verdedig, net so weerloos maak die valse kerk die ware kerk teen die diensbaarheid aan die sonde van die wêreld.

Die kerk wat God skep en vergader op aarde is nie 'n geheime organisasie van mense wat niemand ken behalwe God en hulleself nie. Die kerk van God in die wêreld dra name wat hulle sigbaar maak en kenbaar maak vir almal wat wil weet. Een van hierdie name is die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die inhoud van hierdie kerk is die Woord van God. Die kerk bely die inhoud van sy godsdiens soos gevorm deur die Woord van God in drie formuliere, die Formuliere van Enigheid: Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse leerreëls.

In hierdie belydenisse word die inhoud van die Woord van God, die Bybel, as die inhoud van die kerk se godsdiens bely.

Waar die kerk volgens hierdie belydenis die Woord van God in sy prediking verkondig, in sy sakramentsbediening verseël en in die kerklike tug handhaaf, kan die gemeentes seker wees dat God self die Nederduitse Gereformeerde gemeentes deur sy Gees skep, vergader beskerm en regeer.

Hierdie boek is 'n skrywe aan die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as lidmate wat aan die Woord van God verbind is. Dit wil hierdie inhoud van die godsdiens verduidelik en toelig teenoor die inhoud van die valse kerk: sonde in God se naam.

Die valse kerk is ook nie 'n geheime organisasie nie, maar net so kenbaar en noembaar soos die ware kerk. Binne die Ned. Geref. Kerk leef dit onder name soos herlewing, opwekking, die ware wedergebore Christene, die geesvervulde Christene, die Jeug-tot Jeug aksie, Gemeentebou, die ACSV, die Christelike Hospitaal bond, EE3, Eternal Life Outreach, IBSA, CEF, die Gideons, Radiokansel, Christen sakemanne, At-lete vir Christus, die Nasionale Inisiatief vir Versoening en nou Vrede, noem maar op.

Dit is nie geheime groepe wat onbekend is nie. Dit is openbare aksies en bewegings wat hulle in die kerk as kerk organiseer.

Hierdie boek wil die valse kerk in sy moderne weergawe binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk blootlê deur die inhoud van die ware en valse kerk soos die Bybel dit leer, uit te wys.

Sedert 1860 is dit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk waar dat die valse kerk die kansels, die kategese, die sakramentsbediening en tug so oorgeneem het dat dit die middele in die hande van die valse kerk geword het. Vanuit die bediening van die kerk is die Woord van God tot vandag toe vervals - binne in die Nederduitse Gereformeerde kerk. Net soos dit gebeur het met die meeste Gereformeerde en Protestantse kerke wêreldwyd.

Hierdie boek is geskryf vir die lidmate wat deur die vervalsing verskeur is, weerloos teen sonde gemaak is en mislei is om gedienstig en gedweë hulle aan die waan van die valsheid oor te gee. Dit is geskryf aan lidmate wat van die ware Woord van God vervreem moes leef.

Hierdie is die ellende waarin die lidmate verkeer: in die gemeentes word hulle deur die kerk van die waarheid van godsdiens vervreem - binne in die kerk van wie hy juis verwag om die waarheid te bedien en die valsheid vir sy ware aard aan die kaak te stel.

Hierdie boek is daarom 'n onderrig in die inhoud van die Woord van God aan lidmate wat nie meer die waarheid in die gemeentes hoor nie. Ons wil saam gaan kyk na wat is die ware inhoud van die Woord van God. Ons wil daarin weer God se heil vind en deur sy verlossing weer diensbaar aan God wees.

Verder, om die waarheid van die Woord te handhaaf teenoor die valse kerk gaan ons by elke deel van die Woord van God kyk hoe die valse kerk dit verwring, verdraai of so verswyg dat dit nie meer kenbaar is nie. Ons gaan die waan aan die orde stel vir wat dit is - sonde.

Die ellende van die lidmate is soveel groter omdat hulle van kleinsaf in die kerk geleer word dat hulle verwarring en weerloosheid teen die sonde is 'n persoonlike probleem in hulle geestelike lewe en dat hulle "geestelik moet groei" om hulle verwarring te ontworstel.

Hierdie sogenaamde geestelike groei is dan die "Weg na Jesus" en "Vervulling met die Gees". Dit is die ironie: in die Ned. Geref. Kerk word lidmate deur die valse kerk mislei tot sonde en dan oortuig dat die goddeloosheid van die valse kerk is hulle heenkome.

Met hierdie boek wil ons die teendeel uitgewys. Die verwarring van die lidmate is geen persoonlike probleem van ongemotiveerde en "geestelike dooie" lidmate nie. Dit is leraars, sinodes en kerkwerk binne die Ned. Geref. Kerk wat die valse kerk van die wêreldgemeenskap skep en in standhou as die Kerk van die Here - in die naam van die Ned. Geref. Kerk.

Oor geslagte heen is lidmate van die waarheid van God en godsdiens vervreem deur die Ned. Geref. Kerk, binne die Ned. Geref. Kerk. Meer, baie gemeenskappe is deur die valse woordbediening as misvormde gemeentes gevestig onder die dekmantel van sending en evangelisasie. Hierdie valse bediening is nog steeds met mening en meedoënloosheid besig om lidmate van God te vervreem.

Die leser moet met die lees van hierdie boek in gedagte hou dat die belangrikste deel is die meedeel van die inhoud van die Evangelie en die Wet van God. Dit is in die kennis van die waarheid waarin die verlossing en genesing lê, nie in die kennis van die aard en werking van die valsheid nie.

Hoekom word hierdie saak juis nou op hierdie wyse aan die orde gestel? Dit sal die opregte en geldige vraag wees van lidmate wat die belang van die Ned. Geref. Kerk op hulle hart dra. Is hierdie poging nie maar net nog een van die gedramatiseerde "onthullings" oor die sogenaamde "koudheid" en "doodsheid" wat die lidmate juis van die Ned. Gerf. Kerk oor die jare gewoond moes raak uit die geledere van die valse kerk nie? Of is dit nie maar nog een van die kwaadbedoelde beskuldigings uit die kringe van die Humanisme en Liberale wetenskap nie?

Dit is juis nie. Hierdie poging gaan juis daaroor om die dodelik greep te breek wat die valse kerk met hulle herlewings en opwekkingsmentaliteit op die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk het. 'n Greep wat versterk word deur die siniese en hooghartige eiegeregtigheid van die Humanisme.

Die valse kerk in sy moderne kleed was van sy oorsprong af een van 'n tweeling. Die tweelingboetie was die moderne tydsgees wat homself kort-kort ook laat herlewe: "Verligting", Aufklarung", "Humanisme", "Rewolusie", "Vernuwing", noem maar op. Hierdie tweelingboeties haat mekaar, maar hulle is al twee uit een en dieselfde gene. Hulle help mekaar in hulle sondes, al kan hulle mekaar nie verdra nie.

Hierdie geestelike bondgenootskap tussen die valse kerk en die sondige wêreldgemeenskap teen die ware kerk in die Ned.Geref. Kerk, regverdig altyd die twee geestelike leerstellings as absolute geestelike waarheid. As jy hiervan sou verskil word jy deur die geestelikes veroordeel as nie 'n wedergebore Christen nie, deur die geleerdes van een of ander "isme" subtiel verdag gemaak, deur die politici as onvanpas beskou, deur die verdediging as ondermynend beleef en deur die gereg as oortreder vermoed.

Is hierdie boek nie maar net nog een van die pogings om lidmate in hulle geloof te skok, aan God te laat wanhoop en aan die Here te laat twyfel nie? Dit is juis nie. Dit gaan juis daaroor om 'n kerkgroepering wat homself sedert 1860 die reg toeëien om gewone Christene as dood, koud, nie-geesvervuld, nie-wedergebore en as nie-ware-Christene te veroordeel, as die valse kerk binne in die Ned. Geref. Kerk aan die kaak te stel.

Hoekom? Sodat gewone Christene weer in volle gewetensvryheid hulle Here kan dien sonder die arrogante beskuldiging van meerdere geestelikes en geleerdes dat hulle nog nie die "ware Christelikheid" gevind het nie en nog nie "waarlik gered" is nie. Beskuldigings wat elke keer van vooraf teen die kerk van die Here geslinger word om hulle net weer aan nog 'n sosiale aksie, nog 'n herlewing of nog 'n intellektuele eiesinnigheid uit te lewer en gedienstig te maak.

Dit wil juis daardie gelowiges bereik wat nog altyd in hulle harte geweet het die Here kan nie wees soos wat Hy binne in die Ned. Geref. Kerk aan hom voorgehou is nie. Dit wil die kennis van God se Woord só meedeel dat lidmate wat nog nooit die inligting gehad het om hulle teen die geestelikes en geskooldes se "meerdere" kennis te kon verset nie, innerlik daartoe bekwaam te maak. Dit is bedoel vir die Christene wat in die bediening van die valse kerk verstrik is, maar diep in hulle harte nog die geloof en hoop behou het dat daar 'n ander God en Here is as die een wat binne die Ned. Geref. Kerk aan hulle verkondig is.

Hoekom op hierdie wyse? Omdat die valse kerk in die Ned. Geref. Kerk nie hierdie inligting aan die lidmate beskikbaar wil stel nie. Die leraars, kommissies en fakulteite van die Ned. Geref. Kerk is ten volle bewus van die inhoud en omvang van hierdie valsheid binne die kerk. Maar die Ned. Geref. Kerk wil nie die inhoud en omvang van hierdie vervalsing openbaar aan die orde stel nie. Dit is juis die geestelikes en geleerdes in die Ned. Geref. Kerk wat hierdie saak vir die lidmate wegsteek en weerhou.

Met die selfregverdiging dat die lidmate dit nie sal verstaan nie, dat dit nie so belangrike saak is nie, dat die lidmate baie baat deur die valse kerk se bediening en dat die valsheid nie regtig valsheid is nie, maar net 'n ander manier van die waarheid is, word die waarheid gewoon van hulle deur die Ned. Geref. Kerk weerhou - doelbewus.

Die teendeel is die waarheid. Dit is die belangrikste saak vir die Kerk: God en godsdiens. Baie belangriker as die politieke, wetenskaplike en sosiale aksies waarby hierdie bygeloof in die Ned. Geref. Kerk betrokke is en wil wees.

Dit is belangrik vir die gewone lidmate. Die waarheid van God se genade en die verwarring van die valse kerk se alternatiewe vroomheid is nie 'n saak vir wetenskaplikes nie. Dit gaan oor gewone lidmate, mans, vrouens en kinders, oud en jonk, wat met die waarheid van die Evangelie bedien moet word. Dit gaan oor lidmate wat van die strikke van die valse kerk bevry moet word.

Die valsheid wat die Ned. Geref. Kerk deur sy herlewings en opwekkingsbedienings sedert 1860 bedien het, is nie maar net nog 'n manier waarop die Here gedien word deur meer entoesiastiese, meer toegewyde, meer emosionele of warmer Christene nie. Dit is sonde - sonde in die Naam van God en Christus binne die kerk.

Dit kan nie met 'n intellektuele en kulturele meerderwaardigheid maar verdra en geakkommodeer word deur die sogenaamde meer verligte- en versoeningsgesindes nie. Dit is valsheid wat in die Ned. Geref. Kerk ontdaan moet

word van die skyn van godsdiens. Dit moet ontdaan word om die lidmate wat net gewone Christene is vir die geloof in en diens aan God te behou.

Meer, die Evangelie is nie 'n ingewikkelde saak wat nie aan lidmate verduidelik kan word omdat hulle te eenvoudig is en net geskik is om die valse kerk se dwaasheid as waarheid te moet aanhoor nie. Hierdie gemaakte besorgdheid binne die Ned. Geref. Kerk om die waarheid vir die valsheid in die Kerk vir die lidmate te verswyg, is geen besorgdheid oor die Kerk van die Here en sy kinders nie. Dit is die skroom van mense wat aan die sonde van die valse kerk aandadig is, daarmee wil voortgaan of nie die konsekwensies van die waarheid wil aanvaar nie.

Daarom wil hierdie poging nie skok en verskeur nie, maar lidmate die reg gee om inligting oor die waarheid en die valsheid in die Ned. Geref. Kerk self te kan bekom. Dit wil die geleentheid bied om self 'n vrye mening te kan vorm, of hulle kan verstaan en wil deel bly van dit wat binne die Ned. Geref. Kerk aan hulle as die Woord van God bedien word.

Hierdie boek is 'n poging wat die verwarring van lidmate nie sien as die verwarring van mense wat nie emosioneel gebalanseerd is nie, wat meer tot die arbeidersklas behoort as tot die intellektuele klas, wat onderontwikkeld is en nie gekultiveerd is nie, wat tot Afrika behoort en nie Westers kan dink nie.

Die verwarring van die lidmate is die verwarring van gewone normale Christene, jong en oud, onderontwikkeld en gekultiveerd, wit en swart, intellektueel en prakties, wat binne die kerk waarin hulle groot word, gewoon mislei word in die waan van sielesorg en liefde. Dit is 'n poging wat glo dat lidmate uit hulle verwarring, vernedering en onderdanige houding aan hulle selfaangestelde geestelike en intellektuele meerderes, kan opstaan in 'n innerlike vryheid om die Here in waarheid te kan dien as hulle die Evangelie hoor.
Daarom wil die poging ook nie nog weereens die "nuwe ware kerk" stig of lidmate aanmoedig om net nog weer 'n nuwe vrye vereniging op die been te bring nie. Dit is juis hierdie houding waarin die valsheid gedy. In sy belydenisse is die Ned. Geref. Kerk die ware kerk. Geen ander "struktuur" is nodig nie. Net soos 'n mens nie 'n nuwe liggaam nodig het elke keer as jy 'n virus kry nie, net so het die ware kerk nie elke keer 'n nuwe stigting nodig as valsheid hom van sy wese vervreem nie.

Wat nodig is, is dat die waarheid van die Woord van God, soos bely in die Ned. Geref. Kerk se belydenisse, weer duidelik teenoor die bygeloof van die valse kerk in sy moderne weergawe aan die orde gestel sal word. So sal die lidmate van die Ned. Geref. Kerk weer as lidmate van die Ned. Geref. Kerk diensbaar aan hulle Here kan leef, vry van die vervreemding en verwarring van die valse kerk.

# ***LITERATUUR***


DOEKES, L.: Credo. Handboek voor de Gereformeerde Symboliek. Amsterdam 1979.

BYBELGENOOTSKAP VAN SA.:
Die Bybel. Nuwe Vertaling. Kaapstad 1983.

BYBELKOR.: Godsdiens kan gevaarlik wees. Kaap 1985.
Jy kan 'n dinamiese Christen wees. Kaap 1985.

HEYNS, JA.: Lewende Christendom 'n Teologie van Gehoorsaamheid. Kaapstad 1972.

JEUG-TOT-JEUGAKSIEKOMITEE.:
Het u al gehoor van die Geheim van die Ware Lewe? Bloemfontein 1974.
Is u Christen-wees vir u 'n Avontuur? Bloemfontein 1974.

KOMMISSIE VIR DIE EREDIENS. Die Kerkboek. Goodwood 1983.
(Alle aanhalings uit die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk kom uit Die Kerkboek.)

MURRAY, A.: Die Bloed van die Kruis. Brakpan.
Die Gees van Christus. Stellenbosch 1943.
Die Geestelike Toestand van die Kerk. Stellenbosch 1944
Die Krag van die Bloed. Stellenbosch Brakpan
Die Volle Pinksterseën. Kaapstad 1980.
Geheilig in Christus. Brakpan.
Nederigheid. Kaapstad 1985.